

'N LEESGESENTEERDE ONDERSOEK NA SOSIOPOLITIESE
ELEMENTE IN DIE POËSIE AAN DIE HAND VAN
ENKELE GEDIGTE VAN
WILMA STOCKENSTRÖM

TESIS INGELEWER TER VOLDOENING AAN DIE
VEREISTES VIR DIE GRAAD M.A.
VAN DIE UNIVERSITEIT RHODES

deur

M.J. de Jong
Januarie 1981

Ek wil graag my dank betuig teenoor die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat hierdie ondersoek finansieel ondersteun het.

Aan my promotor, prof. André P. Brink, is ek besondere dank verskuldig vir sy insiggewende en inspirerende hulp.

Aan almal wat 'n rol gespeel het in die totstandkoming van die tesis en by name aan die tiksters ook baie dankie.

Uit erkentlikheid vir die belangrike rol wat hulle voorbeeld van meet af aan gespeel het, word hierdie studie opgedra aan my ouers.

"Friend Homer, tell us what State was ever better
governed by your help?"

The Republic: Book X

I N H O U D S O P G A W E

| | <u>Bladsy</u> |
|---|---------------|
| INLEIDING | 1 |
| | |
| AFDELING A | |
| TEORETIESE FUNDERING VAN 'N LEESGESENTEERDE BENADERING TOT SOSIOPOLITIESE ELEMENTE IN DIE POËSIE | 15A |
| I. Probleme van die "ouer" semiologiese en linguïstiese benaderings | 15A |
| II. Die leser as betekenisgewer van die literêre werk | 22 |
| 1. Die fenomenologiese agtergrond | 22 |
| 2. Roman Ingarden | 26 |
| 3. Wolfgang Iser | 29 |
| III. Die herontdekking van die subjek: hermeneutiese en metodologiese perspektiewe | 32 |
| 1. Die subjek-objek-verhouding as hermeneutiese probleem | 32 |
| 2. Die subjek-objek-verhouding as probleem van 'n "wetenskaplike" metode | 33 |
| 3. Die inskakeling van die subjek as hermeneutiese praktyk | 34 |
| 4. Die inskakeling van die subjek as literatuur- teoretiese probleem | 37 |
| IV. Die leser as deelnemer aan literêre kommunikasie | 45 |
| V. Die werklikheid in die literatuur as die werklikheid van die leser | 55 |
| 1. Literatuur as Multikodifikasie: "literary competence" | 55 |
| 2. Literatuur as kommunikasie: die werklikheid as kommunikasiebasis | 58 |
| 3. Die werklikheid in die literatuur en die werklike leser | 64 |
| 4. Samevatting | 68 |

| | | |
|-------|---|-----|
| VI. | Literatuur as omvorming van die bekende werklikheid | 73 |
| | 1. Die werklikheid as masker | 73 |
| | 2. Die literatuur as ontpragmatisering van die bekende | 75 |
| | 3. Die omvorming van die werklikheid en die betrokkenheid van die leser | 77 |
| | 4. Samevatting | 83 |
| VII. | Die leesproses as wisselwerking tussen werk en leser en tussen literatuur en werklikheid | 86 |
| | 1. Ter inleiding | 86 |
| | 2. Skryfwyse en leeswyse: die literêre werk as leesstrategie na inleiding van Iser | 87 |
| | 3. Konvensionele verwagtings van die leser | 96 |
| | 4. Die leesproses as interaksie tussen werk en leser na aanleiding van Iser | 97 |
| | 5. Die omvorming van die leser | 103 |
| VIII. | Samevatting | 113 |

AFDELING B

EKSPERIMENTELE DEMONSTRASIE VAN 'N LEESGESENTEERDE
BENADERING TOT POËSIE

| | | |
|----|--|-----|
| 1. | Inleiding | 122 |
| 2. | Die inbraak van die mamba | 125 |
| 3. | Laat Berig | 179 |
| 4. | By L'Agulhas 'n wandeling | 206 |
| 5. | Teoretiese aantekeninge by enkele praktiese leeservarings | 239 |

SLOTSOM

247

ADDENDUM

| | | |
|----|---------------------------|-----|
| 1. | Die inbraak van die mamba | 253 |
| 2. | Laat Berig | 254 |
| 3. | By L'Agulhas 'n wandeling | 255 |

BRONNELYS

INLEIDING

"Now let us refrain, I said, from calling Homer or any other poet to account regarding those arts to which his poems incidentally refer; we will not ask them, in case any poet has been a doctor and not a mere imitator of medical parlance, to show what patients have been restored to health by a poet" (Plato 1979 19).⁽¹⁾ Soos alle lesers van literatuur weet Plato dat die digter weinig bewys kan lewer dat die werklikheid waaroor hy skryf ook deur hom verander is. Uiteindelik sit hy net met die "sweet influence" van sy welluidende gedig (ibid. 21). Tog word hy verbied, en nie net, soos Plato wou veronderstel, omdat hy die irrasionele, die emosionele, die "laere" in die mens stimuleer nie.

Of miskien juis wél daarom. Is die literatuur nie op sy gevaarlikste wanneer dit die oor streel terwyl die stad besig is om te val nie? Die kuns is funksieloos, sê Adorno: "Sie laboriert am funktionslosen Funktionieren" (Adorno 1970 97). In sy weiering om nuttig te wees lê sy boodskap. Hoe meer hy net vir homself bestaan, hoe meer vervul hy sy rol. Want, aldus Adorno, die kuns en die literatuur het 'n uitwerking en "l'art pour l'art" -houdinge skiet eweveel tekort in hul pogings om die literatuur tot sy reg te laat kom, as die oproep om morele of politieke bruikbaarheid en effektiwiteit (vgl. ibid. 337). Die verhouding tussen literatuur en werklikheid en tussen literatuur en politiek is van oudsher geformuleer as die vraag na die wyse waarop die werklikheid in die literatuur bestaan en die vraag na die uitwerking wat die literatuur op die werklikheid het. Literatuur en werklikheid skyn inherent teenstellend te wees. Die ou antwoorde - literatuur is 'n blote nabootsing van die werklikheid; literatuur het geen reële uitwerking nie en die vrae word vandag nog uit verskillende gesigspunte herhaal. Is die literatuur outonoom of verbonde - dit skyn die kern van die eietydse vraagstelling te wees. Die oplossingspoging hel oor na òf absolute skeiding van literatuur en werklikheid òf kontaminerende skakeling van wat tog as opposisies aangevoel word. 'n Oorsig van die moderne debat òm die literatuur stel ou vrae in nuwe raamwerke aan die orde.

Op sy beste is die funksie van literatuur slegs indirek aantoonbaar. "Blickt um euch, das alles habt ihr gesprochen"-wanneer Frisch hierdie

frase uit Dantons Tod op die skrywer toepas, probeer hy die effek van literatuur in sy taalvergestalting vaslê. Die literatuur vertaal die werklikheid en sy woord is 'n omgekeerde vleeswording van die werklikheid. Die mens, die politikus, die maatskappy kan lees wat hy van homself nie kan sien nie (Frisch 1975 172). Literêre taal het volgens Sartre anders as pragmatiese taalgebruik die mag van die werklikheid. Die skrywer maak die taal tot ding, nie tot dienaar nie: "Der sprechende Mensch steht jenseits der Wörter, bei dem Objekt; der Dichter steht diesseits der Wörter" (Sartre 1966 302). Die gerieflike, verwysende taal, die daar-wees van dinge, word 'n hier-wees. Die skrywer gebruik taal op 'n besondere manier en dus doelbewus. Die taal van die skrywer is handeling. Die skrywer is 'n aktivis en die betrokke skrywer⁽²⁾ ken sy mag: "Der 'gebundene' Schriftsteller weiss, dass Enthüllen Verändern ist, und dass man nur enthüllen kann, wenn man die Absicht hat, etwas zu verändern" (ibid. 311)⁽³⁾.

Die literatuur is nie vanselfsprekend nie en van die skrywer moet gevra word waarom hy skryf wat hy skryf en waarom hy hieroor skryf en nie daaroor nie, en waarom hy hoegenaamd skryf (vgl. ibid. 311).

Tog vergelyk literatuur as daad, as rewolusionêre ingreep, swak by die geskifte van rewolusionêre filosowe en aktiviste. Mao Tse Toeng sou China nie met sy poësie verander het nie, en die blote vraag na die rol van Mao Tse Toeng se poësie in vergelyking met sy politieke daade kom redelik belaglik voor. Is dit 'n geval van "trying to do other people's work" soos Eliot sê? (1950. 152).

Die politieke gedig is nie politiek nie, is skynbaar die gevolgtrekking wat gemaak moet word. Die literatuur is nie meetbaar met die maatstawwe van die pragmatiese werklikheid nie. As die werklikheid tog as maatstaf gebruik word, word die literatuur verbanaliseer, soos uit die volgende oproep uit die DDR blyk: "Wir wollen nicht Literatur als Kunst, sondern Wirklichkeit. Die Wirklichkeit hat noch immer die grössere und durchschlagendere Aussagekraft und Wirkungsmöglichkeit, ist für die Mehrheit der Bevölkerung erkennbarer, nachvollziehbarer und führt eher zu Konsequenzen als die Phantasie des Dichters" (Walraff 1975 281), Plato kon dit nie duideliker gestel het nie.

Maar as die literatuur nie "waar" is nie, dan is dit kuns en as dit kuns is, kan dit op die rak geplaas word om die boek te bly wat dit - tog eintlik maar? - is. Tog word kuns verbied, op aandrang van Plato, en het dit soos Döblin op 'n stadium betoog het, die reg om verbied te word. Pogings om literatuur te verbied moet nie beveg word met argumente vir die literêre kunstigheid van die werk nie: "Es ist eine Beleidigung der Kunst, in dieser Weise zu sagen, sie sei heilig, und die Kunstwerke kaltzustellen, indem man behauptet, der Staat müsse zu ihnen stillhalten" (1975 49). "Kuns" beskryf en verklaar nie die literatuur nie, maar kanoniseer dit slegs sodat dit, soos die Heiliges, onskadelik word behalwe vir dié wat dit wil aanbid. As die literatuur egter self op agressiewe teenreaksie moet aandrang, dan kan hy in die alledaagse werklikheid - sekerlik nie sorgbarend wees nie, om die minste te sê. Die beste waarop die digter kan hoop, is 'n verbod en die versoeking om dan maar tot die praktyk toe te tree - en as persoon verbode te word - moet groot wees. Hoeveel eietydse Suid-Afrikaanse protesliteratuur geskryf word om deur teenreaksie die aandag op die saak en selfs die skrywer te vestig, is 'n ope vraag. As literatuur beïnvloed dit sekerlik nie die maghebbers nie (en ook nie die kunsliefhebbers in die geval van 'n blad soos Staffrider nie). Politieke poësie word 'n politieke speletjie òm die teks, nie daarmee of daardeur nie. In die proses word die literatuur onderworpe aan wat onder andere deur Adorno "Verdinglichung" genoem word (op. cit. 106 en 107 onder andere), 'n openbare gebruik van literatuur ewe verkrachtend as kanonisering.

As die poësie in sy wese rewolusionêr is soos Sartre by implikasie sê (vgl. op. cit.), as elke woord wat as literatuur neergeskryf word polities is, soos Peter Weiss konstateer (1975 173), dan is die verklaring en uitwerking daarvan nie in die alledaagse of hedendaagse maatskappy af te lees nie. Die skynbare funksieloosheid of gebrekkige krag van die literatuur hoef egter nie net inherent verklaar te word nie; dit kan dui op die onvermoë van die maatskappy om hierdie potensiaal van die literatuur te laat lewe. Plato reeds wou van die digters goeie staatsburgers of vermaaklikheidskunstenaars maak. Waar die poësie oorspronklik 'n spontane politieke en religieuse funksie gehad het, soos Enzensberger onder meer aantoon, (1975 130 tot 149) is die moderne maatskappy, insluitende die literatuurteorie en literatuurwetenskap, nie daartoe in staat om sy funksie te herken en te formuleer op 'n wyse wat die literatuur as literatuur tot sy reg laat kom nie.

Van die politieke gedig sê Enzensberger: "Was er besagt, meint jeder zu wissen. Sieht man näher zu, so findet man ihn fast ohne Ausnahme angewandt auf Texte, die agitatorischen oder repräsentativen Zwecken dienen" (ibid. 144 en 145). Die inherent politieke potensiaal of kwaliteit van die poësie wat Enzensberger met Sartre en andere aflei, kom nie tot sy reg nie.

Daar is oorvloedige getuienis van die belangrikheid en uitwerking van literatuur, soos reeds uit verskeie verwysing hierbo geblyk het. Funksie staan klaarblyklik nie gelyk aan reële, aantoonbare verandering, of 'n positiewe bydrae binne 'n bepaalde sisteem soos Plato dit graag wou hê nie. In 'n ondersoek na die geldigheid van literatuur gee Brink (1980⁴) talle voorbeelde van pogings om hierdie "ander" funksie te omskryf: "Ja, die literatuur, die literatuur as kuns, kan véél: dit kan die mens" (Jean Ricardou, aangehaal ibid 2 en 3). Die funksie skyn eerder eties as spesifiek polities of moreel of godsdienstig te wees. Dit druk ook - en dit kan by hierdie soort omskrywings vasgestel word - die sosiale waarde van literatuur uit: dit doen iets aan die leser as mens.

Die politieke gedig doen dan iets aan die leser as politieke mens en as funksie so oortuigend bely word, dan moet dit 'n inherente aspek van die literatuur wees. Funksie, ook politieke funksie, is immanent aan die literatuur.

Die literatuurteorie en die maatskappy waarin die literatuur leef, moet 'n weg vind om dit beskryfbaar en reëel te maak.

Die probleme wat die pragmatiese wêreld en die ideologies-gebonde literatuurteorie hiermee het, dui moontlik juis op die aard van hierdie inherente kwaliteit.

Ook die "Westerse" of burgerlik-kapitalistiese maatskappy bedryf ideologies-gebonde literatuurteorie: om die literatuur as outonoom, as "kuns" en sonder verpligting teenoor die werklikheid - veral die sosiale werklikheid - te beskou, beteken om dit te sien in terme van funksie en uitruilwaarde: "Die Ware muss sich auszahlen"⁽⁴⁾ en as dit nie kan nie, dan staan dit buite die geldige realiteit. Hierdie beswaar van Marxistiese en neo-Marxistiese kant⁽⁵⁾ word gehandhaaf deur die stryd wat

literatuur in die hedendaagse Westerse maatskappy voer om opname deur die gemeenskap. Die ideologiese voorveronderstelling waarmee die "vulgêre" Marxisme die literatuur dienste in die maatskappy opleë, en wat vir die kapitalistiese literatuurteorie so ooglopend sigbaar is, mag 'n geval wees van die splinter sien in die ander man se oog en nie die balk in die eie oog nie.

In 'n groot mate is Adorno se estetika van die ondoelmatige kuns 'n samevatting van wat ook elders en op ander maniere as die inherente aard van die literatuur - en dus ook van die poësie - gesien word. Die literatuur is verset teen die realiteit. Dit ontleen sy skeppende krag aan die spanning met die reële en die konkrete, volgens Camus. Deur sy vormgewing, sy vermoë om 'n geslote eenheid te wees, maak hy homself onaantasbaar, en gee hy 'n onomstootlikheid aan sy eie irreële en idealistiese aard wat Camus onder meer beskryf as 'n verlange na besit en duur, na die onmoontlike: "Die Mündung kennen zu lernen, den Lauf des Flusses zu beherrschen, das Leben als Schicksal in die Hand zu bekommen, das ist ihre wahre Sehnsucht" (1966 363 en 362).

Die strukturalisme poog om die beginsels en prosesse te beskryf waardeur die literatuur hierdie geslotenheid kry. In 'n poging om die relatiewe outonomie en die sosiale aspek te erken ontwikkel Goldmann sy "genetiese strukturalisme". Die literatuur is ingebed in die maatskappy. Dit is, soos die Marxistiese literatuurteorie deurgaans konstateer, 'n "fait social".⁽⁶⁾ Dit is 'n aktiwiteit van die mens-in-die-gemeenskap. Dit het egter sy eie struktuur, en die verband met die werklikheid is nie kousaal nie. Literatuur is ook nie 'n direkte weerspieëling van die werklikheid nie. Die verband is "homologies": die relasies van die literêre werk is parallel met die interne relasies van die maatskappy op 'n gegewe, historiese stadium. In 'n verwysing na die "burgerlike" of kapitalistiese gemeenskap, som Goldmann dit soos volg op: "The novel form seems to me in effect, to be the transposition on the literary plane of everyday life in the individualistic society". (Goldmann 1975 7; Goldmann se kursivering).

In die sienings van Goldmann kulmineer 'n omvattende bemoeienis met die sosiale aard van literatuur en die wese van sy verhouding met die werklikheid, vanaf Marx tot vandag toe, met Lukács ingeslote.⁽⁷⁾

Die Marxistiese Literatuursosiologie het sy ou reduksionistiese

beskouingsweerspieëling van die werklikheid en kousaliteit - oorkom. Die werklikheid van die literatuur is nie direk herleibaar na die sosiale werklikheid nie - maar tog nog herleibaar. Die werklikheid van die literatuur sou na aanleiding van die Marxisme as sy sosiale voedingsbodem beskryf kan word. Die vraag is egter of die beskikbare beskrywings daarin slaag om die "outonome" aard van die literatuur te inkorporeer.

Die ideologiese basis waarop Goldmann werk en wat sy metode bepaal, is die Marxistiese siening dat alle kulturele aktiwiteit sosiale aktiwiteit is wat mede-bepaal word deur die ekonomiese of sosiale faktore van die skrywer se omgewing: "... all human behaviour is an attempt to give a meaningful response to a particular situation and tends, therefore, to create a balance between the subject of action and the object on which it bears, the environment" (ibid 156; Goldmann se kursivering). Hierdie "response" is egter 'n uitdrukking, sy dit op besonder verwickelde vlak, van die wêreldbeskouing en "collective consciousness" van 'n groep: "The social character of the work resides above all in the fact that an individual can never establish by himself a coherent mental structure corresponding to what is called 'world view'. Such a structure can be elaborated only by a group, the individual being capable only of carrying it to a very high degree of coherence and transposing it on the level of imaginary creation, conceptual thought, etc." (ibid 9).

Hoe seer Goldmann ook al probeer om die outonomie van die literêre werk te erken, is die metodologiese en teoretiese opheffing daarvan ingebou in sy metode: wat die skrywer skryf, word bepaal deur sy groep en kan dus deur die interpreterende leser by voorbaat in 'n raam geplaas word. Daar is geen ruimte vir die werk se potensiële andersoortigheid om sigbaar te word nie.⁽⁸⁾ Die Marxistiese wêreldbeskouing is holisties en alle "nuwe" gebeure is by voorbaat katelogeerbaar binne die histories-materialistiese raamwerk. Hierdie teoretiese gepredetermineerdheid word uitgedruk deur die sogenaamde "Basis-Überbau"-konsep.⁽⁹⁾ Stalin se definisie hiervan laat die gepredetermineerdheid blyk: "Die Basis ist die ökonomische Struktur der Gesellschaft in der gegebenen Etappe ihrer Entwicklung. Der Überbau - das sind die politischen, juristischen, religiösen, künstlerischen, philosophischen Anschauungen der Gesellschaft und die ihnen entprechenden politischen, juristischen und anderen Institutionen.... Der Überbau wird von der Basis hervorgebracht!"

(aangehaal deur Fügen 1974 104).

Wat die literatuur wys omtrent sy inherent sosiale, politieke of maatskaplik-betrokke aard, skyn af te hang van die bril waardeur daar na hom gekyk word. In die lig van materiële struktuurbeskrywings kom hy outonoom voor; in die lig van Marxistiese beskrywings blyk 'n skakel met die sosiale werklikheid. Die empiries-ingestelde literatuurteorie verskaf 'n empiriese beskrywing; sosiaal-ingestelde teorie sien die sosiale verbondenheid. Daarby skyn outonomieit gelyk te wees aan empiries aantoonbare struktuur terwyl sosiale funksie neerkom op 'n etiese of sosiaalnuttige boodskap van een of ander aard - die stryd van die werkers is 'n banale en ekstremistiese voorbeeld, maar die eietydse DDR-literatuurteorie vind dit moeilik om die nuwe privaatliteratuur - uitdrukkings van die "private ache" - te verwerk. Eksperimentele literatuur word met agterdog bejeën.⁽¹⁰⁾

Die "defenders who are lovers of poetry and yet not poets" sou Plato 'n weinig bevredigende antwoord kon gee op sy uitdaging: "let them show not only that she is pleasant but also useful to States and to human life and we will listen in a kindly spirit; for we shall surely be the gainers if this can be proved, that there is a use in poetry as well as a delight?" (op. cit. 18), òf die sosiale òf die ongebondene word oorbeklemtoon.

Die filosoof-sosioloog en student van die estetika, Adorno, is reeds herhaaldelik genoem. Sy uiters gesofistikeerde maar teoretiese definisie van die verhouding tussen literatuur en werklikheid is nog 'n poging om outonomie en gebondenheid, kuns en werklikheid, nutteloosheid en morele boodskap - kortom die hele kader van teenstellings wat die verhouding tussen literatuur en werklikheid uitdruk - te verbind. Hy doen dit in terme van 'n spanningsverhouding, 'n dialektiek van literatuur (as aspek van die kuns) en werklikheid: "Gesellschaftlich aber ist Kunst weder nur durch den Modus ihrer Hervorbringung, in dem jeweils die Dialektik von Produktivkräften und Produktionsverhältnissen sich konzentriert, noch durch die gesellschaftliche Herkunft ihres Stoffgehalts. Vielmehr wird sie zum Gesellschaftlichen durch ihre Gegenposition zur Gesellschaft, und jene Position bezieht sie erst als autonome." (op cit. 335), Die eis om 'n aantoonbare sosiale funksie,

die eis om praktiese doelmatigheid - onderskeidelik kenmerkend van die elementêr-Marxistiese en die burgerlik-kapitalistiese teorie - word genegeer en in die negasie lê die effek en funksie. Die vermoë van die literatuur tot formele geslotenheid, wat hom objek van fetisjering maak, is tegelykertyd die voorwaarde vir hierdie funksie. Dat Adorno enige verabsoluttering van die kuns tot "net" kuns of "sosiale feit" verwerp, blyk herhaalde male: "Das Prinzip des Füranderesseins, scheinbar Widerpart der Fetischismus, ist das des Tausches und in ihm verummmt sich die Herrschaft" (ibid. 337), waarby die eerste beginsel die elementêr-Marxistiese en die "Fetischismus" die kenmerkend burgerlike aandui.

Adorno strewe na die teoretiese erkenning van wat die moderne literatuurteorie as literêre feit skyn te onderken, naamlik die "Doppelcharakter" van die kuns: sosiaal en geïsoleer van die sosiale werklikheid; empiriese gegewe (byvoorbeeld deur sy taalaanbod) en empiries nie volkome beskryfbaar nie. Die verhouding tussen literatuur en werklikheid en daarmee tussen gedig en sosiopolitiese werklikheid skyn slegs nog as spanningsverhouding beskryfbaar te wees, 'n spanning wat volgens Sartre, Camus en ook Adorno - om maar enkeles te noem - juis die wese is van die formele andersheid van die literatuur.

Deur sy blote onpragmatiese, onreduseerbare bestaan vervul die literatuur sy funksie: "Was sie zur Gesellschaft beiträgt, ist nicht Kommunikation mit jener sondern ein sehr Mittelbares, Widerstand..... Gesellschaftlich an der Kunst ist ihre immanente Bewegung gegen die Gesellschaft, nicht ihre manifeste Stellungnahme" (ibid 335 en 336). Dié formulering waarin maatskaplike werklikheid en outonome literatuur tot hul reg kom, het egter twee hiate. Eerstens is dit nog nie metodologies gefundeer nie. Tweedens sluit dit die moontlikheid uit dat 'n uitgesproke politieke gedig óók literatuur kan wees. Die kuns is funksioneel in die werklikheid in die mate waarin hy probeer om in die eerste plek kuns te wees: "Das Kunstwerke politisch eingreifen, ist zu bezweifeln; geschieht es einmal, so ist es ihnen meist peripher; streben sie danach, so pflegen sie unter ihren Begriff zu gehen" (ibid. 359), Die dialektiek handhaaf beide polêre aspekte van die kuns - al is dit bloot omdat werklike lesers nie opgewasse is teen so 'n verskynsel nie. Adorno

beskryf die wesenlike funksie in die werklikheid as "Teilhabe an dem Geist, der zur Veränderung der Gesellschaft in unterirdischen Prozessen beiträgt ..." (ibid 359; my kursivering).

Die werklikheid in die vorm van die werklike leserskring - die resipiënte om dit by monde van die resepsie-estetika te stel - wil iets anders en skyn die literatuur steeds te verander na wat hy wil hê dit moet wees. Maar hierin lê volgens Adorno, juis die funksie: dat die literatuur nie is wat almal dreig om van hom te maak nie. Hoe meer Plato van die poësie 'n faset van die gesonde staatsmasjinerie wil maak, hoe meer dreig hy om die lesers met sy "sweet influence" op die verkeerde spoor te bring. Hoe meer daar aanvaar word dat die literatuur tog niks verbeter het nie, hoe sterker word die aandrang op nuttigheid. Dit skyn of die literatuur nie met die realiteit, die empirie of die "verwaltete Welt", soos Adorno die verbruikersmaatskappy beskryf, 'n gesprek voer nie, maar met lesers en hul sienings van hulle eie werklikheid, hulle vanselfsprekende ervaring daarvan. (ibid. 372).

Die resente literatuurteorie en literatuursosiologie skenk toenemend meer aandag aan die leser, die a priori van die literatuur. Fügen kom na aanleiding van die leser se rol in die literêre situasie tot 'n versigtige formulering van die sosiale aard van die literatuur - versigtig omdag alle voorskriftelikheid op grond van sosiale werklikheid vermy word (of, soos die Marxistiese literatuurteorie sou sê, vermy móét word uit vrees dat die literatuur maatskappykrities mag blyk te wees). Getrou aan die wetenskaplikempiriese noukeurigheid van die Westers-burgerlike geesteswetenskappe (getrou aan die neiging tot verdeling en verveemding van die werklikheid soos kenmerkend van die Westerse geestesklimaat as ideologie, sou die Marxiste sê) onderneem Fügen 'n skeiding tussen Literatuur en Sosiologie en dui hy aan dat sy benadering sosiologies is. Dit beteken: teoreties word die andersoortigheid, die literêre in die literatuur gehandhaaf. Dit word slegs met behulp van die Sosiologie onder die loep geneem: "Da die Soziologie das soziale, d.h. intersubjektive Handeln zum Forschungsgegenstand hat, ist sie nicht am literarischen Werk als ästhetischen Gegenstand interessiert, sondern Literatur wird nur insofern für sie bedeutsam, als sich mit ihr, an ihr und für sie spezielles zwischenmenschliches Handeln vollzieht." (Fügen 1964 14). Wat ook al die sosiologie te sê het, dit sê niks

oor die funksie, boodskap of etiese wese van die literatuur nie, so stel Fügen by voorbaat gerus. Dit is vervat in die "soziale Grundverhältnis" van die literatuur. Die skrywer veronderstel 'n literêre instelling by sy lesers of maak daarop aanspraak, en die leser reageer op die literatuur met so 'n literêre instelling (ibid 19).

Die Literatuursosiologie ondersoek dan die sosiale kring van beide skrywer en leser en ander werkesterne faktore wat die verspreiding beïnvloed. Die leser en sy sosiale groep kan 'n bepalende uitwerking hê op die effek van literatuur en selfs op sy totstandkoming (vgl. ibid. 111 en 113 byvoorbeeld).⁽¹¹⁾

Wanneer literatuur as kommunikasie gesien en die leser as noodwendige kommunikant betrek word, is daar egter nuwe moontlikhede vir 'n definisie van die verhouding tussen literatuur en werklikheid. Die sosiale aspek van literatuur, wat Fügen buite die werk-self wil hou, kan wel verbind word met die literatuur. Die vraag is of die "Gegenposition", die essensiële andersheid, gehandhaaf gaan bly.

Die resepsie-estika, wat ten dele as "leserkunde" bestempel kan word,⁽¹²⁾ doen indringende ondersoek na die wyse waarop die leser weens sy eie histories-bepaalde situasie die interpretasie van 'n literêre werk beïnvloed. Die literêre werk is outonoom; dit is 'n konstante gegewe. Die lesers verskil egter van tydperk tot tydperk en van groep tot groep. Hiermee word die werklikheid - die historiese en sosiale realiteit - van die literatuur verplaas na die leser. Die literatuur het by implikasie 'n sosiale of politieke funksie in soverre as wat hy só deur lesers gelees word. Waarskynlik veral om metodologies op vaste grond te bly, word die literêre werk as vaste gegewe beskou. Dit skyn ~~van~~ selfsprekend te wees dat 'n politieke resepsie 'n politieke aanbod veronderstel.⁽¹³⁾ By uitsondering sal 'n liefdesgedig - om 'n voorbeeld te noem - die politieke horison van die leser aktiveer omdat dit 'n opvallende teenstelling met die werklikheid sou wees indien dié werklikheid oorlog of politieke stryd is. Die resepsie-estetika plaas egter die klem op die verwerkliking van die literatuur deur 'n leser, naamlik deur die interpretasie wat hy aan die werk gee. In die leser is die literatuur werklikheid met sy kenmerkende historiese verskille en sosiale variante.

Hierdie siening hef die dialektiek van literatuur en werklikheid op en maak dit 'n dialektiek van resepsies. Sosiologiese beskrywings van die faktore wat leserreaksies beïnvloed, skakel netjies hierby in sonder om die werk-self aan te tas. Die benadering skyn te sê: as die literatuur 'n politieke funksie beoog het, dan is dit 'n aspek van die leser. As dit 'n aspek van die werk is, dan moet dit lief, voorlopig, buite rekening gelaat word (vgl. onder andere Kunne-Ibsch 1978).

Die resepsie-estetiese teorie loop gevaar om die omstrede outonomie te reduceer tot 'n konstante. Dit kan nie twee here - geslote literêre struktuur en variabele resepsie - dien nie.

Aan die ander kant word Plato hiermee as het ware op sy historiese plek gesit.

Uit die DDR kom pogings om die wyse te ondersoek waarop die literatuur die resepsie rig. Naumann probeer om selfstandige werkaanbod en selfstandige leser te verbind deur wat hy die "Rezeptionsvorgabe" noem. Die skrywer probeer om die reaksie van die leser vooraf te bepaal: "Er (dit is: 'der revolutionäre Schriftsteller') will nicht nur, dass die Lektüre den Leser 'aus Adaptionen, Vorurteilen und Zwangslagen' freisetzt, 'indem sie ihn zu neuer Wahrnehmung der Dinge nötigt', er will, dass sie ihn zur richtigen Wahrnehmung der Dinge nötigt ... Um mit Brecht zu sprechen: Er will nicht nur, dass nur einfach anders gesehen wird, sondern ... richtig dass in ganz bestimmter Weise gesehen wird..."⁽¹⁴⁾ (Naumann 1976 74).

Die resepsie-aanbod word gesien in sy kommunikatiewe relasies. Die rol van eksterne faktore by aanbod en resepsie word beklemtoon. Vir die Marxistiese resepsie-estetika is die literêre situasie egter nog steeds ingebed in die sosiale werklikheid soos hy dit sien. Dit beteken dat aan die literatuur nie net 'n etiese funksie toegeskryf word nie, maar 'n voorafbepaalde etiese funksie: "Wenn ... die Schlussfolgerung gezogen wird, die Beziehung zur Wirklichkeit sei ihrerseits der wirkung-sästhetischen Orientierung des Schaffensprozesses akzessorisch, dann ist das eine folgenreiche Fehlinterpretation. Wirkung und Kommunikation müssen von der objektiven Humanisierungsfunktion der Literatur aus inhaltlich bestimmt werden." (ibid. 59).

Die gevaar van normatiewe voorskriftelikheid ten opsigte van literêre "Wirkung" is hieraan implisiet. Bowendien kan nie net die werk nie, maar ook die leser sy selfstandigheid verloor en selfstandigheid - "vryheid" - skyn 'n voorvereiste vir die geslaagde literêre dialoog te wees.

Is 'n beskrywing van die interaksie tussen werk en leser moontlik sonder om die aard van die werklikheid uit 'n gepredetermineerde, normatiewe standpunt te beskryf?

'n Politieke gedig beoog politieke effek - op 'n leser - en is geskryf om hierdie effek of "Wirkung" te bewerkstellig wat ook al die aard van die variabele leser. Daarenteen, so sal ander resepsie-estetiese teoretici sê, kan hierdie politieke gedig op 'n later stadium as literatuur en met ander dominerende "Wirkung" gelees word.

Bepaal die gedig self die politieke effek, of bepaal die leser dit? Hierdie oënskynlike teenspraak wat binne die resepsie-estetiese of kommunikasieteoretiese beskouings van literatuur mag opduik, dui op die moontlike antwoord. Inherent aan die literêre resepsie is 'n variabiliteit en die literatuur hou hiermee rekening. As 'n gedig polities gelees wil word, dan moet hy sy politieke betekenis in homself veranker en 'n politieke leeswyse voorskryf. Hy moet in sy struktuur rekening hou met 'n bepaalde soort leser in 'n bepaalde tyd, met 'n bepaalde horison.

Indien 'n gedig 'n politieke uitwerking op sy lesers wil hê, dan moet hy polities spesifiek wees. Indien hy as literatuur homself in die werklikheid wil handhaaf, en invloed wil uitoefen, moet hy dit op een of ander wyse skyn te negeer. Miskien kan dan gesê word dat die politieke gedig sy besondere politieke uitwerking verseker deur van die leser 'n literêre reaksie te vereis. Die literêre reaksie van die leser maak die gedig polities effektief.

Die sosiopolitiese elemente in die poësie word dan beskryfbaar in terme van die verhouding tussen werk en leser. Dit blyk in die ontmoeting. Hierdie ontmoeting is egter nog nie metodologies vasgelê nie.

Dit sal 'n ontmoetingsituasie moet wees waarin nòg die werk, nòg die leser geïsoleer word: albei se eiesoortigheid word benodig indien die politieke effek van die gegewe literêre aanbod moet blyk. Dit sal 'n wisselwerking moet wees waarin die politieke uitwerking van die gedig in terme van die leserreaksie blyk terwyl die moontlike politieke horison van die leser uit die gedig moet blyk.

Dié situasie wat homself skyn aan te bied as so 'n oorskakelingspunt tussen literêre werk en leser is die leessituasie.

Hedendaagse teoretiese bemoeienis met die leser en die lees van literatuur maak so 'n leesgeoriënteerde ondersoek na sosiopolitiese elemente in die poësie moontlik.

As die politieke gedig ~~wel~~ die leser al-lesend beïnvloed, beteken dit dat die leser verander? As hy verander, verander die maatskappy dan ook? Kan die leser beïnvloed word sonder om hom as hele mens met sy subjektiwiteit te betrek. Persoonlike of histories bepaalde of ideologiese norme sou inmeng met die ervaring van die werk as literatuur en sou hom van sy literêre rang en kwaliteit kon beroof.

Maar as die literatuur beoog om te verander, dan is dit miskien juis wat hy wil hê. Dan is die skryf van 'n gedig nie 'n persoonlike of estetiese aangeleentheid nie en dan is die literatuur nie net 'n literêre saak nie. Hy vra om funksionalisering en pragmatisering.

Die dialektiek van die verhouding tussen literatuur en werklikheid word hiermee uitgedruk as 'n dialektiek tussen literêre werk en leser. Daar sal nagegaan kan word of dié verhouding die negasie en die funksie van literatuur aktualiseer.

Die probleemstelling van hierdie ondersoek kan saamgevat word met die vraag: hoe is die werklikheid in die literatuur aanwesig? Die antwoord wat beoog word, is 'n antwoord op - of moontlike herformulering van - die vraag: watter uitwerking het die literatuur op die werklikheid?

Binne hierdie probleemstelling word die aard van die sosiopolitiese elemente in die poësie ondersoek.

VOETNOTE

1. 'n Dubbele verwysingstelsel word gebruik. Wanneer bloot na 'n bladsy in 'n bepaalde werk verwys word, word die skrywer, verskyningsdatum en bladsye in die hoofstuk in hakies genoem. Wanneer langer verwysing of kommentaar gemaak word, word voetnote gebruik wat aan die einde van die hoofstuk volg. Besonderhede van alle verwysings verskyn in die Bronnelys in alfabetiese volgorde.
2. Die woord "betrokke" word hier in sy eietydse skakering aangewend, wat moeilik omlynbaar is, maar neerkom op literatuur wat die aktuele sosiopolitiese werklikheid tot tema het.
3. In die loop van die studie word die Duitse dubbele "s" (ß) op die gewone Afrikaanse manier gespel as "ss".
4. Die woorde van Günter Kunert (1975), p.253.
5. Die gangbare Marxistiese kritiek op die burgerlik-kapitalistiese maatskappy kan aan die hand van Adorno (1970) geïllustreer word. Die kapitalistiese maatskappy meet alles in terme van uitruilwaarde. Dit is 'n "Tauschgesellschaft" (ibid., p.335) waardeur ook die geestelike tot verhandelbare ding word sodat sy waarde nie intrinsiek vasgestel word nie, maar volgens sy nuttigheid of bruikbaarheid. Daarom het kultuur as 'n geestelike aktiwiteit in hierdie samelewing vervlak tot "Kulturindustrie" (ibid., p. 370), afhanklik van vraag en aanbod. Alles word slegs in sy uiterlike voorkoms en rol gesien; alles, ook die geestelike en estetiese, is onderworpe aan "Verdinglichung" (ibid., p. 335). Hierdie samelewing is nie meer daartoe in staat om die etiese of estetiese raak te sien of lewensruimte te gee nie. Die uitruilbare, konkrete, empiriese, los van alle moraliteit of inherente waarde, bepaal sy waardes (ibid., p. 498) wat nie 'n empiriese funksie het nie, bestaan eintlik nie, behalwe as "Freizeitsbeschäftigung" (ibid., p. 351).
6. Vgl Adorno, op. cit., p. 335. Die konsep kom egter algemeen voor.
7. Vgl. Laurenson en Swingewood (1971). Hulle gee 'n oorsig van die geskiedenis van die Literatursosiologie en by name die Marxistiese komponent daarvan.
8. Swingewood se toepassing van die Goldmann-model laat blyk 'n voorkeur vir anti-burgerlik literatuur en 'n ideologie vooraf bepaalde ontleding Vgl. byvoorbeeld pp. 230 tot 236.
9. Vergelyk Marx se beskrywing van die verhouding tussen "Basis" en "Uberbau" soos aangehaal in Fügen (174), p. 76.

10. Vgl. Roland Lang (1976), p. 69 en 70. Op p. 69 merk hy op: "Das Private köchelt im luftleeren Raum vor sich hin..." Adorno verset hom nie so sterk teen eksperimentele kuns soos die konvensionele Marxiste nie, maar wys wel op die dreigende verlaging van die estetiese norm wat dit kan meebring. Die estetiese word ook hierin kenbaar as eties, betekenisvol en geestelik. (Vgl. ibid. 63)
11. Gareth Cornwell gee insiggewende beskrywings van die verband tussen die sosiopolitiese posisie van Swart Suid-Afrikaanse skrywers en hul werk in sy ondersoek na protes in die prosa. Vgl. 1979, pp 1 tot 15.
12. Die term is nie oorspronklik nie.
13. By uitsondering sal 'n liefdesgedig - om 'n voorbeeld te noem - die politieke horison van die leser aktiveer omdat dit 'n opvallende teenstelling met die werklikheid sou wees indien dié werklikheid oorlog of politieke stryd is.
14. Naumann verwys na Jauss.


AFDELING A

TEORETIESE FUNDERING VAN 'N LEESGESENTEERDE BENADERING TOT
SOSIOPOLITIESE ELEMENTE IN DIE POËSIE

I. Probleme van die "ouer" semiologiese en linguïstiese benaderings

Aspekte van die "ouer" semiologiese en linguïsties-struktureel-gebaseerde benaderings soos dit veral tot uiting kom in die werk van Barthes en Jakobson, lewer probleme wat heenwys op die moontlike belang van die rol van die leser.

In semiologiese terme kan die literêre werk beskryf word as 'n taaltekenstruktuur net soos ander vorme van verbale kommunikasie. Jakobson het die volgende model ontwerp vir die komponente van verbale kommunikasie:



| | | |
|---------------------|---|---|
| waarby: "addresser" | = | sender is van |
| "message" | = | boodskap wat verwys na |
| "context" | = | konteks of referent wat verstaan word deur middel van 'n |
| "contact" | = | kanaal of medium tussen sender en ontvanger wat met mekaar gemeen het die |
| "code" | = | kode of formule waarin die boodskap uitgedruk is |

(Jakobson 1972: 89). Verskillende soorte verbale kommunikasie kan gekenmerk word deur die dominerende van verskillende komponente. In 'n toepassing van die Jakobson-model kom Barthes tot die gevolgtrekking dat die taaltekenstruktuur van die boodskap van die literêre werk⁽¹⁾ 'n "boodskap" vorm wat nie binne 'n reële konteks te staan kom

nie, maar terugbuig oor homself en die kode word vir 'n tweede boodskap, die boodskap van die literêre werk as geheel. Die "gewone" taal met sy "gewone" boodskap en konteks word die materiaal van die literêre "taal" en sy uiteindelijke boodskap en konteks. Die lw bestaan dus uit "two semiotic systems, one encapsulated in the other in a regulated fashion" (Barthes 1973: 193). Die pragmatiese vlak van die taal in die lw word deel van 'n nuwe struktuur met sy eie betekenis.

Volgens hierdie strukturalistiese sienings sluit die lw homself van die buitewêreld af en vestig hy die aandag nie dáárop nie, maar op homself as taalgegewe. Die referensiële betekenis se skyn te vervaag voor die dwingende aanspraak wat die lw maak op sy eie struktuur. In dié sin konstateer Barthes dan "... one would specify a literary work or text as a message which puts the emphasis on itself" (Barthes *ibid.*: 194). Die literêre van literêre taalgebruik lê in self-referensialiteit (Vgl. ook Jakobson *ibid.*, 93).

Hierdie eiesoortige gedrag van die literêre teken kan ook beskryf word in terme van die denotatiewe en konnotatiewe eienskappe van tekens. Die denotatiewe eienskap van die teken is sy vermoë om te verwys, met ander woorde dit behels sy ekstratekstuele verwysingsveld of betekenis in die werklikheid. Die konnotatiewe eienskap van die teken is, in vereenvoudigende terme gestel, sy vermoë om intratekstueel verbind te word. Eén van Barthes se toepassings van hierdie begrip is: dit is "... a determination, a relation, an anaphora, a trait having the power to refer to earlier, later, or exterior items that have been mentioned..." (Barthes 1975: 8). In die lw bied die teken homself aan as denotatief en konnotatief; dit verwys na die werklikheid én na die lw self. Die literêre teken gaan nie op in sy referensiële betekenis nie, maar verbind laasgenoemde met 'n ander struktuur wat die eintlike boodskap van die lw vorm.

Hierdie semiologiese beskouings lê aan die wortel van die konvensionele skeiding tussen literatuur en werklikheid. Die semiologiese studies van Jan Mukařovský maak hierdie skynbare a-reële aard van die lw verder duidelik. Mukařovský onderskei tussen die kommunikatiewe en outonome tekens. Die kommunikatiewe tekens verwys na die werklikheid, byvoor-

beeld na 'n psigiese toestand of 'n idee (vgl. Mukařovský in Bronzwaer 1977: 92). Die outonome teken verwys na die lw, met ander woorde dit is selfrefererend. Die kommunikatiewe tekens word opgeneem in die struktuur van die outonome tekens, volgens Mukařovský. Dit kom neer op Barthes se beskrywing van 'n eerste taalboodskap wat met al sy komponente die tekenstelsel word van 'n tweede betekenis.

Die gewone werklikheid skyn geabsorbeer te word in 'n groter, te wete 'n estetiese of literêre "werklikheid" 'n proses wat soos volg deur Mukařovský omskryf word: "Durch ihren Eingang in die ästhetische Struktur verlieren die ausserästhetische Bedeutungen ihren unmittelbaren Kontakt mit dem ihnen zugehörigen Bedeutungs- und Wertesystem. Sie nehmen in der Einheit dieser 'selbstzweckhaften Struktur' die Funktion einer Komponente an und treten untereinander in neue Verbindungen ein, die durch die ästhetische Dominante bestimmt werden" (in Link 1976: 137).

In 'n onlangse poging om 'n semiologiese model vir die struktuur van die literêre werk te skep, demonstreer Riffaterre (1978) duidelik hoe die literêre teks van die mimetiese wegbeweeg en hoe na aanleiding van woordsemantiek - wat 'n breë verwysingsveld van die woord kan insluit - en literêre konteks 'n eie semiologiese dit wil sê nie-linguïstiese en nie-empiriese struktuur tot stand kom. Die hele lw is 'n herformulering van 'n kernsin of matrix, wat grotendeels verswêë bly maar wat die basis is van 'n geslote tekstuele stelsel. Hy demonstreer hiermee die "referential fallacy" (ibid. 5) en "To discover the significance at last, the reader must surmount the mimesis hurdle..." (ibid. 60; Vgl. verder hoofstuk 1, asook pp. 26, 26 en 37).

Esteties of literêr kom dan neer op a-reëel. Terwyl die literatuur aanvaar kan word as 'n voorbeeld van verbale kommunikasie, lê sy betekenis nie in sy taalkomponent as sodanig nie. "Look at my words: I am language. Look at my meaning: I am literature", is die paradoksale aanbod van die lw aan sy leser, soos Barthes dit uitdruk (Barthes 1972: 266). Daarom kom Barthes tot die gevolgtrekking dat die literatuur vir sy betekenisvolheid parasities teer op die taaltekenstelsel. Op soek na 'n "werklike betekenis" kom die leser

steeds weer uit by die taal as die enigste werklikheid wat die literatuur aanbied. Nie die referensiële, empiriese betekenis nie, maar die taalstruktuur van die lw is 'n werklikheid en daarom "glo" die leser die literatuur terwyl hy dit ook nié glo nie, 'n verskynsel wat Barthes "constitutive ambiguity" noem (ibid. 266).

Vir Barthes is die onbepaalde realiteit, die onvoltooide betekenis só inherent aan die lw dat dit 'n voorwaarde vir sy bestaan is. Wanneer probeer word om 'n lw se betekenis volledig uit te spel, verdwyn die werk self. Soos reeds uit die toepassing van die Jakobson-model geblyk het, is die lw nie betekenisloos nie. Sy betekenis is egter slegs aangedui, dis "unfulfilled", dis 'n contra-betekenis (Barthes ibid. 271).

Hierdie ingeboude dubbelsinnigheid van die literatuur is die gevolg daarvan dat die gewone komponente van verbale kommunikasie wat lei tot 'n boodskap van spreker tot hoorder tot funksies van die literêre boodskap gemaak word. Hierdie funksionalisering geld nie slegs vir die onmiddellike relasies van die boodskap, te wete konteks en kode nie, maar ook vir die spreker (of sender) en hoorder (of ontvanger). In hierdie ander, literêre struktuur kan sprekers en hoorders volkome arbitrêr optree, onafhanklik van die aard van die werklike sender en ontvanger, dit wil sê skrywer en leser. Net soos die betekenis van sinne in 'n gedig nie direk na die werklikheid herlei kan word nie, so moet die leser homself distansieer van die aangesprokene en net so moet hy die ek-spreker van 'n gedig skei van die werklike persoon van die digter. (Selfs waar die werklike sender en ontvanger wel bedoel word, is dit 'n gevolg van die struktuur en nie 'n vooraf-aanname nie). Hierdie bekende tegniese verskynsel in die literatuur impliseer 'n groter literêre verskynsel naamlik dat die literatuur 'n "quasi-quoted discourse" (Jakobson ibid. 112) is, met ander woorde dat dit voorgee om 'n gesprek te wees terwyl die eintlike gesprek binne die gedig self plaasvind. Sender en ontvanger bestaan egter nog in die werklikheid, net soos die taal van die lw ook bestaan vir die leser. Daarom noem Jakobson die literatuur 'n gesprek binne 'n ander gesprek (ibid. 112). Dit sou ook soos volg gestel kon word: in normale verbale kommunikasie ("discourse") vorm spreker en hoorder saam met

die referensiële betekenis van die boodskap 'n omringende konteks vir die taaluiting. In die literatuur word hierdie konteks 'n skynbaar afwesige "buitegesprek" sodat die literatuur as "binnegesprek" beskryf sou kon word.

Terwyl die literatuur dan skynbaar sonder 'n kommunikasiesituasie is, kommunikeer dit tog. Terwyl die werklikheidselemente daarin opgeneem is in 'n estetiese struktuur met 'n betekenis wat nie herleibaar is tot die realiteit nie, word die literatuur bespreek, gelees of verwerp, dit wil sê gebruik in reële sosiokulturele kontekste. Op een of ander wyse word hy dus wel betekenisvol.

Die doel van die strukturalisme is om vas te stel hoe betekenis tot stand kom, in teenstelling met die verklaring van die betekenis self. Dit is uiteraard beskrywend en nie eksegeties nie.⁽²⁾ Die strukturalisme kan uiteindelik slegs die "grammatika" aandui waarvolgens enige struktuur betekenisvol is. So het die strukturalistiese linguïstiek die struktuur van die literêre taaluiting in detail beskryf en 'n poëtiese grammatika ("grammar of poetry", vgl. Jakobson *ibid.* 117) ontwikkel. Dit sou buite die bestek van hierdie betoog val om 'n volledige kritiese inventaris van hierdie uitgediepte strukture te verskaf. Jakobson het aangetoon dat poëtiese taalgebruik gekenmerk word deur die superimposisie van ekwivalensie tussen woord en ding op die taaluiting self sodat patrone van herhaling, parallellisme, antitese en dies meer ontstaan.⁽³⁾ Die beskrywing van hierdie patrone soos hulle verbaal aantoonbaar is, soos onderneem deur die stilistiek, kan 'n feitlik mikroskopiese aanduiding gee van alle betekenisdraende aspekte in die lw - leksikologies, metries, fonologies, ensovoorts. Literêre taal word gedefinieer as deviasie van gewone taal op vlakke wat wissel van die semantiese tot die fonologiese. Muĉarovsky stel dit soos volg: "The violation of the norm of the standard, its systematic violation, is what makes possible the poetic utilization of language; without this possibility there would be no poetry" (Muĉarovsky 1967 242).⁽⁴⁾

Die linguïstiek toon oortuigend aan dat die lw betekenisvol is. Die ontglippende element is die sintese van betekenisdraende komponente

en patrone, 'n aspek wat volgens Fowler buite die bestek van die verbaal aantoonbare val en die taak van die kritikus-interpreteerder is: "However, criticism, acknowledging that the total meaning of a text is more than the sum of its formal and referential meanings, and probably ultimately unanalysable by objective means, must exploit all the aids it knows: verbal analysis is only the chief among many" (Fowler 1971: 40). Die strukturalistiese linguïstiek moet dus as hulpdisipline beskou word wanneer dit kom by die literêre werk.

Die paradoksale resultaat van strukturalistiese analise is dat die nie-refererende aard van literêre betekenis die spreker-hoorder-konteks skyn uit te sluit, terwyl die "total meaning" slegs tot stand kan kom deur sintetiserende aktiwiteit. Hierdie sintese moet deur "iemand" onderneem word. Dit kan slegs die leser wees. Die kompetensiekonsep soos ontwikkel deur die transformasioneel-generatiewe grammatika het aangetoon dat die basis van grammatika nie soseer lê in die onderliggende reëls van die taaluiting nie, maar in "the knowledge speakers possess which makes linguistic performance possible" (Fowler 1971: 8; Fowler se kursivering). Grammatika verklaar nie bloot die vorm van die taaluiting nie, maar die vermoë van taalgebruikers om taal te gebruik en te verstaan (vgl. Fowler 1971: 7).

Die literatuurteorie kon dus nie volstaan met die nie-referensialiteit van die literêre teken en die skynbaar ontbrekende situasie van literêre kommunikasie nie. Dit kon nie volstaan met 'n opteken van betekenis-moontlikhede in die literêre taaluiting nie, betekenis-moontlikhede wat strukturalisties gesien nie betekenis wil "word" nie. Die sleutel tot betekenisgewing is die leser. Mukařovský konstateer "... dass die Verneinung einer pragmatischen Mitteilung nur die eine Seite der ästhetische Funktion ausmacht. Die andere ist die vom Rezipienten zu konstituierende ästhetische Mitteilung, das 'ästhetische Objekt'" (in Warning 1975: 13). Kortom: die werklikheidsnegasie van die literêre werk skep 'n negatiewe dialektiek. (5) Negasie lok nie slegs die leser nie, maar impliseer dat betekenis gekonstitueer moet word, dat die "unfulfilled meaning" deur 'n eksterne faktor - die leser - geaktualiseer moet word.

VOETNOTE:

1. In die loop van die afdeling sal "literêre werk" tot lw afgekort word. Die benaming "teks" word vermy aangesien dit 'n probleem aan die orde stel wat nie in die bestek van hierdie studie opgelos word nie, naamlik of die "literariness" van literêre werke inherent of ekstern bepaal is - laasgenoemde onder meer 'n siening van die teksgrammatiese skool.
2. Vergelyk hierby Culler (1975, p.4) se opmerking: "Structuralism is thus based, in the first instance, on the realization that if human actions or productions have a meaning there must be an underlying system of distinctions and conventions which makes this meaning possible". Vgl. ook Barthes (1972): "... (the) fabrication of meaning is more important ... than the meanings themselves" (p. 219; my kursivering).
3. Jakobson (1972) stel dit soos volg: "The poetic function projects the principle of equivalence from the axis of selection into the axis of combination". Vgl. p. 95.
4. Leech pas dit as 'n belangrike beginsel toe in sy "Linguistic guide" tot die Engelse letterkunde. Vgl. Leech (1969), pp. 4 asook 42 tot 51.
5. Die verhouding tussen literêre werk en leser word meermale deur die teoretici in die loop van hierdie afdeling aangehaal as 'n dialektiek beskryf. Benewens grammatikale probleme by die gebruik van die woord - 'n geskikte afgeleide byvoeglike naamwoord ontbreek - is die woord "dialektiek" m.i. te sterk met die filosofie en ander dissiplines verbonde om dit as literatuurteoretiese term in Afrikaans lewensvatbaar te maak. Geskikte plaasvervangers ontbreek ook, hoewel "gesprek", "dialog" en "dialogies" soms gebruik sal word, asook "wisselwerking". Die kern van die probleem lê waarskynlik daarin dat die gebruikelike hantering van die woord, naamlik in 'n Marxistiese konteks, nie voldoende ingeburger is in Afrikaans nie. Die woord "interaksie" is 'n verdere moontlikheid.

II. Die leser as betekenisgewer van die literêre werk

1. Die fenomenologiese agtergrond

Fenomenologiese beskrywings van literêre betekenis soos vervat in die werk van Ingarden, en indirek in Iser se (fenomenologiese) beskrywing van die leesproses, dui daarop dat literêre betekenis nie net in materiële (verbale) strukture geleë is nie, maar ontstaan in samewerking tussen materiële objek (die literêre teks) en betekenisgewende subjek (die leser). Die lw is 'n objek nie in homself nie, maar in terme van die waarnemende subjek se toespitsing. Vir die leser bestaan by nie as ding-op-sigself nie maar as bewussynsinhoud. Dit word, soos alle objekte, altyd teen 'n agtergrond waargeneem. Dit beteken dat die betekenis referensieel daarin vervat, 'n horison van betekenis met hulle saamdra. Wanneer die waargenome objek geabsorbeer word, word dit - tydelik - egter ook die omgewing van die subjek: "Mitten drin zu sein und gleichzeitig von dem überstiegen zu werden, worin man ist, charakterisiert das Verhältnis von Text und Leser" (Iser 1976 178).⁽¹⁾

Die literatuurteoretiese sienings van Ingarden, Iser en heelwat ander resente teoretici - soos ook Leibfried - is herleibaar na die fenomenologie en by name dié van Husserl (nie noodwendig slêgs hierna nie). 'n Volledige uiteensetting van hierdie fenomenologiese agtergrond word nie hier onderneem nie, net soos strukturalisme, semiologie en ander filosofiese raamwerke nie volledig gedefinieer word nie. Daar sal ook nie gepoog word om hierdie fenomenologiese grondslae by Ingarden, Iser en andere te bewys nie. Enkele sienings van Husserl word hier ter toeligting gegee by Ingarden en veral by voorbaat by Iser, wie se sienings in hierdie studie in detail uiteengesit word.

In die fenomenologiese denke word die materiële aard van 'n objek onderskei van sy, veronderstelde, "wese". Die saak is iets meer of iets anders as sy vorm. In sy uiterlike materiële vorm is hy waarneembaar en staan die waarnemende subjek in 'n onmiddellike,

ondeelbare verhouding met hom. Sy wese is egter slegs kenbaar verby die uiterlike, dit wil. sê, wanneer die subjek hom absorbeer en deel maak van sy bewussyn sodat die materiële verval en hy beleefde saak word. So verander hy dan van verskynsel na verskyning.

Husserl beskryf die menswêreld-verhouding soos volg: "For me real objects are there ... I precisely 'know' that they are there... a knowledge which has nothing of conceptual thinking in it, and first changes into clear intuiting with the bestowing of attention. (in Hartman 1967 130). Die dinge in die omringende wêreld word waargeneem in ruimtelike en temporale (tyds-) perspektief (ibid. 130) en die gevolg is "I can shift my standpoint in space and time, look this way and that, turn temporally forwards and backwards" (ibid. 130) ⁽²⁾, 'n konsep wat Iser toepas op die leser se teenwoordigheid in die literêre werk as wêreld (vgl. hieronder 98). Waargenome ding is altyd kwalitatief waargenome ding: wat ek waarneem, is alreeds in my waarneming gekleur deur sekere elementêre oordele ("beautiful or ugly, agreeable or disagreeable, pleasant or unpleasant"; ibid. 131). Hiermee word die baie moeilik formuleerbare oorskakelingspunt van objek en subjek aangetoon. Soos reeds uit die aanhaling hierbo geblyk het, is die omgewing "the world in which I find myself and which is also my world-about-me" (ibid. 131). Dié wêreld word waargeneem volgens intensie, volgens die aard van die toespitsing - so byvoorbeeld die wêreld van getalle: "The arithmetical world is there for me only when and so long as I occupy the arithmetical standpoint" (ibid. 132). Wat waargeneem word, hang af van hoe dit waargeneem word. Hierdie observasiepunt word ingeneem as faset van die sogenaamde "natural standpoint" (ibid) waarvolgens alles outomaties en in ieder geval waargeneem word. Die algemene bewus-wees van die omgewing vorm die agtergrond vir die spesifieke. As die lw 'n wêreld is, dan is die algemene ervaring daarvan die raamwerk of horison vir 'n spesifieke, geselekteerde waarneming, byvoorbeeld die psigologiese of strukturalistiese.

Die verhouding tussen mens en wêreld (of eksterne saak as wêreld) is paradoksaal: die subjek is terselfdertyd in en buite die objek (vgl. ook *ibid.* 133). Om oor hierdie wêreld te reflekteer, beteken dan nie om dit op te hef, om dit as aanwesigheid in twyfel te trek nie, maar om dit tydelik te ontheg aan sy vanselfsprekendheid: "whilst remaining in itself what it is, we set it as it were 'out of action', we 'disconnect' it, 'bracket' it." Dit is die proses onderliggend aan wat Iser beskryf as die bewuswording van die literêre werk as sodanig gedurende die lees, wat ook beteken bewuswording van die ervaring daarvan. ⁽³⁾

Die lees van die lw of die lees van onderdele daarvan soos Iser dit beskryf, word gereflekteer in die volgende stelling van Husserl: "I carry out ... 'acts of consciousness' ... and these acts, as belonging to this human subject, are events of the same natural world. And all my remaining experiences ... likewise, out of whose changing stream the specific acts of the Ego shine forth in so distinctive a way, glide into one another, enter into combinations, and are being incessantly modified" (*ibid.* 137). Op dié manier word ervaring deel van die omringende wêreld, of liever: dit word op 'n soortgelyke manier en met dieselfde geldigheid in die bewussyn opgeneem (vgl. *ibid.* 138). Feit en ervaring word verwar in die illusie dat die "natural standpoint" altyd geld en nie gedurig verander word deur 'n spesifieke "standpoint" nie. Husserl argumenteer hier vir 'n toespitsing nie op vermeende "nuwe" dinge, eksterne objekte nie, maar vir "keeping our eyes turned towards these centres of experience". Die belewenis, nie die beleefde objek nie, die bewussyn of "consciousness" maak die materiële wêreld kenbaar: "through its (dit is "consciousness") essential Being, the 'natural' fact-world comes to be known" (*ibid.* 138).

Hiermee is moontlik die essensiële aanknopingspunt tussen (veral) Iser en Husserl se fenomenologie aangegee: nie die literêre werk as objek nie, maar die ervaring daarvan, die "Wirkung" of effek wat dit op die leser het, staan in die sentrum van Iser se ontleding. ⁽⁴⁾

Die konteks van enige ervaring is ander, vorige ervaring; dit is die "stream of experience" (ibid. 140), 'n aspek wat in Iser se beskrywing van die lees-proses groot gewig dra (vgl. hieronder 98). Wat die leser nou lees - dié woord of metafoor - is ingebed in wat hy pas tevore gelees het.

In fenomenologiese perspektief en soos toegepas deur Ingarden en Iser, is die bewussyn van die leser die paradigma van die teks en kom die literêre betekenis tot stand nie deur die sintagmatiese relasies in die teks nie, maar deur sintagmatiese verbande wat die denkende leser self lê. Die leser is, soos Iser dit stel, 'n "Blickpunkt" in die teks (vgl. 1976, asook hieronder 97).⁽⁵⁾

Dit is ook op grond van die verskil tussen die objek en die ervaring van die objek dat Husserl die "intentional object" onderskei. Dit is 'n materieel afwesige "ding" wat vir 'n subjek tot objek word vanweë 'n besondere kwaliteit in sy waarneming; die "objek" is (nie) die saak nie, maar die saak so-en-so beskou, "not the mere matter in general, but the matter valued which is the complete intentional correlate of the act of valuation" (ibid. 144; Husserl se kursivering). Op grond hiervan beskryf Ingarden die lw as "intentional object", as abstraksie geobjektiveer tot 'n ding vanweë 'n bewussynsinstelling - ook 'n daad (vgl. ibid. 144) van dié bewussyn. Hierdie intensionele objek bestaan saam met die materiële objek.

Die grondslag van die pleidooi vir die erkenning van die subjektiewe element wat Groeben, Leibfried en andere lewer (vgl. hieronder 34) en wat implisiet is aan Ingarden en Iser se sienings, is Husserl se stelling dat die waargenome saak en die waarneming in die geval van die sogenaamde "immanente" waarneming, nie skeikbaar is nie: "In the case of an immanent (the so-called 'inner') perception, perception and perceived essentially constitute an unmediated unity" (ibid. 145; Husserl se kursivering).⁽⁶⁾

Soos Leibfried dit toepas: "Erklärt (interpretiert, historisch beschrieben, systematisch betrachtet, gewertet, usw.) wird das Erlebte im Glauben, das sei die Sache selbst. Die Sache selbst

ist jedoch nie ungebrochen im Griff: es gibt nur die von mir erlebte Sache" (Leibfried 1970 116; Leibfried se kursivering).

Sonder om hiermee te wil beweer dat Husserl die stimulus was vir hierdie en soortgelyke sienings, kan gesê word dat die erkenning van subjektiwiteit soos hier deur Husserl aangevoer, dié verskilpunt is tussen materiële en (ouer) strukturalistiese literatuurteorie en dié van Ingarden en Iser. (Iser ontwerp 'n model van tekserigte lesersubjektiwiteit, 'n subjektiwiteit wat die "Wirkung" van die lw reflekteer.)

As die literêre werk ding-in-die-wêreld is, is dit, in die moment van waarneming, ook ding in die subjektiewe bewussyn. As sodanig is hy kenbaar, nie as materiële objek nie. Wat normaalweg in breë sin as die "betekenis" van die lw verstaan word, is leserbeleefde betekenis. In dié sin "skep" die leser die werk as "purely intentional object".

As wêreld-op-sigsself skep die lw egter ook die leser omdat die subjek nie slegs buitestaander van die objek is nie. Die leser is in die werk en in dié rol word die betekenis aan hom onthul deur sy eie bewussyn, 'n gevolgtrekking wat uit Iser se uiteensetting spreek.

Die fenomenologie speel 'n belangrike rol in die erkenning van die leser as betekenisgewer van die literêre werk. In die kort samevattings van Ingarden en Iser se verwerkings hiervan, sal hierdie aspek verder gekwalifiseer word.

2. Roman Ingarden

Ingarden se beskrywing van die lw dui daarop dat betekenis wel gegee, maar nie gerealiseer is in die objektief aantoonbare of materiële bestaan van die lw nie. Die gerealiseerde lw, dit wil sê die gerealiseerde betekenis van alle komponente, is ideëel. Ingarden spesifiseer die lw as 'n "purely intentional object": dit is 'n projeksie van iets wat die skrywer beoog het om te kommunikeer. Kenmerkend van die "purely intentional object" is dat dit slegs bestaan by gracie van die vorm wat daaraan gegee word en nie 'n eie outonome wêreld het nie (Ingarden 1973 188).

Die betekenis is as potensie gegee in die materiële werkaanbod, wat Ingarden beskryf as 'n skema met verskillende strata. Fonologiese en semantiese eenhede vorm strata wat kulmineer in groter eenhede, naamlik sinne. Die betekenis van die sin lê vir Ingarden nie in die formele struktuur nie, maar in sy bewus-synskorrelaat (ibid. 188). Die lw "groeï" as't ware uit die ondeelbare samehang tussen taalkundige gegewe en betekenis. So vorm die sinne 'n volgende stratum, naamlik die "states of affairs" (ibid. 190). Die taal-"habitus" van sinne en die resulterende "states of affairs" gee hulle juis die aanskyn van realiteit, terwyl hul betekenis nie vir Ingarden in die taal te vind is nie. Uiteindelik wys die groter eenhede uit na bepaalde objekte en dié verteenwoordigde objekte vorm 'n laaste stratum. Al die strata gee aan die werk 'n semantiese vorm.

In Ingarden se beskouing word materiële werkaanbod en die literêre werk self dus geskei. Die lw is 'n verbeelde of ideële objek wat opgebou is uit 'n wisselwerking tussen taalmaterie en bewus-synskorrelate van hierdie materie.

Die uiteindelijke skematiese struktuur "is" ook nog nie die betekenis nie. Die betekenis is 'n potensie van die skema wat deur 'n leser gerealiseer of gekonkretiseer moet word (ibid. 252). Leserkonkretisasies vertoon 'n opvallende uiteenlopendheid, of, anders gestel, dit lyk of the lw poli-interpretabel is. Dit is 'n begryplike uitvloeisel van die besondere aard van die lw: sy objek is ideëel maar sy vorm is materieel. Die omvang en verskeidenheid van die objek kan nooit volkome verteenwoordig word deur materiële spesifikasies nie (ibid. 246). Die aanbod bly skematies. Terselfdertyd wil die aanbod die objek reflekteer as "a concrete unit containing an infinite number of fixed determinations and intentionally created as such" (ibid. 245). Anders gestel: daar is 'n diskrepansie tussen die materiële en die literêre objek. Hierdie diskrepansie het tot gevolg dat die werkaanbod "oop" areas bevat, 'n konsep wat meer verhelderend uitgedruk kan word in die Engelse "points of indeterminacy" of die Duitse "Unbestimmtheitsstellen". Hierdie oop areas moet deur die leser "ingevul" word. (7)

Ingarden kom tot die slotsom: "We can say that, with regard to the determination of the objectivities represented within it, every literary work is in principle incomplete and always in need of further supplementation" (ibid. 251). Omdat die lw homself aanbied as 'n skema wat objekte kan verteenwoordig, maar nie in al hul spesifikasies nie, benodig dit 'n eksterne, sintetiserende en konkretiserende betekenisgewing. Dit benodig 'n leser wat die betekenis kan konstitueer. Betekeniskonstituering bestaan, volgens Ingarden, uit die volgende aktiwiteite: die referente van die "ding"-stratum word geobjektiveer; die nie-gespesifiseerde, weggelate aspekte word "tussen die reëls" lesend gekonkretiseer; die "Ansichten" - voorstellings, sienings, perspektiewe - potensieel en skematies aanwesig in die werk, word geaktualiseer; die gans onbekende gehele wat die werk mag aanbied, word gerekonstrueer (1975 44 tot 45, 50 tot 52). Oor die algemeen word samevattend na hierdie aktiwiteite verwys as "konkretisasie" of "betekeniskonstituering".

Die leser se rol ten opsigte van die lw is dus om die uiteindelijke betekenis uit die werkaanbod te vorm. Leserbetekenis is egter nie gelyk aan die ideële literêre objek nie. Laasgenoemde is konstant terwyl konkretisasies variabel is, nie net by verskillende lesers nie, maar selfs by een leser van die een "lees" na 'n volgende. Ingarden betoog selfs dat geen enkele "lees" van die werk die volle betekenis kan konkretiseer nie (Ingarden 1973 334). Dit beteken nie dat die leser die lw reduceer nie; hy komplementeer dit, maar sy komplementerings komplementeer ook mekaar om 'n steeds ryker perspektief op die lw uit te druk (vgl. ibid 332 tot 334).

Met die betrek van 'n leser, word ook die wêreld van die leser betrek. Sy konkretiserende aktiwiteit is ingebed in die "...content of the aspect of our total surroundings" (ibid. 339). Aspekte van die historiese en sosiale leserwerklikheid kan veroorsaak dat die leser sekere elemente in die lw laat domineer in sy konkretisasie, selfs buite verhouding met die aanbod (ibid. 340).

Met hierdie siening is die betekenisleemte deur die strukturalisme gelaat, gevul. Ingarden se werk is die begin van die herontdekking van die leser. Dit spesifiseer ook reeds belangrike aspekte van sy rol: betekenisgewing, subjektiwiteit, variabiliteit.

Een van die probleme van hierdie siening is juis die implisiete subjektiewe element, die keerkant van die "ouer" strukturalisme se strewe om met verifieerbare aantoonbaarhede, met ander woorde "objektief" te werk te gaan.

Die lw word leserafhanklik en alle uitsprake daaroor loop die gevaar om subjektief te wees. Ingarden het die probleem probeer oplos deur te betoog dat die aantal konkretisasies beperk word deur die werkaanbod. Leseraktiwiteit is dus eintlik gerigte, beheerde aktiwiteit. Op grond hiervan ken hy aan die lw 'n ideële outonome bestaan toe. Hierdie siening is egter onbevredigend omdat dit te teoreties is. Groter helderheid oor die aktiwiteit van die leser en daarmee ook die moontlikheid van 'n stewige metodologiese basis vir uitsprake oor die betekenis van 'n lw sou egter verkry kon word deur verdere navorsing oor die leser in die kommunikatiewe situasie en oor die wyse waarop die lw die leser betrek.

3. Wolfgang Iser

Wolfgang Iser se beskouings ken 'n duidelik omskrewe rol aan die leser in die lw toe. Hy herkwalfiseer die "Unbestimmtheitsstellen" - wat hy "Leerstellen" noem - as teksinterne aanduidings vir die waar en die hoe van die leseraktiwiteit.⁽⁵⁾ Vir Iser is die leser in die lw werksaam, meer nog: die lw "bevat" die leser op 'n struktureel aantoonbare wyse: "Denn erst wenn die Schemata des Textes auf einander bezogen werden, beginnt sich der imaginären Gegenstand zu bilden, und diese vom Leser geforderte Operation besitzt in den Leerstellen ein zentrales Auslösemoment" (Iser 1976 284). Die leser vul nie net aan of in soos Ingarden dit gesien het nie, maar maak noodsaaklike kombinasies. Verwant aan Ingarden se beskrywing van die lw as 'n "mehrschichtiges Gebilde"

(1975 : 42) sien Iser die lw as 'n "perspektivisches Gebilde". Die leser moet die verskillende perspektiewe wat die teks bied, sintetiseer deur vir almal 'n integrerende referent te vind (Iser *ibid.* 61). Iser stel dit so: "Insoweit ist dem Leser eine bestimmte Textstruktur vorgegeben, die ihn nötigt, einem Blickpunkt einzunehmen, die die geforderte Integration der Textperspektiven herzustellen erlaubt" (*ibid.* 62).

Die betekenisgewende rol van die leser is dus, volgens Iser, teksintern veranker en aantoonbaar sodat hierdie sienings die moontlikheid bied van 'n aanvaarbare metodologiese basis vir die omskrywing van betekenis in die lw.

Vir die literatuurteorie was die leser a priori-gegewe in die bespreking van 'n literêre werk. Reaksies en uitsprake is onmiddellik na die werk herlei asof die leser 'n tabula rasa is, soos die outonomisme veronderstel, of asof hy 'n betroubare geleier is, soos die romanties-impresionistiese skole veronderstel het. Daarom het dié literatuurteoretiese bewegings wat "wetenskaplikheid" nastreef die leser angsvallig vermy: vir hulle was hy 'n onberekenbare element. Sonder die leser loop die lw gevaar om gereduseer te word tot 'n versameling materiële gegewens. Die vanselfsprekende leser is 'n problematiese maar ook onontwykbare faset van betekenis in literatuur.

VOETNOTE:

1. Die verhouding is hiermee so raak geformuleer en terselfdertyd is dit so 'n duidelike illustrasie van die fenomenologiese aanknopingspunt, dat dit aparte aanhaling verdien (vgl. ook hieronder, pp.97 en 98).
2. Vgl. ook "I find continually present and standing over against me the one spatio-temporal fact-world to which I myself belong, as do all other men found in it and related in the same way to it (Hartman 1967 133).
3. "Man sieht sich zu, worin man ist", aldus Iser (1976 218).
Vgl. ook hieronder, p.105.
4. Vgl. hierby ook Bouckaert-Ghesquière (1978), p. 147: "Niet wat de tekst betekent is volgens W. Iser van het grootste belang, maar wat hij bewerkstelligt".
5. Husserl se beskrywing van die wyse waarop objekte waargeneem word (ibid. 142), kan vergelyk word met Iser se siening van 'n verskuivende blikpunt. Die leser is, soos Iser dit stel, 'n "Blickpunkt" in die teks (vgl. 1976 177, 179 asook hieronder 97).
6. Vgl. vir 'n verdere aanduiding van immanente waarneming Hartman (op. cit., p. 145.). Husserl verklaar die verwarring tussen objek en objek-soos-waargeneem verder soos volg: "We are accustomed without further thought to include the being apprehended in the concept of the object (of that generally which stands over against the subject), since in so far as we think of it and say something about it, we have made it into an object in the sense of something apprehended" (ibid. p. 143).
- 7 'n Afrikaanse vertaling na aanleiding van die Nederlandse "open plekken" (in Segers, 1978, p. 39) of "legen plekken" (Bouckaert-Ghesquière, 1978, p. 153) is myns insiens nie bevredigend nie. Buursink (1978, pp. 174 tot 189) behou die oorspronklike woord van Iser en dit word ook in hierdie studie gedoen.

III. Die herontdekking van die subjek: hermeneutiese en metodologiese perspektiewe

1. Die subjek-objek-verhouding as hermeneutiese probleem

Beskrywings van die hermeneutiese aktiwiteit as "verkünden", "auslegen" of ook "übersetzen" (Rusterholz 1976 89), as "Kunstlehre des Verstehens von schriftlich fixierten Lebensäußerungen" (Stuhlmacher in navolging van Dilthey 1979 15) illustreer die verband tussen hermeneutika en literatuurteorie. Die hermeneutiek het sy basis in Bybelse interpretasie, 'n voorbeeld van die resepsie van een teks. Die probleme van die resepsie van die Bybel en veral moderne hermeneutiese beskouings het veel te sê vir eietydse literêre dilemmas.

'n Vlugtige oorsig oor die ontwikkeling van die hermeneutiek toon dat die verhouding subjek-objek 'n kernprobleem was en is (vgl. Stuhlmacher *ibid.*)⁽¹⁾. Teenoor histories-kritiese metodes (vgl. *ibid.* 142 tot 144) staan die siening van die Bybel as Openbaring, as die Woord van God⁽²⁾; teenoor linguïstiese ontleding staan die oproep om die werklike "verstaan" waar die subjek betrokke is by die saak, soos Barth se verwerping van die eksak-wetenskaplike metodes van sy tyd illustreer: "Bis zu dem Punkt muss ich als Verstehender vorstossen, wo ich nahezu nur noch vor dem Rätsel der Sache, nahezu nicht mehr vor dem Rätsel der Urkunde als solche stehe, wo ich es also nahezu vergesse, dass ich nicht der Autor bin, wo ich ihn nahezu so gut verstanden habe, dass ich ihn in meinem Namen reden lassen und selber in seinem Namen reden kann" (in Stuhlmacher *ibid.* 164). Teenoor die verwerping van Bybelse gegewens as mite, staan die beleef daarvan, verby die onaanvaarbare mitologiserende aanbod, vanuit die eie bestaan. Die eie ervaring van die geskiedenis, die eie benadering, bepaal die lig waarin die Bybel as teks verskyn (vgl. *ibid.* 175 en 176). Wat aldus Bultmann vir die geloof geld, geld ook vir die ervaring van die Bybel: "Denn Grund und Gegenstand sind identisch" (*ibid.* 174). Wat die mens glo, is die gevolg van die feit dat hy glo; wat hy lees is die gevolg van sy eie bestaanmodus; die objek word in dié sin gevorm deur die subjek.

Allegorie as eksegetiese metode stel die teks bloot aan die willekeur van die subjek en sy onkritiese geloof dat sy histories bepaalde, relatiewe siening universeel waar is (vgl. Rusterholz op. cit. 90 tot 92 asook Stuhlmacher op. cit. 64 tot 66)⁽³⁾. Luther se hermeneutiek is daarenteen in 'n sekere sin 'n teruggaan na die teks self, wat bevestig word deur die feit dat hy ook linguïsties te werk gegaan het (vgl. Stuhlmacher op.cit. 92). Dit is egter subjektiwisties in dié mate dat dit die Bybel nie as teks nie, maar juis by voorbaat as Woord van God, as "Heilige Skrif", lees (vgl. ibid. 91). Die rasionalistiese hermeneutiek poneer die tese van die oorwig van die rede en getuig vanweë hierdie "Vernunftsautonomie" (ibid. 116) van 'n soortgelyke subjektivistiese instelling. Dit is gebaseer op 'n ideologie.

Laasgenoemde voorbeeld illustreer die subjektiwiteit van skynbaar objektiewe, skynbaar wetenskaplike metodes. Die "Vernunftsautonomie" het die Bybel "bevry" van sy tradisionele kanonisering en sy historiese bepaaldheid erken (vgl. ibid. 116, 117 en 112, vgl. ook Rusterholz op. cit. 94). Die Bybel is geobjektiveer tot teks-tussen-tekste. Hierdie objektivering spruit egter direk uit 'n subjektiewe stellingname.

Die gevolgtrekking hieruit kan reeds by voorbaat gestel word: alle pogings tot objektiwiteit wat met objektiwiteit bedoel die uitskakeling van alle subjektiewe elemente, word genoodsaak om 'n uitgangspunt te kies en is in hierdie keuse reeds subjektief. Dit geld ook waar daar vir 'n "wetenskaplike" metode gekies word.

2. Die subjek-objek-verhouding as probleem van 'n "wetenskaplike" metode

Die strewe na "wetenskaplikheid" lei oral in die geesteswetenskappe tot pogings om die studie-objek as geïsoleerde ding beskryfbaar te maak. Variabiliteite moet uitgeskakel word. Die waarheid van die ding is gesoek in sy konstantes aangesien slegs die konstantes intersubjektiewe data verskaf.

Intersubjektiwiteit verwys na die kommunikeerbaarheid van teoretiese stellings oor werklikhede. Om intersubjektief te wees, so word

dikwels aangeneem, moet eie stellings op feitlikhede, op aantoonbare data, gebaseer moet wees (vgl. hieroor Groeben 1973 250). Die strewe na intersubjektiviteit en wetenskaplikheid lei egter tot die reduksie van die objek, en is daarom juis nie objektief nie. Die wetenskap bevat, soos Gadamer onder andere meld, talle voorbeelde van "die unwiderlegliche Beweisführung für etwas evident falsches" (in Stuhlmacher op. cit. 197).

Onderliggend aan skynobjektiviteit as wetenskaplike probleem is die sogenaamde "Subjekt-Objekt-Konfundierung" (Groeben op. cit. 165 en 166), die verwarring tussen die objek, die objek soos waargeneem deur die subjek en die subjek self waarby die subjek die ding-soos-waargeneem aansien as die ding-op-sigself. Kan die navorser aanneem dat sy verstaan van - byvoorbeeld - taaldata nie by voorbaat beïnvloed word deur die interpretasie wat hy daaraan gaan gee nie? Soos reeds aangetoon behels die poging om die ding te objektiveer al reeds 'n onderwerping van die ding aan 'n subjektief gekose metode. Die saak is dan by voorbaat nie wat hy in sy volle omvang mag wees nie. (4)

Die ding is, in die fenomenologies- hermeneutiese siening van Leibfried (1970, onder meer 116) altyd beleefde ding. Eksegese is nie gebaseer op die saak nie, maar op die belewenis van die saak. (5) Objektiviteit is dan eintlik net 'n ideologie. Die Marxistiese beswaar teen die outonomisering van literatuur in die burgerlike literatuurteorie as sou dit op ideologie gebaseer wees, is ook vanuit hierdie perspektief geldig.

Die implikasie hiervan is dat enige metode - nie net 'n wetenskaplike metode nie - tussen die "waarheid" van die teks en die waarneming of ervaring daarvan deur die (lesende) subjek staan.

3. Die inskakeling van die subjek as hermeneutiese praktyk

Die weg na die inskakeling van subjektiviteit is in die teologiese hermeneutiek onder andere deur Dilthey aangedui. Hy sien dit as die taak van die interpretator om die werk te voltooi: sy taak is om die skepping van die outeur "psychologisch nachzuvollziehen"

(Stuhlmacher op. cit. 155). Die subjek herskep die werk in dié sin dat die hermeneutiese proses as sy einddoel het "den Autor besser zu verstehen, als er sich selber verstanden hat" (aangehaal ibid. 155 en 156). Om dit te verwesenlik, moet die subjek homself in die werk verplaas; sy belewenis is deel van die hermeneutiese prosedure.⁽⁶⁾ Die hermeneutiek van Bultmann (vgl. hierbo 32) plaas ook die subjek voorop.⁽⁷⁾

"Verstaan" is histories en persoonlik gekleur; die teks word altyd binne 'n konteks - die konteks van die leser - gelees. Hierdie gevolgtrekking, wat toenemend deur die teologiese hermeneutiek ingesluit word in sy teorieë, is reeds in die eerste ontwikkelingsfases van die hermeneutika aantoonbaar. Die "suiwer sien" kan skynbaar nie metodologies vasgelê word nie. Verstaan is altyd subjektief en relatief. Dit is ingebed in die verloop van die menslike geskiedenis en gebonde aan bepaalde historiese situasies. 'n Spesifieke leser ("subjek") is deur ervaring en oorgeërfde interpretasiemodelle deel van hierdie geskiedenis. Die taal⁽⁸⁾ illustreer dit. Verstaan is sirkulêr: daar word nóú verstaan op die basis van wat tevore verstaan is. Die sogenaamde hermeneutiese sirkel druk dit uit en kan toegepas word op die verhouding tussen teks en leser. Soos die onderdeel in sy geheel waargeneem is, of die besondere in die algemene, so is die verstaan van 'n bepaalde teks opgeneem in die subjek se verstaan van die wêreld, wat op sy beurt verdere toegang bied tot die teks, tot verdere verstaan daarvan. Om dit ook anders te formuleer: wat die leser "hier" verstaan, verstaan hy teen die agtergrond van wat hy "toe" en "daar" verstaan het (vgl. Rusterhulz op. cit. 94 tot 96). Sy ervaring sirkuleer deur die teks en die teks sirkuleer deur sy ervaring.⁽⁹⁾

Hierdie paradoksale en onvermydelik subjektiewe aard van alle begrip en lees is uitgespel deur Gadamer. Hy verwerp metode as hindernis in die pad van die ontmoeting tussen "objek" en "subjek". Die subjek is 'n produk of effek van 'n geskiedenis van "Wirkung" en hy lees 'n teks binne die totale konteks van "Wirkungsgeschichte": "Wenn wir aus der für unsere hermeneutische Situation im ganzen bestimmenden historischen Distanz eine historische Erscheinung zu verstehen suchen, unterliegen wir immer bereits den Wirkungen der Wirkungsgeschichte" (Gadamer 1975 113).

Die menslike blik is dus altyd daardeur beïnvloed en hierdie invloed druk Gadamer uit as 'n horison van begrip. Horison druk eindigheid van visie uit, maar ook die vermoë om verby die onmiddellike te kyk en sake binne 'n perspektief te organiseer (ibid 115). Teks en leser het hul eie historiese horisonne, en die hele geskiedenis is vir Gadamer 'n dinamiese, voortbewegende geheel wat sy eie horison deur eeue van tekste en mense ontplooi (ibid. 116 en 117). As die subjektiwiteit van die leser ontken word, word die leser afgesny van die dinamiese verloop van die geskiedenis en sluit hy sy eie horison terwyl dit in wese oop is. Lesersubjektiviteit *moet* nie uitgeskakel nie, maar inbetrek word in die verstaansproses. 'n Versmelting van teks- en leserhorisonne moet plaasvind. Subjek en objek staan in wisselwerking met mekaar en albei vorm komponente van 'n proses waardeur 'n hoër vlak met sy eie horison tot stand kom. Lees is 'n gebeurtenis, 'n dinamiese gesprek. Dit vereis ook dat die leser in sy volle menslikheid homself inlaat met die teks: "Denn was heisst Sichversetzen? Gewiss nicht einfach: Von-sich-absehen. Natürlich bedarf es dessen insoweit, als man die andere Situation sich wirklich vor Augen stellen muss. Aber in diese andere Situation muss man sich selber gerade mitbringen ... Versetzt man sich z.B. in die Lage eines anderen Menschen, dann wird man ihn verstehen, d.h. sich der Andersheit, ja der unauflöselichen Individualität des Anderen gerade dadurch bewusst werden, dass man sich in seine Lage versetzt" (ibid. 118; Gadamer se kursivering).

In die proses vind "Abhebung" plaas: die verskillende komponente isoleer hulleself van mekaar en hul andersheid word sigbaar. Dit kan slegs plaasvind teen die agtergrond van die andersheid van die ander komponent. As die variabele historiese (en persoonlike) aspekte uitgeskakel word, is die werklik sien en verstaan van die teks nie moontlik nie (vgl. ibid. 119). Gadamer voer die konsekwensies verder. Die leser in sy volle histories-bepaalde menslikheid beteken ook met die konkrete situasie waarop eksegeese toegepas word. Gadamer sien die drie verstaansmodi - verstaan, verklaar en toepas (vgl. Rusterholz 91)⁽¹⁰⁾ - as een ondeelbare proses. Verstaan en beoordeling met die oog op toepassing is nie skeibaar nie (ibid. 123).

Die verstaansproses is histories en kollektief. Werklike verstaan kan net plaasvind waar dít erken en ingesluit word, met ander woorde die prys wat vir begrip van 'n teks betaal moet word, is die risiko van wanbegrip. Wat Gadamer bepleit, is 'n metodelose, "oop" ontmoeting tussen teks en leser, 'n gesprek sonder voorveronderstellings oor hoe die ander verstaan gaan word - 'n ervaring van die saak sonder die bybetrek van modelle. Die lees van literatuur moet dan, volgens hierdie siening, 'n ekstra-dissiplinêre ervaring wees.

4. Die inskakeling van die subjek as literatuurteoretiese probleem.

Wanneer 'n metode ontbreek is die resultate van die ontmoeting egter moeilik kommunikeerbaar. So 'n hermeneutika is nie intersubjektief nie (vgl. Rusterholz 97). Literatuurteoretiese toepassings van hierdie insigte het op verskeie wyses hiervoor probeer vergoed. Jauss, wat 'n literatuurgeskiedenis op basis van wisselende leserresepsies bepleit, wil die wisselende leserhorisonne as empiriese basis gebruik. (11) Groeben bepleit in wese dieselfde: 'n empiriese literatuurwetenskap moet die verstaan^sprosesse van die leser as objek neem. Hyself onderskei dan verskeie "werkimmanente" en "werktransenderende" resepsieprosedures waarby die werk self as blote materiële aanleiding tot hierdie aktiwiteite beskou word (vgl. Groeben ibid. 23 en 24). Slegs op dié wyse kan die verwarring tussen interpretasiemodel van die leser en die aanbod van die werk-self vermy word. (12)

By Jauss en Groeben lei die noodsaak van intersubjektiewe basisse na 'n verbreking van die dialogiese situasie - die sirkel - en dit skyn te impliseer dat hierdie ontmoeting nie as sodanig herhaalbaar is nie. (13)

Leibfried probeer die verbande handhaaf. Hy onderskei tussen saak (objek), "waarnemer" (subjek) en die ervaring van die saak deur die "waarnemer" en sien hierdie drieledige onderskeid as 'n voorwaarde vir wetenskaplikheid in die literatuurteorie. Die sirkulêre verhouding tussen die teks en die subjektief-bepaalde "Erfassung" daarvan moet in die interpretasie betrek word - "alles andere bleibt Meinungsäusserung" (op. cit. 117).

Die ontwikkelinge in die hermeneutika werp ernstige refleksies op literatuurwetenskaplike metodes, veral die linguïsties-georiënteerde

strukturnalistiese prosedures. Beide die linguïstiek en die strukturalisme het egter reeds die beperkings van hul metodes erken. Fowler sien die "objektiewe" linguïstiese analise van literêre werke as die onderste faset van 'n hiërargiese skaal met, bo hom, stilistiek en kritiek. Hy motiveer dit o.a. soos volg: "... we must acknowledge that the meaning of a poem is more than the sum of its cognitive and formal meanings, and that perhaps some of the causes of this meaning and value are inaccessible to verbal analysis." (Fowler 1971 38). Fowler verlaat hiermee die veilige basis van 'n objektiverende taalkundige benadering. Strukturalisties georiënteerde literatuurteoretici soos Barthes en Todorov stel die probleem van reduksionistiese metode en die onherhaalbare van die literêre gebeurtenis, Literatuurteoretiese of literatuurkritiese bespreking is 'n metataal, 'n simboliese verwysing na die objek (vgl. Barthes 1972 51). Dit is 'n "discourse" oor 'n ander "discourse" (ibid. 258). Hierdie skynbaar "tweedeklas" gesprek oor-'n-gesprek, hierdie reduksie tot 'n ander medium, hoef egter nie negatief beskou te word nie. Strukturalisme en daarmee enige "metode" kan moontlik beskou word nie as voorafinstelling van die leser waardeur hy die objek reduceer nie, maar as 'n reaksie op die vrye ontmoeting, 'n poging om daaroor te kommunikeer. Omdat die werk-lezer-ontmoeting in wese onherhaalbaar is, soos die Gadamer-kritiek impliseer, moet daar òf oor geswyg word, òf 'n metataal, met al sy beperkings, moet aanvaar word: "Confronted with a poem, we can only resign ourselves to the impoverishment caused by a different language, or else (a factitious solution) write another poem. Factitious because this second best will be a new work which still awaits its reading: an entire autonomy deprives criticism of its raison d'être, just as a submission to ordinary language affects it with a certain sterility. There remains, of course, a third solution which is silence: we cannot speak of that" (Todorov 77 246).

Die metataal, net soos spesifieke metodes, sou gesien kon word as sóveel reaksies op die ontmoeting, as sóveel "discourse" oor die "Horizontverschmelzung": "... the critical task ... is purely formal: not to 'discover' in the work of the author something 'hidden', profound, 'secret' which hitherto passed unnoticed ..., but only to adjust the language his period offers him (existentialism, Marxism,

psychoanalysis) to the language, i.e. the formal system of logical constraints elaborated by the author according to his own period." (Barthes *ibid.* 259).

Barthes se gebruik van die kode-begrip in S/Z maak verder duidelik dat die metataal nie parallel met die teks sy "discourse" hou nie, maar dialogies: dit aktualiseer 'n "stem" in die teks self (1975 14 en 15).

Hierdie werkgebaseerde benadering sou toegepas kon word om te lui: die taal van eksegeese en toepassing van literatuurwetenskap en literatuurkritiek (vgl. Rusterholz op. cit. 99) is 'n verbalisasie van die horisonversmelting in vorme soos beskikbaar op gegewe historiese momente en op die basis van beskikbare sisteme waardeur die mens die wêreld vir homself verstaanbaar maak.

Die metataal van die eksegeet hoef dus nie as sisteem- of metode-gebonde beskou te word nie: dit is eerstens subjekgebonde. Dit gee die wyse weer waarop enige leser 'n werk lees.

Die spesifieke metataal, die besondere interpretasiemodel wat gekies word, is 'n aspek van die volle menslikheid van die subjek. Die "Wertfreiheit" (Popper 1977 17) deur die empiriese wetenskappe nagestreef, vernietig hierdie horison en daarmee die moontlikheid vir werklike objektiviteit: objektiviteit as funksie van subjektiviteit. Popper stel dit só: "... wij kunnen de wetenschappelijke onderzoeker niet zijn partijdigheid ontnemen, zonder hem ook zijn menselijkheid te ontnemen. Precies zo kunnen wij hem niet zijn waardeoordelen ontzeggen, zonder hem als mens en als wetenschapsmens te vernietigen ..." (*ibid.* 23; Popper se kursivering)⁽¹⁴⁾.

Wanneer 'n literêre metataal hierdie subjektiviteit wil erken, beteken dit nie dat hy dit kategoriaal moet insluit, byvoorbeeld as literatuurpsilogologie of literatuursosiologie nie. Die volle konsekwensie van die erkenning van subjektiviteit is dat dit as uitgangspunt gekies word, mèt al die metodologiese probleme daaraan verbonde.⁽¹⁵⁾

Dit beteken dat die soektog na ideale objektiwiteit, na 'n outonome wese in dinge, laat vaar word. Dit beteken, soos reeds gemeld, dat "objektiverende" metodes as aspekte van subjektiwiteit erken word. 'n Metode skyn nodig te wees wat die samespraak tussen teks en leser kan uitdruk sonder dat die een oorwig het oor die ander.

Hierdie metode moet intersubjektief wees sodat dit oop is vir kritiek. Wetenskaplikheid en objektiwiteit is, volgens Popper, geleë in die kritiek (en nie in empirie, feitelikheid of aantoonbaarhede nie): "Wat men als wetenskaplike objectiwiteit kan typeren, is enkel en alleen gelegen in dekritiese tradisie ..." (op. cit. 21). Skynbaar subjektiwistiese metodes kan dus ook wetenskaplik wees.

Die probleem van 'n intersubjektiewe basis wat teks en leser tot hul reg laat kom kan hier slegs aan die orde gestel word, met daarby die vraag of die leessituasie self nie die basis van so 'n metode moet wees nie. Of die beskrywing van die leessituasie wat hier gedemonstreer gaan word, naamlik dié van Iser, die antwoord is, word voorlopig net as ope vraag gestel.

'n Aspek van die intersubjektiewe basis is die algemeen-menslike, sosiale en gedeelde aspekte van die individuele leser se ervaring van die teks en sy "discourse" daaroor, die "common language" soos Taylor dit noem (1978: 13). Kollektiewe betekenis is intersubjektief en kan die basis vorm vir kommunikatiewe reaksies soos die kritiek. Hierdie kollektiewe, gedeelde subjektiwiteite kan verder verdeel word volgens sosiale groepe, historiese tydperke, ensovoorts. So 'n benadering sluit die teks in omdat die lw self - soos in die hieropvolgende hoofstukke aangetoon word - kommunikatief is op grond van gedeelde konvensies, kennis of agtergronde, wat literêre tegniek insluit. Die spesifieke karakter van die werk kom dan in reliëf teen die algemene. Barthes (1975), Riffaterre (1978), Iser (1976) en andere werk in hierdie rigting.

Die feit dat die literêre teks ontnem word van sy status as "objektiewe", outonome data-basis vir alle literêre reaksie beteken in werklikheid 'n hoër status: hy bly deur alle "readings" die ding waaroor gepraat en waarna gekyk word en wat die subjek probeer benader. Terwyl hy

gelees en verstaan word, verskyn hy as "Abhebung".

'n Verdere konsekwensie van 'n subjek-gebaseerde benadering is dat die "reading" die teks en die leser onthul. Interpretasie is ook selfinterpretasie "... for there is no such thing as the structure of meanings for him independently of his interpretation of them." (Taylor ibid. 16). Dit onthul die leser aan homself en kan hom dwing tot selfverandering. Wanneer 'n leser vind dat sy voorhandesynde "common language" nie voldoende is nie, mag hy genoodsaak word om sy selfinterpretasie te verander. Intersubjektiewe gegewens kan 'n basis vorm vir botsing juis teen die vaste gegewenhede - so ontstaan rewolusies en vernuwing in die kuns. Dit dwing die waarnemer (indien hy wil verstaan) tot parallele selfvernuwing (vgl. Taylor ibid. 47-48). Intersubjektiewe betekenis kan geduring illusionisties gemaak word en so verander die "taal" waardeur die mens verstaan.

Ook daarom sal 'n metataal vir spesifieke "readings" aan ander lesers kan toon wat die subjektiwiteit daarin betrokke is, hoe die teks daarby aansluit of daarvan wegbeweeg, en wat die interpretasiemodelle, die "taal" van die leser en sy sosiale groep in 'n bepaalde historiese tydperk was.

Die belangrike rol van die subjektiewe instelling van die leser teenoor die teks word deur die resente hermeneutiek erken. Die leser moet 'n sekere ontvanklikheid of openheid jeens die teks hê; daar moet gedeelde premisse wees: "... Verständigung (kann) nur auf dem Boden eines ursprünglichen Einverständnisses gelingen" (Gadamer aangehaal in Stuhlmacher op. cit. 200). "Einverständnis" en die basis daarvan moet, volgens Stuhlmacher se hermeneutiese beskouing, bewus gemaak word; die erkenning van "die eigenen Horizonte..., in denen unsere Auslegung steht" is noodsaaklik - sy dit geloof, liefde of dogma. (16)

Ook die opneem en lees van 'n literêre werk is 'n geloofsdaad: die leser het verwagtings van literatuur en wat hy lees, lees hy in terme van hierdie verwagtings. Literêre lees is 'n inkantasie, 'n ritueel soos Riffaterre dit noem en die leser glo - wéét - dat daar iets gaan gebeur. In dié proses word die teks geaktualiseer.

VOETNOTE:

1. Stuhlmacher (1979) se werk bied 'n oorsigtelike en interpreterende weergawe van die ontwikkeling.
2. Vgl. hieroor ibid. 148
3. Vgl. ook Stuhlmacher (op.cit.) se samevatting van die kritiek teen allegorie: "... dass man mit ihrer (dit wil sê allegoriese) Hilfe Beliebiges in die Texte hineinlesen und als schriftgemäss ausgeben kann" (p. 85).
4. Vgl. Groeben (1972), p. 155: "... bei Literatur aus dem Bereich klassischer Ästhetik konnte ihr wegen der vorliegenden soziologisch-ästhetischen Voraussetzungen diese Reduktion auf die eine Bedeutungskonstituierung auch gelingen, die sie dann die objektive Bedeutung nannte" (Groeben se Kursivering).
5. Wat hy dan skei in "Verstehen I" en "Verstehen II", eersgenoemde die onmiddellike, ongedeelde belewenis en laasgenoemde die verklaring van of uitleg van die belewenis. Hierdie onderskeid word ook deur Groeben gebruik.
6. Vgl. hieroor ook Rusterholz (1973), p. 96 en Palmer (1969), pp. 105 tot 106.
7. Onderliggend aan, onder meer, Bultmann se sienings en 'n verheldering van die siening van subjektiwiteit hier, is Heidegger se tese dat verstaan die menslike bestaansmodus is. Dit is 'n middel waardeur ontologiese betekenis aan die mens geopenbaar word en die medium vir hierdie onthulling van wese, en, omgekeerd, vir die menslike verstaan, is die taal. Vgl. Palmer, op. cit., pp. 41 en 42.
8. Of dit dié medium van verstaan is of maar een van die media kan nie hier bespreek word nie.
9. Dié sirkel word prakties gedemonstreer deur Taylor (1978), pp. 12 en 13, wanneer hy sê: "An emotion like 'shame' can only be explained by reference to other concepts which in turn cannot be understood without reference to shame. To understand these concepts we have to be in

on a certain experience, we have to understand a certain language, not just of words, but also a certain language of mutual action and communication, by which we blame, exhort, admire, esteem each other. In the end we are in on this because we grow up in the ambit of certain common meanings."

10. Die Piëtistiese hermeneutiek het die verstaanprosesse probeer skei in 'n poging tot objektivering van die hermeneutiese situasie: "... Johann August Ernesti onderskei tussen die 'subtilitas intelligendi' en die 'subtilitas explicandi', tussen dem Verstaan des Interpreten aus den historischen und sprachlichen Gegebenheiten des Texts und der aktuellen Erklärung eines Texts gegenüber dem Leser, zwischen dem prinzipiellen, eindeutig zu verstehenden Wortsinn einer allgemeinen Wahrheit und der Vielfalt zu erklärender Bedeutungen, die sich historisch je verschieden ausprägen. Die pietistische Hermeneutik ... fügt dazu noch einen dritten Modus des Verstehens, die 'subtilitas applicandi', die Anwendung auf die konkrete Lebenssituation des Hörers." In Rusterholz, op. cit., p. 91.
11. Vgl. Jauss (1975), p. 122: "Eine Erneuerung der Literaturgeschichte erfordert... die traditionelle Produktions- und Darstellungsästhetik in einer Rezeptions- und Wirkungsästhetik zu fundieren. Die Geschichtlichkeit der Literatur beruht ... auf der vorgängigen Erfahrung des literarischen Werkes durch seine Leser. Diese dialogische Verhältnis ist auch die primäre Gegebenheit für die Literaturgeschichte."
12. Dit kom neer op die onderskeiding tussen "Sinn" en "Bedeutung", deur Hirsch toegepas as "meaning" en "significance". Terwyl Hirsch "meaning" verbind aan intensionele (outeurs-) betekenis, en metodes probeer ontwerp waarmee hierdie intensionele betekenis agterhaal kan word, ver lê Groeben "meaning" na die leser. (Vgl. Rusterholz, op. cit., p. 99)
13. In werklikheid is Gadamer se siening van die hermeneutiese situasie ook nie vry van 'n onderliggende premisse nie. Sy premisse is die geskiedenis wat in sy beskouing uitgroei tot 'n selfstandige en oorheersende entiteit. In wese is dit ook dogmaties. Ook sy siening is histories bepaald - dis 'n reaksie op tegnokratiese en wetenskaplike insypeling in die verstaanproses, iets wat Palmer baie skerp stel as "rape theories of interpretation", (1975, p. 247)
14. Ervaring beteken ervaring volgens bepaalde betekenis en dit sluit waardes in. Vgl. die volgende uiteensetting van Taylor (op. cit., p. 23): "Already to be a living agent is to experience one's situation

in terms of certain meanings; and this in a sense can be thought of as a sort of proto-'interpretation'. This is in turn interpreted and shaped by the language in which the agent lives these meanings. This whole is then at a third level interpreted by the explanation we proffer of his actions". (ibid. 16-17) Die poging om waarde uit te skakel impliseer op sigself al 'n waarde, soos Popper argumenteer (1977, 23).

15. Hierdie konsekwensies word uitgespel deur Taylor in sy pleidooi vir 'n hermeneutiese sosiale wetenskap wat onderliggende betekenis soek in plaas van empiries aantoonbare verhoudinge, met ander woorde wat 'in wese terugkeer na interpretasie. Vgl. op. cit., pp. 3 tot 51.
16. Vgl. Stuhlmacher, op. cit., pp. 207 en 208.

IV. Die leser as deelnemer aan literêre kommunikasie

Indien die leser 'n aktiewe rol speel in die betekeniskonstituering van die lw, kan die verhouding tussen werk en leser as kommunikatief gesien word. Die uitgangspunt is dat die werklikheid van die literatuur slegs in 'n kontaksituasie blyk.

Die leser is 'n aktiewe faktor in 'n literêre kommunikasiesituasie, en sy aanwesigheid word in die aard van die lw self veronderstel. Resente linguïstiese en verwante teoretiese ontwikkelinge dui daarop dat al die komponente in 'n kommunikatiewe situasie op mekaar inwerk en die aard van die gekommunikeerde boodskap self mede-bepaal. Die boodskap kodifiseer instruksies aan die hoorder:

"der Sprecher bedeutet dem Hörer, wie dieser sich, wenn er dem Sprachspiel folgen will, verhalten soll" (Weinreich 1976 11; Weinreich se kursivering). Die belangrike implikasie hier is dat spraak as handeling gesien word, nie net van die sender nie, maar ook van die hoorder.

Taaluitinge kan spraakhandelinge genoem word. Searle het daarom die taalteken herdefinieer as "geproduseerde teken": "To take the token as a message is to take it as a produced or issued token. More precisely, the production or issuance of a sentence token under certain conditions is a speech act..." (in Iser 1976 90). Die spraakhandeling word deur die spreker verrig met 'n bepaalde doel wat kan wissel van blote kennisname van die boodskap tot reële "aussersprachliches Handeln" deur spreker en ontvanger (vgl. Glinz 77, 80 en 81). Die boodskap wat gekommunikeer word, word dus uiteraard gevorm met die ontvanger in gedagte en, spesifiek: met 'n bepaalde uitwerking op die ontvanger in gedagte.

Die handeling van die ontvanger is dan die gevolg van die aard van die boodskap en reflekteer dit ook - sy dit blote absorpsie of kennisname, sy dit 'n emosionele reaksie of 'n bepaalde optrede. Weinreich konstateer dat ontvangerhandeling van een of ander aard altyd deel is van suksesvolle taalkommunikasie (wat hy saam met ander linguïstiese teoretici "Sprachspiel" noem; vgl. Weinreich ibid 17).

Indien hierdie sienings op die literatuur toegepas word, beteken dit dat die lw geskryf word om gelees te word - deur 'n werklike skrywer as "sender" en deur 'n werklike leser as "ontvanger".

Die eerste handeling wat die outeur met sy boodskap wil bewerkstellig, is 'n leeshandeling. In verband met die totstandkoming van betekenis in alle geskrewe boodskappe, ook literatuur, sê Culler "To intend a meaning is to postulate reactions of an imagined reader who has assimilated the relevant conventions." (Culler 1975 30).

Hiermee is die tese van 'n afwesige situasionele konteks in literêre kommunikasie en die opneem van die komponente van kommunikasie in die boodskap self (vgl. hierbo 18) nie opgehef nie. Dit kan egter herkwalifiseer word. Literêre kommunikasie kan slegs plaasvind wanneer die lesers aanneem dat hy met 'n kommunikerende boodskap te make het, met ander woorde wanneer hy aanneem dat een of ander werklike skrywer agter die lw in een of ander tyd - wat eeue gelede kan wees - die bedoeling gehad het om iets te kommunikeer. As die lw se medium skrif is, neem hy aan dat die bedoeling van die taalhandeling minstens was dat dit gelees moet (kan) word. Sonder hierdie a priori's sal literatuur nie gelees word nie. Dit beteken dat literêre kommunikasie met al sy skynbare self-referensialiteit funksioneer op die basis dat 'n buitegesprek voorhande is. Anders gestel: literêre kommunikasie boots gewone taalkommunikasie en spraakhandeling na.⁽¹⁾

Ingarden het daarop gewys dat die lw die "habitus" van werklikheid naboots (1973 343). Hierdie "habitus" funksioneer as 'n illusie waarvan die lesers bewus is. Hy skort egter sy bewustheid op, hy speel saam omdat hy weet dat dit 'n voorwaarde is vir die geslaagde kommunikasie met die lw.⁽²⁾ Poëtiese stellings is "quasi-judgmental"; maar word vir die duur van die lees as werklik en verifieerbaar aanvaar (ibid. 342).

Vir Iser is dit nie 'n geval van nabootsing nie, maar van bewuste gebruik wat die literatuur maak van die "Modell kommunikativen Handelns" (op. cit. 92). Die opneem van gewone kommunikatiewe komponente in 'n nuwe struktuur beskryf Iser as 'n proses van "Entpragmatisierung". Met hierdie term verhelder hy die konsep self-referensialiteit. "Entpragmatisierung" beteken dat elemente van die werklikheid losgemaak word van hul funksies en konvensionele "horisontale" verbande

(ibid 100). Wat in Iser se uiteensetting duidelik word, is dat die herkenbaarheid van die elemente noodsaaklik is vir begrip van die nuwe verbande waarin hulle staan; referent, spreker, hoorder en kommunikatiewe konteks moet 'n herkenbare model vorm indien die ontpragmatiserende, self-refererende literêre werk betekenisvol wil wees.

In die praktyk beteken dit dat die leser homself gedurig binne en buite die literêre werk bevind: dan lees of ervaar hy die werk as individu met sy eie omstandighede en sienings, dan weer voel hy homself losgemaak uit sy eie werklikheid.

Die resepsie-estetika het hierdie dubbele rolle - die verhouding tussen buite- en binne-leser van die lw - nader gepresiseer. Naas die werklike outeur en werklike leser is daar die abstrakte of implisiete outeur en leser. Die abstrakte outeur is "der reale Outeur unter Absehung (Abstraktion) von allen individuellen Zufälligkeiten seiner empirischen Person" (Link 1976 34). Hy is die teksbewussyn wat die leser veronderstel agter en in die werk. Hy is die intensie wat die besondere struktuur van 'n lw rig. Die abstrakte leser is sy ekwivalent. Hy is die "imagined reader" soos Culler dit stel (vgl. hierbo 46) die veronderstelde leser wat veroorsaak dat die lw geskryf is om gelees te word: "Strategien (wat Link elders aandui as "textinternen Verfahrensweisen") ... setzen jemanden voraus, der sie anwendet, und jemanden, auf den sie wirken sollen". Dié "jemanden" is die abstrakte outeur en leser (Link ibid,23).

Die konsep "implisiete leser" is deur Iser ontwikkel na aanleiding van die "Unbestimmtheitsstellen in 'n lw. Op grond van hierdie "oop areas" konstateer Iser dat die leser "vorgedacht" is: "Daher bezeichnet das Konzept des impliziten Lesers eine Textstruktur, durch die der Empfänger immer schon vorgedacht ist" (op. cit. 61). Hy "verkörpert die Gesamtheit der Vororientierungen, die ein fiktionaler Text seinen möglichen Lesern als Rezeptionsbedingungen anbietet" (ibid. 60). Die implisiete leser is dus 'n abstraksie; hy is 'n rol wat die werklike leser in die lw moet speel. Iser toon aan dat hierdie leser werkintern is wanneer hy die "Leserrolle" ontleed in die komponente "Textstruktur" en "Aktstruktur". Die "Textstruktur" dui die waar en die hoe van die leser se betekenisconstituerende rol in die teks aan en die "Aktstruktur" is die speel van hierdie rol, met ander woorde

die betekeniskonstituering self (ibid. 61 tot 62).

Vir Iser is die werklike en die implisiete leser steeds aparte faktore, maar hierdie streng skeiding is enigsins teoreties. As die implisiete leser leesaktiwiteit behels, kan dié aktiwiteit net deur 'n werklike leser verrig word. Die werklike leser in die "buitegesprek" is verbonde aan die abstrakte leser van die "binnegesprek". Die verhouding tussen werklike en implisiete leser kan, in Iser se eie term, beskryf word as "ontpragmatisering": die leser word in die leesproses en betekeniskonstituerende rol losgemaak van sy eie, individuele en persoonlike werklikheid, maar hierdie werklikheid bly aktief op die agtergrond van sy aktiwiteit in die teks.⁽³⁾

Die literêre leesproses word gekenmerk deur sy dinamiese, dialogiese aard. Indien die leser die lw betekenismatig wil vind, moet hy in 'n dialoog met die "teks" betrokke raak. Dit is die implikasie van Iser se siening van die verhouding tussen werk en leser.

In hierdie siening lê ook die moontlikheid van 'n antwoord op die teksgrammatiese beskouing dat die lw 'n teks tussen ander tekste is wat slegs literatuur word in die oog van die leser wat so 'n kategorie op die neutrale teks toepas: "Whether or not a particular text is regarded by its readers as being literature is an important cultural fact, but an irrelevant fact from our point of view" dit wil sê van die oogpunt van die linguïes wat TGG-beginsels toepas (Fowler op. cit. 70). Die lw vertoon al die kenmerke van ander geskrewe tekste en die implikasies wat die skrifmedium het vir leesaktiwiteit en die leser kan op die lw toegepas word soos reeds geblyk het.⁽⁴⁾ Soos alle geskrewe tekste besit die lw weens sy medium reeds 'n sekere outonomie, 'n vaste vorm wat by herhaling kan kommunikeer: "Der schriftkonstituierte Text bietet gegenüber dem momentanen mündlichen Text, wie er in der wechselseitigen Kommunikation immer neu produziert und sogleich rezipiert wird, den grossen Vorteil, dass er als festes Gebilde vor uns liegt...." (Glinz op. cit. 16 en 17; Glinz se kursivering). 'n Geskrewe teks kan potensieel 'n ongespesifiseerde kommunikatiewe konteks hê. Filosofiese betoë kan deur enige leser, in enige tyd of plek, weer

gelees word en die skrywer kan onbekend of oorlede, dit wil sê bloot veronderstel wees. Die blote aanbod van die teks "skep" die sender en ontvanger, die kommunikatiewe situasie.⁽⁵⁾ Al die ontvangerhandelinge wat Glinz vir geskrewe kommunikasie aandui, sou ook vir die lw kon geld. Op die oog af kan leserreaksie op 'n lw gesien word in terme van 'n beoogde "Einweg-Kommunikation" waarby kennisname die hoofsaak is, maar waarop 'n verskeidenheid ekstraliterêre en "ausersprachlichen" handelinge sou kon volg. 'n Leser kan die lw gebruik in 'n politieke toespraak of hy kan met die sender oor sy "teks" gaan praat en, bv., veranderinge voorstel (vgl. Glinz op. cit. 81). In die lig van Iser se beskouing van die leseraktiwiteit blyk moontlike leserhandelinge vervat te wees in die werkinterne "Leserrolle". Terwyl die leser lees, tree hy in "wechselfeitelike Kommunikation" met die werk self. Die "ausersprachlichen" werklikheid van die leser, die "Handlungszusammenhang" soos Iser dit noem (op. cit. 96), word inbetrek by die leeshandeling. Die leser kan stellings in die lw verwerp; hy kan emosioneel reageer en voel dat hy tot bepaalde optredes gedwing word - dit alles kan moontlik in die leesproses geïntegreer word in die leser se poging om die betekenis te konstitueer. Dit is immers kenmerkend van die lw dat sy betekenis nie uitgespel is nie, dat sy werklikheid geabsorbeer word in taal. Die dialoog moet steeds weer gevoer word; die betekenis kan nie in sekondêre literatuur nageslaan word en met die oorspronklike teks vergelyk word nie. (6)

Die moontlike antwoord wat die Iser-beskouing bied op teksgrammatiese gelykstelling van die lw en ander tekste, is dat die lw die gewone handelingsverband van tekste "ontpragmatiseer" en tot funksie maak in 'n nuwe verband, in 'n werkinterne dialoog. Daarna of daarbuite - dit wil sê werkesterne - is bykans enige reële reaksie van die leser op die lw moontlik. Die leser kan, werkesterne, die lw beskou as bevel, as filosofiese betoog, as saaklike informasie, as estetiese genot of as iets waarvoor hy met die skrywer wil gaan gesels of as literatuur teoretiese geval.

Verdere ontledings van die leesproses en die verhouding tussen die werklike en die implisiete leser sou hierdie tese verder kan toelig.

'n Kommunikatiewe situasie is 'n veronderstelling by enige geskrewe teks, ook literatuur. Die leser lees 'n lw asof dit 'n soort spraakhandeling is. Omdat spraakhandelingsteorie nog in 'n ontwikkelende stadium is, is 'n finale slotsom oor die presiese verhouding tussen literatuur en spraakhandeling nie moontlik nie. Nietemin lewer pogings om die literatuur as 'n sekere soort spraakhandeling te sien insiggewende resultate. Iser konstateer dat die lw ooreenstem met die "performative speech-act", 'n onderskeiding van Austin. Sy geslaagtheid lê nie in sy feitlikheid of waarheid nie, maar in die teweegbring van 'n beoogde handeling (Iser op. cit. 91 en 92; vgl. ook Weinreich op. cit. 31 tot 34). 'n Tipiese voorbeeld van die "performative speech-act" is seremoniële taal: die uitspraak van 'n formule soos "Ek sweer dat ek die waarheid sal praat..." is ook die handeling: "it indicates that the issuing of the utterance is the performance of an action - it is not normally thought of as just saying something." (Austin in Iser op. cit. 92). Van die soorte "performative speech-acts" vind Iser veral die illokusionêre spraakhandeling toepaslik op die literatuur. Hulle kan beskryf word as "...informing, ordering, warning, undertaking, etc., i.e. utterances which have a certain (conventional) force" (Austin in Iser ibid, 94). Hierdie seggingskrag of effek is egter in die teks self net 'n potensie; die presiese aard daarvan kan die ontvanger slegs uit die konteks vasstel en dit kan ook net oorgedra word wanneer hierdie konteks aan sekere vereistes voldoen. Die vereiste is dat sender en ontvanger sekere relevante konvensies in gemeen het en dat hierdie konvensies gebruik word op 'n wyse wat by die situasie pas ⁽⁷⁾ (Iser ibid. 92, 94). Hierdie vereistes geld vir alle "performative speech-acts". ⁽⁸⁾

Tentatiewe toepassings van soorte spraakhandeling op literatuur soos dié van Iser en Ohmann (1973 81 tot 82) bring veral een aspek aan die lig: vir doeltreffende kommunikasie moet sekere sienings of konvensies of houdinge aan sender en ontvanger bekend wees. Spraakhandeling veronderstel 'n "sharing of presuppositions that makes speech community possible." (Ohmann ibid. 94).

Die literêre werk staan nie los van die werklikheid van skrywer en hoorder nie. Hulle konvensionele houdinge en "presuppositions" vorm

'n konteks waarbinne die lw as taaluiting funksioneer. Hy refereer nie na 'n saak in die werklikheid nie, maar benodig wel 'n werklike leser, 'n werklike kommunikatiewe situasie. Dit skyn of die lw die konvensies en prosedures van die taaluiting waaruit hy bestaan, in homself opneem. Wanneer "weer jou veral teen bitterheid, swart kind" suksesvol gelees moet word, moet die leser die moontlike bedoelde reaksies van die "swart kind" bydink (Breytenbach 1969: 20) terwyl sy eie reaksie beperk is tot die lees van die gedig. In hierdie klein dialoog tussen leser en lw word aspekte van spraakhandelinge tot funksies gemaak. Ohmann toon aan hoe dramatiese dialoog sy sprekers en hoorders - die karakters - kan skep (op. cit. 98). Binne die teks skep 'n opdrag of versoek soos bogenoemde 'n situasie wat dan deur die leser met die werk as literêre taal-situasie geïntegreer moet word om betekenis te konstitueer: "A written literary work preserves in its words a record of purported speech acts. They are frozen in its text, to be brought alive whenever a reader reenacts them as a participant" (Ohmann op. cit. 101). Gewone spraakhandeling is 'n model by die verstaan van die lw, in sy onderdele, maar ook in sy geheel. Die leser "speel" verskillende fiktiewe hoorders omdat hy die gesprek wat die gedig met hom wil aanknoop, ernstig opneem ten spyte van die feit dat dit fiktief is.

Sy tekens verwys nie simbolies na 'n ander wêreld nie, maar tree op as verteenwoordigers: hulle maak, met hul besondere organisasie, 'n afwesige, vermeende sin teenwoordig. Hulle is daardie sin, maar in 'n vorm wat konkretisasie benodig. Hulle organisasie maak duidelik hoe betekenis geïntegreer kan word om tot 'n sintese te kom. Die handeling wat hierdie eiesoortige "boodskap" dan by sy ontvanger veronderstel, is dinamiese, betrokke lees en dit behels verder: lees volgens instruksies. Na aanleiding van die konsep "ikoniese tekens" stel Iser dit so: "Die ikonische Zeichen fiktionaler Texte verkörpern daher eine Organisation von Signifikaten die weniger der Bezeichnung von Signifikaten dienen, sondern vielmehr Instruktionen für das Produzieren von Signifikaten darstellen." (op. cit. 107). Daarom kom Iser tot die slotsom dat die lw eintlik in produksiemodel van betekenis is.

Wat resente studie in verband met taalkommunikasie en -struktuur van die literatuur sê, is dat dit nie 'n outonome bestaan voer los van enige konteks nie. Die leser is deel van hierdie konteks en alles wat volg op die lees van literatuur, byvoorbeeld ook kritiek en teorie, volg op dinamiese kommunikasie daarmee, 'n soort kommunikasie wat veel meer is as net gedagtes na aanleiding van die werk. Dit is egter ook veel meer as 'n isoleer van strukture.

Die outonomieit van die lw skyn onder meer gebaseer te wees op die verskynsel dat die werk sy kommunikatiewe konteks in homself kan opneem en latent kan hou sodat dit te eniger tyd gerealiseer kan word.

Die literatuur skyn homself te onderskei van ander geskrewe kommunikasie deurdat dit aan die leser 'n soort geslote baan-kommunikasie bied. Om by 'n betekenis en dus by 'n bepaalde ervaring van die werk uit te kom, moet die leser betrokke raak in 'n dialoog met die netwerk van betekenis daarin. Hy word deelnemer aan 'n binnesprek. Die leser moet dus die houding inneem van 'n kommunikant - ook hierdie a priori is deur die literatuurteorie verwaarloos. Sy eie ervarings of "teorie" van kommunikasie word geaktiveer deur die lw; dis 'n geval van 'n "theory of discourse applied in the act of reading" (Culler op. cit. 150).

Die kommunikant-leser is nie 'n tabula rasa wat deur die werk beskryf word nie. Sy rol is so dinamies dat hy eerder saamskryf aan die teks gedurende die lees daarvan. Daarom kan literêre kommunikasie, soos ander kommunikasie, net plaasvind op basis van sekere gedeelde premisse. Die skrywer veronderstel hulle by die leser en die leser veronderstel dat die werk hulle in aanmerking neem.

Hierdie premisse is deel van die werklikheid van die leser of van die wêreld soos hy dit ken. Hoewel die literatuurteorie hierdie faset weens sy subjektiewe element angsvallig probeer vermy het, het die literatuur dit nog altyd kreatief benut.

VOETNOTE:

1. Widdowson (1979) maak dit die kern van 'n artikel waarin aangevoer word dat lees neerkom op "discourse" en dat die sukses van die lees-poging gemeet kan word aan die vraag "how effective a discourse the reader can extract from the text" (pp. 174 en 175). Vir Widdowson lê die vernaamste verskil in die feit dat gesproke "discourse" 'n uitwisseling van vraag en antwoord moontlik maak waardeur die spreker sy eintlike bedoeling kan opklaar. In 'n geskrewe teks moet die "directions" veel meer eksplisiet wees (p. 176). Daaruit volg dat nie slegs die leser van enige geskrewe teks 'n gesprek na aanleiding van die teks opbou nie, maar dat ook die skrywer dit tydens die skryf-proses doen: "I incorporate the interaction within the encoding process itself" (p. 176). Die geskrewe teks (Widdowson onderskei nie tussen literatuur en ander tekste nie, maar behandel slegs die geskrewe in vergelyking met die gesprokene) is dus "... a derived mode: one in which interaction, overtly received in face-to-face exchanges, is idealized into a covert cognitive process, one in which social actions, as it were, are internalized as psychological activity" (p. 177).
2. Vgl. Ingarden (1973), pp. 221 en 343: wat Ingarden hier van die objekstratum sê, geld ook vir die taalstratum.
3. Die implisiete leser is die gespreksgenoot van die implisiete outeur, 'n term wat reeds deur Booth (1961) beskryf is op 'n wyse wat dit 'n voorstudie maak van die eietydse literatuurteoretiese aanwending. Benewens die bekende skeiding tussen outeurspersoon en verteller, sien Booth die implisiete outeur as 'n konvergeringspunt van "the moral and emotional content of each bit of action and suffering of all the characters." (p. 73; Booth verwys na die verhaalkuns). Hy verteenwoordig die rigtinggewende, ordenende beginsel agter die werk: "he is the sum of his own choices" (vgl. pp. 74 en 175). Hy is 'n "public self" (p. 109) van die outeur as werklike mens. In dié rol is ook die outeur losgemaak van homself as werklike persoon. In Der implizite Leser (Iser, 1972) word meermale na bogenoemde werk van Booth verwys.
4. Vgl. ook hierby ter aanvulling Widdowson (op cit.) soos hierbo uiteengesit.
5. Vgl. hieroor Ohmann (1973, veral p. 98)

6. Widdowson (op cit.) voer aan dat die meeste geskrewe tekste heelwat inligting bevat wat bloot as interpreteerders van die eintlike betekenis dien en wat by die herlees onnodig of redundant is (Vgl. p. 173). Die leser keur die data dan ook: "the reader sorts out what is merely facilitating from what he wishes to accept as a permanent addition to his world of knowledge and experience" (ibid. 179). Die betekenis word dan vir die leser 'n epistemologiese gegewe (pp. 179 tot 180): hy inkorporeer dit by sy kennis. Hy hoef nie die teks te herlees om die effek van die "discourse" te aktualiseer nie. Dit spreek egter vanself dat 'n parafrase van 'n gedig of 'n interpretasie daarvan in die lig van 'n bepaalde kennisgebied nie die plek van die gedig kan inneem nie. Die literatuur skyn nie in enige ander vorm in die werklikheid behalwe sy eie herhaalbaar te wees nie. Vgl. hieroor ook Ellis (1974), p. 43.
7. Die term van Grice, "co-operative principle" wat vir gesproke kommunikasie geld, geld ook vir geskrewe kommunikasie en, soos hier aangevoer word, ook vir literatuur (aangehaal deur Widdowson, op cit., p. 176). Gedeelte premisse is gespreksvoorwaardes by alle kommunikasie. Vgl. hierby byvoorbeeld ook De Bruyn, 1980, p. 35 asook Viljoen, 1979, pp. 75 tot 76. Viljoen toon die noodsaaklikheid van ekstra-tekstuele kennis by verskillende gedigte aan en kom tot die slotsom dat die gespreksvoorwaardes van die poësie sulke "gedeelte kennis" (p. 75) insluit. Die artikel is na my wete 'n eerste poging in Afrikaans om hierdie aspek van spraakhandelings-teorie op die Afrikaanse poësie toe te pas. Soos uit die res van hierdie studie sal blyk, sluit die gedeelte premisse noodsaaklik vir literêre kommunikasie meer in as die drie kategorieë wat Viljoen aanwys (p. 75).
8. 'n Stelling soos "Ek verdaag die vergadering" kan slegs slaag indien die hoorders sekere konvensionele houdinge van die spreker verstaan en self toepas. Die vergadering sal nie verdaag tensy die spreker homself uitdruk in 'n formule wat by die situasie pas en aan die hoorders bekend is nie. Die betekenis van die illokusionêre spraakhandeling lê nie net in 'n referent (soos by die lokusionêre spraakhandeling) of in sy effek (soos by die perlokusionêre) nie. (Vgl. hieroor ook Iser, 1976, pp. 93 en 94, asook Ohmann, op. cit., pp. 81 en 82). Dit hang saam met die kommunikatiewe konteks. Hierdie aspekte van die spraakhandeling sien Iser gereflekteer in die strategieë en repertoria van die literêre werk, 'n aspek wat later in hierdie studie ter sprake kom. (Vgl. hieronder 87-89) In teenstelling met Iser konstateer Ohmann dat die literêre werk verskeie soorte spraakhandelinge in homself kan insluit en hy toon dan die illokusionêre aard van dramatiese dialoog aan, 'n aspek wat veral geleë is in die verskuilde houdinge of sienings in die woorde van die karakters. Hierdie siening moet deur die ander karakters ingesien word vir doeltreffende kommunikasie. Vgl. op. cit., spesifiek p. 89.

v. Die werklikheid in die literatuur as die werklikheid van die leser

1. Literatuur as Multikodifikasie: "literary competence"

Dat die leser van literatuur meer as net taalkennis nodig het om 'n lw bevredigend te ervaar, behoeft geen betoog nie. Resente teorie dui egter daarop dat ekstra-linguïstiese kennis, dit wil sê leserkonsepte oor enige saak in die werklikheid insluitende die literatuur, deur die lw geantisipeer en betrek en gerig word. Gevolgtrekkings waartoe 'n leser dan kom, byvoorbeeld insake die politieke "inhoud" van gedig, is nóg uitsluitlik vervat in die werk, nóg 'n subjektiewe reaksie van die leser, maar die uitslag van 'n samespel. "Samespel" is nie 'n impressionistiese nosie nie, maar skerp genoeg presiseerbaar om dit prakties toepaslik te maak.

Die TGG-klemverskuiwing van taalstruktuur na taal-"performance" en taal-"competence" bied aan die literatuur 'n model vir die verklaring van die vermoë van die leser om 'n lw te verstaan. Wat vir die kliniese ontleding van taalstrukture geld - "... it bears no significant relation to the human activities of speaking and understanding language" (Fowler op. cit. 69) - geld ook vir die ontleding van literêre strukture. Hierdie strukture is in werklikheid by implikasie in die leser aanwesig. Daarom het die taalkunde 'n grammatika ontwikkel gebaseer op die "competence" van die taalgebruiker, 'n term wat soos volg deur Fowler omskryf is: "... a fluent speaker-hearer's linguistic competence, what he knows of his language which enables him to produce and interpret infinitely many sentences" (ibid. 71). Op dieselfde wyse is literatuur vir 'n leser betekenisvol en kan dit, omgekeerd, deur 'n skrywer betekenisvol gevorm word, vanweë 'n inherente "literary competence". Nie net die lw is 'n voorbeeld van "performance" nie, maar ook die betekenisvolle lees daarvan (Vgl. Glinz op. cit. 32).

Op grond hiervan lewer Culler 'n betoog vir 'n nuwe "structuralist poetics" wat verby die betekenisvolle struktuur kyk na die subjek vir wie dit betekenisvol is en wat vra waarom dit vir die subjek betekenisvol is: "And so, finally, structuralism's reversal of perspective can lead to a mode of interpretation based on poetics itself, where the work is read against the conventions of discourse and where one's interpretation is an account of the ways in which the work complies with or undermines our procedures of making sense of things... In this kind of interpretation the meaning of the work is what it shows the reader" (Culler op. cit. 130; my kursivering). Nie net die literêre werk nie, maar ook literêre begrip het 'n dieptestruktuur wat die betekenis van literêre kodes bepaal.

Enige taal-"performance" behels meer as taal-"competence". Onder die baie faktore wat 'n rol speel, meld Fowler gevoeligheid vir die kommunikatiewe situasie waarin hy betrokke is, ekstra-grammatiese strukturering van taal asook die "attitudes, beliefs, informedness, states of health and moods of performers" (op. cit. 71). Ook literêre kompetensie behels veel meer as linguïstiese kompetensie. Dit geld vir die spreker/skrywer en vir die hoorder/leser: die literêre "performance" wat die leser voor hom het, se betekenis is meer as sy linguïsties aantoonbare strukture.⁽¹⁾

'n Duidelike illustrasie van en pleidooi vir die ekstra-literêre en ekstra-linguïstiese aard van die literêre werk en daarom ook van die kompetensie wat dit vereis, is Barthes se S/Z (1975). Barthes toon aan dat die literêre werk potensieel 'n pluraliteit van betekenis handhaaf. Op grond hiervan onderskei hy tussen ouer, klassieke werke wat één omvattende of ideale betekenis probeer uitdruk, en, aan die ander kant, die wesenlik nie-herleibare teks, wat eintlik 'n teoretiese konsep is, 'n ideale teks. Die ideale teks is die model van 'n wesenlike potensialiteit van literatuur, naamlik die pluraliteit. Geen literêre, empiriese of ander interpretatiewe modelle kan dit omvat nie, want ".... nothing exists outside the text, there is never a whole of the text (which would by reversion form an internal order, a reconciliation

of complementary parts, under the paternal eye of the representative Model): the text must simultaneously be distinguished from its exterior and its totality" (ibid. 6).

Die "tweede" kode (vgl. hierbo 16), die estetiese of literêre betekenis kan daarom beskryf word as 'n multikodifikasie. Literêre betekenis is tekstueel gekodifiseer en hierdie kodes behels modelle van menslike gedrag, abstrakte of simboliese patrone, semantiese eenhede, kulturele en literêre of ander terreine van kennis (vgl. ibid. 16 tot 20). Terwyl die leser lees, word hierdie kodes aktief. Betekenis in die literatuur is dan nie gebaseer op taal enersyds, of empirie andersyds nie, maar op die implementering van wat ook - in plaas van kode - verstaansprosedures genoem sou kon word. S/Z demonstreer dat die leser nie "op die taal af" lees nie, maar dat hy betekenis lees. Barthes maak dit voorts duidelik dat die leeswyse die skryfwyse reflekteer. Die kodes is stemme wat deur die feit dat hulle saamgeskryf is, verbind is om 'n netwerk te vorm: "the convergence of voices (of the codes) becomes writing, a stereographic space where the five codes, the five voices intersect ..." (ibid. 21), Die leser ervaar hierdie verbinding en hoe meer oopgelaat of "writerly" dit is, hoe meer moet hy saamskryf om die kodes te laat harmonieer: "The writerly text is ourselves writing before the infinite play of the world" (ibid 5). Die verskeidenheid oogpunte waarvolgens 'n lw geïnterpreteer kan word, reflekteer nie die wisselvalligheid van die kritiek nie, maar aktualiseer juis die multikodifikasie wat die teks is: "We shall not expound the criticism of a text or a criticism of this text; we shall propose the semantic material.... of several criticism (psychological, psychoanalytic, thematic, historical, structural); it is up to each critic then ... to play, to make his voice heard, which is.. listening to one of the voices of the text ..." (ibid 14 en 15).

In 'n konsekwente toepassing van semiologiese konsepte kom Barthes dan tot die slotsom dat die literatuur as geheel 'n uitdyende netwerk vorm en dat die leser met die lees van een lw homself in hierdie netwerk begewe. Alle tekste refereer na mekaar en is aktief in die skryf en lees van literatuur, 'n beginsel wat as intertekstualiteit bestempel kan word (Vgl. *ibid.* 12).⁽²⁾

Die literatuur skyn 'n geheel te vorm wat baie uiteenlopende terreine in homself integreer en wat sy eie, kenmerkende wetmatighede het - dit is 'n soort institusie. Wanneer die leser 'n werk aanpak, sluit hy 'n kontrak met die werk volgens die reëls van die institusie. Juis die geïnstusionaliseerde reëlmatighede maak dit vir die skrywer moontlik om "binne die reëls" 'n skynbaar oneindige verskeidenheid werke te skep (Vgl. Culler op. cit. 135).⁽³⁾

Die premisse waarop geslaagde literêre kommunikasie gebaseer is, sou dus beskryf kon word as sekere konvensies van die gegewe "literatuur" wat skrywer en leser toepas. In weerwil van sy kreatiwiteit en nuutheid is die literatuur werkzaam op die basis van hierdie konvensies. Die onbekende funksioneer met behulp van die bekende.

Kennis van die grammatika van 'n taal en die sake waarna taal kan refereer, en, daardeur, kennis van die empiriese en konseptuele werklikheid - van elementêre emosies tot ingewikkelde filosofieë - dit alles vorm potensieel deel van die kompetensie wat 'n werk by 'n leser kan veronderstel.

2. Literatuur as kommunikasie: die werklikheid as kommunikasiebasis

Die vraag ontstaan in watter mate hierdie "bekende" werklikheid in werk en leser spesifiseerbaar is. Wanneer die lw as 'n afgehandelde estetiese objek beskou word, met ander woorde ná die lees, is die aantal kontekste waarin 'n leser 'n werk kan plaas verlerlei. Vir Mukarovsky is dit die "Gesamtkontext der sozialen Phänomene ... einer bestimmten Umwelt" (volgens Link op. cit. 137). In sy betoog vir 'n nuwe literatuurwetenskaplike

benadering waarby nie die werk nie, maar die resepsie van die werk deur die leser die empiriese studie-objek moet wees, toon Groeben 'n verskeidenheid sisteme aan waarvolgens die werk geïnterpreteer kan word. Hierdie sisteme tree op as paradigma vir die leser wanneer hy die gekonstitueerde betekenis - die werk - in sy eie werklikheid wil betrek, en hulle kan onder meer behels: biografiese besonderhede van die skrywer, sosiale werklikhede, politieke beskouings, lewensbeskouings of filosofiese stelsels soos die Marxisme, psigologiese teorieë soos die Psigoanalise, en dies meer (Groeben op. cit. 202). Groeben onderskei dan ook tussen "werkimmanente" en "werktransenderende" leserhandeling (ibid, 195 en 200). In laasgenoemde stadium van leseraktiwiteit kan 'n leser enige werk interpreteer in die konteks van sy eie politieke werklikheid om dan - byvoorbeeld - tot die gevolgtrekking te kom dat 'n liefdesgedig "escapism" is, dat privaat-literatuur 'n gebrek aan sosiale verantwoordelikeheidsin openbaar, ensovoorts.

Hierdie leserhandelinge is die handelinge van die werklike leser met sy historiese en individuele bepaaldheid. In sy reaksies is hy besig om 'n gesprek aan te knoop met die werklike skrywer oor stellings wat hy skyn te maak oor die werklikheid. As die werklikheid van die literatuur hier gesoek word, word geïmpliseer dat die lw self nie die werklikheid betrek nie en dat die interpreteerder uiteindelik arbitrêr kan optree. Hy kan sy voorkeurstelsels inspan om die literatuur en die werklikheid te verbind. Daarenteen het S/Z geïllustreer dat die werklikheid in gekodifiseerde vorm binne die literêre teks werkzaam is.

Wanneer die kommunikasie tussen werk en leser as binnegesprek gesien word en die leser besig is met "werkimmanente" aktiwiteite, ontstaan die moontlikheid om die werklikheid van die literatuur anders vas te stel. Literêre kompetensie word geïmpliseer deur die lw en is vervat en aantoonbaar in die aktiwiteite van die "implisiete leser" - werklike leser soos hy optree wanneer hy werkinterm betrokke is.

Iser se siening van die wyse waarop die werklikheid in die lw aanwesig is, naamlik as "repertoire", lewer 'n baie bruikbare perspektief op hierdie kompetensie.

Hierdie gedeelde basis, noodsaaklik vir geslaagde kommunikasie, is vir Iser die repertorium van die werklikheid wat die werk omgewe en waarna dit uitwys vanweë sekere werklikheidselemente in hom vervat. Dit is ekstratekstualiteite wat in die werk sigbaar word (Iser op. cit.116). Hy definieer dit verder as "Konventionen, Normen und Traditionen" wat van literêre, sosio-kulturele of algemeen bekende aard is: "Diese Bekanntheit bezieht sich nicht nur auf vorangegangene Texte: sondern ebenso, wenn nicht sogar in verstärktem Masse, auf soziale und historische Normen, auf den sozio-kulturellen Kontext im weitesten Sinne, aus dem der Text herangewachsen ist" (ibid. 115)⁽⁴⁾ Hierdie repertorium is nie die wisselvallige kaleidoskoop van feite, dinge, konsepte en gevoelens nie; dit is nie onvoorspelbare realiteit self nie, maar die gesistematiseerde werklikheid of "Wirklichkeitsmodelle" soos dit in bepaalde tydperke by bepaalde gemeenskappe in omloop is (ibid. 118) Dit is dus die werklikheid soos vereenvoudig tot sisteme wat histories bepaal is. Die vyf kodes wat Barthes onderskei, is 'n semiologiese formulering van wat Iser "repertorium" noem. Die teks aktiveer die "voices"; die repertorium is die bekende "already-written" werklikheid en dit word gedurende literêre lees in sy gesistematiseerde vorm - as kode - gebruik. Net so meld Barthes ten opsigte van die kodes: "Alongside each utterance, one might say that offstage voices can be heard: they are the codes: in their interweaving, these voices (whose origin is 'lost' in the vast perspective of the already-written) de-originate the utterance" (Barthes 1975 21; vgl. ook hieronder 137). Op basis van die sisteemteorie toon Iser aan dat die werk met die sisteem ook die ongesistematiseerde aspekte oproep wat om die sisteem beweeg en hom in reliëf plaas (ibid. 119, 123). Volgens Iser gryp die lw, wat ook 'n soort sisteem is, juis in op die "horison" van aspekte wat nie in die heersende sisteme opgeneem is nie: "Durch ihn (dit wil sê die "fiktionaler Text") geschieht keine Reproduktion herrschender Sinnsysteme, vielmehr bezieht sich der Text darauf, was in den jeweils

herrschenden Sinnsystemen virtualisiert, negiert und daher ausgeschlossen ist" (ibid. 120). Die literatuur neig dus, volgens Iser, na die onkonvensionele. Dit is "links" of "boos".

Wanneer hierdie konsep van Iser op die ontvanger in literêre kommunikasie toegepas word, blyk die volgende: gedurende die lees herken die leser die "Repertoire-Elemente" (ibid. 116) en word die betrokke gesistematiseerde sienings en houdings oor die algemene werklikheid in hom geaktiveer, saam met hul nie-geaktualiseerde elemente. Dit kom daarop neer dat die leser nie net lees nie, maar dink en onthou en vergeet of geïgnoreerde of afgekeurde dinge in homself na vore laat kom indien hy die betekenis van die werk wil konstitueer, indien die bereidwilligheid tot kommunikasie gegee is.

Die leser kan die werklikheid soos die lw dit in hom opneem, net raaksien en ervaar indien hierdie bereidwilligheid bestaan. Die teks kan nie verhinder dat 'n leser die kommunikatiewe, werk-interne lees ignoreer en onmiddellik tot werktransenderende interpretasie oorgaan nie.⁽⁵⁾ Lesers wat literatuur as't ware by voorbaat inspan in die realiteit, verskil weinig van nie-lesers wat hulle om watter rede ook al oor werke uitspreek.

'n Literêre werk hou die moontlikheid van 'n binnegesprek, wat dan 'n "oop gesprek" moet wees, latent. Te eniger tyd kan die leser van buite af die gesprek betree sodat die besondere literêre kommunikasie kan plaasvind. Wat die leser doen wanneer hy weer na buite tree en as werklike leser en individuele persoon optree, kan die werk ook nie waarborg nie. Die enigste handeling wat hy kan rig, is die leeshandeling.

Dit beteken nie dat die literatuur nie alles in sy vermoë kan probeer doen om hierdie beperking te oorkom en bepaalde "ausersprachlichen Handlungen" by lesers te bewerkstellig nie. Hy kan dit egter slegs op 'n literêre manier doen. Die moontlikheid van 'n buitegesprek-situasie is egter altyd daar: die digter kan sy gedigte op politieke vergaderings voorlees; hy kan, as werklike

outeur, oor die strekking van sy werk polemieke voer met "werklike" lesers; die volkslied kan by 'n begráfnis voorgelees word; 'n bundel poësie kan verban word; 'n politieke gedig kan 'n strydlied vir radikale bewegings word. Wanneer 'n werk egter slegs hierdie eksterne kommunikasies teweegbring, beteken dit dat hy nie daarin slaag om die leser tot 'n werklike dialoog te lok of te dwing nie. Dan het hy alleen maar uitruilwaarde en is hy blootgestel aan die heersende pryse van verkoper-senders en koper-ontvangers.⁽⁶⁾ Waar hierdie pryse hoog is, waar daar 'n dringende behoefte bestaan aan middele om iets te bereik soos in die geval van sterk politieke strewes, kan die literatuur in die werklikheid opgaan, afhangend van die intensie van die sender of die gebruik wat die ontvanger daarvan maak. Dan begin dit ooreenstem met gewone mondelinge kommunikasie soos 'n betoog of strydkreet, of met geskrewe tekste wat op eksterne handeling van die leser gemik is, byvoorbeeld 'n politieke pamflet.

Gewone eksterne kommunikasie is ook gegee in die literatuur, maar saam met die moontlikheid van 'n werkinterne dialoog. Die literatuur kan betrek word in die werklikheid en dus "betrokke" wees, maar dit bied ook die moontlikheid van 'n leserbetrokkenheid in 'n skynbaar nie-reële gesprek. Die voorwaarde daarvoor is dat die leser sy eie opvattinge van die werklikheid saambring na hierdie kommunikasie en selfs daaraan blootstel, maar selfs waar hy dit nie geredelik doen nie, kan die werk hom tot hierdie blootstelling dwing, al is dit net gedurende die lees.

Die werklikheid as repertorium van die lw en daarby van die leser-in-die-werk, kan beskou word as 'n samevatting van ander sienings oor die kommunikatiewe basis van die lw en die wyse waarop die leser deur die werk na die werklikheid verwys word.

In 'n poging om vas te stel wat die onderliggende struktuur van betekeniskonstituering is, onderskei Culler vyf vlakke waarop die werk vir die leser die voorkoms van die werklikheid het. Omgekeerd is dit vyf aspekte van die werklikheid wat die leser inspan. Samevattend is hulle: gewone vanselfsprekende "natural attitude of a society ... entirely familiar and in this very familiarity

diffuse, unknown..." (op. cit. 140) wat gedrag en houdinge vir enige mens verklaar en eintlik "elementary paradigms of action" is (ibid. 141). Die tweede soort verskil van eersgenoemde weens die groter mate van gesistematiseerdheid. Hulle is sosiokulturele stereotipes en veralgemenings waarvan die gebruiker in 'n mate as sodanig bewus kan wees, en kan saamgevat word as "'a body of maxims and prejudices which constitute both a vision of the world and a system of values'" (ibid. 144). Die derde repertoriumveld is literêre soorte, genremodelle. Hierdie konsep sou uitgebrei kon word om enige soort literêre konvensie in te sluit. Culler onderskei parodie en ironie as twee verdere vlakke. Na aanleiding van sy opmerking oor parodie - dit is die teks se "awareness of its own artificiality and conventionality" (ibid. 150) wat hy ook toepas op werke wat parodiërend of andersins na ander literêre werke verwys - kan 'n ander vlak moontlik onderskei word. Dit is naamlik die bewustheid van werk en leser dat dit om "literatuur" en "fiksie" gaan.

Al hierdie terreine kan beskryf word as sóveel tekste wat saam met 'n bepaalde teks gelees word. Die term intertekstualiteit hoef nie net na die spesifiek literêre te verwys nie. Die leser self word "teks": "This 'I' which approaches the text is already itself a plurality of other texts, of codes which are infinite Subjectivity is a plenary image, with which I may be thought to encumber the text, but whose deceptive plenitude is merely the wake of all the codes which constitute me, so that my subjectivity has ultimately the generality of stereotypes" (Barthes 1975 10).

'n Noukeurige beskrywing van leseraktiwiteit is 'n saak vir die literatuurpsigologie, soos Groeben dan ook betoog (vgl. op. cit. 24). Groeben ontwerp egter 'n skematiese voorstelling hiervan. In beide die werkimmanente en werktransenderende fases maak die leser volgens hom van "Konstruktklassen" gebruik. Hierdie "Konstruktklassen" is gesistematiseerde ervaring of waarneming, abstraksies en samevattinge van sake wat toegepas word op nuwe ervarings om hulle beskryf, te verklaar of in groter verbande te

plaas (ibid 251). In vergelyking met die ervaring vertoon die konstruksies 'n "Bedeutungsüberschuss" (ibid. 194) Die konstruksies is organisasie- en interpretasieklasse wat deur die leser op een of ander stadium van die lees en daarna gebruik word (Vgl. ook ibid. 195).

Volgens Groeben verskil die werkimmanent en werktransenderend toegepaste sisteme. Eersgenoemde leesaktiwiteit bemoei hom met die taalmateriaal en literêre strukture van die werk self en is beskrywend. Strukturalistiese en formalistiese leeswyses val byvoorbeeld hieronder. Laasgenoemde aktiwiteit plaas die werk in verbinding met die werklikheid van skrywer, maatskappy, geskiedenis en aktualiteit en is verklarend en beoordelend (ibid. 195 en 200).⁽⁷⁾

Tussen werkmateriaal en lesersisteem verloop daar egter 'n moeilik beskryfbare psigologiese proses in die leser wat op hierdie stadium nog nie volledig in die literatuurteorie betrek is nie. Dit gaan egter vir Groeben om die vasstel van dié sisteme en kategorieë waarmee mense, veral literatore, oor literatuur en bepaalde leesondervindinge praat en in dié veralgemenende opsig is sy onderskeidings van belang.

3. Die werklikheid in die literatuur en die werklike leser

Leesaktiwiteit skyn 'n reduksie of "naturalization" (vgl. Culler op.cit. 138) van 'n breë spektrum en uitkringende verskeidenheid materiaal te wees, 'n reduksie tot patrone en sisteme. Die lw gebruik "Sinnsystemen" en kies veral uit die "virtualisierten und negierten Möglichkeiten des Systems" (Iser op. cit. 123) soos reeds genoem (vgl. hierbo 60-61); dit verwys na gesistematiseerde werklikheid en veral die "Bedeutungsüberschuss" daarin; vgl. hierbo. 64). Dit kom daarop neer dat die werklikheid wat die ontmoeting tussen werk en leser moontlik en betekenisvol maak, neig na die algemene, die bekende, die kommunikeerbare.

Barthes se vyf kodes is wesenlik stereotopies van aard en dui op dieselfde. Hulle betrek die reeds-geskrewene (vgl. hierbo 60)- Die implimentering van proaïretiese kodes op teksdata word bevoorbeeld soos volg beskryf: "... they (die teksdata) can be assigned no logic other than that of the probable, of empiries, of the 'already-done' or 'already-written', for the number and order of their terms vary, some deriving from a practical reservoir of trivial everyday acts ... and others form a written corpus of novelistic models...." (8)

Todorov skyn dan gelyk te hê wanneer hy sê dat die lw die "public opinion" aanspreek. (Todorov op. cit. 98). Daarom aanvaar die leser die appèl tot deelname aan 'n gesprek wat die werk bied: hy weet dat dit gaan oor sake wat aan hom bekend sou kon wees, dat die werk ook hom sou kon insluit. Skryf is, volgens Todorov, "'to speak to the gallery'" (ibid. 100).

In die leesproses self kan hierdie "public opinion" sterk geïndividualiseer word: alle resepsies verskil in hul nuanserings al bly hulle intersubjektief. Voorts kan die "gallery" 'n hoogs gespesialiseerde groep lesers wees en die leesaktiwiteit "an activity reserved for an elite" soos Riffaterre aantoon na aanleiding van sekere vorme van "obscurity" (op. cit. 150). Literêre werke kan ander literatuur of historiese besonderhede as sisteme gebruik wat haas onopspoorbaar is en die leser kan betrokke raak in 'n speurtog na bronne en oertekste (vgl. ook hier Riffaterre ibid. 136). Die probleem wat hier aan die orde is, is die vraag: wanneer hou 'n lw op om literatuur te wees? Is hy nog literatuur as sy "ideale leser" 'n speurder-in-die-biografie of 'n psigiater is? 'n Werk, volgens Ellis (1974: 44), word as literatuur beskou "whenever the ordinary use of language to communicate to someone in a specific context is no longer evident, and the piece of language is no longer regarded as one having interest only for its original utterer, those addressed by him, and those (present or future) who have interest in that whole situation..." Ellis lewer 'n pleidooi vir 'n erkenning van die pragmatiek onderliggend aan sienings oor literatuur. Literatuur is literatuur

nie per definisie nie, maar as gevolg van die siening van die gemeenskap. Wat die gemeenskap as literatuur aanvaar, die taaluiting wat deur die gemeenskap as literatuur gebruik word, definieer "literatuur" (vgl. *ibid.* 40 tot 42). Die literêre teks speel in op 'n horison van openbare mening oor wat as literatuur gebruik gaan word. Is hierdie gesistematiseerde, kollektiewe houding die primêre konvensie of sisteem wat dan aan die bepaalde werk die vryheid gee om duister te word? 'n Klinkklare antwoord sou ophierdie stadium mank gaan aan veralgemenings. Die hoofsaak is hier egter dat literêre kommunikasie soos alle kommunikasie gebaseer is op gedeelde of deelbare sisteme. Lees is 'n sosiokulturele aktiwiteit. Lesers kan "temas" in 'n werk herken op grond van hul algemene kennis en ondervinding. Dié kenmerk wat alle literatuur van sy leser veronderstel, in hoe 'n mate dit ook al verskil in gespesialiseerdheid, is die algemeen-menslike. Op hierdie basis kan sekere fasette, byvoorbeeld die politiese, dan beklemtoon word. Die algemeen-menslike is egter werksaam in spesifieke individue - skrywers en lesers. Sy manifestasie is, om saam te vat, kultureel, histories en persoonlik gekleur.

Terwyl verskillende fases in leseraktiwiteit wel onderskei kan word, is 'n dogmatiese skeiding egter bevraagtekenbaar, óók by Groeben. Slegs 'n baie metodiese literator kan homself in die proefbuissituasie plaas waarin hy sy gewaarwordinge gedurende die lees kan skei van die interpreterende en verklarende sisteme wat hy daarop toepas. Groeben tref die onderskeid dan ook om metodologieswetenskaplike redes. In die leserrol sit 'n werklike, sosiaal- en histories-bepaalde leser. Terwyl hy op ritmes reageer - byvoorbeeld - transendeer hy reeds die taalmateriaal na die persoonlike ervaring en in dié proses is hy verteenwoordiger van die "gallery" wat die gedig in gedagte gehou het. ⁽⁹⁾

Die sosiokulturele bepaaldheid van die leser is die kern van Jauss se betoog vir 'n nuwe literatuurgeskiedenis. Daar is sekere histories-bepaalde sienings of houdings wat by voorbaat aanwesig is

tussen werk en leser: die werk skep en antisipeer sekere sake by die leser en die leser omgekeerd by die werk. Hierdie instellings druk Jauss uit in die konsep "Erwartungshorizont" en hy beskryf dit onder andere as 'n "transsubjektive Horizont des Verstehens" (in Warning op. cit. 130). Die "Erwartungshorizont" van lesers verskil van tydperk tot tydperk. Dit sluit in 'n sekere literêre horison en in terme daarvan kan Jauss verklaar waarom die aanvaarbaarheid van werke van een tydperk na 'n ander kan wissel. Kortom: lesers bepaal die geskiedenis van literatuur met sy wisselende evaluasies en interpretasies. Jauss stel dit só: "Das Verhältnis von Literatur und Leser hat sowohl ästhetische als auch historische Implikationen. Die ästhetische Implikation liegt darin, dass schon die primäre Aufnahme eines Werkes durch den Leser eine Erprobung des ästhetischen Wertes im Vergleich mit schon gelesenen Werken einschliesst. Die historische Implikation wird daran sichtbar, dass sich das Verständnis der ersten Leser von Generation zu Generation in einer Kette von Rezeptionen fortsetzen und anreichern kann" (ibid. 127; vgl. ook 129).

Jauss se sienings maak dit duidelik dat die leser lees binne die konteks van sy eie literêre ervaring, wat hom deel maak van die literêre geskiedenis tot op daardie tydstip. Literêre werke kan vir bepaalde lesers geskryf wees. Wolff toon aan hoe 'n veronderstelde leser van spesifieke aard in verskillende historiese tydperke in die literatuur werksaam was (1971 141 tot 166). Hierdie veronderstelde leser is, soos Wolff betoog, 'n ideële skepping van die skrywer al verwys dit na werklike persone of werklike, eietydse houdinge (vgl. ibid. 166). Die "Leseridee" of verbeelde leser is 'n bepalende faktor by die skryfwyse, soos Booth (1961 89) ook aantoon: "every stroke implying his second self (dit is die outeur wat as persoon homself (her-)skryf as implisiete spreker in die literêre werk) will help to mold the reader into the kind of person suited to appreciate such a character and the book he is writing" (my kursivering). Die implisiete outeur skep die implisiete leser en in 'n sekere sin is die veronderstelde leser eerstens die skrywer as leser van sy eie

werk: "Yet if he postulates himself as reader in this sense, what is he doing that is different from writing with 'the reader' in mind?" (ibid. 109). Uit die oogpunt van die leser is die verbeelde "postulated reader" egter 'n rol wat die werk skep. Daar is altyd 'n diskrepanse tussen die veronderstelde en werklike leser.⁽¹⁰⁾

Die veronderstelde leser word gedek deur Iser se omskrywing van die implisiete leser: dit is 'n leserrol. Die werk dwing die werklike leser om, tydelik, hiperobjektiewe, godsdienstig-fanatiese, burgerlike of politieke leser te wees. Breyten se Brief uit die vreemde (1972 26 tot 28) veronderstel 'n politieke linkse leser, 'n radikale swart leser wat self in aanhouding was (verkieslik!), maar ook 'n kenner van die mitologie en die Boeddhisme (vgl. Brink 1980 10 en 11, en 13 onderskeidelik). Dit beteken dan eintlik: enige leser kan die binnegesprek aanknoop, maar in die loop daarvan verander hy self en moet hy rolle speel. Hierdie rolle verwys na die gesistematiseerde kennis wat die leser gelei word om in te span. In 'n sekere sin dus en in aansluiting by Booth, word die werklike leser al-lesend die implisiete spreker/outeur, terwyl die werklike skrywer al-skrywend die implisiete leser word. Vanuit die oogpunt van die skrywer rig die gedig 'n appèl tot 'n sekere horison; vanuit die oogpunt van die leser rig dit tot hom 'n appèl om identifikasie.

4. Samevatting

Die lees van literatuur beteken dus nie dat 'n hoeveelheid gerangskikte taalmateriaal deur 'n leser verwerk word nie, maar eerder dat twee rangskikkings van die werklikheid, twee repertoria of horisonne by mekaar betrokke raak. Die literatuur bevat die werklikheid in dieselfde mate as wat hy veronderstel is om gelees te word deur lesers en hy kan dit gebruik om die leser op 'n bepaalde wyse te betrek. Die leser is dus nòg 'n a priori, nòg 'n blote metode om werkinterne kenmerke by te kom, nòg 'n pas ontdekte veld wat verwys kan word na die literatuurpsigologie of literatuursosiologie. Die werklikheid in die literatuur is

leserwerklikheid hier en nou, in die verlede en elders, of ook, soos met groot "universele" literatuur die geval is, te alle tye en internasionaal. Wat van werklikheid gesê word, geld ook vir een van sy subkategorieë; die politiek. Die skeiding tussen werk en leser ten opsigte van werklikheid is in dié mate teoreties dat 'n leser slegs oor die werklikheid in 'n werk kan praat in terme van die werklikheid soos hy dit sien.

Die verhouding leser-werk word soms vergelyk met 'n spel (vgl. Palmer op. cit. 171 tot 173 asook Lotman 1977 114). Hierby is die gedeelde bekendhede die reëls waaroor die spelers ooreenstem. Die spelers self is opponente: die verhouding self is 'n dialektiek. Resente omskrywings van die wyse waarop die werklikheid in die literatuur aanwesig is, maak dit duidelik.

VOETNOTE:

1. Wardhaugh (1969) se onderskeiding tussen linguïstiese kompetensie en leeskompetensie is hier betekenisvol. Leeskompetensie is "... the system that the reader has access to in his attempts to comprehend what he is reading" (pp. 138 en 139). Dit sluit linguïstiese kompetensie in, maar strek verder as dit: "... it also includes nonlinguistic content, because the task is a perceptual and cognitive one..." (p. 139).
2. 'n Bepaalde toepassing van intertekstualiteit kan in hoofstuk 5 van Semiotics of Poetry (Riffaterre, 1978) aangetref word (asook elders in hierdie werk). Vgl. ook Culler (1975), p. 139.
3. Die geïnstusionaliseerde aard van literatuur is ook implisiet aan Ellis (1974) se argument vir 'n pragmatiese definisie van literatuur: "Literary texts are not defined as those of a certain shape or structure, but as those pieces of language used in a certain way by the community". Die gemeenskap beskou 'n teks as letterkunde onder sekere voorwaardes. Hierdie voorwaardes bepaal die wyse waarop die gemeenskap die teks gaan gebruik; die wyse waarop dit gebruik word, definieer die teks as letterkunde: "... texts are made into literature by the community, not by their authors... it is the agreement of the community that makes them into literature, in that the category is defined as those texts used in this way by the community, not as those texts offered for that use" (ibid. 47). Literatuur bestaan onder meer as kollektiewe konsep en maatskaplike houding teenoor geskrewe tekste.
4. Die term "repertorium" kom redelik algemeen voor in resente literatuurteorie. Dit is egter reeds deur Moles (1966, oorspronklik 1958) gebruik in sy uiteensetting van informasieteorie. Sekere kernkonsepte van Iser is na Moles herleibaar, maar dit sou buite die bestek van die tesis val om Moles volledig te integreer. 'n Informatieteoretiese perspektief aan die hand van Moles kan egter ter toeligting verskaf word. So byvoorbeeld definieer Moles die boodskap en sy verhouding met 'n repertorium soos volg: "A message is a finite, ordered set of elements of perception drawn from a repertoire and assembled in a structure" (p. 9). Die repertorium van fisiese persepsie sluit die grense in waarbuite nie waargeneem kan word nie; die repertorium van die ontvanger bevat 'n versadigingsdrempel en sensitiwiteitsdrempel (pp. 9 en 12). Repertorium behels ontvanklikheid, resepsievermoë, of, om dit wyer te formuleer: die leser as klankbodem.

5. Vgl. Iser(1976), p. 114 waar Austin se voorwaardes vir geslaagde illokusionêre spraakhandelinge gestel word: wat hierdie voorwaarde betref, stem die literatuur ooreen met die illokusionêre spraakhandeling.
6. Vgl. hieroor onder andere Blumer, 1977, p. 372.
7. Eersgenoemde proses is nie meer of "suiwerder" "literêr" as laasgenoemde nie, soos Leibfried ook aanvoer (1970, pp. 316 tot 317). Stilistiese analise, om 'n voorbeeld te noem van die werkimmanente metodes (waarna Leibfried as "Ausdruck" verwys), is nie "suiwer literêr" in teenstelling met byvoorbeeld psigoanalise nie. Die kern van sy beswaar is dat ervaring, mèt sy horison van verworwe ervaring, ondeelbaar is: "Text wird gelesen, gehört; erfahren (erlebt). Alle Erfahrung aber zeichnet sich durch eine Horizontstruktur aus. Versuche ich diesen Horizont zu thematisieren, dann gelange ich u.a. zu solchen ausserdichterische Kategorien. Es ist eine ganz bestimmte Dominantsetzung, nur gewisse strukturen des Horizonts als 'dichterisch' zu bezeichnen..." (p. 137).
8. Barthes se hermeneutiese kode (vgl. 1975, p. 17 en 19) is gerig op die instandhouding van die leesaktiwiteit self en is in hierdie opsig 'n uitsondering. Hierdie "verraaiselingskode" kan moontlik met vrug ook op die poësie toegepas word na aanleiding van die vraag: waarnatoe lees die leser? In triviale liriek voltrek die gedig hom soms om die vraag of die gedig sy rymskema suksesvol kan volhou, en dieselfde geld vir 'n sekere soorte swak sonnette.

'n Vergelyking tussen Iser se "repertorium" en Barthes se "kodes" toon voorts aan dat, eerstens, Iser se skeiding van die literêre en sosiokulturele kodes willekeurig kan wees en, tweedens, dat Barthes se indeling in en beperking tot 5 kodes te grof is.
9. In sy kritiek op Osgood in soverre wat laasgenoemde se toepaslikheid op semantiek betref, wys Wardhaugh op die belangrikheid van die algemene, wat gedeel word, bó die gedifferensieerde wat lesers onderskei van mekaar: "it is far more important to know what speakers share in the semantic realm than what separates them, since any understanding of the latter is completely dependent on the former" (op cit. 90), Osgood se "semantic differential" het dáárom volgens Wardhaugh beperkte nut vir die vasstelling van betekenisvorming gedurende lees. (Vgl. ook p. 89). Of die individuele ook deel is van die horison van die literêre werke, is 'n tot dusver nog onbeantwoorde vraag.

10. Behalwe, soos Wolff (1971) aantoon, in triviaalliteratuur, vgl. p. 143. Dan moet die leser egter self 'n liefhebber van die triviale wees.

VI. Literatuur as omvorming van die bekende werklikheid

1. Die werklikheid as masker

Dat die betekenis van literatuur verband hou met die werklikheid, was nog altyd vir lesers 'n vermoede en vir die literatuurteorie 'n aanleiding tot kwalifikasie en problematisering van die verhouding tussen literatuur en werklikheid. Die mees resente teorieë aanvaar dat hierdie betekenis van die konteks van die werk en by name van die leser mede-afhanklik is. Hierdie afhanklikheid blyk nie net uit die rol van betekenis-konstituering nie, maar ook uit sy logiese uitvloeisel, naamlik dat die werk geskryf word met die leser - bepaald of onbepaald - in gedagte. Dit wil kommunikeer. Daarom kan werklikheid in die literatuur beskryf word as die vir die leser bekende, deursigtige aspekte in die literêre werk. Dit sluit sosiale norme, menslike houdinge en reaksies en literêre norme en vorme in.

Die werklikheid skyn dan in die literatuur werksaam te wees as 'n kode wat nie homself of die werklikheid nie, maar 'n ander boodskap uit spel. Omgekeerd: vanuit lesersoogpunt is hierdie boodskap net "leesbaar" en interpreterend of andersins beskryfbaar in terme van voorhandesynende kodes uit die werklikheid: taal, kritiese benaderings, politieke teorieë, psigo-analitiese konsepte, linguïstiese strukture ensovoorts.

Tussen die werklikheid in die lw en die werklikheid waarin die leser hom bevind is daar 'n prinsipiële diskrepansie.⁽¹⁾ Telkens wanneer die leser 'n werk in sy eie, sê, politieke konteks betrek, mag hy sien hoe hy 'n horison van andere betekenis in die werk buite rekening laat. Die leser is immers 'n individuele persoon met 'n eiesoortige sosiokulturele en historiese konteks. Wat as vanselfsprekende interpretasie van 'n werk in een era geld, mag as ontoereikend beskou word in 'n ander era.

Hierdie diskrepansie tussen die werklikheid wat die leser in 'n werk herken en die afwyking daarvan wat hy moet integreer, druk

Todorov uit as "verisimilitude" ("vraisemblance"): "Verisimilitude is the relation of the specific text to another, generalized text which is called 'common opinion'" (op. cit. 82). In die hof gaan dit nie om werklike ooreenstemming met die waarheid nie, maar om die oortuigingskrag van die indruk dat 'n bepaalde weergawe die waarheid volg (ibid. 80, 81). In sy verdere toepassing van hierdie konsep op die speurverhaal illustreer Todorov hoe die masker van die werklikheid die struktuur mede-bepaal, selfs in die paradoksale geval waar die literatuur teen die wette van die werklikheid moet ingaan.⁽²⁾ Hierdie masker is nie bedrog nie, maar tegniek. Culler sluit by Todorov aan wanneer hy argumenteer dat die leeswyse neerkom op "naturalization": "The strange, the formal, the fictional, must be recuperated or naturalized, brought within our ken, if we do not want to remain gaping before monumental inscriptions" (Culler op. cit. 134). Die verskillende stelsels wat die leser inspan om 'n werk verstaanbaar te maak is verskillende vlakke van "vraisemblance" (ibid. 140). Die belangrikheid van hierdie masker word deur Ingarden beskryf na aanleiding van kwasi-stellende aard van literêre taal: "The disposition for reality acceptance which, in the case of vital discourse with literary works of art, takes place in their concretization, is indispensable for perceiving the aesthetic values and would not be possible - only in the case of literary works, of course - without the quasi-judgmental modification of assertive propositions" (1973 342; Ingarden se kursivering). Dat die taal die basis vir die masker is, soos Todorov ook betoog, kan geredelik aanvaar word. Saam met die taal gaan egter sy betekenis en hulle word daardeur ook maskers.

Só geïntegreer is hierdie masker in die literêre struktuur dat die leser voortlees al is hy bewus van die illusionêre aard van die werklikheidselemente daarin. Hy aanvaar dit as 'n reël van die kommunikasiespel, van die "rhetoric of fiction".⁽³⁾

Ooreenstemming of verskil met gangbare - ook literêre - norme speel so 'n beslissende rol in die literatuur dat Lotman dit kan gebruik as kern van 'n nuwe estetika. Sy onderskeiding tussen 'n

estetika van identifikasie en 'n estetika van teenoorstelling berus op die herhaling, enersyds, of omkering, andersyds, van heersende artistieke norme. Eersgenoemde "wordt gevormd door artistieke verskijnselen, waarvan de structuren van te voren gegeven zijn en waarbij de verwachting van de ontvanger door de hele opbouw van het werk wordt bevestigd" sodat die reëls, deur die sender-outeur toegepas, identiek is aan die reëls deur die ontvanger-leser toegepas (op. cit. 111). Die kodes stem ooreen en is bekend. In gegewe tye is ooreenstemming 'n norm vir literêre waarde, terwyl moderne literatuur dikwels beoordeel word op grond van 'n estetika van teenoorstelling - waar die kode wat die leser in die werk soek, bots met wat vir hom bekend is (vgl. ibid. 114). Die lw bied aan die leser 'n model wat of ooreenstem met lesermodelle van die literêre en sosiokulturele werklikheid, of daarvan kan afwyk. Die masker van die werklikheid kan maklik herkenbaar wees, of feitlik net as implikasie of ook as negasie aanwesig wees.

2. Die literatuur as ontpragmatisering van die bekende

Die diskrepansie tussen werk-werklikheid en leserwerklikheid is die gevolg van die wetmatighede van die literatuur, reeds saamgevat in die term self-referensialiteit. Die kommunikatiewe tekens, die werklikheidselemente, is vervat in 'n nuwe struktuur wat nie onmiddellik herleibaar is na die werklikheid nie. Soos reeds vermeld, vat Iser die veranderde aard saam met die term "Entpragmatisierung". Soos die taal en eintlik die hele kommunikasiesituasie in die literatuur losgemaak is van sy normale bestaansaad, so ook die werklikheidselemente in die werk: "Sie sind sus ihrem ursprünglichen Zusammenhang herausgelöst und daher anderer Beziehungen fähig ohne die alte Beziehung völlig zu verlieren" (op. cit. 116). Wat dikwels van digterlike taal gesê word, naamlik dat dit gekenmerk word deur onverwagse en selfs onsinnige kombinasies, geld vir alle aspekte van die werklikheid in die teks. In die lw beweeg die werklikheid altyd tussen sy herkoms en sy aanwending (ibid. 116). Vir Iser is die onbekend maak van die bekende, die beginsel van negasie dus, juis 'n voorwaarde vir kommunikasie soos reeds blyk uit die kommunikatiewe rol wat

hy aan "Unbestimmtheitstellen" toeken. (Vgl. ook ibid. 116)
 Dit is 'n dinamiese "Zwischenlage" waarin die werklikheidselemente hulle bevind, omdat hulle tussen onbekend-gemaakte kennis en nog-nie-geformuleerde betekenis beweeg . (ibid. 117)*

Om weer eens kortliks op die raakpunt met strukturalisme en semiologie te verwys: Riffaterre (1978) baseer sy semiologiese model van die lw op die ontpragmatisering van die mimetiese kode, wat, om dit enigszins te vereenvoudig, ook die bekende in die werk is. Die wegbeweeg van die mimetiese het dieselfde effek as die teksmomente was Iser "Leerstellen" noem en wat die appèl tot leser-aktiwiteit, tot konstituering van die "eintlike" betekenis rig. (4)

Vir die leser beteken dit dat hy, by die herkenning van elemente uit sy eie werklikheid, rekening moet hou met 'n onkonvensionele aanwending. Hy kan nie meer die bekende norme toepas op wat hy as bekend lees nie. 'n Proses van "Umcodierung ihrer Geltung" het die ekstratekstuele norme en waardes vasgevang (ibid. 123).

Mukařovskỳ se onderskeiding van twee soorte tekens, kommunikatief en outonoom, sou herkwalfiseer kon word as die dubbele aard van literêre tekens: hulle is terselfdertyd kommunikatief en outonoom, 'n verskynsel wat Barthes tot die gevolgtrekking laat kom het dat die literatuur parasities teer op taal terwyl dit die betekenis van 'n vrye simbool het (Barthes 72 266). Dit skyn of die literatuur dan parasities teer op die werklikheid wat met die taal in hom inbegrepe is. Soos die taal en gespreksituasie egter 'n model is wat die lw inspan, so ook die werklikheid.

Gedurende die lees kommunikeer die werk en die leser gedurig oor die werklikheid wat op 'n vir die leser "nuwe" wyse ingespan word. Die dinamika agter die gesprek is die leser se wil om te verstaan of om by betekenis uit te kom. Op dié wyse dan word sy werklikheid, ekstern aan die lw, tóg deel daarvan. Jaus (1975 131) beskryf dit na aanleiding van Stempel 'as 'n sintagmaties maak van die leserparadigma waarmee die werk opgeneem word en wat deel is van sy verwagtingshorison: "Der neue Text evoziert für den Leser

(Hörer) den aus früheren Texten vertrauten Horizont von Erwartungen und Spielregeln, die alsdann variiert, korrigiert, abgeändert oder auch nur reproduziert werden". Die werk aktiveer sekere konsepte in die leser of bevestig konseptuele verwagtings wat die leser mag hê, maar gebruik hulle dan só dat die leser sy konsepte moet wysig. Dit lei tot 'n "Prozess fortgesetzter Horizontstiftung und Horizontveränderung" (ibid. 131). Die leser neig na reduksie van die onbekende voor hom terwyl die werk neig na destruksie van die bekende (vgl. onder andere Lotman op. cit. 119 en Jauss ibid. 132).⁽⁵⁾

Juis omdat die lw gesistematiseerde, algemene werklikhede in nuwe verbintenisse plaas, kan dit die skadukante, die weggelate aspekte van die sisteem onthul soos Iser aandui (op. cit. 122, 123).

Die dialoog wat tussen werk en leser ontstaan as gevolg van die onbekend gemaakte bekende elemente word deur Moles soos volg gestel: "Eine Kommunikation von Ideen findet nur insoweit statt, als die beiden Repertoire gemeinsamer Besitz sind ... In dem Masse aber, in dem ein solcher Prozess innerhalb Systemen stattfindet, die wie die menschliche Intelligenz mit Gedächtnis und statistischem Auffassungsvermögen ausgestattet sind, verändert die Wahrnehmung von immer gleichartigen Zeichen ganz langsam das Repertoire des Empfängers und führt schliesslich zur vollständigen Verschmelzung mit dem Repertoire des Senders Die vom Sender am häufigsten angebotenen Semanteme fügen sich allmählich in das Repertoire des Empfängers ein und verändern es" (aangehaal in Iser, op. cit. 138). Die werk is aktief in die leser, en die leser in die werk en dié besondere verhouding verloop langs die kringloop van die repertoria van die werklikheid.

3, Die omvorming van die werklikheid en die betrokkenheid van die leser

Terwyl die kommunikasie p~~l~~assvind op voorwaarde dat daar bekende elemente voorhande is, word die kommunikant-leser betrek deur die onbekende, die "Dialektische Verneinung" (vgl. hierbo 20) en

ook daardeur aan die gang gehou. Die dinamika van lees lê in die soek na 'n uitblywende betekenis. Wanneer die leser daarin geslaag het om die besondere rangskikking van elemente te sintetiseer, wanneer die onbekende heeltemal herleibaar geword het, hou die interne gesprek op en volg dié soort leserhandelinge wat op alle geskrewe tekste kan volg. Hoe makliker herleibaar 'n werk is na byvoorbeeld bekende literêre strukture, bekende emosionele reaksies, bekende politieke houdinge, hoe minder ingrypend is die ander dialektiek tussen teks en leser. Die interne aktiwiteit van die leser is dan ook minder. Dit kan onder andere die geval wees met 'n emosionele politieke strydvers wat sterk verband hou met die aktuele en lokale en hierdie aspek nie literêr problematiseer nie. Allerlei grade van repertoriumdekking tussen leser en werk is in die literatuur moontlik. Iser dui aan dat dié dekking verband hou met die doel van die werk of met die intensie van die sender. Wanneer 'n werk die werklikheid in sterk mate herhaal, vestig hy die aandag veral op heersende sisteme.

Die spanning tussen werk en werklikheid wat as stimulant vir kommunikasie dien, word dan verlê van die werkinterne verhoudinge na die verhouding tussen die werk en die eksterne realiteit, met ander woorde, 'n emosionele strydvers is net sinvol as 'n stryd werklik in daardie stadium gestry of gevrees word. Wanneer 'n werk neig om die bekende te herhaal, is hy vir sy effek van die omstandighede en veral onsekerhede in die werklikheid afhanklik.

Hierdie beskouing word deur die informasieteorie gesteun: "If the receptre has complete knowledge of the message to be transmitted to him, the information is null, the redundance is 100 per cent, the message is uninteresting and banal ..."
(Moles 1966 126). Slegs die onverwagte of onvoorsiene is informatief en dit geld ook vir estetiese informasie, een van die kategorieë wat deur Moles onderskei word (vgl. *ibid.* 128). Estetiese informasie - informatief volgens bogenoemde norm - is onvertaalbaar; dit is "common to the particular transmitter and particular receptor" (*ibid.* 129). Dit kom, om Moles toe te pas, slegs tot stand in die binnegesprek tussen teks en leser, die interne dialektiek.

Staffrider-poësie het binne anderhalf jaar sy eie cliché geword. Die ingeligte leser weet by voorbaat wat hy (weer) gaan lees. Die belangwekkendheid, die stimulus vir die lees daarvan, lê slegs in die spanning tussen hierdie protespoësie en die aktuele sosiopolitiese konteks. Die poësie is presies wat hy beoog om te wees, naamlik protes, betoging en politieke mobilisasie, omdat dit esteties redundant is. Dit beteken dat estetiese redundansie 'n voorwaarde skyn te wees vir literêre effek in die pragmatiese werklikheid. Dat hierdie effek deur middel van literatuur nagestreef word, toon dat literatuur 'n besondere aura het: die saak ter sprake is só belangwekkend, só ingrypend in die persoonlike habitus, dat dit tot literatuur aanleiding gee. Literatuur is 'n maatskaplike norm, soos volksdigters van alle kulture weet en soos oproepe om patriotiese literatuur bewys.

Politieke poësie kan dus opsetlik na vereenvoudigde vormgewing neig om die leser in die aktuele werklikheid te hou.

Die bekende vermoede leemte van "betrokke" literatuur, naamlik dat dit tydgebonde en nie-universeel is, kan in ander terme gestel en verhelder word. Die kern is die aard van leserhandeling. Daar is reeds aangetoon dat die lw die interne handeling van die leser kan voorskryf, maar nie die eksterne kan waarborg nie. (vgl. hierbo 61). In prinsipe kan alle literatuur "gebruik" word. Lokalisering, reduksie van 'n werk tot die tydelike aktualiteite, is dikwels eksterne leserreaksie en nie 'n aktualisering van die volle potensiaal van die werk nie. Daarenteen kan die werk die leser al-lesend dwing tot fiktiewe handelinge. Dit kan hom dwing, soos in die geval van Brief uit die vreemde (vgl. hierbo 68), om tydelik met 'n politieke vyand te identifiseer. 'n Literêre werk kan ook sy potensiele verbruikerswaarde internaliseer. Dit kan voorgee om spesifieke eksterne handelinge voor te skryf - "voorgee" want die werk is altyd bewus van sy eie fiksionaliteit. So 'n werk sal alles in werking stel om sy beperking as literatuur te oorkom op literêre wyse. Geuse-vesper van Vondel⁽⁶⁾ illustreer dit met sy emosiestimulerende tegnieke, sy aktivering van voorspelbare waardestelsels van die lesers van sy eie tyd,

asook sy retoriese vrae en uitroepe wat die leser 'n soort toehoorder van 'n oratoriese betoog maak en sy applous - sy emosionele reaksie gedurende die lees - uitlok. Die gespanne, emosionele struktuur van die gedig word in werklikheid bepaal deur die verdoeselde spanning tussen onvermoë en (skyn-) intensie en juis dié onvermoë is sy literêre krag. Geuse-vesper is sterk gelokaliseer en strydbaar binne 'n bepaalde historiese konteks, sy situasie is van geen aktuele belang nie, sy waardestelsels is nie deurgaans universeel nie (die 17de-eeuse leser word veel sterker aangespreek deur die Goddelike oordeel en gewetenstryd waarna die vierde en vyfde strofes verwys). Die lokaliserende elemente is egter blote sisteme wat die leser kan rekonstrueer en wat saamwerk om 'n perspektief te bied op 'n bittere, heilige verontwaardiging. Op grond hiérvan is die gedig in ander tye en ander politieke kontekste weer bruikbaar vir 'n soortgelyke saak. Waar fiksionaliteit daarenteen opgehef word, verdwyn die potensiële effek en word die werk 'n toespraak, verslag of dokumentasie, soos die naamlys van politieke slagoffers in Skryt (Breytenbach 1972 29). Die hiper-lokale Geuse-vesper, om maar een voorbeeld te noem, het meer effek as baie volksliedere wat universele waardes in hul lesers probeer aktiveer.

Funksionaliteit is nou helderder beskryfbaar as ingesteldheid op eksterne leserhandelinge en dit kan die literêre waarde van 'n werk verhoog. Pragmatiese funksionaliteit kan 'n belangrike literêre funksie vervul.

'n Herhaalbare eksterne effek word bepaal deur die kwaliteit van die interne gesprek. Hoe meer die leser aktief in die werk betrokke is, hoe groter is die kans op "betrokkenheid" van die werk by die werklikheid.

Ook dít blyk uit 'n verdere ontleding van die aanwesigheid van die bekende in die werk. Iser wys daarop dat werklikheidselemente wissel in "Bekanntheitsgrad" vir die leser. Wat vir die leser gelyk is in bekendheid, kom in die werk ongelyk voor. Daarom kan 'n werk gebaseer op vergete, onbekende norme en sienings tog

toeganklik wees vanweë bekende literêre strukture. Vir Iser is die wisselende bekendheid veral verdeel oor die literêre vorme aan die een kant en die ekstra-literêre, ekstratekstuele norme aan die ander kant (op. cit. 136).

Die wisselende graad van bekendheid word ook deur Lotman geïllustreer in sy uiteensetting van twee soorte estetikas. Werke gebaseer op 'n estetika van identiteit sal "binne die reëls" improviseer - sonder die kontrasterende sou die reël nie sigbaar word nie. Die werk improviseer deur bekende patrone op onverwagse wyse toe te pas: "Om te voorkom dat die esthetiek van identiteit haar karakter van middel tot kennisverwerving en informasie, als middel om een bepaald model van die wereld te vorm, verliest, moet ze onomstotelijke begripssjablonen combineren met een daaronder gelegen variëteit aan levend materiaal" (op. cit. 113). Op een of ander wyse neig die lw om homself te verdig en 'n outonome bestaan - soms 'n skynoutonome bestaan - te handhaaf teenoor die konteks van die bekende. Op dieselfde wyse sal werke wat berus op 'n estetika van teenoorstelling steeds een of ander interne sisteem probeer handhaaf (vgl. ibid. 115). Die vir die leser afwykende word gesistematiseer deur die werk self.⁽⁷⁾

Wat vir Lotman kenmerkend is van verskillende histories aantoonbare estetikas, is vir Iser algemeen-geldig in die literatuur. Dit verplaas die vertikale ekwivalensie - die mate waarin 'n repertoriumelement ooreenstem met die bekende werklikheid - na 'n horisontale ekwivalensie. Dit gebeur deurdat die herkenbare en onherkenbaar gemaakte deur die werk self verbind word en dus saamgelees moet word. Die leser lees die onbekende deur die bekende en, omgekeerd, word die bekende beïnvloed deur die onbekende. Die werklikheid is in die werk aanwesig as "'kohärenten Deformierung'", 'n term wat Iser ontleen aan Merleau-Ponty. (op. cit. 136). Die wyse waarop hierdie "omgekeerde gelykheid" van herkenbare en onherkenbare aspekte in 'n werk die outonome betekenis van die werk skep, blyk duidelik uit Iser se toepassing hiervan op Ulysses: "Die literarischen Anspielungen sprengen den monotonen Rhythmus des kleinbürgerlichen Alltags durch eine ihm unbekante

Zeitentiefe auf und 'deformieren' seine Unabänderlichkeit zur Illusion. Die realistischen Details machen kenntlich, was der ideale Archetyp der historischen Ferne alles nicht gekannt hat, und 'deformieren' das nicht mehr erreichbare Ideal zu einer historischen Manifestation dessen, was dem Menschen möglich ist." (ibid. 137).

Dis deur hierdie besondere bestaansmodus van die werklikheid in die literatuur dat outonome betekenis ontstaan. In wese stem Iser se uiteensetting ooreen met die konsep van self-referensialiteit. Die referensiële betekenis van die taal is nie die betekenis nie, maar slegs die kode van 'n tweede, "literêre" boodskap. Die taal in die literatuur refereer nie, maar word, met sy moontlikheid van betekenis, medium van 'n "ander werklikheid" wat die leser kan konstitueer, maar slegs met behulp van sy eie, histories-bepaalde werklikheid. Daarom besit die literatuur inherent die vermoë om 'n vrye simbool te wees vir lesers eerder as 'n bepaalde betekenis. Die werklikheid, ook die werklikheid wat opgeroep word deur afwyking of negasie daarvan, vorm vir die leser herkenningspunte wat op hul beurt kodes van die nog-onbekende boodskap word. Hierdie herkenningspunte omvat taal, literêre patrone maar daarbenewens ook 'n prinsipieel "oop" verskeidenheid van ekstralinguïstiese en ekstraliterêre kenmerke.

Die onbekende in die lw is konstitueerbaar vanweë die besondere verbindings wat tussen die bekende gelê word, verbindings wat eerstens voorgeskryf word deur die linguïstiese (en tipografiese) aanbod, die taalstroom: "poured into the same linguistic unit, the two codes ... form an apparently natural link" (Barthes 1975 197; Barthes se kursivering). Die wyse waarop die "onbekende" dan tot stand kom, kan na aanleiding van Barthes se omskrywing van konnotatiewe lees toegelig word. Konnotasie is "... a correlation immanent in the texts; or, again, one may say that it is an association made by the text-as-subject within its own system. Topically, connotations are meanings which are neither in the dictionary nor in the grammar of the language in which a text is written" (ibid. 8).

4. Samevatting

Deur die leser kan die werklikheid van die literatuur aangetoon word as: leserverwagtings wat 'n literêre werk vooruitprojekteer; alle aspekte in die werk wat die leser op grond van sy eie sienings, ervaring en kennis herken; die literêre, sosiokulturele en ander sisteme wat bogenoemde aspekte veralgemeen en die reëls, historiese en lokale situasies wat die leser beïnvloed in sy betekenis-konstituering. Die werklikheid in die literatuur is beskryfbaar in terme van die plekke waar die leser homself en sy eie wêreld in die literêre werk herken.

Soos aangetoon (vgl. hierboven) kan die literêre werk op die werklikheid toegepas word op 'n wyse wat hy nòg kan verhinder, nog kan voorskry. Hierdie "oophheid" van die literatuur is enersyds 'n bedreiging vir sy betekenispotensiaal, maar andersyds iets wat hy doelbewus kan inspan.

Die herontdekking van die leser, maar meer nog die herontdekking van die wyse waarop die leser in die werk aanwesig is en die werk in die leser, maak 'n herontdekking van die werklikheidswaarde van literatuur moontlik.

Die herontdekking van die leser beteken nie 'n herinstallering van die vervloë subjektivistiese en impressionistiese kritiek en interpretasie nie, maar die beskrywing van die leser in en om die werk self, met ander woorde die beskrywing van die leesproses, die eintlike vlak waarop die estetiese ivoortoring en die subjektiwiteit van die leser geneutraliseer word.

VOETNOTE:

1. Die diskrepansie tussen boodskap en resipiënt word statisties uitgedruk deur die informasieteorie as die verhouding tussen R en R', waarby R = repertorium van die boodskap (of sender) en resipiënt onderskeidelik. Die kunswerk as multikodifikasie bevat 'n hiërargie van repertoria en ook hierdie rangskikking verskil van dié van die resipiënt. Vgl. Moles (1966), p. 162.
2. In dié geval 'n speurverhaal waar die opvallende misdadiger juis nie die skuldige mag wees nie om as literatuur te oortuig. (Todorov, 1977, p. 84)
3. Soos Booth dit stel: "He (dit is: die skrywer) signs an agreement with me not to know everything. He reminds me from time to time that he cannot ... 'go behind' because of the convention he has adopted. I accept this.... But in no case do I pretend that I am not reading a novel". Vgl. Booth (1961), p.53.
4. Die "ungrammaticalities"(Riffaterre 1978 p.4) is teksmomente waar die bekende onbekend word. Die bekende is, volgens Riffaterre, egter noodsaaklik: "The reader's acceptance of the mimesis sets up the grammar as the background from which the ungrammaticalities will thrust themselves forward as stumbling blocks, to be understood eventually on a second level... the obstacle that threatens meaning when seen in isolation at first reading is also the guideline to semiosis, the key to significance in the higher system, where the reader percieves it as part of a complex network" (ibid. 6).
5. Reduksie het ook 'n ander leespsigologiese basis. Die informasieteorie wys op die resipiënt se "limited capacity... for the apprehension of information" wat gebaseer is op sy beperkte geheue en absorpsievermoë: "Information theory ... assumes that, within the present, the human receptor can integrally apprehend only a limited, maximum number of information elements as a form. If the message has a higher number, either the receptor neglects them or proceeds to scan the field. When this maximum flow (of perceptible information) is exceeded, the individual selects with the aid of criteria derived from his previous experience, forms from the messages presented to him..." (Moles, op. cit., p. 157; my kursivering).
6. Die gedig soos afgedruk in Kannemeyer (1973) word gebruik.

7. Moles se beskrywing van 'n korrelasieverhouding tussen die semantiese en estetiese boodskap in 'n kunswerk suggereer ook 'n soort interne kompensasie, 'n "compensatory alternation, a dialectical interplay between the types of information" (op. cit., p. 160): "... composition appears to be a compensatory interaction between the various hierarchies of originality with the goal of permitting the receptor always to have some minimum access to the message" (ibid. 164).

VII . Die leesproses as wisselwerking tussen werk en leser en tussen literatuur en werklikheid.

1. Ter inleiding

Deur die leser word dit moontlik om insae te kry in die wyse waarop betekenis aan 'n literêre werk gegee word. Betekenisgewing is nie 'n willekeurige reaksie van leser nie, maar ingebed in die literêre kommunikasiesituasie op 'n besondere manier: die leser word betrek in 'n interne gesprek waarby hy, teoreties, 'n "implisiete leser" word wat saam met ander komponente werk om 'n betekenisgewende konteks vir die self-refleksiewe boodskap te vorm. Hierdie samewerking sentreer in die lees van die werk soos hy geskryf is en lees is 'n dinamiese, dialogiese en werklike proses, 'n gebeurtenis. Lees behels 'n wisselwerking waardeur beide werk en leser veranderinge ondergaan.

Elke leesonderneming is 'n unieke gebeurtenis wat ook nie herhaalbaar is nie, maar wel teoreties en in 'n metataal beskryfbaar. 'n Omvattende en indringende beskrywing van die leesproses is dié van Iser, vervat in Der Akt des Lesens. (op. cit.) Iser slaag daarin om in teoretiese en sistematiserende terme die leser binne-in die werk te vind en te volg tot waar die betekenis ontstaan. Sy ontleding van die leesproses word hier gebruik as basis. Terloops moet gesê word dat enige samevatting van Der Akt des Lesens die werk te kort doen: dit is 'n gedetailleerde en terselfdertyd omvattende beskrywing vol insiggewende toepassings en teoretiese funderings. Iser se psigologiese, sisteemteoretiese en ander funderings word vir die doel van die tesis aanvaar. Die enigste voorbehoud is dat die afleiding, die beskrywing self, prakties verifieerbaar moet wees en dit sal in 'n volgende afdeling geïllustreer word.

2. Skryfwyse as leeswyse: die literêre werk as leesstrategie na inleiding van Iser

Die skrywer skryf vir 'n leser: daar is 'n "luistervink" wat woorde dwing om kommunikatief te wees. Skryfwyse is in dié sin leeswyse: "... the essence of poetry lies not in the verbal artifice itself, though that serves as a catalyst, but more simply and profoundly in the type of reading (attitude de lecture) which the poem imposes on its readers" (Culler op. cit. 164; na aanleiding van Genette). Skryfwyses kan beskou word as leesinstruksies en alle formele (linguïstiese, strukturalistiese, stilistiese) beskrywings van die skryfwyse is in die eerste plek die resultaat van die lees daarvan. Dat linguïstiese patrone in literêre werke aantoonbaar is, is nie die gevolg van willekeurige toepassings van eksterne teorieë nie. (vgl. hierbo 43, "rape theories of interpretation"), maar outentieke reaksies op wat gelees is. Terwyl Fish 'n aanval rig teen die ongemotiveerde wyse waarop moderne stilisteci betekenis toeken aan strukture, impliseer hy tog hierdie gedagte as hy betoog vir 'n stilistiek wat sy voorafgaande leeshandeling insluit in sy metode. In 'n kritiek op Halliday se benadering van The Inheritors sê hy onder andere: "Thus... while it is certainly possible ... to specify the properties for the languages spoken by the tribes ... the significance of those properties is a function of their reception and negotiation by a reader who comes upon them already oriented in the direction of specific concerns and possessed of ... certain expectations" (1973 141). Hy bepleit daarom 'n stilistiek wat sal fokus op die beteningsgewende aktiwiteite van die leser (vgl. *ibid.* 144).⁽¹⁾

Die formele patrone van 'n lw is ekwivalent aan wat uit lesers-oogpunt as strategie beskryf kan word. Die verband blyk byvoorbeeld uit Iser se beskrywing van die funksies van strategieë: "Sie müssen die Beziehungen zwischen den Elementen des Repertoires vorzeichnen, und das heisst, bestimmte, für das Erzeugen der Äquivalenz notwendige Kombinationsmöglichkeiten solcher Elemente entwerfen". Die repertoriumelemente word deur hulle georganiseer in nuwe, ontpragmatiserende kombinasies. Hulle organisasie is

van so 'n aard dat die leser egter deur die kombinasies 'n betekenis kan konstitueer (Iser op. cit.143).

Die werklikheidselemente word deur hierdie strategieë ontpragmatiseer. Omdat hiermee die werklikheid nie meer as referent kan geld vir hierdie onbekendhede nie, moet die werk self die moontlikheid van betekenis skep.⁽²⁾ Die leser gaan dus verder in die werk om die betekenis van sulke afwykinge van die norm te vind. Anders gestel: die "Leerstelle" wat ontstaan, lei die leser in die werk in.

Omdat die "Leerstelle" 'n besonder belangrike - en gedebatteerde - aspek van Iser se beskouings is, kan dit kortliks toegelig word. Leibfried demonstreer hoe die enkele woord 'n leë gegewe is wat 'n moontlikheid van betekenis - 'n repertorium - bevat sonder om hulle te spesifiseer. Die leser "vul dit in" op grond van sy eie repertorium: die werk dwing hom tot 'n keuse: "Dadurch jedoch, dass man diese Leervermeinungen erfüllen kann, ... entstehen sozusagen Kippfiguren: ich oszilliere zwischen Leermeinung und einer Reihe von sinnlichen Ausfüllungen" (op. cit. 303). Omdat die leser moet kies en later deur die werk gedwing mag word om die keuse te verruil vir 'n ander moontlikheid, word hy aktief betrek, 'n "betrokkenheid" wat Leibfried soos volg stel en wat Iser se tese onderstreep: "Als Leser werde ich in einer Unge- wissheit gelassen, die sich als Unruhe... auswirkt; ich werde gezwungen, mir überhaupt alle Möglichkeiten der Bedeutung bewusst zu machen und mich 'irgendwie' zu entscheiden: auch wenn ich mich weigere, eine solche Festlegung zu treffen, entscheide ich mich..." (ibid. 306).

Vir Iser is daar twee beginsels grondliggend aan hierdie lees- strategieë, naamlik, die "Vordergrund-Hintergrund-Beziehung" en die "Thema und Horizont"-struktuur. Deur eersgenoemde word die kommunikatiewe basis van die bekende paraat gehou. Dit dui naamlik die wyse aan waarom die teksrepertorium aansluit by die leserrepertorium. Die werk selekteer elemente uit die werklikheid, maar hou juis daarom die veld waaruit geselekteer is, paraat as

agtergrond. Die kommunikatiewe teken roep sy referensiële veld op (vgl. *ibid.* 157). Omdat die element in die literêre boodskap nie 'n herhaling van die werklikheid is nie, maar 'n seleksie daaruit, word 'n besondere skakel tussen element en werklikheid gelê. Die seleksie plaas die sisteem waaruit hy kom in perspektief. Anders gestel: terwyl die leser lees, word die norme en konvensies wat hy betrek, in die weegskaal gehou (*ibid.* 159). Deur verskillende tegnieke kan die "Hintergrund" na die voorgrond getrek word. Dis 'n uitwisseling wat Iser toelig na aanleiding van die "Figur-Grund" -waarnemingsprinsipe ontleen aan die Gestaltpsïgologie (*ibid.* 159 en 160)⁽⁴⁾. Die leser kan die referensiële veld sterk beleef gedurende die lees. Met behulp van sy eie repertorium aan sosiokulturele norme en literêre konvensies en vorme kan die leser aspekte in die werk herken (as hy die nodige "competence" besit) en die sisteme waarna hulle verwys. Soos uit vorige hoofstukke geblyk het, is daarsonder 'n verstaan van die "outonome" werkstruktuur onmoontlik - dit gaan om "die Eröffnung des Zugangs zur Welt des Textes" (*ibid.* 162).

Die werkstruktuur self word georganiseer op die basis van temahorison. Betekenisdraende elemente in die teks is met mekaar verbind, maar kan nie almal terselfdertyd ewe belangrik wees nie. Op gegewe (lees-)momente staan één aspek uit, maar sy relasie met die res van die struktuur blyk uit die horison van reeds gelese aspekte of ook aspekte wat die leser gelei is om te antisipeer: "Sie regelt zunächst die attentionalen Zuwendungen des Lesers zum Text, dessen Darstellungsperspektiven weder nacheinander noch parallel entrollt werden, sondern sich in der Anlage des Textgewebes durchschichten" (*ibid.* 164). By implikasie is die horison saamgestel uit dit wat elders in die werk tema was. Dit gaan hier dus om verskuivende dominante in 'n werk. Op dié wyse dui die teks aan wat belangrik is (hy tematiseer) in moontlike teenstelling met wat die leser om subjektiewe redes belangrik sou wou maak. Dit druk die wyse uit waarop die leser die onbekende van die werk moet opneem. Die leser kan juis as gevolg van hierdie onderliggende leesstrategie nie lees soos hy wil nie (vgl. *ibid.* 165).

'n Aspek uit die horison van die tema word die tema in 'n volgende fase en dit beteken dat bedektelik aanwesige elemente skielik ontdek word. Die lw stoot as't ware gedurig die vergete aspekte van sy eie sisteem na vore (vgl. ibid. 166). So plaas die tekselemente mekaar gedurig in perspektief en skyn die werk 'n gesprek met homself te voer. Die leser lees dan ook tema op grond van die horison waarvan hy deel was. Hierdie leesstrategie beteken ook dat daar nie een rigtinggewende tematisering is wat die betekenis van die werk uitdruk nie, maar dat betekenis uit 'n samespel van wisselende temas ontstaan (vgl. ibid. 167). Dié strategie maak dit vir die leser moontlik om die spel te volg en sodoende die betekenis te konstitueer.⁽⁵⁾

Die geselekteerde elemente en hul organisasievorme word deur Iser vanuit leesoogpunt beskryf wat beteken: nie formeel nie, maar volgens betekeniswaarde. Dit blyk veral uit sy beskrywing van die interne struktuur as "Die Innenperspektivik des Textes". (ibid. 163) Tematiese elemente vorm verskillende perspektiewe wat mekaar relativeer en aan mekaar verbonde is. Die leser lees dus nie sy idees in die werk nie, maar eerder die idees, die perspektiewe, wat aan hom voorgehou word. Die leser se blik word gerig: "Worauf er jeweils blickt bzw worin er gerade 'ruht', ist für ihn in diesem Augenblick Thema" (ibid. 164).

Alle strategieë wat die tema en horison laat wissel, is herleibaar na die beginsel van interne perspektivering. Dit is dan die taak van die leser om die perspektiewe te sintetiseer (vgl. ibid. 163).

In breë terme gestel bepaal die voorgrond-agtergrond-verhouding die verband tussen die werk en ekstratekstuele werklikheid, terwyl die tema-horison-verhouding die intratekstuele verhoudinge reguleer. Die regulering dek hiate; dit dui aan hoe "Leerstellen" deur die leser aangevul moet word.

Een van die opmerklike verskuilde beginsels in Iser se konseptualisasie van die lw, is die reliëfaard van betekenisvolle elemente: werklikheidselement teen die agtergrond van sisteem of norm; dominante perspektief teen 'n horison van ander perspektiewe. Die hermeneutiese sirkel dien homself aan as voorbeeld: die

besondere is ingebed in die algemene; een element moet inpas in 'n netwerk van ander elemente. Die lw vorm 'n "oop" struktuur. By Iser is dit nie 'n objektiefbeskryfbare struktuur nie, maar eerder 'n subjektief-waarneembare. Dis struktuur in die oog van leser. Dit is die struktuur onderliggend aan leesondervindinge.

Die strukturalisme en semiologie het die konvensionele premisse van die lw as geslote, outonome struktuur ook reeds verbygesteek en bevestig op 'n ander teoretiese basis die wesenlike openheid van die lw. Barthes sien die "ideale" literêre teks as 'n aktualisering van onherleibare, onreduseerbare pluraliteit (vgl. hierbo 56-57). Hoewel Riffaterre die lw as geslote semiologiese struktuur, sirkelend om 'n "matrix", beskryf (vgl. hierbo 17), verskaf sy model die moontlikheid om aan te toon waar dié struktuur verander kan word, te wete deur intertekste, of deur uitbreiding van "descriptive systems" (al wys Riffaterre self nie hierop nie). Deur die kodes (Barthes), die bekende semantiek van die taal of die bekende literatuur (Riffaterre), deur die horison van openbare kennis waarop die lw inspeel en wat hy aktiveer, maak hy homself "oop".

Die verskil blyk egter ook uit die vergelyking: wanneer die werk se struktuur geïsoleer word, hang sy "oopheid" daarvan af en is dit 'n potensie. In die leesproses, as interaksie beskryf, is dit prinsipiële "oop". Die kommunikasie is dialogies. Iser beskryf die lw dus in terme van repertorium en strategie. Die beskrywing kan soos volg saamgevat word: aspekte uit die bekende (of herkenbare) sosiokulturele en literêre werklikheid vorm die materiaal van die werk. Dit is 'n "Primärkode" wat toegang verleen tot die werk (vgl. Iser *ibid.* 155). Dié kode bestaan uit kommunikatiewe tekens, wat egter nie beteken dat hulle die werklikheid herhaal nie: hulle is daaruit geselekteer en in nuwe verhoudinge verbind. Hulle impliseer dus 'n komplekse intensie in teenstelling met gewone informatiewe boodskappe en direkte verwysings na die werklikheid. Nogtans suggereer hulle reekse bekende sisteme wat op die agtergrond van die verdere ontwikkeling van die werk bly bestaan. Die paradigma van hierdie tekens blyk dan die werk self

te wees. Die elemente is in kombinasies opgeneem en deur hierdie kombinasies moet hul eintlike betekenis tot stand gebring word. Omdat die kombinasies uit herkenbare aspekte bestaan, is hulle vir die leser steeds geskakel. Hierdie kombinasies is nie tweeledig beskryfbaar as kombinasie van, byvoorbeeld, literêre en linguïstiese elemente of taal en retoriese figuur nie: hulle is eerder beskryfbaar as middele waardeur die bekende onbekend gemaak word (vgl. ibid 293). So word 'n netwerk gevorm, maar 'n netwerk met 'n bepaalde struktuur. Hiervolgens staan sekere betekenisse gedurig uit teenoor ander. Die netwerk lig sekere aspekte tydelik en ruimtelik uit, en dit is steeds wisselende aspekte. Interne skakeling word gereguleer. Sodoende lees die leser van een punt na 'n ander waarby elke punt uitsig gee op die voorafgaande en op dit wat voorlê. Hierdie punte of "dominante" kan breedweg beskryf word as perspektiewe of temas. Hulle refereer nie na 'n eksterne betekenis nie, maar na mekaar (en bou mekaar op of relativeer mekaar). Hulle bevat nie betekenis nie, maar stel die leser in staat om betekenis te konstitueer. Hulle vorm 'n soort waarnemingsmodel of voorskrif insake die manier waarop die "afwesige" betekenis tot stand gekom het (deur die senderaktiwiteit) en weer tot stand gebring kan word (deur ontvangeraktiwiteit). Die leser kan gedurig die agtergrond van bekende literêre norme en gangbare sienings inspan om houvas te behou op die kombinasies totdat 'n bepaalde perspektief uitkristalliseer. Al die perspektiewe is egter, soos aangetoon, relatief met betrekking tot mekaar en nie een is die "eintlike betekenis" van die werk nie. 'n Bepaalde "perspektief" word afgebaken deur 'n "Leerstelling" wat die leser dwing om 'n nuwe aanloop te neem na 'n ander perspektief. "Leerstellings" sou beskryf kan word as kontrolepunte en dominante as wegwysers wat betref die betekenis wat die leser probeer lees. Die strategie is vir die leser sigbaar as repertorium, en die repertorium word 'n strategie.

Die leser bou 'n integrerende perspektief vir die teksaanbod op, en - as demonstrasie van die wisselwerking - word hy in die proses deur die teks geperspektiveer.

Dit is die struktuur van die literêre werk wat uit Iser se beskrywing blyk, gemodelleer vanuit die perspektief van die leser.

Wanneer dit vergelyk word met strukturalistiese beskouings wat probeer om die werk te objektiveer tot blote vorm, blyk 'n wesenlike ooreenstemming. Dit dui daarop dat skryfwyse parallel is aan leeswyse.

Self-referensialiteit is die kern van Iser se beskouing: die repertorium is nie deurgang na die werklikheid nie, maar opgeneem in 'n ander struktuur. Strategie is nodig juis omdat die betekenis nie referensieel is nie. Die werklikheidselemente verskyn as seleksie en nie as herhaling nie. Seleksie en kombinasie, die kern van Jakobson se linguïstiese beskrywing van die lw (vgl. Jakobson op. cit. 95), is ook die kern van repertorium en strategie: die werklikheid verskyn as seleksie, nie as herhaling nie en die geselekteerde elemente is opgeneem in kombinasies wat 'n tema-horison-struktuur vorm. Die ekwivalensieprinsipe waarna Jakobson verwys en wat tot uiting kom in herhaling, parallellisme en verwante patrone (vgl. hierbo 19), kombineer tekstuele elemente met mekaar. Iser stel dit duidelik dat die teksstruktuur 'n interne ekwivalensie het. Daarsonder sou sintese deur die leser nie moontlik wees nie (op. cit. 137 en 138). Op die lineêre kontinuum van die taal word patrone toegepas wat nuwe kombinasies moontlik maak, patrone wat Jakobson saamvat as metafories (parallel) en metonimies (herhalend) van aard (op. cit. 110; vgl. ook Barthes 72-240). Todorov brei dit uit met sy terme "superposition" en "configuration". Eersgenoemde beskryf die horisontale omstrukturering van vertikale gegewes, en laasgenoemde beskryf vertikale relasies met hul akkumulatiewe en terugwysende effek (op. cit. 241-244). Hierdie patrone is grotendeels nuwe beskrywings van die konvensionele "retoriese figure". In breë trekke is retorika herformuleerbaar as "the way in which it (d.i. 'the message') was composed" (Barthes 1973: 194). Die literêre boodskap (vgl. hierbo 16) vorm die tweede "literêre" kode soos onderskei

van die gewone taalkode, en dit behels ekstra-linguïstiese aspekte. Die kwalifikasie wat 'n leesgeoriënteerde beskouing hierby plaas, is dat al die tekstuele kodes gelyktydig funksioneer en 'n "Primärcode" vorm op grond waarvan Iser 'n "Sekundärcode" vir die betekenis van eersgenoemde ontwerp (op. cit. 156). Hierdie sekondêre kode word gedurende die leesproses deur die leser ontwikkel om die werk te begryp. By die dubbele kodes wat die strukturalisme en semiologie oorspronklik onderskei het, kan die denkende, begrypende leser as derde kode gevoeg word.

Hiperverfynde beskrywings van die spel tussen element en kombinasies is moontlik. 'n Belangrike beginsel onderliggend aan hierdie strukturalistiese en veral linguïsties-stilistiese ontledings is dié van deviasie. Die retoriese figure is kenbaar waar die taalnorm verbreek word, want hulle veroorsaak juis hierdie afwykings. Vir die oer strukturalisme is dit die kern van "literariness".⁽⁶⁾ Die literêre is kenbaar as deviasie: "The distortion of the norm of the standard is, however, of the very essence of poetry..." (Mukařovský 1967 247). Deviasie is afwyking van die taalnorm en die literêre "canon". Dit geskied teen die agtergrond van geoutomatiseerde taal en literêre vorme (ibid. 245). Dit is dus die middel waardeur taal ondeursigtig is in poësie en waardeur self-referensialiteit ontstaan. Wat afwyk, staan uit - 'n proses bekend as "foregrounding" (vgl. ibid. 243 en ook onder meer Leech op. cit. 57). Omdat "foregrounding" sistematies geskied, ontstaan 'n hiërargie van vooropgestote aspekte wat uitloop op spesifieke dominante: "all other components, foregrounded or not, as well as their interrelationships, are evaluated from the standpoint of the dominant. The dominant is that component of the work which sets in motion, and gives direction to, the relationships of all the other components" (Mukařovský op. cit. 244). Iser se repertoriumelemente is geoutomatiseerde, bekende materiaal in die werk; die tema met die horisonveld onlosmaaklik aan hom gekoppel, skyn net soos die dominante te funksioneer. Die Iser-model maak egter die oorskakeling

na betekenis moontlik. Waar Mukarovsky in ooreenstemming met "objektiverende" strukturalisme moet volstaan met die grootste semantiese eenhede (die "subject matter", vgl. ibid. 245-246), maak Iser die sprong na die "extralinguistic reality entering into the work" moontlik (Mukarovsky ibid. 245). Semantiek word gekoppel aan die leser.

Die verband blyk uit Culler se opmerking na aanleiding van Genette: "One has a rhetorical figure when the reader perceives a problem in the text and takes certain rule-governed steps to devise a solution" (op. cit. 180). Die retoriese figuur is in wese 'n leesinstruksie (ibid. 180 en 181). Dit is strategie vir betekenisvolle lees. In die vooropstelling van betekenis eerder as struktuur lê waarskynlik die vernaamste verskil tussen die ouer strukturalistiese gebruik van sekere terme en Iser se toepassing daarvan. Die literêre en estetiese lê vir Iser op die betekenisvlak en nie op die formele vlak nie. Vir die strukturaliste is figure funksioneel ten opsigte van mekaar; vir Iser is hulle funksioneel ten opsigte van betekenis. As finale voorbeeld hiervan kan Iser se kritiek op die deviasieteorie genoem word. Hy erken die betekenispotensiaal van deviasie, maar beklemtoon dat dit nie betekenis gee nie. Dis 'n teken, maar 'n leë teken wat funksioneer as stimulant vir betekenisgewing deur die leser (vgl. Iser 1976 147).

Wanneer linguïstiese en ekstra-linguïstiese patrone gesien word nie as deviasie en formele patrone nie, maar as aanduidings van die wyse waarop betekenisvol geles kan word, is hulle egter - in weerwil van Iser se soms skerp kritiek teen hulle (vgl. Iser op. cit. 145 tot 151) - belangrike materiaal vir enige metataal wat die leesgebeure probeer beskryf.

Die leesstruktuur van die lw is ook die raamwerk van die "implisiete" leser. Volgens Iser het hierdie abstrakte leser 'n "Textstruktuur" en 'n "Aktstruktuur" en dis laasgenoemde wat Iser probeer beskryf in die leesprosesuiteensetting.

3. Konvensionele verwagtings van die leser

Die werklike lees van 'n werk word vooraf beïnvloed deur allerlei leeskonvensies wat deel uitmaak van die leserkompetensie en van sy "Erwartungshorizont".

Die institusionele, konvensionele aard van literatuur bewerkstellig dit. 'n Rigtinggewende konvensie is die neiging tot "naturalisasie" of ook "reduksie" van die werk. Dit beteken dat die leser gedurende die lees, deur die refereer na bekende, gesistematiseerde werklikhede, gedurig teruggaan nie na eksterne referente nie, maar na homself, na sy eie kennis en histories-bepaalde waarnemings- en interpretasiemodelle. Sy repertorium word gedurig betrek, en, soos Iser aantoon, in die weegskaal geplaas. Die leesproses is 'n sintetiserende, sistematiserende en daarom steeds reduserende aktiwiteit. Dit blyk veral uit die poëtiese leeskonvensies wat Culler inventariseer. Hierdie konvensies geld ook vir ander genres soos blyk uit die manier waarop hulle in Iser se beskrywing van die leesproses as sodanig na vore kom. Saamgevat, is Culler se liriese konvensies die volgende: die leser is al-lesend bewus van die fiktiviteit van die kommunikasiesituasie⁽⁷⁾. Dit beteken ook dat die leser by voorbaat "Leerstellen" nie lees as botsings met die realiteit en as leemtes nie, maar as tekens vir eie invulling (Vgl. Culler ibid. 164 tot 167). 'n Tweede leeskonvensie is die verwagting van "totality and coherence". Omdat die realiteit nie hierdie boodskap kan aanvul nie, verwag die leser dat die werk op homself volledig en samehangend sal wees, met ander woorde dat daar interne ekwivalensie sal wees. Ook op grond hiervan is hy bereid om aan te vul en sal hy, as sy aanvullings onvoldoende blyk te wees, geregtig wees om die fout in die werk te soek (ibid. 168-169). So sterk is die instelling op interne struktuur eerder as eksterne referensialiteit dat, soos Culler illustreer, 'n gewone sin heeltemal anders gelees word as dit bekend is dat dit 'n gedig is. Dieselfde kan geïllustreer word aan die hand van skynbaar onsamehangende taalgroepe soos:

dat akkers op die sinkdak val
en vye teen die ringmuur breek

(Louw 1954 40)⁽⁸⁾

In noue samehang met die vorige is die verwagting van betekenisvolheid. Culler lig dit onder meer toe met die feit dat heeltemal outomatiese, banale gedigte dikwels as kunsteoreties beskou word. Die betekenis is dan in die feit dat die banale as poësie aangebied word (ibid. 174).

As laaste kategorie meld Culler die retoriese figure. Hulle moet dan gekwalifiseer word as bekende omstruktureringswyses van taalmateriaal (ibid. 178 tot 181) met ander woorde as literêre repertorium.

Hoe die konvensies deur die werkstruktuur geantisipeer word, blyk uit Iser se siening van die "Textstruktur". Hoe dit werkzaam is by die lees, blyk veral uit sy beskrywing van die "Aktstruktur".

4. Die leesproses as interaksie tussen werk en leser na aanleiding van Iser

Terwyl dit moontlik is om die teks en die leser afsonderlik te objektiveer en te beskryf, soos onderskeidelik deur byvoorbeeld die stilistiek en die literatuurpsigologie by monde van Groeben onderneem is, is die beskrywing van die wisselwerking, die eintlike hermeneutiese ontmoeting, problematies. Die punt waar teks leser word en leser teks moet gevind word. Vir Iser is dit die "Erfassungsakte" en dis beskryfbaar in terme van die wyse waarop die leser in die teks aanwesig is terwyl hy lees, naamlik as "wandernder Blickpunkt" (op. cit. 177 en 178). Dit is 'n steeds wisselende posisie waarvandaan nòg die leser nòg die teks in sy geheel aanwesig en beskryfbaar is. Iser stel dit so: "Mitten drin zu sein und gleichzeitig von dem überstiegen zu werden, worin man ist, charakterisiert das Verhältnis von Text

und Leser" (ibid. 178). Terwyl die leser in die teks as skuiwende perspektief aanwesig is, kan die teks in die leser as "Bewusstseinskorrelat" beskryf word. Die terme dui op sigself die ondeelbare vervlegtheid aan. Die een is dan ook nie sonder die ander beskryfbaar nie (ibid. 179).⁽⁹⁾ Om die teks terug te lees, beteken dan eintlik om terug te verwys na die reeds gelese teks soos dit binne die leser se horison geaktiveer is.

Een van die vernaamste bepalende faktore van die leesproses is sy temporale aard. Die lineêre taalaanbod word temporale lees. Dit veroorsaak dat die "Blickpunkt" steeds beweeg: na vore, maar dan ook op 'n gegewe punt terug. Op dié wyse word die temporale lees steeds in 'n sekere sin ruimtelik, te wete oorsigtelik terug- en vooruitskouend. Iser druk dit onder andere uit met behulp van Husserl se terminologie "Protention" en "Retention". Die leser "onthou" en antisipeer. 'n Dominant waar die blikpunt op 'n gegewe moment "rus", plaas voorafgegane elemente in perspektief en werp 'n skaduwee vooruit op wat nog kom. Waar dit wat volg teen die verwagtingshorison ingaan, ontstaan 'n teenstrydigheid of "Leerstelle": "So spielen im Lesevorgang ständig modifizierte Erwartungen und erneut abgewandelte Erinnerungen ineinander" (ibid. 182). Die geheue van die leser vorm 'n parallel met die lineêre werkaanbod: soos elemente in die teks agtergelaat word, net so versink die gelesene in die geheue. Dit verdwyn nie, maar word afgeskerm of "fore-shortened" (Iser 1972 A 283). Dit vorm 'n soort horison of agtergrond vir die vooropgeplaaste elemente. Daarom ook kan hulle steeds weer later in die leesproses opgeroep word. Op dié wyse korreleer tekskombinasie met subjektiewe leseraktiwiteit. Daarom kan die leesaktiwiteit beskryf word as "a sort of kaleidoscope of perspectives, pre-intentions, recollections. Every sentence contains a preview of the next and forms a kind of viewfinder for what is to come; and this in turn changes the 'preview' and so becomes a 'viewfinder' for what has been read" (ibid. 284 ; vgl. ook Iser 1976 181).

Barthes se "reading" van Sarrasine is inderwaarheid 'n demonstrasie van die temporale en ruimtelike verskuiwings kenmerkend van die leesproses. Hy beskryf self die leesproses - in terme van "naming" wat neerkom op betekenisgewing - soos volg: "To read is to find meaning, and to find meanings is to name them; but these named meanings are swept toward other names; names call to each other, reassemble, and their grouping calls for further naming: I name, I unname, I rename: so the text passes..." (1975 11).

Die "wandernder Blickpunkt" is dus 'n soort observasiepunt van die leser in die teks; dis ook 'n differensiasiepunt. Dit maak "Abhebung" van perspektiewe moontlik. Voortlees van die werk beteken dus voortdurende perspektiefwisseling (vgl. Iser 1976 186), 'n proses wat reeds in terme van tema-horison-wisseling beskryf is (vgl. hierbo 89-90, vgl. ook ibid. 189).

Die lees déúr die netwerk van die werk skep in die leserbewussyn vanself 'n "Beziehungsnetz" met behulp waarvan die leser sintetiseer. Die volgorde van die werk word 'n rangskikking in die leserbewussyn wat dan weer op die volgorde geïmposeer word. Konfigurasie en superposisie (die Todorov-terme) is in werklikheid wyses waarop die leser ordenend in die werk aanwesig is. Die leser verander die temporale na 'n ruimtelike struktuur: "Denn Retention und Protention bedingen es, dass die sprachliche Formulierung des Textes in jedem artikulierten Lektüreaugenblick als Instruktion für die Kombination der Textperspektiven wirksam wird" (ibid. 189). Die werk doen hom voor as 'n versameling kombinasie moontlikhede maar eers wanneer die kombinasies inderwaarheid gemaak word, ontstaan die superimposisie van ekwivalensie op die taalkontinuum waarvan Jakobson praat.

Teruglees, die byhaal van wat deur "Retention" vir die leser die horison van die teks is, stel hom in staat om, waar die teks dit vereis, die "nuwe", die onbekende te konstitueer. Die proses kan

toegelig word aan die hand van Riffaterre (1978 88 en 89) se onderskeiding tussen sintagmaties en paradigmatis lees. Sintagmaties lees beteken dat die taal met sy referensiële betekenis gelees word. Die leser lees "bits of information (added to) bits of information" (1978 88). Op hierdie vlak word die repertorium geaktiveer. Intratekstuele botsing dwing die leser dan tot paradigmatis lees. Hy word gedwing om terug te lees - nie temporeel nie, maar ruimtelik, dit wil sê terugskouend. Hy lees dan in terme van gekonstitueerde betekenis, van die groeperings wat hy reeds gemaak het, die hoër orde waarin disparate data versamel is, met ander woorde in terme van die paradigma van die literêre tekens.

Riffaterre onderskei reeds vroeër 'n heuristiese en hermeneutiese leeswyse (ibid 5 en 6); laasgenoemde word soos volg beskryf: "As he proceeds through the text, the reader remembers what he has just read and modifies his understanding of it in the light of what he is now decoding. As he works forward from start to finish, he is reviewing, revising, comparing backwards" (ibid. 5 en 6). Sintagmaties en paradigmatis lees, heuristies of hermeneuties lees, vind gelyktydig plaas en dui eintlik die punt aan waar die teks van 'n materiële en deursigtige gegewe "buite" die leser omgesit word in 'n "Appelstruktuur" (term van Iser), 'n probleem in die leser, soos Riffaterre ook erken: "The semiotic process really takes place in the reader's mind and it results from a second reading" (ibid. 4). Dit is hierdie proses "in the reader's mind" wat Iser rekonstrueer, waar Riffaterre die teksstruktuur weergee. Op hierdie punt word die verskil en inherente verbondenheid van die twee aspekte en metodes duidelik: die struktuur van die teks, wat onder meer semiologies beskryfbaar is, is in die leser aanwesig as instellings of verwagtings, herinneringe van groeperings of temas, onduidelike voorstellings of onsekere groeperings. In die talle voorbeeldanalises in die aangehaalde werk aktualiseer Riffaterre self die teks-in-die-leser, maar formuleer dit in terme van die semiologie. (10)

Iser toon hierdie oorskakelingspunt tussen werk en leser aan in terme van literêre teken en leserbewussyn. Die literêre teken wek iets in die leser op; in die leser verskyn dit teen 'n horison en is dit vir die leser teen dié horison waarneembaar. Hierdie moment van waarneming of bewuswording bestaan uit die teksteke teken wat vir die leser teen sy eie horison te stand kom. Hierin sien Iser 'n aantoonbare oorskakelingspunt: "damit wird ein schematischer Punkt greifbar, an dem Textsignal und Bewusstseinstätigkeit des Lesers zu einem produktiven Akt verschmelzen, der auf keine seiner Komponente reduzierbar ist." (1976 190). Betekenisvolle lees geskied op 'n vlak wat nie na òf leser, òf teks herleibaar is nie, maar in samewerking tot stand kom. Hierin blyk ook duidelik die subjektiewe en tekstueel onkontroleerbare aspek van die uiteindelijke betekenisgewing. Daar word gedurig van die leser verlang om keuses te maak wanneer hy gestimuleerde aspekte in netwerke moet inpas. In besonder "duister", poli-interpretabele gedigte, mag die werk geen finale kontrole bied vir sy keuses nie. Die teks kontroleer die betekenis-konstituering dan slegs deur die kader van keusemoontlikhede te bepaal.

Die leser lees sintetiserend. Hy verwag betekenis, samehang en eventuele eenheid. Dit vorm die prinsipe agter die lees en bepaal die leeswyse. Die teks bied homself aan as 'n netwerk van verwysings, 'n ekwivalente stelsel of 'n "Autokorrelation" (Gombrich aangehaal Iser ibid. 195). Die leser moet, soos reeds geblyk het, hierdie netwerk lees, aktualiseer en 'n "Gestalt" tot stand laat kom. Hy is besig met wat Iser noem "Konsistenzbildung" (ibid. 193). Die leser identifiseer relasies tussen tekens en skep so 'n verwysingsamehang (ibid. 197) wat al die tekstuele elemente en leseraktiwiteit saamvat en uitdruk. Die betekenis is dus 'n resultaat van werk en leser (ibid. 198). Betekenisvorming behels dikwels reduksie, want uit die moontlike kombinerende prinsipes moet die leser kies. Ook hierdie leserkeuse is subjektief - afhanklik van sy "individuellen Dispositionen... seinen Bewusstseinsinhalten, seinen epochal und sozial bedingten

Anschauungen - kurz, von seiner Erfahrungsgeschichte..."
(ibid. 201).

Die verskillende "gestaltes" - betekeniseenhede - wat die leser gedurende die lees sintetiseer, besit elk 'n eie horison, 'n ver- skeidenheid van betekenismoontlikhede wat met hulle aanwêsigheid paraat gehou word. Watter een die leser aktualiseer, sê dus uiteindelik iets van die leser self.⁽¹¹⁾ Kortom: elke inter- pretatiewe leesmoment het sy paradigma en is daarom ook inter- subjektief: lesers kan hul interpretasies met mekaar bespreek. Dit is moontlik hierdie aspek wat 'n lw sy oopheid gee en wat Barthes die ideale teks laat beskryf het as 'n samestelling van kodes tot in die oneindige (1975 5 en 6).

Die sintetiserende proses kan in meer detail beskryf word. So wys Iser op die belangrike rol van werkgeïnisieerde verwagtings wat vervul word as deel van sintetisering (ibid. 202) asook op die noodsaak van "verkeerde" sinteses, voorlopige betekeniseen- hede wat die leser vorm om verder te kan lees. Iser noem dit "Illusionsbildung". Dis 'n reduksie van die materiaal tot waarnemingsmodelle of interpretasiesisteme wat die leser toepas om betekenis te konstitueer, 'n oorhaastige inlaat van die werk- likheid. Daarom sal die moeilike werk juis meer illusies by die leser na vore bring in sy poging om die samehangende "Gestalt" te vind (vgl. ibid. 202 tot 204).

Dit kan miskien herhaal word dat die leser volgens hierdie beskry- wing nie tekstmateriaal kombineer nie: die werk self doen dit. Hy kombineer eintlik juis dié kombinasies tot (vir hom) sinvolle groepe wat akkumulatief en oor-en-weer perspektiverend werksaam is aan die opbou van die uiteindelijke betekenis. In die proses is daar 'n gedurige oorskakeling van werkstruktuur na leserhandeling, van "Textstruktur" na "Aktstruktur". Saamgevat kom dit hierop neer: die werk dui aan en die leser selekteer. Die resultaat is dat die

betekenis van 'n lw (meestal) omring is van ander nie-geaktualiseerde betekenis. Interpretasies roep mekaar op, of behoort dit te doen, eerder as om mekaar uit te skakel. In 'n sekere sin is die lw in hierdie konsep 'n steeds uitdyende hermeneutiese sirkel waarby elke besonderheid die algemene oproep en elke element in reliëf staan teen 'n agtergrond. Ook die gekonstitueerde betekenis staan in reliëf teen die agtergrond van ander konstituerings deur ander lesers. In dié sin hou die literêre kommunikasie nooit op nie.

Soos reeds gemeld, illustreer strukturele (byvoorbeeld semiologiese) ontledings die wyse waarop leserreaksie verbonde is aan teksstruktuur. Sintetiserende lees is 'n aktualisering van die semiologiese netwerk. Lees is 'n rituele praktyk, gedoen volgens voorskrif en in die geloof dat die onsigbare verweselik gaan word - die onsigbare "Significance" (Riffaterre) of "Sinn" (Iser): "Significance is, rather, the reader's praxis of the transformation, a realization that is akin to playing, to acting out the liturgy of a ritual - the experience of a circuitous sequence, a way of speaking that keeps revolving around a key word or matrix reduced to a marker" (Riffaterre 1978 12).

5. Die omvorming van die leser

Die relasie werk-leser kan ook saamgevat word as "die Gedanken eines anderen Denken" (Iser 1976 206). Die leser laat dit in in 'n vir hom vreemde gegewe wat hy dus - by voorbaat - nog nie met sy voorhandesynende ervaring volledig kan absorbeer nie. Die vreemde voorwerp suggereer altyd meer as wat die leser op 'n gegewe moment kan verstaan (ibid. 206 tot 207).⁽¹²⁾

Die leser bevind hom in 'n posisie van "Sichversetzen" wat egter nie moet beteken "Von-sich-absehen" nie (vgl. Gadamer op. cit. 118; vgl. ook hierbo 36). By implikasie moet die hele subjektief-bepaalde persoon betrokke wees by die ontmoeting - anders

vind daar geen werklike ontmoeting plaas nie. Hierdie twee aspekte van die teks-leser-verhouding spreek ook uit Iser se siening van die literêre leesgebeure. Die leser ossileer tussen "Befangenheit und Beobachtung", tussen verstrengeling in die werk en bewuswording van homself en sy gedagtes na aanleiding van die werk (1976: 209), tussen belewenis en refleksie. Die lees-aktiwiteit behels reaksies, verrassings, frustrasie, teleurstelling - die opbou en afbraak van illusies - en het daarom die aard van 'n gebeurtenis; dit het wat Iser 'n "Geschehenscharakter" noem (ibid.: 209).

Dié gevolgtrekking van Iser, naamlik dat literêre betekenis vir die leser iets inhou van 'n gebeurtenis al is dit nie 'n reële gebeurtenis nie, is moontlik bevraagtekenbaar. Dit relativeer literêre leeshandeling in die aanskyn van werklike handeling. Eerder kan dit soos volg gekwalifiseer word: die lees van die werk is 'n gebeurtenis waarin die leser handelend betrokke is en handeling gee aan 'n skynbaar soliede "objek", naamlik die werk. Eksterne ontvangerhandeling word interne leserhandeling.

Die inlaat met die teks wat leserhandeling word, het 'n "Verstricktsein" (of verstrengeling) tot gevolg wat die eintlike kern van die verhouding teks-leser is. Iser verklaar die verstrengeling na aanleiding van die illusies, die "verkeerde" gestaltes, wat die materiaal is vir die meer doeltreffende groepering (laasgenoemde is uit die oorskot van die verkeerde groepering opgebou). So gryp die werk in op die skynbaar nie-tersaaklike subjektiwiteit van die leser en betrek dit hom al meer en meer. Dit verklaar ook die hoë graad van verstrengeling by moeilike werke. Betrokkenheid by die werk kom eintlik neer op betrokkenheid by jouself as leser (ibid.: 214). Deur die gedagtes van die werk te dink, word die leser egter ook gedwing om anders te dink en anders te word - 'n vereenvoudigende weergawe van wat Iser die ervaringsaard van die lees noem (ibid.: 215). Die werk verskyn as "Abhebung" in die leser se ervaringsveld, en word

tydelik die teenwoordige terwyl vorige ervaring verlede word. Die andersheid van die werk kan egter slegs blyk as die oue as horison werksaam bly (ibid. 215). As die leser dan verder konstitueer, sal die nuwe ervaring - die literêre werk - sy vorige persoonlike ervaring omvorm. Lees is nie 'n onskuldige en escapistiese bedryf nie, maar gryp in op die persoon van die leser. Miskien moet bygesê word; dié moontlikheid lê ingebed in die literatuur. Die aard en graad van die effek hang in hoë mate af van die leeswyse van die leser. Hierdie verskynsel beteken ook dat die effek van literatuur in die leesproses self begin (vgl. ibid. 216). Iser kwalifiseer literêre effek konsekwent as afhanklik van "Die Wechselwirkung von Umschichtung und Formgebung". Waar daar blote identifikasie is, is daar op hierdie vlak nie effek nie.

Effek word deur Iser verder aangedui as selfwaarneming gedurende die lees. Die diskrepancies wat gedurende die lees ontstaan, bring dit teweeg en "man sieht sich zu, worin man ist" (ibid. 218). Wat die leser waarneem, is nie homself in die werk nie, maar sy eie betekenisgewende denke soos geïnisieer en gekontroleer deur die werk. Selfwerksaamheid word selfbetragting.⁽¹³⁾

Die eerste effek of "Wirkung" van die lw is dus die leeshandeling en Iser dui die werklikheidsonttrokke aard daarvan aan met die term "passiven Synthese". Die sintetiserende lees bring 'n passiewe sintese te voorskyn wat ooreenstem met 'n "Bild" as iets wat "etwas zur Erscheinung (bringt), das weder mit der Gegebenheit des empirischen Objekts noch mit der Bedeutung eines repräsentierten Gegenstands identisch ist." (ibid. 220). Iser vind hierin 'n nuttige aanduiding van die moeilik definieerbare resultaat van werk-leser-interaksie, naamlik die betekenis self. Dis 'n eienskap van die beeld (van iets) dat dit 'n nuwe perspektief bied op dit wat dit "af"-beeld (ibid. 221). Deur die werklike ding (tydelik, skynbaar) afwesig te maak, maak dit iets nuuts daaromtrent aanwesig. Die literêre werk is in 'n sekere sin 'n leservoorstelling, of 'n waarnemingswyse parallel met die literêre vorm wat saamgevat kan word as leeswyse (ibid. 222). Die literêre objek bestaan by grasie van en gedurende die leservoorstelling (ibid. 225).

Dit is by hierdie aspek dat Iser die ontpragmatisering van die leser aandui. Omdat die leser tydelik 'n voorstelling tot aanwesigheid gemaak het, maak hy die empiriese realiteit afwesig. Die effek hiervan - en dus van literatuur in die breë - is vir Iser die moontlikheid dat die eie realiteit geobjektiveer word, dat dit waarneembaar word - en (hoewel Iser dit nie uitspel nie) dus ook beoordeelbaar, verstaanbaarder.

In hierdie distansiëringseffek van literatuur wat die hier en nou in 'n sekere perspektief bring, lê moontlik die verklaring vir die neiging om die literatuur te funksionaliseer. Die beperking wat dit vir die literatuur kan inhou, kan nou in Iser se terme verklaar word: hoe kleiner die distansie (soos deur die gedig bewerkstellig of deur die leser wanneer hy begin "toepas"), hoe kleiner word die perspektief op die hier en nou. Alle toepassings moet noodwendig die perspektief vernou. Die paradoksale hiervan is dat "toepassing" die afronding is van die konstitueringsproses wat in die leser aandiegang gesit is. Ook die besluit om die werk "outonoom" te laat en te isoleer van pragmatiese toepassingsterreine is eintlik reeds 'n "toepassing", 'n verwerking van die bestaan van die werk.

Hoe nader aan die werklikheid, hoe verder van die literatuur, skyn dit. Meer spesifiek beteken dit dat literatuur slegs in isolasie outonoom kan bly. Isolاسie of outonomie is beskryfbaar nie as 'n inherente kenmerk van die literatuur nie, maar as 'n - eksterne- leserhandeling na aanleiding literatuur. Outonomie is nie 'n burgerlike ideologie en betrokkenheid is nie 'n Marxistiese preskripsie nie: albei is bestaansmodi van gelese literatuur. Dit hang van die leser af. Hierdie afhanklikheid, wat eerder as 'n potensie uitgedruk moet word, is wel inherent aan die literatuur. Uiteindelik is dit 'n geval van wedersydse "Abhebung": die literatuur benodig die werklikheid om as literatuur ervaarbaar te wees, en omgekeerd.

Die poësie van Wilma Stockenström kom dikwels "outonoom" voor; dit isoleer homself van toepassings - selfs waar daar aktuele repertoria skyn te wees - vanweë 'n hegte semiologiese struktuur. So byvoorbeeld kan Ooskus (Stockenström 1973 40) gelees word as konvergerend om die "matrix" (of "Sinn") : uit die dood kom lewe en in die lewe is die dood. Sy matrix is 'n paradoks wat homself in alle teksonderdele herhaal sodat die gedig uitkring en inkring terselfdertyd: die leser lees sirkulerend om hierdie kern (vgl. hierbo 17). Afrikaliefde (Stockenström 1970 35) werk homself uit en sluit homself af deur twee oorvleuelende perspektiewe: 'n geografiese en 'n erotiese beeld, verbind deur 'n ek-spreker. Die betekenis wat uitkristalliseer is: die onvermoë tot versmelting.⁽¹⁴⁾ Hierdie skynbare afgerondheid of "outonomieit" is die keerkant van 'n betrokkenheid, maar die "betrokke" terrein word effektief verswyg - effektief in die letterlike sin: die leser moet toepas. Volstaan die interpretator-leser met bogenoemde samevatting van die "Sinn", dan weier hy 'n toepassing. Dan besluit hy - miskien omdat hy geskool is in die outonomistiese leer - dat die gedig volledig is soos hy daar staan. Pas hy dit toe - omdat hy polities bewus is, kennis het van die outeursbiografie of moontlik op grond van filosofiese kennis - dan word Ooskus 'n beeld van die sterilisasie van Afrika deur Westerse ontwikkelingsug en Afrikaliefde moontlik 'n skimp op détente, of 'n liefdesgedig, en so meer. Die leser betrek die gedig en in die "betrokkenheid" blyk sy andersheid tóg.

Om dit saam te vat, en vanuit leseroogpunt gestel: in isolasie is die gedig 'n appèl en onvoltooid; in 'n toestand van betrokkenheid-by is hy ingeperk.

Dit volg dan ook dat standpunte vir of teen betrokkenheid en outonomsie onderskeidelik nie die werk self nie, maar die motiewe van die eksponente aktualiseer.

Op 'n merkwaardige manier slaag Iser daarin om aan die literêre objek werklikheid toe te sê sonder dat hy ooit werklike "ding" word. Wat skyn te gebeur, is dat die outonomie van die literatuur verplaas word van die werk-self na die leesproses (nie die leser nie). Hier bestaan hy in wisselende oopheid en geslotenheid as 'n betekenis-"objek" wat nie herleibaar is nie. Juis daarom kan hy nie geobjektiveer word in terme van werkstrukture of gesubjektiveer word in terme van die leser nie. Hy handhaaf 'n sekere onaantasbaarheid. "Betrokkenheid" met die gepaardgaande reduksie is 'n potensie inherent aan die literatuur, maar ook inherent aan die literatuur is die regstelling van die reduksie. Onaantasbaarheid en toepasbaarheid is eienskappe van die literatuur wat in verskillende grade deur lesers geaktualiseer word.

Outonomie moet eerder gesien word as 'n ideaal wat homself afbaken van die realiteit dáár waar literator en leser die wisselvalligheid van hul aktiwiteite herken. In Iser se terme gestel: in die werk is die leser wisselvallig; in die leser egter, is die werk wisselvallig.

Om die literêre werk soos Iser te beskryf in terme van sy "Funktionsgeschichte", sy effek op die leser, beteken om hom te beskryf in terme van die enigste wyse waarop hy in elk geval kenbaar is, naamlik as effek (op 'n leser). Lees is geaktualiseerde effek en gaan in elk geval alle benaderings - van die psigologistiese tot die matematiese of semiologiese - vooraf. Iser metodologiseer met sy fenomenologie van die leeswyse die a priori van alle literêre metodes. Die beperkings van metode, naamlik dat dit die werklike gegewe inhok, en die beperkings van 'n metataal, naamlik dat dit die werklike gegewe nie kan herhaal nie maar slegs kan "bespreek", geld ook hier, maar die beperkings word nou self metode. Subjektiviteite en reduksies is aktief werkzaam in die leesproses en word gedurig daardeur in perspektief geplaas.

Slegs in die bybetrek van die subjektiviteit blyk die "Sinn" van die werk en slegs dan kan dit op die leser inwerk of homself in

die leser uitwerk (ibid. 246). Hierdie "Sinn" skei homself af van die werklike outeur en leser, want hy benodig gedagtes, nie referensiële werklikhede nie, vir sy uiteindelijke konstituering (ibid. 249). Dit moet egter die gedagtes van 'n werklike leser wees: "Denn wir vermögen die Gedanken eines anderen nur deshalb zu einem uns beherrschenden Thema zu machen, weil diese dabei immer auf die virtuell vorhandenen Orientierungen unserer Person bezogen bleiben" (ibid. 251)⁽¹⁵⁾. Iser druk dit uit as 'n innerlike splitsing of verdeeldheid in die leser, 'n spanning tussen leserhabitus en werkhobitus. Die leser los nie die spanning op deur die eie, "ou" habitus te herinstalleer nie. Hy moet dit omstruktureer. Hier kom 'n subjektiewe element van die leser in die spel wat Iser spontaneïteit noem. Die leser is op dié stadium vrygemaak in die sin dat hy nou 'n stellingname kan kies terwyl hy histories deur stellinge gekies, dit wil sê bepaal is (vgl. ibid. 253 en 254). Hierdie vryheid is eintlik dwarsdeur die leesproses aktief sodat die werkstruktuur gesien kan word as middel om spontaneïteit te mobiliseer (ibid. 253).

Iser kom op grond hiervan tot die volgende omvattende en insiggewende slotsom oor literatuur en sy funksie: "(In diesem Sinne) bietet Literatur die Chance, durch Formulierung von Unformulierten uns selbst zu formulieren". Literatuur lei tot wat doeltreffend met die Engelse woord "awareness" beskryf kan word, 'n basies moralistiese slotsom. By implikasie is die literatuur hiermee verbind aan die etiek. Op een of ander wyse verander dit nie net nie: dit verbeter (vgl. ibid. 255 tot 256).

In 'n verdere konsekwente deurvoer van sy model toon Iser aan waar die werkimmanente, werkgereguleerde voorstellings ophou en betekenisintese oorgaan tot werktransenderende, ongereguleerde interpretasie. Hy stel dit in terme van die (hermeneutiese) onderskeiding tussen "Sinn" en "Bedeutung" (vgl. hierbo 43). Die passiewe sintetiserende leesproses lei tot voorstellinge waarin die "Sinn" van die werk blyk, die "Sinn" van 'n vreemde

realiteit waarin die leser homself ook bevind omdat dit gebonde is aan sy temporale lees. Hy is -as leser - in dit wat hy "inlees", dit wil sê konstitueer. Hyself maak die vreemde irreële realiteit van literêre betekenis werklik. Daarom, aldus Iser, ontstaan die vraag na "Bedeutung", 'n vraag wat eintlik lui: "Wat het met my gebeur?" Die leser wil dus sy eie leeservaring, wat neerkom op 'n betekeniservaring, interpreteer (vgl. ibid. 243 en 244). Vir hierdie interpretasie is die leser aangewese op voorhandesynde, vir hom bekende interpretasieskemas, op verwysingsvelde van sy persoonlike en omringende realiteit. Hy gaan te werk "je nach dem sozio-kulturellen Code bzw. je nach den individuellen Geltungen des Habitus, die nun die Bedeutung des Sinnes auszulegen beginnen" (ibid. 244).

Hierdie onderskeiding van subjektiewe leserhandelinge stem ooreen met Groeben se werkimmanente en werktransenderende strukture.

"Bedeutung" is interpretasie, metataal, toepassing. Die belangrike bydrae van die leesanalise is dan ook dat dit hierdie onderskeid na vore gebring het. Die onderskeid tussen leesanalise en resepsieestetika lê ook daarin dat laasgenoemde met "Bedeutung" besig is, soos onder andere die werk van Jauss illustreer (vgl. ibid. 245). Ook is literatuursosiologiese bydraes klassifiseerbaar as "Bedeutungs"-prosedures. "Bedeutung" is die werklike leser se vraag na wat met hom as implisiete leser "gebeur" het.

VOETNOTE:

1. Riffaterre ontwerp in "Archileser" as metode om stilistiese eienskappe van 'n lw vas te stel. Dié leser is by implikasie 'n refleksie van die wyse waarop die teks vir die leser geskryf is. Vgl. Riffaterre, 1975, pp. 196 tot 227 en spesifiek hieroor pp. 167 tot 169 en 172 tot 173.
2. Vgl. Iser (1976), pp. 153 en 154 waar hierdie saak toegelig word met Gombrich se skema-en-korreksie-model.
3. Die mees algemene kritiek is teen die skynbaar willekeurige subjektiwisme waaraan Iser se siening die lw blootstel. Vgl. byvoorbeeld Link se kritiek (Buursink, 1978, pp. 191 tot 192) asook Iser se repliek hierop en op ander kritiek (1975, pp 325 tot 341).
4. Oor die "Figur-Grund"-model vergelyk ook Leibfried, 1970, p. 307.
5. Iser onderskei voorts verskillende organisasie Modelle van tema en horison, te wete kontrafaktiese, opposisionele, "gestaffelte" en reeks-kombinasies (1976, p. 171).
6. Vgl. ook redelik resente linguïstiese literatuurteorie soos dié van Leech (1969), spesifiek p. 5.
7. Die "distance and impersonality" waarna Culler verwys (1975, p. 164), verwys na die gespreksituasie wat "fiktief" is (dit moet onderskei word van die fiktiewe spreker of hoorder as strukturerende figure in die teks).
8. Culler meld 'n paar "models of unity", waarvolgens lesers - nie noodwendig bewustelik nie - lees (vgl. op cit. 172). Hierdie Modelle is vergelykbaar met Iser se modifikasies van die tema-horison-struktuur.
9. Gadamer (1975) se beskrywing van die teks-leser-verhouding vanuit 'n hermeneutiese perspektief wys die hermeneutiese aard van Iser se beskouing uit. Vgl. pp. 14 en 15.
10. Leibfried (1970) se onderskeiding tussen "Aufbauendes" en "Aufgebautes" is hier verhelderend. Hy onderskei tussen "Verlaufsgestalt", die betekenis soos al lesend gevorm, en "Simultangestalt", die betekenis soos hulle al lesend geïntegreer word.

Hiermee word betekenis uitgedruk as 'n tydruimtelike ervaring van die teks (meer spesifiek: van die gelese teks). Die vooruitgeprojekteerde horison van die lees - Iser se "Protention" - formuleer Leibfried as die "erwartend Entworfen" waarby "Retention" as "retentional bewussten Vergangenheit" as basis optree. Vgl. p. 304 .

Vir Leibfried beteken voortlees 'n progressiewe presisering van die betekenis: "Die Figur wird immer prägnanter, sie hebt sich mehr von ihrem Grund, von dem Auch-Möglichen" (ibid. 309).

11. Hierdie stelling word nie eksplisiet deur Iser gemaak nie, maar wel geïmpliseer. Vgl. op cit. 201.
12. Iser kenskets op grond van hierdie prinsipe didaktiese literatuur as werke met 'n minimum aan "ausgeschlossene Möglichkeitskranz". Vgl. ibid. p. 207.
13. Hiermee wys Iser 'n moontlike kenmerk van die estetiese ervaring uit, want hierdie selfbetragting is deel van die konstituering van die uiteindelijke ontwykende betekenis, die estetiese objek. Vgl. ibid. 218.
14. Die ek-spreker verdoesel sy eie onvermoë en die leser word gelei om dié versteekte kennis by te lees; vgl. verder ook Bredell (1979), p. 64.
15. In teenstelling met Iser se eie skerp onderskeiding, blyk die verbintenis tussen implisiete en werklike leser hieruit.

VIII. Samevatting

'n Politieke gedig gaan oor die politieke werklikheid. Dit het iets oor hierdie werklikheid te sê. Dan moet die politieke werklikheid in die gedig aantoonbaar wees en dan moet die gedig beoog om iets te bewerkstellig deur wat hy sê - 'n bevestiging, verwerping, verandering, perspektivering of hoe die "boodskap" ook al geformuleer mag word. In die inleiding is die probleemstelling van hierdie studie geformuleer as die bepaling van die oorskakelingspunt tussen teks en leser waar die teks uitwerking (op die leser) word en sy "funksie in die werklikheid" blyk, en waar die werklikheid (soos die leser dit ken uit sy oogpunt) teks word.

Die teoretiese fundering van 'n leesgesentreerde ondersoek na sosio-politiese elemente in die poësie het probeer bewys dat die lees-situasie 'n sleutel kan wees vir die oplossing of minstens die verheldering van hierdie probleem.

Die werklikheid is 'n voorveronderstelling van die literatuur; dit is sy kommunikatiewe basis. Die betekenis van 'n lw word met behulp van hierdie gedeelde basis - wat Barthes in terme van kodes kategorieer - konstitueerbaar. Grondliggend hieraan is die tese dat die literatuur - dus ook 'n gedig - 'n kommunikatiewe situasie daarstel. Dit veronderstel 'n leser en hierdie leser kan net 'n werklike leser wees, met al sy historiese en subjektiewe bepaaldheid.

Daar is egter vasgestel dat hierdie leser nie net ekstern - wanneer die gedig gepubliseer of die bundel opgeneem en gelees word - 'n rol speel nie, maar dat hy deel is van die teks omdat hy by die skryf of ontstaan van die teks reeds veronderstel is. Die skryf van 'n gedig veronderstel dat hy gelees kan word.⁽¹⁾ Die wyse waarop geskryf - dit is: gestruktureer - word, hou die leser in gedagte. Dit is om hierdie redes dat semiologiese en linguïstiese ontledings van 'n gedig nie alleen die struktuur van die teks-self, die teks soos geskryf, ontleed nie, maar potensieel ook die leesstruktuur aandui.

'n Politieke gedig gaan so gestruktureer wees dat hy 'n politieke leeswyse bewerkstellig of minstens bemoontlik. Hy is gekonsipieer en gebou met 'n "politieke" leser - 'n aktueel-politiese horison - in gedagte. Omgekeerd sal die leser hierdie skryfwyse deur sy leeswyse aktualiseer. Hy doen dit nie alleen deur bepaalde modelbetekenisse, interpretatiewe raamwerke soos die politieke vir die gedig vir homself aan te dui nie, maar ook deur die wyse waarop sy siening van sake, sy beleving van die wêreld - dié aspek van die wêreld wat die gedig in hom opneem - genuanseer word. Die gedig tree op as fokus op sy eie werklikheid. Terwyl hy (politieke) betekenis konstitueer, word hy self (politiek) gekonstitueer.

Die sosiopolitiese element in die gedig is dus aantoonbaar en beskryfbaar as uitwerking op die leser.

Op dié wyse is die werklikheid beskryfbaar as agtergrond van die leser-in-die-gedig (maar deur die gedig veronderstel as repertorium) en voorts as uitwerking van die gedig-in-die-leser (as "Wirkung"), soos die probleemstelling in die inleiding as oogmerk uitgestippel het. (vgl. hierbo 13)

Resente strukturalistiese en semiologiese beskrywings van die teks wys die werklikheid in die teks aan as kode, of ook as woordsemantiek en interteks - aspekte wat 'n leser met 'n sekere kennis, vaardigheid en onderskeidende, sintetiserende aktiwiteit veronderstel. Die hermeneutiek het reeds geprobeer om subjektiwiteit in te sluit by sy ondersoek na die verhouding tussen teks en leser. Onderzoek na spraakhandelinge en die moontlikheid dat die gedig op 'n spraakhandelingsmodel gebaseer is, wys op die aanwesigheid van 'n leser as werklik lesend, maar ook as implisiet aan die teks.

Die besondere verhouding tussen teks en leser en tussen politieke gedig en politieke leser word hier beskryf in terme van 'n fenomenologiese model. Dit beteken dat die gedig beskryf word op die wyse waarin hy aan die leser verskyn - meer spesifiek: die wyse waarop hy

in die leser verskyn. Hierdie filosofiese benadering is per definisie die beskrywing van die kontakpunt tussen ding en waarnemer, tussen objek en subjek. Moet die model van Iser verwerp word indien die fenomenologiese grondbeginsel onaanvaarbaar word? Die antwoord hier is klaarblyklik "nee".

Alle konstruktiewe perspektiewe is sekerlik van belang en moet krities oorweeg word. In hierdie geval word die gevolgtrekkings wat Iser maak egter bowendien deur ander - meer "literêre"? - benaderings gesteun.⁽²⁾ Die fenomenologiese model is in die lig van die voorraad aan modelle en navorsing op hierdie stadium nòg 'n bevestiging van wat al hoe meer as 'n soort "literêre feit" duidelik word, naamlik dat die literatuur - dus: die gedig - 'n aanbod of appèl is, maar 'n fyn gestipuleerde, preskriptiewe aanbod; dit is 'n leesaanbod wat die leeswyse vaslê en hierdie leeswyse behels nie net die temporaal-ruimtelike, visuele aktiwiteit van die leser nie, maar ook sy betekenisvorming. Gelese struktuur is ook semiologiese struktuur.⁽³⁾ Riffaterre se ontleding van die wyse waarop die struktuur die leeswyse beperk (1978 165) illustreer wesenlik ook dat teksstruktuur en leesstruktuur onskeibaar is: "Far from freeing the imagination, far from giving the reader greater leeway as it invites him to greater participation, reading is actually restrictive...." (ibid. 165). Hiermee word die basis van die "Wirkung" semiologies geformuleer.⁽⁴⁾ Literêre outonomie, die geslotenheid van die gedig as literêre/semiologiese struktuur word omgesit in leserreaksie.

Op hierdie basis kan repliek gelewer word op die kritiek teen Iser dat hy op twee stoele probeer sit. Sy "Leerstellen" wil impliseer dat die lw 'n bepaalde, geslote struktuur het en dus outonoom is, terwyl dit terselfdertyd die noodsaaklike rol van die leser aantoon, waarmee die outonomie per definisie opgehef word. As dit outonoom is, is die leser immers geen faktor nie (vgl. Link in Buursink op. cit. 127). In dié opsig is hierdie studie 'n bevestiging van Link se kritiek: teks-in-die leser en leser-in-die teks behels in dié lig 'n metodologiese en prinsipiële verbastering. Die lw is outonoom, maar....; die leser ervaar die werk omdat hy subjektief betrek word,

maar Literêre benaderings kan egter nie bloot op hulle teoretiese suiwerheid beoordeel word nie. Waar hulle prakties toepasbaar is, verkry hulle 'n geldigheid wat moontlik die teorie wat hulle veroordeel, kan bevraagteken.

Die teoretiese fundering het aangetoon dat die leessituasie 'n gesprek, interaksie, wisselwerking of dialoog behels. Daar kan gevra word of 'n beskrywing in terme van dialektiek nie 'n nuttige teoretiese model kan wees nie.⁽⁵⁾ Outonomie en variabiliteit hoef mekaar nie te weerspreek nie.

Iser se benadering verskaf 'n model vir die binnegesprek, die besondere soort gesprek wat die "literary event" is (Riffaterre ibid, 116). Die rol wat die buitegesprek - die werklike leser - hierby speel, word hierby enigsins onderskat of weggelaat en sal in die toepassing betrek word. (Vgl. hieroor hierbo ., 19) Juis in die lig van die werklike leser word die implisiete leser, die leser-in-die-werk, duidelik; hy verskyn as rolle wat die werklike leser moet speel, houdings wat hy moet konstitueer, sienings wat hy - tydelik - daarop na moet hou in sy identifikasie met die implisiete spreker.

'n Politieke gedig is "betrokke": dit betrek die werklikheid in hom en betrek homself by die werklikheid. Hierdie stelling word nou beskryfbaar in terme van die besondere wyse waarop die leser betrokke gemaak word by die werk en onttrokke raak ten opsigte van sy eie werklikheid, om daardeur op 'n nuwe wyse weer daarby betrokke te raak. Die ondersoek wil aantoon hoe literêre betrokkenheid aantoonbaar is, onder andere, as leserbetrokkenheid by die werklikheid.

Die werklikheid in die gedig is 'n aspek van die uitwerking op die leser: dit bemoontlik die uitwerking omdat dit, soos Iser dit stel, die werklikheid self kommunikeer en kommunikeerbaar maak.⁽⁶⁾ As onder uitwerking verstaan word die betekenis wat die leser konstitueer in die lig van sy eie horison, dan is die werklikheid as aanwesigheid in die teks en as funksie in die werklikheid hierin aantoonbaar.

Dit is dan ook soos Iser se gebruik van die begrip "Wirkung" verstaan moet word. "Wirkung" is 'n konvensionele aspek van resepsie van literatuur (vgl. Mandelkow 1978 35 en 36), Dit is by uitstek die ondersoekterrein van die hedendaagse resepsie-estetika.

Horst Steinmetz vat die resepsie-estetiese ontwikkelinge soos volg saam: "Die kommunikative Interaktion zwischen Text und Leser wird mehr und mehr zum Ausgangspunkt literarischer Analysen. Der 'Erwartungshorizont' des Lesers lenkt mehr Aufmerksamkeit auf sich als die Intention des Autors." (1975 223). Iser se beskrywing van die leesituasie soos hierbo geïnterpreteer is nóg 'n ondersoek na "der (einzelne) Leser als 'Verwirklichender des Textes' wat daardeur "gewissermassen Bestandteil des Textes sei" (ibid. 223).⁽⁷⁾ Die konflik tussen werkstruktuur en die struktuur van histories-bepaalde eksterne norme is die objek van die resepsie-estetika. Dit wil probeer aantoon watter aspekte van die struktuur op 'n bepaalde tydstip geaktualiseer word, en waarom (vgl. Kunne-Ibsch 1978 125). Dit gaan om die "Wirkung" van die lw binne 'n bepaalde historiese en sosiale situasie. Binne hierdie raamwerk kan die ondersoek van Iser afgebaken word as 'n poging om vas te stel hoe die werk vir die leser "Wirkung" word. Iser probeer die pragmatiese aspek van literatuur definieer, wat Moles beskryf as "that portion of semiotic which deals with the origin, the uses, the effects of signs within the behaviour in which they occur" (aangehaal deur Warning op cit. 31; my kursivering).

Iser toon naamlik aan hoe die onpragmatiese aard van die literatuur juis aanleiding gee tot sy pragmatiese verwesenliking deur die leser en hoe hierdie pragmatisering van die literatuur tekstueel veranker is. (vgl. hieroor Warning ibid. 31 tot 33) Die pragmatiek van die literatuur lê in die wyse waarop die leser die werklikheid aanvul of uitbalanseer terwyl hy besig is om die lw vir homself toe te eien. (vgl. ibid. 35)

"Wirkung" as uitwerking op die leser en nie net reaksie van die leser nie, beteken uiteindelik leserkonstituering. Hierdie uitwerking

word deur Iser breedvoerig beskryf, maar is nie sonder meer aanvaarbaar nie. Dit is gebaseer op die tese dat die literatuur dit wat in die gesistematiseerde werklikheid op die agtergrond is as tema op die voorgrond plaas (vgl. Iser 1976 119 tot 123). Hierdeur kanselleer hy die aura van vanselfsprekendheid en algemeen-geldigheid - 'n mens kan aanvul: van onveranderbaarheid - van die werklikheid (vgl. *ibid.* 120 en 121).⁽⁸⁾ Die leser word geperspektiveer ten opsigte van die werklikheid: hy sien die leemtes wat die heersende sisteme problematiseer. Vanselfsprekende werklikhede word sigbaar as oorheersing, as illusie of as reduksie.⁽⁹⁾ Die vanselfsprekende werklikhede word ervaar as oorskoubare en bevraagtekenbare gehele.

Hierdie werklikheidservaring is, na aanleiding van Iser, die keerkant van die fiksionele ervaring, die lees van die gedig. Om dit te kan lees, moet hy van sy omgewing vervreem word. "Wirkung" behels dus die bevryding van die leser uit sy konteksgebondenheid: "Der fiktionale Text erlaubt es seinen Lesern, die jeweilige Position zu transzendieren, an die sie in der Lebenswelt gebunden sind" (*ibid.* 132). 'n Aspek hiervan is die "Formulierung des Unformulierten" (*ibid.* 255).

Omdat lees 'n gebeurtenis is en so ervaar word deur die leser, omdat sy betekenisgewende aktiwiteite hom met hierdie werklikhede laat speel sodat hy hulle self tydelik ophef, is die literatuur 'n "imaginären Bewältigung defiziter Realitäten" (*ibid.* 321).⁽¹⁰⁾

Hierdie "Wirkung" is egter 'n aspek van die "Wirkung" wat in die teks as leesaanbod vervat is. Dis 'n aspek van die lees van die werk deur 'n bepaalde leser en dit beskryf sy persoonlike ervaring daarvan.

Iser begewe hom hiermee op die terrein van literatuuretik. Volgens watter norme moet die funksie van literatuur beskryf word? Sy beskrywing gee wesenlik 'n teoretiese raamwerk van effek en die politieke - byvoorbeeld - kan hier ingelees word. Tog veronderstel dit 'n norm, soos reeds gemeld. (vgl. hierbo 109). Is visie op die werklikheid, insig in sy gebreke of opheffing van die sisteem altyd noodwendig "goed"? Volgens watter wêreldbeskouing is dit goed/sleg, of is dit 'n universele norm?⁽¹¹⁾

Dat die model met sy implikasies en bevraagtekenbare aspekte egter nogtans die praktyk van die lees van literatuur toelig en die politieke werklikheid vervat in die werk en vervat in die leser as effek aantoonbaar maak, sal in die volgende afdeling gedemonstreer word.

Die toepassing en sy vernaamste model sluit aan by die resepsie-estetika en spesifiek sy "Wirkungsgeschichtliche" aspek: die ondersoek na effek op histories-bepaalde lesers.⁽¹²⁾ Dit betree ook hiermee die terrein van die pragmatiek van die literêre werk.

Die teoretiese ondersoek na die verhouding tussen literatuur en politieke werklikheid in die lig van die verhouding tussen literêre werk en leser, lei tot die volgende tese:

SOSIOPOLITIESE ELEMENTE IN DIE LITERATUUR IS 'N FUNKSIE VAN DIE VERHOUDING TUSSEN WERK EN LESER. DIT IS 'N FUNKSIE DAARVAN IN DIE SIN DAT DIT IN DIE WERK AANWESIG IS OM SO 'N VERHOUDING TOT STAND TE BRING EN IN DIE SIN DAT DIT IN HIERDIE VERHOUDING EFFEK OF UITWERKING HET.⁽¹²⁾

VOETNOTE:

1. Die literatuur is en word ook geskryf om gehoor te word, maar word dan eerstens voorgelees of voorgedra. Beide "vorme" het die taalstruktuur gemeen, maar die geskrewe literatuur is nie, soos die mondelinge, oop vir verandering deur oorlewering nie. Vir die doel van die tesis word met literatuur bedoel geskrewe literatuur. Vgl. hieroor onder andere Naumann (1976), pp. 8 en 9.
2. Iser werk interdisiplinêr, en betrek onder andere ook informasieteorie.
3. In die sin soos deur Riffaterre (1978) gebruik. Vgl. byvoorbeeld weer pp. 164 en 165.
4. Die werklike effek - leserspanning tussen verstrengeling en bewuswording, tussen illusie en opheffing van illusie - blyk ook by Riffaterre: "Because these ungrammaticalities threaten language as representation, the reader continually seeks relief by getting away from the dubious words, back to safe reality (or to a social concensus as to reality)..." (ibid. 165).
5. 'n Volledige beskrywing van die dialektiek as filosofiese konsep soos deur die Marxisme ontwikkel kan nie hier gegee word nie. Vgl. egter die volgende samevatting van Note (1976), p. 39: die dialektiese materialisme is 'n aspek van die historiese materialisme, en "Dit houdt in dat de geschiedenis van de maatschappij vooruitgaat door ontwikkeling en oplossing van tegenstellingen, waarvan de belangrijkste gesitueerd wordt in de economische sector van het menselijke leven: in onze maatschappij de tegenstelling tussen kapitaal en arbeid". Die estetiese teorie van Adorno (1970) beskryf die verhouding tussen literatuur en (sosiale) werklikheid in terme van die dialektiek; naamlik as 'n "Dialektik von ästhetischer Qualität und funktionaler Gesellschaft" (p. 372). Vgl. die inleiding van hierdie studie waar Adorno se sienings verder toegelig word en die dialektiek duidelik blyk.
6. Vgl. Iser (1976), p. 122: "Konstituiert die Fiktion einen solchen Zusammenhang der Wirklichkeit (naamlik die sisteem met sy skadukante), dann ist sie nicht mehr deren Opposition, sondern deren Kommunikation".
7. Vgl. hieroor ook Kunne-Ibsch (1978), p. 119: "De receptietheorie, die zich weliswaar bezighoudt met het esthetisch object, oriënteert zich op het artefact, dat het uitgangspunt is voor alle concretisaties. Het esthetisch object is als trefpunt van artefact en lezer veranderlijk. Wanneer van geval tot geval verschillende normensystemen van een groep lezers geconfronteerd worden met een tekst, kunnen wisselende relaties beschreven worden...."

8. Vgl. Iser, op. cit., p. 122: "Da die Literatur eine Reaktion darauf verkörpert, was die jeweils historische Gestalt des Sinnsystems als Problem hinterlässt, liefert sie wichtige Anhaltspunkte über die Geltungsschwäche der betreffenden Sinnsysteme und ermöglicht dadurch eine Rekonstruktion des historischen Problemhorizonts".
9. Hierdie uitwerking is mede die gevolg daarvan dat die literatuur juis die bekende "werklikheid" as kommunikatiewe basis, as aanknopingspunt, paraat hou.
10. Literatuur kan daarom moontlik beskryf word as 'n soort metahandeling, na aanleiding van Wunderlich se konsep van "metataal" as die linguïstiese kompetensie wat die literêre werk by die leser aktiveer. Vgl. Warning (1975), pp. 35 tot 37.
11. Die normatiewe in die beskrywing blyk ook as dit met Adorno se uiteensetting van die funksie van funksielose literatuur vergelyk word. Inderwaarheid is baie bekende sienings van die funksie van literatuur hierin vervat. Vgl. byvoorbeeld Sartre se siening van literatuur as rewolusionêr. Dit is dus nie nuut nie.
12. Die woord "funksie" word hier strukturalisties gebruik ; dit verwys na die struktuurkomponente en hul interrelasies en nie na pragmatiese gebruik of "Wirkung" nie.

AFDELING B

EKSPERIMENTELE DEMONSTRASIE VAN 'N LEESGESENTREERDE BENADERING

TOT POËSIE

- gebaseer op Iser se fenomenologiese model van die leesproses en toegepas as eksperimentele bepaling van die sosiopolitieke elemente in die poësie.

1. Inleiding

Aangesien Iser se fenomenologiese beskrywing van die leesproses nog nie in 'n breë kring toegepas en die resultate die beskrywing as metode gevestig het nie, is hierdie demonstrasie eksperimenteel en nie bedoel as onomstootlike bewys van die geldigheid van die model as metode nie. Dit wil die model - met kwalifikasie, soos genoem - as moontlike metode aanbied en is daarom 'n demonstrasie.

Die demonstrasie is intersubjektief deurdat dit sy model as voorafinstelling uiteengesit het en deurdat sy toetsmateriaal - enkele gedigte van Wilma Stockenström - empiries van aard is. Daarom is die metode en toepassing weerlegbaar of kwalifiseerbaar en is dit dus "oop vir kritiek", waardeur dit, in aansluiting by Popper (vgl. hierbo 40), ook aanspraak maak op wetenskaplikheid.

'n Beoordeling van die wetenskaplikheid moet egter geskied in die lig daarvan dat dit 'n demonstrasie is en nie 'n direkte toepassing nie. Die empiriese materiaal word nie déúr die model gelees nie, maar eerder in die lig daarvan. Daar is uitbreidings, kwalifikasies en kommentaar.

Die empiriese data is om die volgende redes gekies: die drie gedigte wat die basiese toetsmateriaal sal wees, het almal potensiële seggingskrag ten opsigte van die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke aktualiteit; hulle verteenwoordig voorts dié sosiopolitieke aspek op uiteenlopende wyse; hulle is ook deur versamelbundels, resensies, literêre pryse en literêre debat gekanoniseer wat hulle literêre kwaliteit betref. Die gedigte waarna slegs bondig verwys word, is veral gekies weens hul sosiopolitiese potensiaal.

Die doel van die demonstrasie is om die tese soos aan die einde van Afdeling A gestel (vgl. hierbo 119) te bewys, naamlik:

Sosiopolitiese elemente in die literatuur en dus ook in die poësie is 'n funksie van die verhouding tussen werk en leser. Dit is 'n funksie daarvan in die sin dat dit in die werk aanwesig is om so 'n verhouding tot stand te bring en in die sin dat dit in hierdie verhouding effek of uitwerking het.

Bykomende doelstellings is die volgende:

- (a) om die metodologiese fundeerbaarheid van die interaksie tussen werk en leser te bewys;
- (b) om die metodologiese fundeerbaarheid van die interaksie tussen literatuur en werklikheid te bewys;
- (c) om die bruikbaarheid van Iser se leesfenomenologiese model te illustreer;
- (d) om die toepasbaarheid van hierdie model op die poësie te bewys;
- (e) om moontlike leemtes of aanvullings by Iser se model aan te dui. Terselfdertyd sal gepoog word om die mees algemene kritiek teen Iser, naamlik dat sy model die teks blootstel aan leserwillekeur, as ongeldig te bewys.

In die lig van die laaste opmerking asook met die oog op groter toepasbaarheid word Iser se beskrywing op die volgende manier uitgebrei:

Die struktuur van die werk, insluitende tipografiese en linguïstiese aspekte, word betrek en hier word onder meer van Barthes se kode-onderskeidings (S/Z 1975) en Riffaterre se semiologiese model (Semiotics of Poetry 1978) gebruik gemaak. Die noue verband tussen teksstruktuur en leesstruktuur moet hierdeur blyk asook, by implikasie, die werkbepaalde aard van die leesproses. Iser se onderskeiding tussen "Textstruktur" en "Aktstruktur" word hier by implikasie toegepas en uitgebrei.

Spesifieke konvensionele literêre verskynsels soos metafoor, parodie, ironie en simboliek word betrek en getoets ten opsigte van hul vatbaarheid vir die konsepte deur Iser ontwikkel - veral "Leerstelle" en repertorium. Die moontlikheid van herformulering van hierdie bekende literêre tegnieke in die lig van die leesproses en die leser word aangetoon.

Die werklike leser word in die model betrek en die verhouding tussen werklike en implisiete leser word nader omskryf, veral met behulp van die konsep "veronderstelde leser".

Hierdeur sal blyk dat 'n streng skeiding tussen werklike en implisiete leser nie gehandhaaf kan word nie, maar dat die oorgange wel gestipuleer en metodologies vasgepen kan word.

2. Die inbraak van die mamba (Stockenström 1970 42) ⁽¹⁾

- .1) Voor die werklike tekstuele lees van die gedig is daar reeds 'n predeterminering van die leser. Titel en tipografiese aanbod wek sekere konvensionele verwagtings. Hulle stel die horison (vgl. hierbo 77) van die leser in. Dit beteken dat ook sy leeswyse reeds in 'n mate gevorm is.

Die leser weet dat hy met 'n onpragmatiese spraakhandeling te make het waarvan die betekenis nie met behulp van 'n reële konteks vasgestel kan word nie. Hy moet dit aflei en sy enigste leidraad is die teks self. Die leser neem dan eerstens aan dat die "inbraak van die mamba" handel oor iets wat aan hom bekend is of bekend kan wees. Op hierdie basis aanvaar hy voorlopig die ontoeganklike van die titel. Die effek van hierdie konvensie blyk as die titel as gewone taalgebruik gesien word. Dan sou dit as foutiewe taalgebruik verwerp word. Die titel is - om die terminologie van Riffaterre te gebruik - "ungrammatical", en dit dui aan dat die teks wat daarop volg nie-referensieel is. Daar is 'n leksikologies-semantiese botsing tussen "inbraak" en "mamba"; normaalweg word 'n slang in die huis nie met 'n inbreker geassosieer nie (vgl. Riffaterre 1978 2). Die leser lees nogtans voort.

Hy neem aan dat die gedig sinvol sal wees (dat dit iets sal kommunikeer). Hy verwag interne ekwivalensie (vgl. hierbo 81 tot 82); hy verwag dat alle tekstuele leidrade funksioneel sal wees en afgestem sal wees op die betekenis van die gedig. Hy neem 'n samehang aan. Daarom neem hy die nie-gekonstitueerde titel saam in die verdere lees van die teks : hy verwag dat titel en teks mekaar sal toelig.

Hierdie konvensies is deur Culler (op.cit.; vgl. hierbo 46 tot 97) geïsoleer as tipies van die poësie. Hulle kan bestempel word as die onderliggende premisse van die leeskontrak. "Foute" in 'n teks beteken meestal die teleurstelling van hierdie leseraannames en sou as kontrakbreuk bestempel kon word. So verwag die leser dat die ontpragmatiserende "inbraak" deur die res van die gedig met betekenis gevul sal word. Wat die teks ontpragmatiseer, moet hy deur interne sistemativering betekenisvol of funksioneel maak.

Onderliggend aan hierdie konvensies is die aanname dat die gedig 'n taaluiting is van 'n spreker gerig tot 'n hoorder oor 'n bepaalde saak waarin 'n bepaalde saak gekommunikeer word. Die blote tipografiese daar-wees van die gedig sonder werklike spreker of hoorder impliseer dié deïktiese aspek.⁽²⁾ Om te illustreer : die mees elementêre leserreaksie op "die inbraak van die mamba" is: waarom praat die digter/waarom handel dit? Dit illustreer bogenoemde konvensie.

Hierdie konvensies is, afhangend van die leser se kompetensie, feitlik outomaties werkzaam. Die leser gaan feitlik dadelik oor tot 'n "cancellation of mimetic features" (Riffaterre ibid.14). Die rol van die literêre repertorium spreek hieruit. Die geredelikheid waarmee die onpragmatiese taaluiting wat die literatuur is, aanvaar word, word onder meer beïnvloed deur die leser se kennis van die outeur en sy werk : hoe meer gevestig, bekend of beroemd die digter, hoe meer erns en oorgawe is daar in die aanvanklike leserhouding teenoor die teks (vgl. hieroor ook Riffaterre ibid.16). In 'n eerstelingbundel kan "die inbraak van die mamba" as titel pretensieus voorkom.

Die terrein van literêre konvensies (as deel van die literêre repertorium van 'n gedig) is nog haas onontgonne.⁽³⁾

Naas die konvensies deur Culler onderskei, kan twee ander konvensies tentatief aangedui word. Eerstens is die "cancellation of mimetic features" op sigself 'n konvensie: die leser aanvaar by voorbaat die fiksionaliteit of illusi-onêre van die spraakhandeling. Alle deïktiese referensies word by voorbaat as fiktief beskou. Die gedig gaan nié oor 'n "inbraak" nie en die mamba is nie - byvoorbeeld - 'n skuilnaam vir 'n voorstedelike huisdief nie. Die gedig gaan nié oor 'n "slang-in-die-huis"-situasie nie. Die spreker is nie anoniem nie, maar literêr-konvensioneel.

Tweedens kan nuansering of verwickeldheid van betekenis moontlik as konvensie onderskei word. Dit behels die ~~aan~~name dat gewone, pragmatiese taalgebruik ontoereikend is vir gesofistikeerde, genuanseerde uitdrukking van ervarings, sienings of perspektiewe. By die lees van die nie-informatiewe, esoteriese titel neem die leser aan dat dit die enigste wyse is waarop die spreker hom noukeurig kon uitdruk. Omgekeerd beteken dit dat die leser verwag dat 'n gedig iets "besondere" sal sê, wat ook kan beteken dat hy iets bekends op 'n besondere, nuanserende manier sal sê. As 'n gedig 'n estetika van teenoorstelling volg, as dit tegnies vernuwend of afwykend of ontpragmatiserend is, sônder 'n ooreenstemmende nuansering van die "bekende" waaroor dit handel, is die leser teleurgesteld en ervaar hy die gedig as gesog en die "vernuwende" as pretensieus. (4)

Ter illustrasie kan die ontpragmatiserende titel noukeuriger ontleed word. Die "inbraak" en die "mamba" en die taalvorm waarin hulle vervat is, is, afsonderlik, repertoriumelemente wat die leser geredelik herken. "Inbraak" ontpragmatiseer die stelling egter en die leser word bewus van die sisteem agter die repertoriumelemente vanweë die "inbreuk" wat daarop gemaak word. Ingestel om betekenis te vind gaan

hy die onderskeie sisteme of paradigmas van die element na en vind moontlik modelle soos die volgende: (a) inbreker/diefstal/wetsoortreding/referensiële modelle soos die Bybelse "soos 'n dief in die nag", ens; (b) slang/swart of groen/glibberig, glad/moeilik om te vang of te ontwyk/gevaarlik, dodelik, giftig, ens. Die voorgeskrewe kombinasie dwing die leser om ook die randkante of skadukante (vgl. hierbo 60 en 61) van die verteenwoordigde taalsisteme af te soek. Uiteindelik kan hy moontlik die volgende voorlopige betekeniskonstituering maak; (die gedig gaan handel oor) 'n mamba wat soos 'n inbreker of misdadiger slinks of in die geheim (in die donker, in die nag) optree; die konnotasie "nag" blyk ook daaruit dat die leser neig om te dink aan 'n swart mamba; hy gaan ongesien en wederregtelik of teen die reël of verwagting te werk.

Dié mikro-analise illustreer dat die onlogiese taal nie as sodanig verwerp word nie, maar toegelaat word om op die leser se repertorium van taalkennis in te speel. Dit toon ook die onvolledigheid van konstituering sonder 'n tekshorison as leidraad, wat die leser noop om verder te lees en sy verdere leeswyse instel: hy gaan lees op soek na verklarings vir die onvolledige titel. Hy aanvaar dus dat dié taal betekenisvol is, dat die ontpragmatisering funksioneel is al weet hy nog nie waaroor dit handel nie.

Die mimetiese funksie van taal is verwerp en die leser is betrokke by 'n soektog na "significance" soos Riffaterre die literêre of poëtiese betekenis noem. Die titel word 'n "poetic sign" (ibid., hoofstuk 1, veral pp. 2 tot 7). Die leser is hier aktief op semantiese vlak; die taal self skep die eerste "Leerstelle". Betekeniskonstituering begin reeds hier.

Juis omdat die woordparadigma - betekenis en betekenis-assosiasies - ontsluit word deur die ontpragmatisering, is die leser vry om ander "kodes" in te span, ander werklikheidsmodelle wat kan help met 'n interpretasie. Hy sou bv "mamba" kon interpreteer met behulp van konvensioneel-simboliese betekenis: die mamba simboliseer gevaar/oerkrag/wysheid, ens. Nie-leksikologiese "cliché-waardes" van die woord, sekere "set forms within the reader's mind" word deur die teks geaktiveer (Riffaterre *ibid.*, 39). Die assosiasie met die slang in die paradys deur Bredell genoem (op.cit.51) kan eweneens hier deur die leser gemaak word, hoewel die Bybels-godsdienstige / Bybels-christelike repertorium eers later duidelik ontsluit word ("die tempel van geld", reël 12). Hy kan reeds op hierdie stadium ingestel word om die gedig simbolies te lees. Dit beteken dat hy aanneem dat betekenis deur hom verskaf moet word met behulp van konvensionele, stereotipe of bekende betekeniswaardes.

Die eerste ontpragmatisering in 'n gedig is vir die leser 'n teken van die wyse waarop die res van die gedig homself gaan afbaken teenoor gewone spraakhandelinge en is ook 'n aanduiding van die wyse waarop die leser die onbekende van die gedig moet lees en konstitueer.

Al die konvensies dien om die leeshandeling aan die leser voor te skryf, om die leser se blik in te stel vir verdere lees. Ná die titel soek hy 'n verklaring vir die "inbraak" en vir die aard van die "mamba". Hy soek 'n antwoord op vrae soos : waarvan is die titel moontlik 'n beeld of simbool?

Hierdie instellings word verskerp deur die manier waarop die titel 'n werklike spraakhandeling simuleer, m.a.w. deur die deïktiese tekens,⁽⁵⁾ hier deur die bepaalde lidwoorde: "die inbraak van die mamba" (my kursivering).

Dit simuleer 'n spesifieke, referensiële (werklike) gegewe. Die spesifikasie bots met die onkonstitueerbare van die titel. Die leser lei af dat dit gaan oor iets wat aan hom bekend is; veral egter wek dit 'n dialogiese spanning tussen skynbaar bekend/onontraaiselbaar wat die leser instel om verder te lees in 'n poging om die betekenis te vind.

Leserverwagting gevorm deur vorige tekste asook die konvensie dat alles in 'n gedig potensieel 'n leidraad is, gee die tipografiese aanbod ook 'n leserinstellende funksie. Die leser interpreteer by voorbaat binne 'n abstrakte raamwerk van 'n drieledige verdeling waarby die laaste deel aanvaar word as samevatting of gevolgtrekking, ook weens sy relatiewe kortheid.

Al hierdie konvensies maak die titel sinvol of "leesbaar" en dit funksioneer op hierdie stadium as leserinstelling binne 'n kader van betekenisemoontlikhede, opgewek deur die geaktiveerde repertoriumagtergrond.

N.a.v. die ontpragmatiserende tegniek in die titel kan 'n kort uitbreiding oor die betekenis-konstituering van 'n metafoor hier onderneem word om aan te toon dat leeswyses soos deur Iser beskryf, hier heeltemal geldig is. Die metafoor skep 'n tipiese "Leerstelle" wat leseraktiwiteit vereis, soos hierbo uiteengesit. Die repertoriumelemente word ontpragmatiseer deur die tekstuele kombinasie, vasgelê in die sintaks: "die inbraak van 'n mamba". Hierdeur verteenwoordig die metafoor 'n soort negatiewe dialoog: wat die teks verbind, moet die leser uitmekaar haal om betekenis te konstitueer. Die ontsluiting van die semantiese en ander sisteme van "inbraak" en "mamba" afsonderlik illustreer dit. Wanneer betekenis gekonstitueer word, word die repertoria egter elk in die lig van die ander bekyk, wat tot gevolg kan hê dat minder opvallende skadukante

van die sisteme aan die lig kom (vgl. hierbo 60 en 61). Die leser is besig om metafores te dink. Beardsley beskryf die metaforesiese proses in verbaal-semantiese terme soos volg: "When a predicate is metaphorically adjoined to a subject, the predicate loses it(sic) ordinary extension, because it acquires a new intention - perhaps one that it has in no other context. And this twist of meaning is forced by inherent tensions, or oppositions, within the metaphor itself" (in Shibbes 1972 74). Hoewel in ander opsigte verouderd, is die volgende beskrywing van I. A. Richards hier verhelderend: "In the simplest formulation, when we use a metaphor we have two thoughts of different things active together and supported by a single word, or phrase, whose meaning is a resultant of their interaction" (aangehaal deur Hawkes 1972 60). 'n Meer leespragmatiese samevatting van die metaforesiese proses wat die "Leerstellen"-benadering onderstreep, is dié van Thöming: hy beskryf die metafoer as "...ein angenehmes Hindernis im Rezeptionsvorgang, weil ihm eine präzise Zuordnung des Bildes zunächst unklar bleibt. Es wird ein dialektischer Vorstellungsprozess in Gang gesetzt, der zwischen Bildspender und Bildempfänger hin- und zurückwechselt. Der Wahrnehmungsprozess wird verlängert, was wiederum als ein wichtiges Ziel der ästhetischen Darbietung gilt" (in Arnold en Sinemus op.cit.198).

Die metafoer behels 'n uitwisseling van interpretatiewe kodes waarby "kode" gesien kan word as "...a perspective of quotations, a mirage of structures", met ander woorde 'n groepering van die vir-die-leser-bekende, die "...already read, seen, done, experienced..." (Barthes 1975 20). Die onbekende, ontwykende betekenis word met behulp van die bekende vasgestel.

Dié uiteensetting steun die benadering in terme van "Leerstelle", ontpragmatisering en repertorium.⁽⁶⁾ Soos die

geval is by alle "Leerstellen", verstrengel die metafoor die leser in die teks. Dit verander sy leeswyse en daarmee die "Blickpunkt" (vgl. hierbo 97) sodat hy die daaropvolgende teksdeel anders lees, maar ook gepredetermineer lees. Die metafoor dien so as "viewfinder" (vgl. hierbo 98), of vooruitwysing. Die steeds verskuivende leesperspektief ("wandernder Blickpunkt", vgl. hierbo 97) blyk 'n harmoniëring van kodes of stemme in die teks te wees, om dit uit te druk in terme van Barthes. Kodes is "voices out of which the text is woven"

en "the convergence of the voices...becomes writing" (Barthes 1975 21). Dis egter die leser wat die verbintenis lê, wat die titel by die aanvanklike lees voorlopig konstitueer as ontglippende, uiters gevaarlike bedreiging". Hierdie konstituerings word ervaar as voorlopig. Die proses illustreer die tentatief-naamgewende aard van die leesproses soos Barthes dit beskryf: "To read is to find meanings, and to find meanings is to name them; but these named meanings are swept toward other names; names call to each other, reassemble, and their grouping calls for further naming; I name, I unname, I rename; so the text passes..."(ibid, 11). Die konstituering van 'n metafoor is die saamskryf of oorskryf van die teks deur die leser.

'n Botsing tussen teksaanbod en leserverwagting vorm die basiese "Leerstelle" van die eerste strofe: 'n sterk konkretiserende beskrywing van die inbraak word gelees terwyl die leser na die betekenis soek. Dit het op die leser die effek dat hy in die detailleringe leidrade tot die betekenis lees. Die teksaanbod word ervaar as negerend (van sy eie referensiële betekenis), en 'n sterk dialogiese spanning tussen teks en leser is die gevolg.

Soos die titel, beroep die eerste reël hom op die deïktiese konvensie: die leser word gelei om aan 'n spesifieke,

bekende saak te dink. Bepaalde lidwoorde en die direktheid van die beskrywing het hierdie effek. Lesers kan reeds hier aan die huis en die mamba 'n Suid-Afrikaanse allure gee (afgesien van referensiële feitlikhede omtrent mambas) bloot omdat die teks 'n Afrikaanse en Suid-Afrikaanse leser veronderstel en dus 'n saak wat aan hom bekend sal wees. As die leser bekend is met die oeuvre en dus die bundel en/of oeuvre as interpreterende "teks" of kode inspan, kan hy in "heuwel van die waterskeiding" 'n politieke betekenis lees.

Die visualiserende beskrywing van die "inbraak" - "om...../ slaan die mamba sy riemdun jaartse om", "rol sy rubberlyf rats in ringe", ens - terwyl die betekenis van die "inbraak" onkonstitueerbaar bly, dra ook by tot die opbou van bogenoemde "Leerstelle".

Die verskerpte aandag aan teksdata wat dit tot gevolg het ⁽⁷⁾ en die wyse waarop die leser deur die teks gerig word, blyk uit die ander betekenis wat die leser wel hier aflei aan die hand van verskeie kodes. Semantiese groeperings word gemaak: beweeglikheid, glibberigheid (wat die ontglippende assosiatief betrek), vasberadenheid en/of doelgerigtheid. In verband met die huis kan die leser aflei: welvaart, selfbeveiliging ("dubbelverdieping" en "kaggelskoorsteen" ten opsigte van eersgenoemde; "diefwering" en "asbesteëldak" met bykomend moontlik "sleutelgat" ten opsigte van laasgenoemde). Die leser maak semantiese groeperings en neig dan om ander detail ("kaggelskoorsteen" as teken van welvaart, "sleutelgat" as teken van selfbeskerming) in terme daarvan te lees. Die groeperings speel op mekaar in : "asbesteëldak" kan 'n teken van welvaart word en kan - by sommige lesers - daarom sy teenoorgestelde, nl byvoorbeeld "sinkplaatdak" (en sinkhuis) evokeer. Die proses van naamgewing wat Barthes vasstel t.o.v. betekenisgewende lees (vgl. hierbo 132)⁽⁸⁾ kan hier verder geïllustreer word. Die naamgewing geskied volgens kodes,

werklikheidsmodelle wat disparate data sonder referent interpreteerbaar maak. Sonder om hiermee te probeer om 'n reeks kodes vir die poësie op te stel in navolging van Barthes se kodes vir die "klassieke" roman, en ook sonder om aan te neem dat romankodes ook liriekodes sal wees, kan tog ter illustrasie van die proses sekere kodes geïsoleer word. Beweeglikheid is 'n semantiese kode wat skynbare visuele data benoem; welvaart betrek egter ook 'n kulturele kode (wat word as welvarend beskou?); die mamba kan met behulp van 'n simboliese -kode gelees word vanweë sekere konvensionele waardes wat die begrip onafhanklik van die teks evokeer, en so ook "heuwel van die waterskeiding" wat "duister" bly en die leser na kodes laat soek. Hy kan dit interpreteer as simbool van skeiding, en, dan m.b.v. 'n referensiële kode, as simbool van apartheid. Die slang kan as simbool van die bose verstaan word en, n.a.v. verlossing dan verstaan word as die "waterskeiding" tussen goed en kwaad.⁽⁹⁾ In daardie geval tree godsdienste of die Bybel as referent op. Dit impliseer dat die leser polities sensitief is.

Ter verduideliking moet gesê word dat die referensiële kode soos deur Barthes onderskei en gedefinieer (ibid. 18-20) potensieel die sosiopolitiese werklikheid of enige ander aktualiteit kan insluit. Dit beteken dat so 'n aktualiteit 'n kode word, net soos godsdienstige konsepte of Bybelse gegewens. Dit is 'n "type of knowledge (physical, physiological, medical, psychological, literary, historical, etc.) referred to, without going so far as to construct...the culture they express." (ibid. 20). Dit is gesistematiseerde werklikheid.

Die werksaamheid van die semantiese kode kan ook beskryf word aan die hand van Riffaterre se beskrywing van "hypogram"-vorming: "The hypogram is formed out of a word's semes and/or its presuppositions" (ibid. 25; vgl die toepassing pp. 24 tot 25). Die semantiese waardes van "mamba" en "inbraak" lei tot die "hypogram" "gevaarlike indringing"

of "onvermoede bedreiging", waarby die cliché-betekenis van "mamba" duidelik werksaam is, soos aangetoon. "Mamba" kan deel wees van 'n bepaalde "descriptive system", naamlik "vrees" of "gevaar" (vgl. *ibid.*, 39 asook die daaropvolgende toepassing). Hierdie betekenis word in die konstituerings geaktualiseer. (10)

Die verskeidenheid kodes wat tegelykertyd oorvleuelend aktief is, illustreer wat Iser omtrent die leserperspektief sê, naamlik dat dit nie opeenvolgend of parallel opgebou word nie, maar oorkruisend of oorvleuelend (Iser 1976 164). Kodes is werklikheidsmodelle of sisteme in die leserrepertorium. Die poësie blyk 'n kode te gebruik wat in prosa nie per se afwesig is nie, maar veel minder opvallend is. Die kode kan geïllustreer word aan die hand van die alliterasie in die volgende reëls:

"slaan die mamba sy riemdun jaartse om,
rol sy rubberlyf rats in ringe
 om die regop tol "

Ingestel op leesaktiwiteit, val die vooropstoot van die klank van die taal op. 'n Akoestiese element hef tydelik die visuele aanbod op; 'n ander soort leseraktiwiteit word skynbaar gestimuleer. Die uitwerking hiervan is nié dat die leser nou die teks "hoor" nie, maar is eerder 'n gevolg van 'n "Leerstelle" of kodeverandering. Verskeie soorte konstituerings kan dan volg: beklemtoning van die betrokke woorde se betekenis, klanksimboliese of klanknabootsende interpretasie. (11)

In semiologiese terme kan dieselfde gestel word as 'n verandering van taalkodes: woordbetekenis, die semantiese kode, word vervang deur woordklank, 'n fonologiese kode. Twee verskillende sisteme in die repertorium van die taal self word geaktiveer, om dit in die terminologie van Iser te stel. Die leser word bewus van die taalsisteem

self en aspekte daarvan wat moontlik in normale kommunikasie nie geaktualiseer word nie, tree na vore. Die poësie buit die klank- en ritmiese potensieel van die taal uit.

Die verskillende kodes (of repertoria) is verbindbaar op die vlak van die taalbetekenis tensy die leser sou aanneem dat die teks eerstens bedoel is om gesing te word. Daarom sou hierdie kode tentatief die verbale kode genoem kon word.

Die "Leerstelle" in die voorbeeld word nie slegs deur herhaling van klanke geskep nie, maar ook deur die effek van die frikatiewe "r". Sy steurende aard stimuleer klankdenke in die leser. Op grond van hierdie subjektiewe akoestiese leseraktiwiteit sou die leser moontlik betekenissoos "aanhoudendheid", "voortsetting" en, toegepas, "duur" of "lengte" by die teksdata kon bylees.

In die lig van bekende omskrywings van die literêre simbool, kan afgelei word dat die eerste strofe die leser instel op 'n soort simboliese leeswyse. Wheelwright konstateer dat die "tensive symbol", wat die literêre simbool insluit, nie "entirely stipulative" is nie, want "its essential tension draws life from a multitude of associations, subtly and for the most part subconsciously interrelated, with which the symbol, or something like it and suggested by it, has been joined in the past, so that there is a stored up potential of semantic energy and significance which the symbol, when adroitly used, can tap." (vgl. Wheelwright 1967: 94). Die simbool het 'n gepredetermineerde, tekseksterne betekeniswaarde, soms konvensioneel en kultureel, soms argetipies, soms deur die tekskonteks gesuggereer.⁽¹²⁾ Terselfdertyd is dit in die aard van die simbool om nie tot een betekenisgewing reduseerbaar te wees nie. As die leser simbolies lees, dan lees hy

betekeniskonstituerend op grond van sy eie repertorium terwyl hy ervaar hoe die simbool by sy betekenisgewing bly verbydui. Die simbool bly inspeel op sy repertorium aan konvensionele betekenis, maar ook soms op halfbewuste argetipiese interpretasiestelsels.⁽¹³⁾ "Symbolies lees" is die leeswyse waardeur die konkretiserende teksaanbod betekenisgewend gelees kan word.⁽¹⁴⁾

Die strofe skep 'n soort deïktiese situasie met 'n duidelike progressie, wat die illusie van realiteit versterk. Teen die einde van die strofe is die "inbraak" voltooi. Visualiseerbare detail kenmerk die aanbod. Die opsetlikheid van hierdie data blyk uit ingrepe op die gewone taal soos die herhaalde en uitgestelde

" om die huis
slaan die mamba om,"

en die beklemtoning van "in" in die laaste reël as gevolg van 'n sintaktiese uitsteltegniek asook die enjambement. Die beskrywende slotwoorde - "gly glimswart deur roetswart af" - word deur die versvorm in reliëf geplaas, terwyl die voorsetsels "in" en "af" in die slotreël deur hul parallellie uitgelig word.

Die versvorm lei tot 'n perspektivering van die leser: die bogenoemde teksdata staan uit en hul betekenis word tema teenoor die horison van die res van die strofe. Die visualiserende effek is juis die gevolg van 'n afwyking van die gewone deïktiese en referensiële funksie van die taal; dit is voorstellingsaktiwiteit van die leser waarby "sien" of "hoor" kode word.

Die nie-mimetiese van hierdie beskrywings kan aan die hand van Riffaterre verder verduidelik word. Bogenoemde voorbeelde is almal "ungrammaticalities": hulle veroorsaak

almaal versteurings, afwykings of verdraaiings in die normale gang van die taal. "In" en "af" kom voor as "onnodig" beklemtoon; "snel" is afwykende woordgebruik; die sintaks is weens die inversie van reël 6 tot 8 afwykend, sodat "asbesteëldak" en "kaggelskoorsteen" opval. Dit is by uitstek die versvorm wat inbreuk maak op die normale taalstroom (vgl. Riffaterre *ibid.* 2). Wat deur Riffaterre as "ungrammaticalities" beskryf word, kan ons in die terminologie van Iser as die ontpragmatisering van die taal bestempel. In bogenoemde gevalle word veral deïktiese woorde ontpragmatiseer.

Die ontpragmatisering van die taal en die wyse waarop dit 'n "nuwe" betekenis, 'n semiologiese in plaas van 'n mimetiese sisteem aldus Riffaterre (*ibid.* 4), tot stand bring, kan ook geïllustreer word aan die hand van

"...gly glimswart deur roetswart af"

(reël 8; my kursivering). Die strukturering van die taal - herhaling met kontrastering - stoot versteekte betekenis van "swart" na vore. Die semantiese repertorium van die woord word ontsluit. Omdat "glim" en "roet" 'n opposisie vorm, ontstaan 'n nuwe betekenismoontlikheid of "hypogram". Riffaterre wys daarop dat opposisie of polarisasie die poëtiese vatbaarheid van woorde verhoog (*ibid.* 43 en 44). Inherente opposisies van "swart" word hier geaktualiseer. "Glim" en "roet" met hul eie repertoria van betekenis en assosiasies, hul eie "descriptive systems" (vgl. *onder meer* 37 tot 39) word verbind deur "swart". Die leser moet die opposisie oplos en hy doen dit deur 'n "hypogram" te vorm. Hy konstitueer 'n verbindende beginsel. Hy kan die "glimswart"- "roetswart"-opposisie interpreteer as 'n kontras tussen lewe en dood, of tussen die organiese en die lewelose. Die opposisie "glans"- "dofheid", aspekte van die woordsemantiek, is hieraan grondliggend. In hoe 'n mate die leser hier bloot semanties of óók visualiserend dink, sou 'n psigologiese ontleding vereis, maar die rol van laasgenoemde kan nie uitgesluit

word nie. In elk geval word die visualiserende dink geabsorbeer deur die betekeniskonstituering.

Die betekeniskonstituering word grootliks bepaal deur die tekshorison: die leser kan die kontras "natuur"- "kultuur" opbou ("glimswart" slang teenoor die "roetswart" van die skoorsteen, simbool van menslike ontwikkeling). Die "Leerstelle" deur hierdie teksdata geskep, dwing die leser tot terugskouende lees van die voorafgaande sodat betekenisreeks in reliëf begin kom en nuwe betekenis getematiseer word: kultuur ("huis", "dubbelverdieping", "sleutelgat", "asbesteëldak", ens) en natuur ("mamba", "riemdun jaartse", "rats", "tong", "gly", "glimswart", ens).

Die botsing tussen natuur en kultuur is 'n integrerende perspektief van 'n verskeidenheid teksdata. Op hierdie punt kan gedemonstreer word hoe die leserreaksie gerig word deur die struktuur van die teks. Wanneer Riffaterre se semiologiese model van teksstruktuur toegepas word, blyk die volgende: gevaar en die Bose is reeds-gevormde "hypograms" van die "mamba"; ratsheid, beweeglikheid en liggaamlikheid ("rubberlyf", "tong" asook die herhaalde werkwoorde in die eerste strofe) vorm 'n reeks op hulle eie en is 'n voorbeeld van "expansion", 'n proses waardeur poëtiese tekens in 'n teks getransformeer word. "Expansion" is 'n proses waardeur een teken in 'n verskeidenheid tekens omgesit word (Riffaterre op.cit.47) en dit "...integrates the sign-producing actualizations of hypograms" (ibid. 47). Bogenoemde reeks afsonderlike tekens is metonimiese herhalings en uitbreidings van een kernwoord, naamlik die dierlike of natuurlike. Die "hypogram" selfbeveiliging vorm 'n reeks saam met die verwysings na welvaart en bouwerk ("huis", "dubbelverdieping", reëls 1 en 4). Hulle kan as uitbreidings van die kernwoord "kultuur", "ontwikkeling" of "opbou" gesien word. "Huis" en die woorde wat na hom terugverwys, is almal herleibaar na die titelwoord "inbraak" en aktualiseer 'n semantiese aspek daarvan,

naamlik "inbraak in 'n huis" (soos in teenstelling met "inbraak in 'n hut" of "inbraak in 'n tent" of 'n bos). Hulle is "dit waar daar ingebreek word", en die mamba is die "inbreker". Die titel is dus deel van die verskillende reekse. Soos by die verdere leesontleding sal blyk, word die verskillende reekse steeds kompleks (soos dikwels by "expansion" die geval is, vgl. Riffaterre *ibid.* 51). "Roetswart" aktualiseer die hypogram "doods" of ook selfs "besoedel"/"vuil" en bou die "kultuur"-reeks uit tot "oorontwikkeling", iets wat in die tweede strofe een van die aspekte is wat verder ontwikkel word. Die teks is besig om 'n bepaalde "matrix" te aktualiseer. Die matrix is die sleutelwoord of teksgenererende sin (vgl. onder andere *ibid.* 12). Die eerste strofe skyn gegene-reer te wees deur die matrix (wat nie die matrix van die teks is soos Riffaterre die term gebruik nie) "natuur dring kultuur binne" of "natuur maak inbreuk op kultuur". Hierin lê die "significance" van die teks opgesluit: "The text is in effect a variation or modulation of one structure - thematic, symbolic, or whatever - and this sustained relation to one structure constitutes the significance" (*ibid.* 6). Uit hierdie tentatiewe ontleding volgens die model van Riffaterre blyk duidelik hoe die leesgesentreerde betekeniskonstituering gelei word deur die geslote tekstuele struktuur. Riffaterre konstateer dan ook: "The semiotic process really takes place in the reader's mind..." (*ibid.* 4). Betekenissisteme is repertoria; reeks-uitbouing is perspektiefopbouing. Ook die deïksis (vgl. hieronder 141) kan die "expansion" verder voer, soos blyk uit Riffaterre se voorbeeldanalise (*ibid.* 51 tot 53, spesifiek 52). Waar Riffaterre betekenis semiologies (en veral semanties) uitdruk, druk Iser dit uit as perspektief en skakel dit so met leserwerklikheid.

Uit bostaande is dit duidelik hoe die ontpragmatisering van die taal, die opheffing van die mimesis, lei tot

die betekeniskonstituerende aktiwiteit kenmerkend van die literêre leesproses. Die mimesis is skyn;⁽¹⁵⁾ dit is 'n kode. Die deïktiese taalgegewens soos die bo-aangehaalde voorsetsels, en die beskrywende en visuele besonderhede hierbo bespreek word almal kodes. Daar kan ook nagegaan word hoe die pouses in die reëls

"Sy tong luister tastend, toetsend, by sleutelgat,
by diefwering....."

die beweging van die slang naboots. Dit impliseer dat die leser visualiserend lees. Hierdie pouses is eintlik leesonderbrekings wat neerkom op ruimtes vir leseraktiwiteit.

Uit bostaande bespreking is die volgende duidelik: die versvorm speel 'n belangrike rol in die ontpragmatisering van die taal in 'n gedig. Benewens die feit dat dit 'n literêre konvensie in werking stel, skep dit "ungrammaticalities" wat die referensialiteit van die taal deurentyd ophef en "Leerstellen" skep waardeur die leser in die teks betrek word.

Tweedens blyk dat die mimetiese en/of deïktiese aspek van taal in die literatuur 'n kode word sodat daar ten opsigte van die poësie moontlik 'n "deïktiese kode" onderskei kan word, soortgelyk aan die ACT-kode wat Barthes vir die roman isoleer (Barthes *ibid.* 18). Dit beteken dat die teks 'n reële situasie simuleer met behulp van "konkretiserende" woordgebruik, 'n oormaat visuele of ander uiterlike detail of ander middele. Die teks simuleer realiteit sodat die leser die reëlmatighede of verwagtings ten opsigte van soortgelyke situasies in die realiteit bylees. Aan die einde van hierdie strofe kan die leser bylees: waarom vind die inbraak plaas? Gaan dit slaag? Gaan die inwoners gewaarsku word? En dies meer. Anders gestel: die leser aktualiseer aspekte van deïktiese implikasies in die teks.⁽¹⁶⁾

In hierdie besondere geval word die implikasies verswyg sodat die bylees daarvan 'n voorbeeld is van die soort kompenserende lees wat met verswyging gepaard gaan. Daar is 'n negatief-dialogiese verhouding tussen teks en leser waardeur die leser dit wat die teks impliseer maar verswyg (met ander woorde: dit wat hy negeer) self aanvul. Hierdie leserreaksies en leesaktiwiteite word duidelik deur Iser gedemonstreer aan die hand van die roman en blyk ook in die poësie aantoonbaar te wees. (17)

Op soek na die (referensiële) betekenis van die gedig, word teksdata as moontlike elemente uit 'n referensiële werklikheid geles. "Welvaart", "selfbeskerming", "gevaar", "vasberade en onvermoede aksie teen" kry daarom 'n bykomende betekenis moontlikheid. Soos gesê, is die referensiële wêreld wat die leser as "kode" betrek, by afwesigheid van ander spesifikasies, gepredetermineer as Suid-Afrikaans (afgesien van die inligting wat van die bundel of oeuvre as kode afgelei word). Die negasie van so 'n betekenis stimuleer juis hierdie leesinstelling en vir sommige lesers kan die teks op hierdie stadium al leesbaar wees in aktueel-politiese terme: die (blanke) status quo met sy materiële welvaart en selfbeskermende skeiding word "ondergronds" ondermyn deur 'n "swart gevaar". Dit sal egter slegs by 'n polities-sensitiewe en waarskynlik links-neigende leser die geval wees, 'n leser wat bewus is van materiële verskille tussen stande as faktor van verzet. Die kode word tekstueel geïnisieer maar sy aanwending 'lang van die leser af. In elk geval sal die gemiddelde leser die negasie van betekenis as frustrasie en dus stimulering vir 'n soektog daarna ervaar, en sal hy verder lees ingestel om teksdata as tekens hiervoor te verstaan. Vir hierdie leser sal die "heuwel van die waterskeiding" opval as nie-integreerbare aspek; hy moet 'n kode vind wat dit leesbaar maak, 'n perspektief wat dit sal insluit.

Dit alleen sou die aktueel-politiese as kode, as repertorium-agtergrond kon ontsluit. Die "mamba" kan ook nog nie in een betekenis opgelos word nie en bly - soos tipies van die simbool - inspeel op die leserhorison.

Die tipografiese aanbod lei die leser egter om aan die einde van die strofe 'n voorlopige integrerende teksperspektief te vorm waarby die semantiese, deïktiese, referensiële en ander moontlike kodes of repertoria verbind word en nuwe repertoria ontsluit kan word. Uit konstituerings soos dié van Bredell (1978: 51 vgl. hierbo (34)) blyk hoe bekende werklikheidsmodelle deur die leser ingespan word, soos ook die polities-aktuele konstituering hierbo beskryf. (18)

Die verskeidenheid konstituerings wat op hierdie stadium moontlik is, illustreer die rol van lesersubjektiviteit. Indien die leser net een interpretasie kies, is hy besig met illusievorming (vgl. hierbo 102) wat, soos Iser aantoon, 'n kenmerkende aspek van die dinamiese leesproses is. "Mamba", "inbraak" en "huis" met hul verskillende reekse teksdata word gelees as dubbele tekens of "dual signs" (Riffaterre *ibid.*, 86). (19) Hulle wys heen na die geslote semiologiese sisteem wat die teksaanbod is en wat die leser rig op die opbou van 'n integrerende perspektief wat anders is as die referensiële werklikhede wat hy by die lees betrek. Die geslote semiologiese sisteem is "oop" na die leser en die nie-linguïstiese werklikheid - vandaar die verskeidenheid konstitueringsmoontlikhede.

Aan die einde van die eerste strofe bied die teks homself nog aan as verraaaiseling met sekere sleutels tot ontraaiseling en die sleutels is by uitstek die bogenoemde "dual signs". Die verraaaiseling laat die leser verder lees en daar kan dus in die poësie ook 'n hermeneutiese kode, soortgelyk aan Barthes se HER-kode (1975: 17 en 19) vasgestel word. Hierdie kode is vervat in wat aan die begin van hierdie uiteensetting as die basiese "Leerstelling" aangedui is: die kontras tussen konkrete, deïkties gefundeerde teksaanbod en onkonstitueerbare betekenis, met

ander woorde die bewuste negasie van betekenis sodat die geheel as 'n soort simbool gelees sou kon word. 'n Sosiopolitiese of Bybels-godsdienstige konstituering op hierdie stadium sou daarop neerkom dat die leser één kode, "one of the forces that can take over the text....., one of the voices out of which the text is woven" (Barthes *ibid.*, 21) uitkies terwyl die teks nog verder ontwikkel.

- 2 Die deïktiese kode ('n inbraaksituasie waarby die inbreker die huis binnekom sonder dat die inwoner dit weet) asook die konvensionele simboliese betekenisassosiasies van "mamba" (gevaar, vrees) evokeer sekere houdinge of emosionele reaksies in die leser, naamlik vrees of ontsag ten opsigte van die mamba, spanning ten opsigte van die situasie, en simpatie of vrees ten opsigte van die man, maar dit kom voor as opsetlike negasie van hierdie houdinge, veral vanweë die saaklike, stellende aard van die taal. (20)

Wanneer 'n teks houdinge by die leser inisieer en dan self as 'n negasie van dié houdinge voorkom, begin die leser ironies lees. Ironie kan gesien word as 'n "Leerstelle" waarby die leser gedwing word om die letterlike teksaanbod te verwerp in die lig van ander geëvoekte interpretasie-moontlikhede (vgl. Muecke 1969 23). Ironie behels 'n besondere vorm van dialoog tussen teks en leser waarby die teksaanbod 'n onderliggende maar versweë premisse bevat wat vir die leser nie aanvaarbaar is nie. Die leser word gedwing tot "...rejecting one proposition because..(he) must reject an unspoken proposition on which it depends" (Booth 1974 10). Die repertorium van ironie is 'n aanname wat die leser maak omtrent wat die spreker omtrent hom aanneem, met ander woorde dit bevat gedeelde aannames wat tussen implisiete spreker en implisiete leser sirkuleer. Na aanleiding van Tom Jones druk Booth dit soos volg uit: "If he can assume that Fielding would assume that he would assume Fielding's assumption of such knowledge

(naamlik die leserkennis benodig vir begrip van 'n ironiese implikasie) „...then the ironic interpretation is certain". (ibid, 59; Booth se kursivering) Ironie is net konstitueerbaar indien teks en leser sekere houdings of waardes deel (vgl, bv. ook Booth se voorbeeld, ibid, 35). In Mamba vind die leser homself gedronge tot die verwerping van die onverskillige, saaklike tekshouding. Saaklikheid of feitlikheid ten opsigte van so 'n vreemde, angswekkende gegewe is 'n onaanvaarbare premisse; dit word in sy onaanvaarbaarheid versterk deur die gekonstitueerde betekenis: 'n gedig deur 'n Suid-Afrikaanse digter oor 'n aktuele Suid-Afrikaanse probleem kan nie bloot objektief wees nie. Indien 'n Bybels-godsdienstige betekenis gekies word, verwerp die leser die premisse dat die teks onverskillig staan teenoor die oornam van die bese. Die leser verwerp dus onbetrokkenheid as tekshouding.

Die letterlike teksaanbod word verwerp omdat die leser nie kan aanvaar dat die spreker die waardes onderliggend aan die teksaanbod kan onderskryf nie. Eenvoudig gestel beteken ironies lees dat die leser die teks lees soos hy dink die skrywer wil hê hy moet dit lees (dit wil sê verstaan) en omdat hy vir die doel van kommunikasie aanneem dat hy reg is in sy aanname omtrent die spreker. Vanselfsprekend kan die leser hierop besluit op grond van 'n verskeidenheid tekstuele of ekstratekstuele gegewens: intratekstuele botsings, botsings tussen teksaanbod en modelle van menslike gedrag; botsings tussen teksaanbod en die leser se kennis omtrent die skrywer of die situasie waarna die gedig verwys, en dies meer (vgl. ibid. 58).⁽²¹⁾

Om die leserreaksie weer eens in terme van Booth te formuleer: die leser verwerp neutraliteit of onverskilligheid (of selfs goedkeuring van die "inbraak") as tekshouding omdat dit bots met algemeen aanvaarde modelle van menslike gedrag. Die indringing van die mamba behels gevaar en

vrees. In terme van 'n godsdienstige of aktueel-politiese kode sou dit bots met die algemeen aanvaarde vrees vir die bese (die "mamba") en, in laasgenoemde geval, met die blote ekstratekstuele feit dat die skrywer 'n blanke Suid-Afrikaner is. Hierdie onderliggende premisse kan verder gevoer word. Die wyse waarop die gedig Westerse literêre konvensies handhaaf - bly al sy individualiteit - verbind hom met die "dubbelverdieping" en "kaggelskoorsteen". Die literêre repertorium speel hier 'n aanwysbare rol. Die gedig is uitgesproke Westers en as dit nie die geval was nie, sou die ironie veel minder effektief wees: dan sou die leser die neutraliteit kon verstaan as protes teenoor die "huis" en as goedkeuring en bewondering vir die "inbraak van die mamba". Die leser konstitueer uiteindelik - om 'n oomblik op die tekstuele ontleding vooruit te loop - juis die teenoorgestelde van die skynhouding, naamlik betrokkenheid en kommer as die bron van die kritiek.

Die ironie word dus sigbaar in die lig van die werklikheid en dit steun vir sy effek of "Wirkung" op die reaksies van die leser as werklike leser. Anders gestel: die implisiete leser, die voorgeskrewe leserrol, behels subjektiewe en histories-bepaalde houdinge.

Die vier stappe wat die leser volg om die "eintlike betekenis" vas te stel (ibid. 10 tot 14), kom neer op die oplossing van 'n "Leerstelle".⁽²²⁾ Na die verwerping van die teksaanbod, staan die leser voor keusemoontlikhede ten opsigte van die eintlike bedoeling, met ander woorde die repertorium waaier oop. Hy sou moontlik kon kies tussen die volgende: die teks is simpatiek teenoor die slang (wat die leser sou dwing om na 'n motivering vir die simpatie te soek)/die teks is simpatiek ten opsigte van die man (wat die vrees as geëvokeerde houding sou verklaar asook die Bybels-godsdienstige en sosiopolitiese betekenis sou aktualiseer)/die teks is vol bewondering vir die doeltreffendheid, ratsheid en doelgerigtheid van die slang, en dies meer. Dit is duidelik dat die leser

se keuse bepaal word deur betekenissover gekonstitueer.

'n Belangrike leidraad is die deïktiese kode waarvolgens die man in die rol van 'n slagoffer geplaas word. Na aanleiding van die deïksis kan die leser aangaande hom 'n "confident unawareness" aflei, wat volgens Muecke tipies is van ironie (Muecke 1969 26). Die leser kan ten opsigte van die man en sy situasie tot 'n konstituering kom, waarvoor Muecke se beskrywing van die "irony of events" 'n model kan wees: "We say it is ironic when, after we have more or less explicitly or confidently expressed reliance in the way things go, some subsequent unforeseen turn of events reverses and frustrates our expectations or designs. It is ironic when we meet what we set out to avoid, especially when the means we take to avoid something turns out to be the very means of bringing about what we sought to avoid (ibid. 102). Die "ironiese situasie" onthul die ondoeltreffendheid van die selfbeveiliging; dit onthul voorts dat die "man" nie die werklike aard of omvang van die gevaar wat hy probeer vermy het, ken nie. Hy beveilig homself teen 'n inbreker, maar sy huis word deur 'n slang binnegedring. Die leser sou verder kon aflei: waar die inbreker sou faal, slaag die slang: het die "inbreker" 'n "slang" geword?

Die deïktiese situasie ontmasker die veiligheidsmeganismes en die man. In die lig daarvan kies die leser vir 'n versweë kritiese tekshouding jeens die man. Ironie open dus 'n kritiese perspektief.

Die belangrike "Wirkung" hier is dat die leser dié houding konstitueer nadat hy self die kritiek afgelei het. Die verswyging van 'n houding het hom gedwing om met behulp van die tekshorison 'n kritiese houding teenoor die man op te bou. Die tekshouding is ook sy houding omdat dit gebaseer is nie op die kritiek self nie, maar die waardes waarop die kritiek gebaseer word. Ironie maak die leser

'n kritiese waarnemer omdat dit die waardes onderliggend aan kritiek jeens 'n bepaalde saak in hom aktiveer: "...conviction about any belief that is not thought to be self-evident is produced by a speaker's finding beliefs that the listener will accept and that are thought to imply the desired conclusion" (beide *ibid*, 34).⁽²³⁾ Die deïksis maak die "confident unawareness" van die "man" duidelik. Hierdeur is die kritiese perspektief konstitueerbaar; die "invul" daarvan, die motivering of kwalifikasie daarvan, word aan die leser oorgelaat of word tekstueel gerig deur die res van die teks. Die "Wirkung" van ironie kan dus beskryf word as die verplasing van 'n kritiese perspektief van die teks na die leser.

Hierdie "Wirkung" is nie sonder gevolge vir die subjektiewe, emosionele leserhouding nie, soos Booth aantoon: "When irony succeeds, somehow the energy our minds put into recognising this type of conflict and making our choices is transferred to one element or another in the ironic scene: either negatively against the victim....., or affirmatively on behalf of the final reconstruction: having decided for myself that the ostensible judgment must be somehow combatted, I make the new position mine with all the force that is conferred by my sense of having judged independently" (*op.cit.*41).

Ironie skep 'n bepaalde leserrol: die leser word verplaas na 'n kritiese, waarnemende, objektiewe perspektief.⁽²⁴⁾ Dit is die "Wirkung" van die doelbewuste "pretence" wat ironie kenmerk (*Muecke op.cit.*29 en 30) en wat in verskillende ironiese tegnieke in verskillende mate blyk. Mamba se tekshouding is dié van die "impersonal ironist: The impersonal ironist's gravity of demeanour is part of his pretence that what he is saying is purely a matter of fact or logic. He himself is disinterested or at least impartial...." (*ibid.* 65). Die "pretence", die skynhouding is die negasie wat die ironiese leeswyse in werking stel. Die leeswyse is kenmerkend van 'n negatiewe

dialogoog tussen teks en leser. In die lig hiervan word die beplande "Wirkung" van die konkretiserende detail duidelik: hulle negeer die houding wat die leser normaalweg ten opsigte die situasie sou verwag en hoe sterker die konkretisering, hoe sterker die negasie (of "pretence") en hoe meer word die leser verstrengel.

Die kritiese perspektief beïnvloed verdere betekenis-konstituering. Indien die leser teen die einde van die eerste strofe die "inbraak van die mamba" lees as simbool van die "swart gevaar" wat die witman bedreig, dan moet hy verder konstitueer dat die blanke selfbeveiligingsmaatreëls ondoeltreffend is en/of dat die blanke die gevaar wat hom bedreig onderskat of verkeerd definieer of, selfs, dat hy bloot magteloos is om die "inbraak" te verhinder. Die irreële aard van die slang (hy slaan sy "jaartse" om die hele huis) word getematiseer teen die agtergrond van die (skyn-)mimetiese en die simboliese betekenis kan verder aangevul word: die slang stel 'n bonatuurlike, irrasionele of onbeheerbare mag voor. Hierdie konstituering is die gevolg van die nuwe perspektief waardeur die tekshorison ook weer in 'n ander lig verskyn en versteekte betekenis uitkristalliseer.

Die leser konstitueer hierdie betekenis as implisiete leser, verstrengel in die teks met die sosiopolitiese as kode werkzaam. Die teks diskrediteer die "man wat die waters skei", maar die leser aktualiseer hierdie houding. Verstrengel in die oplossing van die "Leerstelle", telkens herbevestig deur die teksaanbod, word die leser losgemaak van sy eie werklikheid. Die skynbare, onoortuigende "hiper-objektiewiteit" van die teks los hy op deur self 'n objektiewe houding op te bou. Die gedig word 'n waarnemingswyse. Ironie het die verdere "Wirkung" dat dit die leser perspektiveer ten opsigte van die werklikheid. Hierdie leserkonstituering word aangehelp deur die bogenoemde psigologiese nuwe-effekte. Muecke wys op 'n verdere houding implisiet aan die ironiese visie (van die teks en by konstituering

ook van die leser): die ironikus verkeer in die waan dat hy self as toeskouer vry is van wat hy, objektief-waarnemend, van die slagoffer vasstel. Wat Muecke vir die ironikus-digter vasstel, is egter toepasbaar op die leser: "...the result...of his focussing his attention in this direction" (naamlik die illusies van die slagoffer) "...is that he leaves his rear exposed" (ibid, 229).

Indien die leser 'n ejetydse blanke Suid-Afrikaanse, polities "gemiddelde" dit wil sê nie-radikale, leser is, sal die uitdyende perspektief wat hy opbou hom vroeër of later konfronteer met homself (dit is veral in die slot duidelik, maar kan reeds vroeër plaasvind). Die "ontmaskering" van die inwoner van die huis word selfontmaskering. As so 'n identifikasie plaasvind, is die grense tussen implisiete en werklike leser opgehef. Hoe meer die teks sy verskuilde betekenis verdoesel en daardeur die leser dwing tot 'n afsoek van repertoria, hoe groter is die moontlikheid dat die leser by sy eie aktuele politieke situasie sal uitkom. Die teks bewerkstellig dan in die leser 'n perspektief op homself en sy eie werklikheid (vgl. hierbo 106).

Dit is duidelik dat die ironiese effek die gevolg is van 'n dialoog tussen teks en leser waarby die kennis en houdinge van die leser as werklike mens 'n rol speel. Ironie veronderstel skynbaar 'n bepaalde soort leser: eerstens veronderstel dit 'n leser wat die waardes op grond waarvan die letterlike tekstaanbod verwerp moet word, met die teks kan deel (vgl. Booth op.cit.66). Tweedens veronderstel dit 'n leser wat oor die nodige kodes beskik om die kritiese perspektief te kan aktualiseer. In die geval van 'n politieke konstituering van Mamba moet hy byvoorbeeld bewus wees van die strewe van die blanke om homself teen 'n "swart gevaar" te handhaaf. Blote feite kan selfs deel wees van die repertorium van die ironie, byvoorbeeld die "feit" dat baie blanke huise in gegoede stedelike woonbuurte deur swartmense bestee word sodat diefwering tipies van die huise van die stedelike

"establishment" is. Hierdie veronderstelde kennis kan in Mamba selfs deurslaggewend wees: wanneer die gedig gelees word as wesenlik 'n ironisering van die "slang" weens die implisiete verlossingsmotief in "skeur die tempel van geld se voorhang" (reël 12) en die "heuvel van die waterskeiding" (reël 1) word die semantiese en referensiële selfbeveiligingskode oorstem deur 'n referensiële Bybelse kode. Verskillende lesers laat verskillende repertoriumaspekte op die voorgrond tree. Die kritiese perspektief op die "man" ontstaan egter ook sonder 'n politieke kode en die gedig kan as simbool van vrees vir allerlei soorte bedreiginge verstaan word. In die geval van 'n polities-bewuste leser sal die gedig egter inspeel op sy repertorium van aktuele kennis en houdinge. Die effek van leserontmaskering veronderstel weer 'n "gemiddelde", dus nie-radikale blanke Suid-Afrikaanse leser. Wanneer hy in die slot duidelik gelei word om met die "man" te identifiseer (die "wit strot", reël 19) vind hy sy "rear exposed". Sy vrees vir die "swart gevaar" is dié kode wat hierdie effek aktualiseer (vgl. Bredell op.cit.51 tot 52).

Dit skyn of die gedig dan by uitstek vir laasgenoemde leser geskryf is, met ander woorde hy is die veronderstelde leser soos Wolff hom ontleed (op.cit.143, vgl. ook 145 en 149). Hy is die leser vir wie die teks skynbaar "bedoel" is (in die lig van 'n bepaalde betekeniskonstituering). Hy is die outeur se "verbeelde leser" wat die skryfwyse skyn te bepaal. Ten opsigte van aanvallende ironie merk Booth op: dit is "...usually directed against positions that are actually held by some possible readers" (op.cit.76). Die veronderstelde leser is 'n samevatting van histories-bepaalde, aktuele en publieke (d.i. voorspelbare of tipiese) houdinge wat "der Autor erreichen oder ansprechen wollte" (Iser 1976 59). Die veronderstelde leser is dikwels 'n versameling van tydgenootlike houdinge (ibid 58).

Mamba kan egter illustreer hoe so 'n tipiese "veronderstelde leser" juis nie die kompetensie mag hê om alle aspekte

van ironie as politieke perspektief te konstitueer nie. Hy sal waarskynlik nie geredelik die klassebotsing tussen ryk en arm as rede vir 'n swart "inbraak" konstitueer nie, om maar een voorbeeld te noem. Die veronderstelde leser is ook nie die waarskynlike leser en vanselfsprekend nie die werklike leser nie.

Die veronderstelde leser is inderdaad, soos Iser ook betoog (1976 59 tot 60), 'n aspek van die implisiete leserrol: hy is 'n sisteem van konvensionele politieke houdinge wat die implisiete leser gerig word om in te span in die repertorium van die teks en aktualiseerbaar deur 'n leser wat die houdinge kan inspan ook al deel hy hulle self nié. Daar is egter by implikasie aangetoon dat vrees en gevaar belangrike funderings van die negatiewe dialoog is sodat 'n blanke, aktuele Suid-Afrikaanse leser die ironiese effek die sterkste sal ondergaan en in die hoogste mate ten opsigte van sy eie habitus geperspektiveer word.

Die gedig onthul op dié wyse lesersubjektiviteit. Bredell (op.cit.) se teksresepsie onthul 'n hoë waardering vir of literêre preokkupasie met godsdienstige of godsdienstige motiewe, of ook 'n beperkte politieke bewustheid. 'n Vergelyking tussen laasgenoemde resepsie van die gedig as geheel en so 'n politieke konstituering kan aantoon hoe die gehalte van 'n konstituering afgelees kan word van die mate waarin potensiële "Wirkung" gerealiseer word, met ander woorde; hoe meer "Wirkung" deur die lees van die gedig onthul word, hoe beter is die bepaalde leesping of "reading".

Met hierdie uiteensetting word daar vooruitgelees op die tekstuele "lees" van die gedig ter wille van 'n duidelike uiteensetting van enkele belangrike gevolgtrekkings wat hier gemaak kan word.

Die konstituering van die "Leerstelle" konvensioneel bekend as ironie, beteken dat die leser 'n implisiete maar versweë houding bylees by teksdata of selfs by 'n hele gedig, soos die geval is in Mamba. Dit beteken dat die gedig retrospektief verander, soos Riffaterre aantoon insake die effek van "conversion" waarvan ironie 'n voorbeeld is. (Riffaterre 1978 65; vgl. ook die definisie op p.63). Die teksdata ondergaan retrospektief 'n proses van "marker permutation" (ibid.65): nie 'n "inbraak" nie, maar 'n mislukte selfverdediging of die onvermoë tot of onmoontlikheid van selfhandhawing blyk die verskuilde intensionele betekenis te wees.

Deur negasie van wat by die leser geëvokeer word, veral danksy prosesse konvensioneel bekend as ironie en simboliek (of meerduidigheid), handhaaf die gedig op hierdie stadium 'n volgehoue dialoog waardeur die leser voortdurend huiwer tussen "Befangenheit" en "Beobachtung" (vgl. hierbo 104). Betrokke by die teksaanbod, verskyn die repertoriumagtergrond en word die andersheid van die teks duidelik; distansieer die leser hom van die teks, word die ontoereikendheid van die repertorium duidelik sodat hy terug moet gaan na die teks. Die leesituasie illustreer wat Gadamer as die proses van "Abhebung" beskryf wat volg op 'n "sich-einlassen" van die subjek by 'n vreemde gegewe: hoe meer betrokke die subjek raak, hoe meer blyk die andersheid van die saak waarby hy betrokke is. Hoe meer die leser betrokke is in die gedig, hoe meer word hy gedwing tot 'n oplossing daarvan - iets waarin hy in die geval van sosiopolitiese leeswyse slegs sal slaag as hy sy habitus omvorm.

Ingestel om die betekenis te vind, kan die leser aan die einde van die tweede strofe 'n referensiële raamwerk vir die gedig omlin. Die deïksis word nie opgehef nie, maar ontwikkel en die kodes wat die leser inspan om die strofe te lees, is konvensioneel-simbolies en referensieel by

uitstek (maar op die basis van die reeds geaktiveerde kodes). In terme van die repertorium, verskyn daar nuwe elemente wat ander repertoria verteenwoordig. Tipies van teksstrategie soos Iser dit beskryf, word die nuwe elemente tekstueel verbind in 'n voortgesette interne ekwivalensie waaruit die leser 'n integrerende perspektief kan opbou.

- 3 Die eerste twee reëls sit die ontpragmatisering van die situasie voort. Die "inbraak" in strofe een wyk van 'n reële situasie af deur die beskrywing
- "rol sy rubberlyf rats in ringe
om die regop tol van dubbelverdieping"
- (reëls 3 en 4). Hier dwing die omvang van die "alarm" ("oorwonings") figuurlike lees af, maar veral die gevolge -
- "Die howe se deure slaan toe, en middeldeur
skeur die tempel van geld se voorhang."
- (reëls 11 en 12) - is 'n duidelike leesinstruksie.

Die "tempel van geld" het 'n opvallend konvensioneel-simboliese waarde (wat steun op referensiële Bybelse betekenis). Dié lees-teken is 'n verdere leidraad en die leser neig om "howe", "lesingsale" en "warm skagte", en moontlik ook "wonings wat hurk", "bloeiende heinings" en "waar die paaie vurk" as simbole te verstaan. Die "tempel van geld" simboliseer materialisme (wat 'n "tempel" bou vir 'n geldgod), die howe die regspraak, lesingsale versamelde kennis en studie en skagte die tegnologie in diens van materialisme.

Hierdie konstituerings is egter die gevolg van meer as net 'n kode van konvensionele betekeniswaardes.⁽²⁵⁾ Met die moontlike uitsondering van "tempel van geld" verkry die ander data hul betekenis ook met behulp van ander kodes - die ander stemme in die teks - dus met behulp van die tekshorison.

Dit kan aan die hand van een voorbeeld geïllustreer word: "warm skagte". Dit word referensieel geredelik gelees

as 'n verwysing na Johannesburg of ander myngebied. Semanties verbind die leser "skagte" met myne, mynbou en tegnologie. Hy beweeg hier op die vlak van semantiese paradigma. "Warm skagte" kan verbind word met aarde, maar skep ook 'n "Leerstelling" wat die woorde oopsluit vir ander invullings met behulp van ander kodes. Wanneer "skagte" met tegnologie verbind word, is die skakeling simbolies, of minstens metafories, 'n soort sinekdogee, waarby die resultaat, 'n skag, verwys na die houding of aktiwiteit wat hom geskep het en na wat daaruit verkry word (vgl. Shipley op.cit.411).

Die assonerende "warm skagte" maak fonologiese lees moontlik en die leser sal dit subjektief-assosiatief interpreteer. Al hierdie repertoria of kodes is vervat in die twee woorde en oorvleuel mekaar. Wanneer die leser "warm skagte" lees as simbolies van die geboortekanaal, 'n interpretasie waartoe die res van die reël hom kan lei

"...Wel die water glinsterend op, stoot

kringend uit en oor (die goudgevratte stad)"

dan dra die akoestiese en onverklaarde van die kombinasie "warm" en "skagte" daartoe by, asook eers versteekte aspekte van semantiese paradigma. 'n Moontlik beslissende faktor is die leesinstruksie self. Wanneer "warm skagte" (ook) gelees word as simbolies van Suid-Afrikaanse tegnologie en materialisme, speel die referensiële en semantiese kodes 'n deurslaggewende rol. Die verbinding met materialisme is tekstueel gegee, m.a.w. die leser lees die tekshorison saam.

Die bostaande leeswyse van "warm skagte" demonstreer die "struggle to name, to subject the sentences of the text to a semantic transformation" (Barthes 1970 92) wat nie net vir opeenvolgende teksdele geld nie, maar ook by die leser se poging om een tekstdata te integreer. Warm skagte word 'n "dual sign" wat 'n ander teks vir die leser sigbaar maak, 'n "ghost text" (Riffaterre 1978 94) naamlik verkragting.

'n Moontlike integrerende perspektief is die eietydse Westers-blanke kultuur met sy regspraak, sy versamelde studie en kennis, sy tegnologie en sy "vrye onderneming" of kapitalisme wat tegnologie en nywerheid aanmoedig. Die woonbuurte met hul welvaart kan hierin geïntegreer word. As die leser verder wil integreer, betrek hy die aktueel-politiese: hierdie kultuur beskerm homself deur homself af te sluit ("heining", "waar die paaie vurk", "voorhang" en voorts ook "deure", "skagte" en "ligte", onderskeidelik reëls 10,12,11,14 en 11). As die perspektief eenmaal gevind is, oorskou die leser die tekshorison en nie-geaktualiseerde betekenis kom na vore en word getematiseer. "Huis" (reël 1) is, saam met die "inbraak" van die titel, die begin van 'n reeks om dit in terme van Riffaterre te stel. Terugskouend kan die leser "huis" integreer as een van "geboue" en die geheel se betekenis nuanseer met die begrip "bouwerk", "opbou", asook die reeds gekonstitueerde "selfbeveiliging".

Die perspektief integreer die data tot 'n geheel van simboliese voorstelling. Die afsonderlike "simbole" en die voorstelling as geheel, speel in op die repertoriumagtergrond, paraat gehou in die repertoriumelemente en bewusgemaak in die proses van konstituering, en werp lig op die referensiële werklikheid.

Om

".....en middeldeur

skeur die tempel van geld se voorhang".

(reëls 11 en 12) te lees, moet die leser die referensiële werklikheid lees as kapitalistiese selfsugtigheid. Slegs die ingewydes het toegang tot die tempel van geld. Die ander is afhanklik van die ingewydes. Op sy beurt speel die teksdata in op welvaart-armoede-diskrepancies in die werklikheid en op blank-swart-verhoudinge as 'n verhouding van die ryk teenoor die arm stand, die baas teenoor die kneg.

'n Soortgelyke ooples van die repertoriumagtergronde sou by die ander data aangetoon kon word.

Die tekstuele tematisering van "skeiding", in die eerste en weer in die tweede strofe, maak die politiek van apartheid "leesbaar" as 'n politiek van selfbeveiliging, en daarom ook van selfsug (in die lig van die "voorhang").⁽²⁶⁾ In die lig van die politieke werklikheid met sy blanke houdinge word "waterskeiding", "heining" en "paaie (wat) vurk" (onderskeidelik reëls 1 en 10) tekens van ordeskepping, net soos die skagte waarvan die oorspoelende water 'n soort primordiale chaos sou kon voorstel. Meer nog word die gevolge van die inbraak leesbaar as ineenstorting van orde: die deure "slaan toe", die voorhang "skeur", die "ligte (gaan) uit". Nuwe semantiese moontlikhede kom na vore. Die Bybelse referent, naamlik die "skeur" van die voorhang wat die teken is van die versoening tussen God en mens en dus van verlossing, moet volgens tekstuele voorskrif saamgelees word met ineenstorting van die Westerse kultuur. Die verlossing behels eerstens die opheffing van die verskil tussen ryk en arm, maar die leser kan met behulp van aktuele politiese werklikhede 'n strewe na bevryding bylees. Die teks ontsluit die politieke repertorium dus verder.

Wat by Iser 'n skakeling van repertoria en teks is in die vorm van herkenbare elemente wat deur ontpragmatisering die repertoriumagtergronde steeds weer op die voorgrond bring om die nuwe teksdata weer leesbaar te maak, is by Barthes die skakeling tussen die "voices" van die teks wat die leser "hoor" en waarmee hy dus bekend is sodat hy die teks in terme van sy eie kodes herskryf. "...Writing is not the communication of a message which starts from the author and proceeds to the reader; it is specifically the voice of reading itself: in the text only the reader speaks" (Barthes 1975 151; Barthes se Kursivering),

Hierbenewens laat die gedig homself nog lees in terme van sy onderliggende deïksis. Reëls 9 tot 10 kom voor as dramatiese aankondiging, as beskrywing van 'n ingrypende gebeurtenis, óók omdat die leser dit verwag. Die taalgebruik "toe loei die alarm...", die strofeverdeling (sommige lesers sou dit die betekenis gee van "die stilte voor die storm") en die onverwagte eindrym aktiveer dié spraakhandelingsmodel. Die effek van die eindrym steun grotendeels op die literêre repertorium: pragmatiese taaluitings word dikwels deur rym of ander literêre konvensies verliteraturiseer om hulle daardeur die allure van belangrikheid te gee.

Die leser is ingestel om die gevolge van die "inbraak" in die eerste strofe te lees. Die eerste twee reëls versterk die instelling en hiermee kry die simboliese waardes van die strofe verdere betekenis. Die inbraak was suksesvol, die alarm gaan af nadat die mamba die huis reeds binnegekom het; die -aanvanklik onbekende - toeslaan van die deure, uitgaan van die ligte, ens moet verstaan word as die vervolg daarop en dit dui op 'n katastrofe. Só lees die leser die tweede strofe in terme van die deïktiese situasie. Met betrekking tot die simboliese betekenis is die gevolge van die inbraak die ineenstorting van die Westerse kultuur. Daar kan kortliks weer gewys word op die teksgefundeerdheid van leseraktiwiteit met behulp van Riffaterre. "Ineenstorting" is, semanties-semiologies gesproke, 'n aktualisering van 'n versteekte betekenis van "inbraak", naamlik die letterlike "breek", "opbreek" of "inbreek", dit wil sê inmekaarstorting van iets. Indien "natuur maak inbreuk op kultuur" die matrix is (wat 'n eksperimentele voorstel is), dan kan dit verfyn word tot "natuur veroorsaak kulturele ineenstorting".

Die kritiese perspektief op die inwoner van die huis, die skepper van selfbeveiligingsmeganismes, kan nou verder ingevul word. Die leser word gelei om krities te kyk na apartheid en die Westerse kultuur en die onderdele van laasgenoemde reeks is onderworpe aan 'n verdere leeswyse:

hulle moet die implisiete kritiek help verklaar. Materialisme, intellektualiteit, en tegnologie word gelees as swakhede van hierdie kultuur. Hulle is die mikpunte en, in die lig van die kritiek, ook die oorsake van die "inbraak".

As die leser op hierdie stadium in die "mamba" 'n stedelike terroris lees, is dit tekstueel geregverdig, maar nie voorgeskryf nie. Die leser lees dus, in 'n sekere sin, homself. S6 'n interpretasie sou reduksionisties wees, wat ook in die aard van simboliese "Leerstellen" is: die konstitueerbare betekenis is altyd meervoudig en uiteindelik, by 'n doeltreffende of geslaagde simbool, onomlynbaar.

Die inbraak van die mamba se geslaagheid as gedig hang onder meer daarvan af of dit "naturalization" of reduksie tot spesifieke betekenis weerstaan, met ander woorde, van sy simboliese krag. Indien die teks as simbool sy outonomie behou, dan bly hy inspeel op die repertoriumagtergronde en hou hy allerlei skadukante daarin paraat. Is "apartheid" 'n futiele poging om stroomgebiede te skei wat nie skeibaar is nie? Is dit 'n geveg teen die primordiale, die oerkrag van die natuur wat soos ondergrondse water weer opstoot? Die politieke werklikheid staan paraat met allerlei interpretasiemodelle vir teksdata, wat hy, soos reeds aangetoon, telkens nuut belig. Kodes op die agtergrond van die leseraktiwiteit kom weer na vore. Daar skyn 'n sekere organies-primordiale-natuurkragtige "stem" deur die gedig te loop; die skagte as geboortekanaal, die mamba as natuursimbool; "glimswart", "riemdun jaartse", "sy tong...", en die water wat "glinsterend" "op(wel)" (onderskeidelik reëls 8, 2, 5 en 14), konnoteer lewe, vitaliteit, 'n konnotasie versterk deur die kontrasterende "goudgevratte" (wat 'n metaforiese "Leerstelle" skeep en daarom des te meer opval) asook deur "roetswart". Is die in-"gly" van die mamba in die kaggelskoolsteen 'n verkrachtingsimbool en, op sy beurt, 'n simbool van oorwinning of wraak of ontering?

Die konkretiserende detail in hierdie strofe skep 'n spanning met die simboliese leeswyse waardeur die een leeswyse die ander beïnvloed. Déúr die simbole word die deïktiese situasie gelees waarin die teks hulle plaas en dit, eerder as hul referensiële betekenis, verleen aan hulle die waarde van 'n gebeurtenis, 'n werklikheid. Dit is nie omdat die detail reëel voorkom nie, maar omdat die lesers veral besig is om hierdie situasie of gebeurtenis te konstitueer. Die lesers is veral verstrengel in die konstituering hiervan en die graad van verstrengeling gee aan die teks die waarde van 'n gebeurtenis vir die lesers (vgl. Iser 1976 204 tot 209: dit is die "Geschehenscharakter" van tekstuele verstrengeling wat die lesers dwing om die gedig ook "Bedeutung"

te gee, om dit te integreer in sy eie werklikheid. Referensiële betrokkenheid as sodanig betrek nog nie die lesers nie). Die realiteit van 'n gedig skyn, volgens hierdie siening, nie te lê in die werklikheidsillusie wat referensiële werklikhede of deïktiese detail kan help skep nie. (Barthes toon aan dat wat konvensioneel as "realisties" bestempel is, juis vanweë die geselekteerdheid van die perspektief wanneer realiteit beskryf moet word, nie realisties is nie. Vgl. op.cit.55). Die funksie van konkretiserende detail soos "loei die alarm", "wonings wat hurk/(agter)...", "deure slaan toe", "warm skagte", is om die lesers teksbetrokke te hou (onderskeidelik reëls 9 tot 11 en 13 tot 14).

Op dié vlak ervaar die lesers verdere negasie. 'n Katastrofe, 'n visie soos hier vergestalt, vra om 'n motief, maar dit word funksioneel verswyg. Die lesers moet dit in die teks vind. Repertoriumelemente moet nuut bekyk word. Indien dit nie só konstitueërbaar is nie, bly die negasie inspeel op die lesersrepertorium. Die kritiese perspektief wat daarmee gepaardgaan vereis ook motivering. Booth wys daarop dat hierdie beoordeling van die ironie inherent is aan lesersreaksie hoewel dit onderdruk word deur die feit dat

die leser self die kritiek aktualiseer (op.cit.41 tot 43). Die opmerklike skynonverskilligheid van die teks, maak dié vraag in Mamba egter besonder werksaam. Dit veroorsaak dan 'n ander retrospektiewe leeswyse. Die "slagoffers" van die inbraak kan as gevolg hiervan as 'n lys kulturele selfaanklagte gelees word, veral na aanleiding van die duidelik negatiewe "goudgevratte", die "tempel-" en "voorhang"-beelde. Die "goud" vorm vratte op die stad, die geld is net beskikbaar vir ingewydes, nie vir alle "gelowiges" nie. Is die regspraak dalk onregverdig en die lesingsale van kennis onkundig of skuldig aan vergrype teen wysheid en insig? Ook hier gee die teks geen duidelike leidraad nie - die verswyging van 'n duidelike implikasie (nog duideliker as die dreigende en agressiewe van die slot betrek word) is die enigste leidraad. Hierdie betekenisaspek vereis leseraktiwiteit. Hierdie soort "Leerstelling" versterk die dialoog omdat dit gedurende herlees moontlik maak. Die negasie van die motief lei die leser na die werklikheid. Kritiek in die politieke werklikheid moet die kritiek van die ironiese raamwerk verklaar.

Die moontlike skuld aan eie ondergang is uiteindelik net beskryfbaar in terme van die referensiële werklikheid soos dit vir elke afsonderlike leser bestaan. 'n Linksgesinde leser kan hierin 'n verwysing na twyfelagtige hofuitsprake in sake rakende terroriste sien; 'n regsgesinde Afrikaanssprekende leser sal die "tempel van geld" verbind aan die Engelssprekende voorstedelike establishment of nyweraartycoons, ens. Sulke toepassings is enersyds noodsaaklik, maar andersyds reduksionisties en 'n vergelyking met die teks-self weerhou die leser van reduksionistiese toepassing. Hy sien dan sy toepassing vir wat dit is: 'n poging om die vervreemdende teks in die werklikheid op te los. Die verhouding teks-werklikheid is nie verwysend nie, maar dialogies. Sodoende bly die ironies versteekte maar vermeende tekshouding oningevul en hou dit as "Leerstelling" die politieke werklikheid paraat.

Indien die lesers 'n blanke, Afrikaanssprekende lesers is, dan konstitueer hy in hierdie strofe die ineenstorting van sy eie waardes en sekuriteit. Hy word verder gerig om die oorsaak daarvan by sy eie, vertroude wêreld te soek. Die konstituering van 'n Westerse kultuur, die Suid-Afrikaanse blanke status quo, betrek baie sosiopolities uiteenlopende lesers by hierdie effek. Hy ontdek sy eie illusies en is self 'n "slagoffer" van die ironie. Vir heelwat lesers sal dié ontdekking eers met die slotreël kom as 'n skokeffek van die leesproses. (27)

Hierdie lesers ervaar in homself die splitsing tussen implisiete lesers en werklike lesers. Hy is verdeel tussen tekshabitus en eie habitus. Hoe meer hy hierdie konstituerings voltrek, hoe meer word hy as werklike lesers betrek en gedwing tot 'n herstrukturering van die eie habitus. Verlaat hy die teks, bly dit onvolledig of oningevul. Hierdie splitsing en leserspanning word deur Iser gedemonstreer na aanleiding van die optrede van die implisiete lesers in Vanity Fair waarin die lesers tot 'n kritiese perspektief op die romangebeure gelei word, maar terselfdertyd "...ständig Gefahr läuft, in das Romangeschehen hineinzurutschen, mit dem Erfolg, plötzlich den Massstäben seiner eigenen Kritik unterworfen zu sein" (Iser 1972 190, vgl. ook ibid., 410 na aanleiding van Waiting for Godot).

Wanneer die werklike lesers heeltemal neutraal sou staan teenoor die referensiële wêreld van die gedig, is die intensiteit van heelwat bogenoemde effekte veel minder: die negasie van die oorsaak, die negasie van "normale" houdings van vrees en vreemdheid, die implisiet-beskuldigende van "tempel van geld" se "voorhang" en "goudgevratte stad". 'n "Neutrale" lesers sou hulle gesog kon vind, of hy sal die veronderstelde lesers ervaar as rol wat hy as implisiete lesers moet speel.

Die negasie van normale, selfs vooruitgeprojekteerde reaksies op die voorstelling van die inbraak val in die tweede strofe

nog meer op, vanweë die aankondiging van die katastrofe in die eerste twee reëls, die implikasies van die simbole en die omvang aangedui in die laaste twee reëls, wat die leser kan verbind met die Bybelse sondvloed met behulp van die reeds geaktiveerde Bybels-Christelike repertorium. Die sondvloed is, retrospektief, 'n verwysing na die verlossing geïmpliseer in die skeurende voorhang. Die verloop van die katastrofe word as ononderbroke progressie aangebied deur middel van opstapeling, kort sinne en sintaktiese parallellisering:

"In die lesingsale.....In die warm skagte....." (reëls 13 en 14)

asook

".....wel die water.....op, stoot
.....uit en oor....." (reëls 14 en 15)

Wanneer die leser hierdie progressie konstitueer as "onver-biddelik" of "onkeerbaar", is dit die resultaat van die negasie: die teksdata word gelees in die perspektief van vrees, ontsteltenis en 'n neiging om die voortgang te stuit of nie te wil nie - alles houdinge wat nie letterlik in die teks staan nie. Hulle word negatief by die leser ge-evokeer, juis deur die data wat emosioneel gelees word. Ook hier blyk die leserkonstituerende effek: hy ervaar die teks as 'n andersoortige waarnemingswyse eerder as 'n hiperobjektiewe waarneming. 'n Soortgelyke effek op die leser word aangetoon in Iser se ontleding van die Benjy-monoloog in The sound and the fury. Wanneer die leser buite die teks tree, kry hy insig in die beperkte bewussyns-ervaring van Benjy, vir wie die werklikheid as 'n soort towerspel voorkom: "Eine solche Tendenz ist in Benjys Monolog angelegt, wird aber niemals von ihm selbst, sondern allenfalls vom Leser erfahren. Er allein trägt die Last solches Erlebens" Die tipiese leserspanning ontstaan dan waartydens die leser deur die teks gedwing word om die vreemde ervaring lesend mee te maak sodat die noodsaak van oplossing, opheldering daarvan geskep word (Iser 1972 220 en 221).

Op hierdie stadium kan die leser teoreties tot 'n integrerende teksperspektief kom, tot 'n konstituering van die hele teks, met die uitsondering van die deïktiese kode wat in homself 'n "toekomsgerigtheid" opsluit, 'n implikasie dat die progressie nog nie afgehandel is nie. Ook is die "Leerstelle" tussen die "mamba" en sy "inbraak" en die gevolge nog nie heeltemal opgeklaar nie, wat verdere leidrade oor die aard van die mamba nodig maak. Die leser ervaar ook sy simboliese en referensiële interpretasies as moontlikhede. Die teks het hulle nog nie finaal geverifieer nie. Spesifieke toepassings kom reduksionisties voor.

4 Die slotstrofe gee, oënskynlik, op nie een van hierdie vrae of leesinstellings antwoord nie en die negasie daarvan is die basis van die uiteindelijke effek.

Die slotstrofe gaan terug na die oorspronklike deïktiese situasie - "die inbraak van die mamba" - in sterk konkreti- serende terme. Die deïktiese kode of model is hier funksioneel in die mate waarin die teksaanbod homself daarvan afbaken: die detail val op as betekenisvol. Hierdie detail is veral semanties leesbaar. Die aggressie van die slang val op -

"rig hom swaaiend op"

asook

"en lê sy koue ken op die wit strot" (reëls 17 en 19)-en so ook sy gevoelloosheid of redeloosheid wat irrasionaliteit of die sub-menslike konnoteer:

".....kyk

klippiesoog na die man...."

asook

"en lê sy koue ken op die wit strot" (reëls 18 en 19; my kursivering).

Referensiële gegewens soos die feite omtrent die gedrag van 'n aggressiewe slang is 'n voorstadium van die semantiese "naamgewing" of groepering. Met behulp van die deïktiese kode kan die leser die strofe sien as uitdrukking van die

slang se aanvalsvorneme, of met verwysing na die referensiële kode as wraaksug. In elk geval kan die leser met sekerheid die oorwinning van die mamba konstitueer. 'n Moontlike konstituering sou kon lui: die slang het geslaag; die man is volkome in sy beheer en onderworpe aan sy koudbloedige wil.

Die konstituering is tekstueel verifieerbaar en toon aan watter vrae die teks wek maar nie eksplisiet beantwoord nie: gaan die slang sy slagoffer doodmaak? Gaan hy hom slegs in permanente dwang - en vrees - hou? Stel hy die genadeslag uit as deel van 'n wraaksugtige taktiek? Die saaklike en konkretiserende teksaanbod herhaal die oorspronklike ironiese "Leerstelle": 'n onaanvaarbare onverskilligheid of neutraliteit, 'n hiperobjektiwiteit. In die lig van die reeds gevormde kritiese perspektief is hierdie aanbod nou egter duidelik leesbaar as 'n besondere objektiewe waarnemingswyse. Die leser kan die slotstrofe verstaan as beeld van wat hy sou gesien het as hy self objektief kon kyk. Die implisiete leser staan nou op die waarnemingspunt van die implisiete spreker en sien moontlik - ironies genoeg - homself, sy eie "conscious unawareness" in die lig van hierdie perspektief. Ook dit open 'n kritiese perspektief op die werklikheid.

Die antwoorde is egter implisiet aanwesig, te wete in die deïktiese kode (vroeër of later gaan die slang die man doodmaak). Hierdie deïktiese perspektief beïnvloed al die ander kodes, ook die sosiopolitiese. In die lig van die politieke aktualiteit is die teks egter 'n voorspelling sodat dit 'n vraag stel aan die leser se politieke werklikheid, met ander woorde dit dwing die leser om krities na sy eie werklikheid te kyk om vas te stel of die ondergang van die "man wat die waters skei" verifieerbaar is. Die leser huiwer hier tussen moontlikheid en vervulling, tussen teks habitus en eie habitus.

Voor die vasstelling van die "Bedeutung", dit is die poging van die leser om tot 'n werktransenderende interpretasie te kom, dit wil sê om die teks met die nie-literêre werklikheid te integreer (vgl. Iser 1976 243 en 244), skyn al die kodes of perspektiewe weer oorvleuelend saam te werk. Benewens die deïktiese en semantiese kodes, maak veral die referensiële kode teksdata soos "Voltooi was die mamba se taak" (reël 16) en die "wit strot" (reël 19) verder leesbaar. Die inbraak en sy gevolge was 'n taak, 'n beplande en doelgerig uitgevoerde onderneming, interpreteerbaar as - byvoorbeeld - georganiseerde swart verset. Die slotreël aktiveer die aktueel-politiese swart-versus-blank-situasie spesifiek.

"...en lê sy koue ken op die wit strot" is die enigste direk deursigtige spesifikasie van die referensiële wêreld van die gedig, en daarmee van die simboliese betekenis. (Dit beteken nie dat die gedig slegs in dié terrein oplosbaar is nie). Die veronderstelde blanke Suid-Afrikaanse leser se selfherkenning word hier vooruitgeprojekteer. Die teks skok die leser uit sy verstrengeling in die illusionêre verhewenheid en veiligheid van die ironiese waarneming, terwyl dit terselfdertyd sêlf dié posisie handhaaf. Ook hierdeur ontstaan 'n sterk spanning tussen implisiete en werklike leser, tussen tekshabitus en leserhabitus.

Die weerhou van die spesifikasie tot die slot van die gedig veroorsaak dat die repertorium van sosiopolitiese werklikhede oopgelees en oopgehou word, omdat daar telkens weer "Leerstellen" en nuwe moontlikhede ontstaan. Veral egter skep dit 'n tekstueel gefundeerde en gehandhaafde onsekerheid in die leser, wat met die slotreël opgehef word, maar dadelik vervang word met die nuwe onsekerheid hierbo genoem, nie oor die werklikheid wat hier geobjektiveer word nie, maar oor die geldigheid van sy implikasies. Na aanleiding van die aktuele werklikheid kan hy die gedig verwerp as oordrywing of aanvaar as juiste insig in die toekoms. Na aanleiding

van sy sosiopolitiese habitus kan hy besluit of die ironiese ontmaskering van die slot geldig is of nie. Die leser word dus deur die teks gedwing om die gedig betrokke te maak, om hom te vergelyk met die aktuele politieke werklikheid en dit as werklike (nie-fiktiewe) kommentaar te beoordeel. "Betrokkenheid" is hier duidelik teksgestimuleerde, teksgerigte leserreaksie. Beoordeling van die reële geldigheid van teksbetekenis is in die geval van hierdie gedig leseraktiwiteit omdat die gedig as gedig geldig bly.

Laasgenoemde stelling, wat eintlik 'n estetiese oordeel is, kan met behulp van Riffaterre kortliks gemotiveer word. Die gedig vorm 'n geslote semiologiese sisteem; dit het 'n outonome poëtiese, nie-mimetiese betekenis. Die hele gedig ontwikkel die matrix "inbreker" en "ineenstorting"; indringer of dief teenoor dit wat ingebreek of onderwerp word of ineens stort - kortom: die bekende en versteekte betekenis van "inbraak". Die matrix word deur volgehoue reekse geaktualiseer en onthul, naamlik as die natuur wat kultuur oorweldig. Met behulp van 'n interteks word 'n ander teks in die geheel leesbaar, naamlik die botsing tussen swart en blank of tussen primitiewe en Westerse kultuur. Dit aktualiseer die genererende sin verder. Daar kan aangetoon word hoe alle onderdele in hierdie sisteem pas, wat die aanwesigheid van 'n geslote literêre betekenis bewys. (28)

In terme van die Bybels-Christelike repertorium, wat skynbaar deur die laaste strofe op die agtergrond gedring word, is die voltooiing van die mamba se taak die oorwinning van die Bose. Die funksie van hierdie repertorium kan soos volg saamgevat word: die repertorium met die positiewe houdinge jeens die Christelike wat by die leser veronderstel of vooruitgeprojekteer word, word deur die teks ontpragmatiseer. Die Christelike is vervat in die bedreigde huis en die man as slagoffer, en aspekte soos "sondeval" en "kruisiging" (verlossing) word skynbaar geaktualiseer onder meer deur die "skeur" van die voorhang. Met behulp van

ander kodes word die Christelike egter leesbaar as beeld van vervalste Christelikheid: die "tempel van geld" (reël 12) is hier 'n belangrike sleutel. Die oorwinning van die mamba is leesbaar in terme van die sondvloed en dus as suiwering (of ook as straf op grond van die kode). Die katastrofe, leesbaar as kruisiging en oorwinning van die mamba, is positief. Die slang is in werklikheid die verlosser. Die leser word gedwing om dit wat hy waarskynlik normaalweg as positief en selfs heilig beskou, as negatief en verwerplik te lees, en omgekeerd.

Die Bybels-Christelike is hier 'n kode wat die kritiese perspektief op Westerse kultuur en sy uitinge versterk. Die skeiding tussen goed en kwaad en die stryd om die goeie het vervlak tot apartheid en selfbeveiliging. Die keerkant van die vervlakking is die oornam van die bose, wat daardeur potensieel die goeie word.

Die positief-Christelike is 'n masker wat die teks self verwyder en waardeur die eintlike kritiese tekshouding konstitueerbaar word. (29)

Die gesimuleerde werklikheid in die slotstrofe gee nie werklikheidswaarde aan die gedig nie, maar het 'n leseraktiwiteit tot gevolg wat dit betrek by die werklikheid. Betekenis-konstituering word hier sterk gestimuleer weens die kontras tussen die simboliese lees en betekenis in die vorige strofe en die deursigtige, deïktiese aard van die slot. As gevolg hiervan wil die leser de-konkretiseer waar die teks konkretiseer. Hy wil die illusie ophef deur betekenis-gewing. Omdat die gedig die werklikheid objektiveer en simboliseer op 'n wyse wat vrees en vervreemding uitlok by die leser, kan die leser nog sterker gedronge voel om die simbool op te los in die bekende werklikheid. Die gedig as geheel illustreer 'n negatiewe dialoog tussen teks en leser, en word gekenmerk deur die feit dat dié dialoog

nie 'n voorfase van finale betekeniskonstituering is nie, maar deel is van die finale perspektief.

Só byvoorbeeld bly die "inbraak" en die opwellende water in die skagte leesbaar in terme van 'n simboliese kode as verkragting en geboorte. Die betekenis word nóg tekstueel geïntegreer en duidelik geverifieer, nóg opgehef. Dit noop die leser om na literêre konvensies te soek wat die simbole verklaar en hy sou homself kon afvra of geboorte 'n konvensionele simbool van opstand of rewolusie is en daarby sou hy, intertekstueel, die geboortesimboliek in Breyten Breytenbach se politieke poësie as model kon gebruik. (30)

Die semantiese opposisie oerkrag/natuurkrag/vitaliteit teenoor kultuurverstarring/voosheid behou ook sy geldigheid as interpretasiemodel en tematiseer nuwe-aspekte van die slotstrofe: die herhaling van werkwoorde, predikate van "slang", konnoteer vitaliteit:

".....Hy
rig hom swaaiend op langs die bed, kyk
 klippiesoog na die man wat die waters
 skei, en lê sy koue ken....."

(laaste strofe; my kursivering). In die lig hiervan val die passiwiteit en onpersoonlike van "wit strot" op.

Op grond van die reeds aangehaalde omskrywings van die simbool en die voortgesette dialogiese, nie-reduceerbare aard van die gedig soos hierbo uiteengesit, kan die gedig as geheel as simbool beskou word. As sodanig bly dit, soos kenmerkend is van die simbool, inspeel op die leserwerklikheid en het dit potensieel die vermoë om vergete en halfbewuste aspekte na vore te bring, soos Iser ook vasstel ten opsigte van die verhouding tussen literatuur en werklikheid - die literatuur gryp in op die nie-geaktualiseerde aspekte van die sisteem, op dit wat onderdruk en genegeer word in die gereglementeerde werklikheid.

In hierdie geval kan die teks die leser bewus maak van dit wat my negeer, maar ook impliseer en dit kan aspekte soos die volgende uit die repertorium laat uitkristalliseer: blanke vrees, swart haat, en, aansluitend, die versteekte desperaatheid in selfbeveiligingsmeganismes en kulturele geslotenheid, asook die half-vermoede mentaliteite of houdinge vervat in swart bewustheid en swart verzet. Hier blyk veral die simboliese krag van die "mamba" met sy konvensionele en moontlik argetipiese onderlae.

Iser se slotsom oor die funksie van literatuur, naamlik dat dit in die laaste instansie 'n middel is tot vrystelling van spontaneïteit, tot bevryding uit eie denksisteme en die denksisteme van die sosiale groep, blyk geldig te wees.

Soos reeds aangetoon, is die gedig uiteindelik konstitueerbaar (die "Sinn") en toepasbaar (die "Bedeutung") as appèl, as outonome gegewe wat net ervaarbaar is deur 'n dialoog- nie 'n "inbraak" van een of ander reële aard nie, maar 'n "inspraak".⁽³¹⁾ Om te herhaal: sodra die leser die teks wil interpreteer in terme van die werklikheid, vind hy dat hy besig is om die werklikheid te interpreteer in terme van die teks. Daar is 'n fundamentele "Leerstelle" tussen tekstaanbod en teksimplikasie, dit wil sê betekenis wat die leser kompenserend bydra. Die betekenis van die gedig is nie geleë in sy konkretiserende en "hiperobjektiewe" beskrywing nie en die slot dien hierby as leidraad. Hierdie "Leerstelle" kan opgelos word deur tekstaanbod en implikasie te integreer, dit wil sê deur simbool en leser te verbind. Die gedig is dan 'n objektivering van die leser se vrees en skuld. As die leser nie die "veronderstelde" leser is nie, kan hy moontlik nog steeds in sy rol as implisiete leser hierdie betekenis aflei.

Hierdie finale konstituering word, paradoksaal, aangemoedig deur die gebruik van eers die teenwoordige en dan die verlede

tyd: dit gaan oor 'n gebeurtenis wat verby is, terwyl dit referensieel nog moet plaasvind. Die agternaperspektief suggereer 'n visionêre teksperspektief. Visies is illusies, moontlikheid, verbeeldingspel. Daarom ontpragmatiseer dié perspektief die leser uit sy (moontlik dringende en tekskorrigerende) werklikheid en word 'n proses van identifika-sie moontlik.

So 'n konstituering maak die gedig integreerbaar met die leserwerklikheid, maar geskied net as die leser hom volkome met die perspektief kan identifiseer, nie in die eerste plek om intellektuele of polities-gemotiveerde redes nie, maar om emosionele, subjektiewe redes - leserhoudinge wat nie teksekstern is nie, maar inteendeel tekstueel verskans is.

'n Kernsaak wat herhaal kan word, is dat die teks die leser rig om die gedig betrokke te maak en dat die leser dan self, teen wil en dank en met sy eie houdinge en sienings in die weegskaal, gedwing word om betrokke te raak by die sosiopolitiese werklikheid op 'n nuwe manier. Om die gedig te lees en te absorbeer, moet hy sy werklikheid anders ervaar en selfs omstruktureer.

VOETNOTE

1. In die res van die bespreking word die titel tot "Mamba" afgekort.
2. In Structuralist Poetics (1975) verskaf Culler 'n illus-trasie van die poëtiese gebruik van hierdie deïktiese konvensie as leidraad vir die konstituering van 'n verduisterde onderwerp. Ashberry se gedig stel die leser in op vir hom bekende betekenis met behulp van bepaalde lidwoorde. Vgl. pp,168 tot 169.
3. Culler, op,cit., wys hierop in die loop van sy bespreking van poëtiese konvensies, vgl.p.188.

4. Stockenström se "Paddaksioom" (Van vergetelheid en van glans, 1976, p. 26) kan dit deels illustreer: die taal is opsetlik afwykend van omgangstaal en literêre taal, terwyl die maatskaplike satire oorbekend is uit die oeuvre. Daarom is die taaleksperimente dikwels hinderlik - so byvoorbeeld die titel en woorde soos "gepaddaliseer", "van lieflike lelieblaar" en andere (reëls 8 en 11).

5. In A linguistic guide to English Literature (1969) gee Leech 'n omskrywing van deïktiese taaltekens, vgl. p. 191-193. Vgl. ook Culler, op.cit., p. 165: "Deictics are 'orientational' features of language which relate to the situation of the utterance ... en dit sluit in "...first and second personal pronouns...anaphoric articles and demonstratives...adverbials of place and time..."

6. Vgl. ook die samevatting van Weinreich aangehaal in Arnold en Sinemus, Grundzüge (1973), p. 195: "Eine Metapher ist ein Wort in einem Kontext, durch den es so determiniert wird, dass es etwas anderes meint, als es bedeutet".

7. Hierdie effek op die implisiete leser word verskeie male in Der Implizite Leser (Iser 1972) aangetoon. Vgl. pp. 365 tot 366 na aanleiding van A heritage and its history: die leser soek na tekstuele leidrade om die "mangelnde Bestimmtheit des Geschehens" op te los en dit lei tot 'n "geschärften Beobachtung"; die leser is "... (gespannt) auf die Erläuterungen des Autors" (p. 365). Dis 'n tegniek waardeur die skrywer die leser se aandag op 'n besondere wyse op die teks kan rig: "Damit versucht der Autor den Leser in einer besonderen Weise auf die Vorgänge hinzulenken" (p. 366).

8. Vgl. ook Barthes, S/Z (1975), p. 90: "...to read is to struggle to name, to subject the sentences of the text to a semantic transformation. His transformation is erratic;

it consists in hesitating among several names" en "...reading is absorbed in a kind of metonymic skid, each synonym adding to its neighbour some new trait..."

9. Vgl Bredell, Ironie in die poësie van Wilma Stockenström, (1979), pp,51 tot 53.
10. Dit sou buite die bestek van die tesis val om 'n volledige en deeglik gemotiveerde inventaris van poëtiese kodes op te stel waarin alle resente navorsing opgeneem is. Die uiteensetting demonstreer onder meer hoe moeilik semantiese en kulturele "kodes" onderskei kan word. Om die sosiopolitiese aspek by Barthes se REF-kode in te sluit, mag dié kode onhanteerbaar wyd maak. Die belangrike saak is egter dat alle aspekte hier genoem - semanties, polities, kultureel, ensovoorts - gekodifiseerde en dus gesistematiseerde werklikheid is en dat die sosiopolitiese dus ook 'n "kode" is en tekstueel gekodifiseer kan wees.
11. Die uitwerking van klankmatige aspekte in poësie is nog 'n onseker terrein wat onder andere psigologies verklaar word wanneer dit nie uitgesproke klanknabootsend is nie. In elk geval kan uitwerking as sodanig nie ontken word nie en, skynbaar, ook nie die moeilik fundeerbare subjektiewe aspek daarvan nie. Vgl. hieroor Asmuth in Arnold en Sinemus, op.cit., pp. 209 en 225. Met klankmatig word vir die doel van die tesis na klank en ritme verwys.
12. Die konvensionele betekeniswaardes soos deur Wheelwright aangetoon, word hier gevolg, vgl. Shibles, Essays on Metaphor (1972), pp.99 tot 110.
13. Vgl Wheelwright, *ibid.*, pp 94 tot 95. Op laasgenoemde bladsy verwys hy na die "nutritive darkness of proto-semantic experience" waarin die simbool veranker is. Hy onderskei die argetipiese simbool as soort op p.110.
14. Dit verskil dus van die SYM-kode deur Barthes onderskei. Vgl. 1975, p17 tot p19. Barthes verwys na simboliese denke of abstrakte figurasië, waarby teksdata in terme van bekende patrone gelees word. Simbolies lees beteken juis dat die

teks ervaar word soos 'n literêre simbool en dit behels, soos aangedui, dat daar steeds by bekende patrone of konvensionele betekenis verbygedui word. In hierdie sin is die hele "inbraak"-situasie op hierdie stadium simbolies.

15. "Mimesis" word hier gebruik in die sin waarin Riffaterre daarna verwys, vgl. Riffaterre (1978), p.6. Riffaterre se beskouings kan as bykomende motivering van die isolering van 'n "deïktiese kode" beskou word. Die werksaamheid van die deïktiese of mimetiese as kode word gedemonstreer in Riffaterre se ontleding van die Baudelaire-uittreksel, op.cit. pp.51 tot 53: dié kode maak die bykomende betekenis "to yield or not to yield" leesbaar (ibid.52), en lei uiteindelik tot die leserafleiding dat die gedig sy "hypogram" in omgekeerde volgorde aanbied (ibid.53). Riffaterre gebruik die woorde "narrative" en "proairesis" (ibid. 52) om na hierdie mimetiese aspek te verwys.

16. Dit moet hier herhaal word dat die poësie beskou word as die nabootsing van 'n spraakhandeling van die soort waar 'n spreker hom persoonlik tot 'n hoorder of hoorders rig.

17. Die negatiewe dialoog word gedemonstreer in die ontleding van A heritage and its history, in Der implizite Leser, op.cit., asook in die bespreking van Waiting for Godot: "Diese sich ausbreitende Unbestimmtheit wird zur Reizquelle für die Bestimmungsakte des Zuschauers..." (ibid. 410). Iser konstateer 'n negatief-dialogiese verhouding tussen die bekende en gereguleerde en die onbekende. Wat die leser as bekend voorveronderstel, naamlik die implikasies van menslike gesprekke en die aard van menslike karakters en wat hy dus in die teks inprojekteer, word gefnuik. Hulle verskyn as "endlos" en "das Zufällige". Die onvoorspelbare aard van die werklikheid verskyn dan vir die leser as die bekende of werklike (ibid.378).

Kompenserende lees blyk onder meer in die leserreaksie in The Sound and the Fury. Omdat Benjy se gefragmenteerde werklikheid as vanselfsprekend aangebied word, dring dit

die leser om die afwesige ordening by te dink en by te lees: "Diese Reduktion auf die reine, ent-intellektualisierte Wahrnehmung bleibt nicht ohne Wirkung auf den Leser. Er verspürt, dass in den schemenhaften Figuren und den kupierten Handlungsabläufen mehr angelegt ist, als ihm durch Benjys spezifische Wahrnehmung vermittelt wird...Dem Leser wird damit die ausgefallene Bewusstseinstätigkeit aufgebürdet..." (ibid.,220).

18. Bredell se godsdiensdig-Bybelse model kom egter reduksionisties voor in die lig van aspekte in die tekshorison wat daardeur ongeïntegreer bly. Die selfbeveiligingsreeks boet daardeur in aan sy potensiële "establishment"- of "status quo"-implikasies. Aan die ander kant aktualiseer 'n sosiopolitiese interpretasie skynbaar nie die Bybelse (sondeval-) konnotasies van die slang nie.

19. "The dual sign is an equivocal word situated at the point where two sequences of semantic or formal associations intersect", aldus Riffaterre, op.cit., p.86. In die genoemde woorde se geval is daar 'n kruising tussen die deïktiese kode en ander - semantiese en referensiële - kodes wat deur die woorde geaktiveer word. Die gevolg word deur Riffaterre soos volg beskryf: "Such words...point to textual significance because they stand for a whole 'text', while at the same time functioning like any other word, in accordance with grammar and lexical collocation..." (ibid.,86).

20. Wat Ingarden die "quasi-judgmental" aard van literêre taal noem, kan hier toegepas word as "quasi-factual!" Vgl Ingarden(1973), p. 189

21. Vgl. ook Culler, op.cit., p.156 na aanleiding van die vraag "How do we recognise irony here?" Hy verwys na die rol van "general models of human behaviour which we assume that we share with the narrator."

22. Die ooreenkoms met die pragmatiese teksbenadering is ook elders opmerklik. Booth wys byvoorbeeld op die deurslaggewende rol van konteks by die vasstelling van ironie: "In many ironies, perhaps in most, the words themselves do not require retranslation. They are in fact words which in other contexts would be accepted in precisely this form without demur. It is always something in their surroundings, and it is usually something implicit in their 'place', that gives them away" (ibid, 39). In dié sin is ironie dus in hoë mate leserafhanklik; dit is 'n produk van 'n dinamiese dialoog tussen teks en leser. Booth baseer sy benadering van ironie op die verhouding tussen teks en leser, 'n verhouding implisiet aan die "The way irony works in uniting (or dividing) authors and readers..." (op.cit.ix). As aspek van retorika is ironie 'n teksstrategie wat doelbewus aangewend word deur 'n spreker om 'n bepaalde effek op die leser te hê; dit is dus ingebed in die spraakhandeling. Dit funksioneer op die basis van gedeelde premisse wat, soos aangetoon, onderliggend is aan die literêre werk as spraakhandeling : teks en leser kan 'n repertorium deel.

23. Vgl. Booth (1974), p.34: "I do not convince you that our king is a menace by saying so....; I must convince you that I know of qualities and actions of his that you will think imply a threat to your welfare or a violation of your values."

24. Die waarnemende perspektief word onder meer deur Muecke (1969) bespreek. Die ironikus ervaar sy eie posisie as dié van 'n "observer" en "The word 'observer' itself connotes both detachment and objectivity: a person is necessarily outside of and at a distance from what he observes.... Detachment and objectivity in turn connote disengagement, freedom, dispassion, a critical attitude..." (p.218).

25. Die suiwer simbool is feitlik sonder tekshorison interpreteerbaar en maak net vir sy konstituering staat op die "multiplicity of associations...with which the symbol...has been joined up in the past..." Vgl. Wheelwright, op.cit., p.94 asook *ibid*, p.101 waar Wheelwright wys op die "associations.... independent of the poem."
26. Na aanleiding van Wheelwright se aanduiding van negerende simbole in Macbeth kan gesê word dat die oormaat afsluitings- en beskermingsimbole in die gedig hul keersy, die gevaar en die ophef van die geslotenheid, by die leser evokeer. Wheelwright sê o.m.: "Christian blessedness is indicated in Macbeth chiefly by symbols of disorder, darkness, violence, and confusion, which connote the absence..." (op.cit.97).
27. Iser (1972) verduidelik na aanleiding van Vanity Fair 'n soortgelyke illusieopbou in die leser. Dat hy self die kritiese perspektief opbou, soos reeds aangetoon is, is eintlik ook 'n illusie: "Indem der Text darauf verzichtet, den Leser in die Illusionswirklichkeit des Romans hineinzuziehen, gibt er ihn, durch die variable Distanz zum Geschehen die Illusion, die Vorgänge nach seinen eigenen Ansichten beurteilen zu können" (p.191).
28. Vgl. Riffaterre, op.cit., p.11: "A consequence of the system's latent existence is that every signifying feature of the poem must be relatable to that system".
29. Die interpretasie van Bredell, op.cit., is dus myns insiens onvolledig. Dat die Bybels-Christelike 'n kode is en nie dié kode nie, net soos die sosiopolitiese nie dié kode hóéf te wees nie, is duidelik aantoonbaar.
30. Vgl. bv, "Brief uit die vreemde" in Skryt (1972), pp.26 tot 28

31. Solank die leser besig is met die konstituering van die "Sinn" (Iser) of "significance" (Riffaterre) bly die teks "writerly": "The writerly text is a perpetual present, upon which no consequent language....can be superimposed" (Barthes op.cit.5). Die verskeidenheid van betekenis-moontlikhede is sigbaar, soos dit in Mamba die geval is. Wanneer die leser oorgaan tot "Bedeutung", tot skakeling van die teks as geheel met sy werklikheid, dan word die teks "...traversed, intersected, stopped, plasticised by some singular system" (ibid. 5). Die teks word dan as 'n geheel ervaar (ibid. 6); op grond van sy eie werklikheid gee die leser voorkeur aan een van die stemme in die teks (vgl. ook ibid. 14 tot 15).

3.

LAAT BERIG⁽¹⁾

Die wyse waarop die gedig vóór die lees sekere verwagtings (die poëtiese konvensies) aktiveer, kan weer aan die hand van die titel geïllustreer word. Die leser neem voorlopig aan dat die gedig na 'n koerantberig verwys. Die titel is 'n element uit 'n bekende repertorium naamlik koerantberigte met hul saaklikheid en feitlikheid, die aktuele realiteit waarna hulle verwys en hul seleksie van die belangwekkende, nuuswaardige en self sensasionele. Die eerste perspektief wat die leser opbou, kan saamgevat word as 'n verwagting van die gedig as dokumentasie van die nuuswaardige.⁽²⁾ Agter dié model is die spreker in die gedig versteek, die saak waarna hy verwys en die wyse waarop hy deur die hoorder/leser verstaan wil word. Die berig is dus 'n soort deïktiese model. Dat die leser dit so aanvaar en as model bylees, illustreer die literêre konvensie waarvolgens die leser by voorbaat die gedig as 'n onpragmatiese spraakhandeling verstaan, met ander woorde hy lees die "berig" in die eerste plek as "gedig". Vanweë die geopende perspektief is die leser egter ook ingestel op die aktuele realiteit sodat Berig die besondere "Leerstelling" van die literatuur, die "referential fallacy", aan die orde stel. Die titel open eintlik 'n paradoksale perspektief: na binne, te wete op homself as gedig sodat die koerantrepertorium 'n kontrasterende agtergrond is, en na buite, op die alledaagse werklikheid, waarby die gedig as die andersoortige agtergrond opval. Sodra die leser betrokke raak in die leessituasie, word die koerantberigmodel egter losgemaak uit sy pragmatiese verbande. Ander betekenis van 'n "laat berig" kan deur die leser oorweeg word: naas die leksikale betekenis - 'n berig wat so nuuswaardig is dat dit nog gedruk word hoewel die koerant reeds in die pers is - verskyn newebetekenis: 'n berig wat 'n reeds bekende gebeure aanvul, wat die nuutste omtrent 'n belangwekkende saak meld. Ook 'n verletterliking van die titel kan moontlik in die repertorium verskyn: 'n agternaberig of berig wat te laat is, wat terugverwys na 'n toestand wat inmiddels verander het.

Die leser realiseer'n verskeidenheid moontlikhede omdat hy nie 'n eksterne spesifikasie het nie, maar verwag dat die teks dit sal gee: hy verwag dus 'n interne ekwivalensie, 'n samehang wat sinvol sal wees. Soos reeds in die eerste drie reëls blyk, word die berigmodel belaglik gemaak. Die leser verwerp daarom nog nie die titel nie; hy aanvaar by voorbaat sinvolheid. Genres soos die parodie steun in hoë mate op hierdie konvensie. Selfs die absurde is literêr sinvol, soos Riffaterre in 'n semiologiese ontleding oortuigend aantoon (1978 138 tot 150). Om die krag van die konvensies nog 'n keer te illustreer: die leser verwag geen voetnoot met spesifikasie van 'n werklike gebeurtenis by die titel nie - as daar so 'n voetnoot was, sou dit gelees word as afwykende gegewe wat by die teks geïntegreer moet word en nie as referensiële spesifikasie nie.⁽³⁾

Die deïktiese kode of model van die gedig is dus 'n "laat berig" waarby spreker en spraakhandeling eerstens as berig-gewend gelees word. Hierdie model word in die loop van die gedig deur verskillende ander kodes opgehef, by name die taalgebruik of register⁽⁴⁾ wat deel is van die verbale kode, en die inhoud van die berig, referensiële en kulturele kodes in die repertorium. Terselfdertyd word die model deur verskeie faktore in die repertorium paraat gehou: spesifikasie van plek en gebeurtenis:

"Op die sementplein daar waar
ou grootkop op sy adamsappel staan,
het 'n Jesuskreeuer donderend geskreeu."

(reëls 1 tot 3; my kursivering); die skynnuuswaardige van "teen die verkeerslig", "rooi gille" of 'n grypdief (reëls 5, 7 en 8); die ontdekking van olie en grootskaalse verbannings (reëls 16 tot 21). Die leser word gerig om vir al hierdie besonderhede die betekenis "nuuswaardig"/"opspraakwekkend"/"sensationeel" te lees: die buitengewone - soms in die vorm van klein katastrofes soos geïmpliseer deur die "rooi gille"

en die verbod op allerlei bedreigings - vorm 'n reeks konstantes⁽⁵⁾ wat saam met die deïktiese kode gelees moet word. 'n Skynsaaklike of objektiewe koerantstyl word telkens op die voorgrond gestoot:

"'n Bejaarde vroutjie het rooi gille geuit."

(reël 7) asook, byvoorbeeld

"...aangesien die burgemeestersvrou 'n biegraman opgedra aan haar bolletjie, die lig laat sien het"

(reëls 17 en 18) en die slotreël. Hier, soos ook opmerklik in "Wol is duur. Vleis is skaars." (reël 10) word nie werklike koeranttaal nie, maar die model van saaklikheid en objektiwiteit gesimuleer. Die "allure" van beriggewing, die konvensies wat daarmee saamgaan, word gedurig geaktiveer. Die gebruik van die verlede tyd het 'n soortgelyke funksie. Die "berig" bied homself voorts aan met kenmerkende kommentaarloosheid terwyl hy juis, vanweë die botsings met die model, kommentaar uitlok. Die leser word hierdeur kommentator by die berig.

Dat die berig 'n rol of fiktief is, blyk reeds in die eerste drie reëls waar die deïktiese model dadelik en duidelik ontpragmatiseer word. Daar ontstaan dié tipe intratekstuele "Leerstelle" wat ook ten opsigte van die metafoor aangetoon is (vgl. hierbo 130-132): die leser moet die skynbaar bekende anders lees; hy moet 'n ander kode saamlees met die skynbaar geldige kode vir 'n teksdeel; agter die spreker van die berig steek 'n ander spreker of sprekershouding - die verskil tussen fiktiewe en implisiete spreker blyk.⁽⁶⁾

In reëls 1 tot 3 ontstaan die "Leerstelle" vanweë die taalgebruik: "ou grootkop op sy adamsappel" en "donderend geskreeu" asook die informele "op die sementplein daar waar...." (my kursivering). Mede as gevolg van dié tekens val die nuuswaardige gebeurtenis "...het 'n Jesuskreeuer donderend geskreeu" op as antiklimaks. Hierdie reeks opheffings van die model vanweë 'n botsende register strek oor die hele gedig. Die leseraktiwiteit wat dit tot gevolg het,

kan verder toegelig word aan die hand van Culler se uiteen-setting van ironiese lees by die sogenaamde "verbal irony": "The perception of verbal irony depends upon a set of expectations which enable the reader to sense the incongruity of an apparent level of vraisemblance at which the literal meaning of a sentence could be interpreted and to construct an alternative ironic reading which accords with the vraisemblance which he is in the process of constructing for the text" (op.cit.154 en 155). Die teks rig die leser om die model nie letterlik en ernstig op te neem nie. Ontpragmatiseer word dit vir die leser sigbaar as "model", as sisteem van betekenis en assosiasies, en, opgeneem in die teks, as raam of waarnemingswyse. Die leserreaksie is soortgelyk aan die afleiding wat Riffaterre maak omtrent die rol van parodie (in hierdie geval in 'n skets): "its most superfluous function (is) to insist that this sketch is a mimesis of the sketch" (1978 127; Riffaterre se *Kursivering*). Die "nuuswaardige" blyk die tipiese te wees en die buitengewone die gewone of alledaagse. Die leser neem aan dat skynbare duisterhede na vir hom bekende werklikhede verwys weens literêre konvensies en weens die berigkonteks. Daarom, en ook weens die lidwoorde en geïmpliseerde gemeenskapheid, lei die leser geredelik af dat "ou grootkop op sy adamsappel" (reël 2) verwys na die J. G. Strijdom-monument in Pretoria. Wanneer die leser eenmaal vir die teksdata die betekenis (of "hypogram", vgl. hierbo 134) "tipies" gekonstitueer het, word dit 'n perspektief op die hele teks: so byvoorbeeld word die duiwe met hul "vlerke vasgeknyp soos aktetasse" (reël 6) leesbaar as stedelike beroepslui; die dame-met-skoothond, markpleingeestelike en kammende konstabel word herken as tipies en die lukrake verbannings van "kamme, wol, duiwe en adamsappels" kan ook as tipies herken word.

Hierdie herkenning van die tipiese geskied op grond van 'n referensiële kode. Die teks ontsluit as repertorium die gewone, bekende, spesifiseerbare en lokaliseerbare werklikheid. (7)

Die tipiese word herken in die lig van hierdie werklikheid en, omgekeerd, forseer die teks die leser om 'n geïntegreerde referensiële raamwerk vir die data te vind, veral weens die herhaling of reeksvorming. Dié raamwerk kan dan gekonstitueer word as nie net die tipies Pretoriaanse establishment nie, maar die Suid-Afrikaanse en spesifiek Afrikaanse sosio-kulturele en politieke wêreld. Die teks benodig hierdie kode om leesbaar te wees: die ontdekking van "olie in die Suidpool" sou gekonstitueer kon word as voorbeeld van 'n absurde of onrealistiese soektog of houding, maar met behulp van die referensiële repertorium word dit 'n kommentaar op die eietydse naarstigtelike soektog na olie aan die Suid-Afrikaanse kus; die verbanningsbesluit is ook as gevolg hiervan op meer as een manier leesbaar.

Die gedig verwys dus as "berig" wel na die aktualiteit; hierdie verwagting dra by tot die konstituering van 'n tipiese Suid-Afrikaanse werklikheid in die gedig.

• 2 Die leser verwag van 'n "laat berig" die buitengewone, maar lees die bekende nuuswaardighede van elke dag wat daarom nie meer nuuswaardig is nie, soos eksplisiet gemaak word met "Wol is duur. Vleis is skaars." (reël 10). Die leser word gedwing om deur 'n dubbele perspektief te lees en wat hy lees, kan moontlik soos volg gestel word: die alledaagse, gewone Suid-Afrikaanse werklikheid regverdig nie 'n "laat berig" nie, maar word tog as iets besonders of buitengewoons aangebied deur hierdie berig; as ek die berig ernstig opneem, dan lees ek hier 'n bepaalde siening of houding ten opsigte van wat buitengewoon is - "Here.." (dit wil sê in 'n parodie) - "...the ironist's ostensible meaning is what you would suppose him to be saying if you did not know you were reading a parody" (Muecke op.cit.78). Parodie bevat 'n konvensionele spesifikasie in sy leeskontrak, naamlik dat die leser tydelik die berig ernstig (en letterlik) opneem.⁽⁸⁾ Juis wanneer hy dit doen, val die berig op in sy teenstrydigheid en onaanvaarbaarheid en kan die leser die sin van parodiërende

onsin konstitueer, naamlik, in hierdie geval: 'n valse of oordrewe siening van wat belangrik, nuuswaardig of buitengewoon is.

In die lig van hierdie perspektief kan die berig self verstaan word as tipies van die skewe werklikheidsoordeel van die Suid-Afrikaanse maatskappy (die berig kan as tipies van die Suid-Afrikaanse pers en selfs as tipies van 'n spesifieke koerant gelees word.⁽⁹⁾)

Wanneer die leser egter letterlik of ernstig lees, dan lees hy ook die teenstrydige, die onsin of belaglike: hy lees byvoorbeeld die konstabel wat sy hare "gekam en gekam/en gekam en gekam en gekam" het as "laat berig". Hy konstitueer dan die onderliggende houding van die gemeenskap as belaglik/oordrewe. Dit beteken dat die leser van die parodie die referensiële werklikheid in die gedig lees in 'n vorm waarin dit gestroop is van sy konvensionele allures, van die vanselfsprekendheid waardeur die oordrewe verdoesel word. Hy lees die "werklikheid", soos Culler aantoon, in sy letterlikheid: "the vraisemblance of the parody insists on a literal reading which displays the distance between the 'natural' interpretation and what is required...when it is taken seriously" (op.cit.153 en 154). Lees hy die berig letterlik, dan ervaar hy die teenstrydige kodes as "Leerstellen" en word hy gedwing tot konstituering van die oordrewe houding. Om Laat berig betekenisgewend te lees, beteken dus om sekere werklike Suid-Afrikaanse houdinge as oordrewe of belaglik te ervaar.

Die wyse waarop die parodie die versteekte skadukante van die gesistematiseerde, konvensionele werklikheid vir die leser ervaarbaar maak deurdat dit die werklikheid wat dit in hom opneem van sy allures stroop, blyk veral uit die reeks skynkatastrofes.

Op grond van die leesinstruksies word die donderende Jesus-skreeuer, die rollende duiwe, die instap teen die verkeerslig, "rooi gille", die grypdief wat 'n diefstalslagoffer troos en ander teksdetail gelees as buitengewone insidente, klein katastrofes of omkerings van die normale. Hierdie leeswyse word veral deur die eerste drie reëls geskep: die stelwyse boots die koerantaankondiging van 'n belangrike gebeurtenis na. Al hierdie katastrofes of omkerings van die normale word deur die teks belaglik gemaak en die leser los die "Leerstelle" op deur die onderliggende houdinge te konstitueer: verset teen oortreding van reëls ("teen die verkeerslig oor die straat/gestap", reëls 5 tot 6); ontsteltenis oor alle tekens van ondergraving van die reëlmaat (die "bejaarde vroujie" se gille kan as reaksie op die vorige insident gelees word); vrees vir alles wat "rooi" is, soos byvoorbeeld vir die Kommunisme ("rooi" in reël 7 skep 'n eie "Leerstelle": dit kan gelees word as waarskuwing soos 'n rooi verkeerslig, maar ander betekenis word ook paraat gehou); vrees vir publisiteit of vir spioene (die konstabel konfiskeer die kameras van patriotte); krampagtige soektog na olie. Die berig word 'n beeld van die aktuele Suid-Afrikaanse maatskappy, en die oordrewene wat al die detail uitwys, die integrerende beginsel wat die leser kan konstitueer, is oordrewe angsvalligheid vir alles wat die orde skyn te bedreig. Dit kulmineer in die slotgedeelte: al die katastrofes, al die vergrype teen die norm, word verbied. Soos in al die bogenoemde gevalle word die model-katastrofe opgehef deur 'n botsende kode; in die sensasionele verbod-op-alles bots die formeel-saaklike "in die ban... doen" met dit wat verban word: "bolletjies, eiers, kamme, wol, duiwe en adamsappels..." (reëls 19 tot 20). Die slotreël bevestig die parodie en lei die leser tot dieselfde betekenis-konstituering: vrees vir bedreiging van die status quo, insluitende die regering.

As tipiese berig, referensieel gespesifiseer, is die gedig 'n weerspieëling van wat deur 'n bepaalde gemeenskap as sensasioneel en katastrofaal beskou word. Die gedig ontsluit die referensiële repertorium steeds verder en bring vir die leser al hoe meer versteekte houdinge aan die lig. In 'n ontleding van die 18de-eeuse Engelse roman Humphrey Pinter wys Iser daarop dat die kombinasie van bekende literêre vorme, die brief-, reis- en pikareske roman, daartoe lei dat elkeen van die vorme sy konvensionele betekenis verloor en sigbaar word nie as die waarnemingswyse of vorm waarin die werklikheid fiktief aangebied moet word nie, maar juis as n waarnemingswyse: "Die in der Überlagerung zum Verschwinden verbrachte Bedeutung der jeweiligen Form lässt diese als eine Hülle zurück, die ursprünglich der Bedeutungsvermittlung gedient hatte. Wird die Bedeutung preisgegeben, so bleibt die Form als eine Möglichkeit der Anschauung übrig" (1972 114). Bogenoemde "katastrofes" is die leë vorme van waardes of houdinge wat van hul konvensionele geldigheid ontdoen is. Hulle word vir die leser waarnemingswyses van die werklikheid wat in die gedig opgeneem is as referensiële kode. Hulle is die leë vorme van houdinge gestroop van die sinvolle inhoud wat hulle in die konvensionele maatskappy het. Om dit nogmaals bondig te illustreer: wanneer die verbod op alles-en-nog-wat in die eietydse Suid-Afrikaanse maatskappy gestroop word van sy konvensionele allure, dan kom dit neer op amptelike verbanning van eiers en adamsappels.

Die wyse waarop die repertorium van die eietydse werklikheid deur die teks gestimuleer word, blyk onder meer verder ook daaruit dat die leser verlei kan word om in die "adamsappels" of "eiers" en "bolletjies" verwysings na spesifieke verbode sake te sien: die stem of adamsappel van die skrywer of linkse politikus; seks en erotiek in literatuur en elders, ensomeer.

Die hele berig word 'n beeld van oordrewe angsvalligheid. Die titel stel die leser in op die aktualiteit en in die konstituering soos hierbo uiteengesit, speel dié referensiële kode die deurslaggewende rol. Die aktuele maatskappy is die bekende waardeur die ontpragmatiserende nabootsing herkenbaar word. Die gedig rig die leser om die werklikheid in hom te herken en in te span as kode, of, om dit anders te stel: die eietydse sosiopolitiese en kulturele werklikheid is deel van repertorium van die gedig.

Die parodie dwing 'n leeswyse af waardeur daar vir die leser 'n teenperspektief op die norme van die werklikheid geopen word.

Die skynbare willekeur van die "Jesuskreeuer" as aankondiging van die besondere of buitengewone ontsluit die repertorium van die woord, sy "descriptive system" (vgl. hierbo 138).

Die Jesuskreeuer roep op tot bekering; hy waarsku of predik die noodsaak van 'n nuwe insig of instelling, 'n omkering van houding. Met dié betekenis word 'n hele godsdienstige repertorium ontsluit: "Jesuskreeuers" soos Johannes die Doper en die eerste dissipels kan bygelees word. Die grypdief kan 'n bekeerling wees en die "vurige vaderlanders" kan gelees word in terme van die uitstorting van die Heilige Gees, net soos die duiwe. Die berig kan gelees word as berig van 'n bekering. Ook hierdie model word opgehef: die bekering laat homself lees as die uitbly van 'n werklike bekering. In die lig van die bekende referent, val die afwesigheid van bekering op. Die grypdief steel wèl die skoothond; die duiwe word 'n beeld van die onversteurde voortsetting van die alledaagse. Ook hier hef die tipiese die model op.

Die rol van hierdie kode blyk voorts uit die wyse waarop implisiete betekenis in reliëf kom: die duiwe wat "soos

water van die winkeldakke" rol (reël 4) kan met behulp van die idiomatiese "water van 'n eend se rug" gelees word as teken van onverskilligheid, en is dan die eerste aanduiding dat die bekeringsmodel ongeldig is en gelees moet word as sy eie teenoorgestelde (vgl. Bredell op.cit.24).⁽¹⁰⁾ Die godsdienstige word, net soos die eietydse konvensionele houdinge, sigbaar as leë vorme, gestroop van die inhoud of sin wat die leser normaalweg daarmee assosieer.

Die berig bied 'n skynbekering aan as geldig en verletterlik as berig dan die oppervlakkige houdinge waarvolgens hierdie "bekering" as geldig gesien word, net soos in die geval van die skynbelangrike of skynkatastrofale. "Bekering" is 'n ander voorbeeld van omkering van die gewone en, gelees in die lig van die godsdienstige repertorium, bevestig die gedig die perspektief wat reeds opgebou is, naamlik die gebrekkige oordeel ten opsigte van wat omkering of die abnormale behels. Waar die sosiokulturele kode die vrees in die aktuele maatskappy uitgediep het, diep die godsdienstige kode die oppervlakkigheid uit.⁽¹¹⁾

Die "Leerstellen" wat met die parodie in Laat Berig gepaard gaan, word gekenmerk deur humor. Wat konvensioneel bekend staan as humor is eintlik 'n besondere soort "Leerstelle" soos Riffaterre se semiologiese ontleding van humor (1978 125 tot 138) duidelik aantoon. Die intratekstuele botsing is die gevolg van "...the presence in the text of codes semantically or formally incompatible" (ibid. 125). Hulle lei die leser na 'n ander teks - wat daarop neerkom dat hulle die leser se repertorium uitbrei - en hulle funksie soos deur Riffaterre beskryf, definieer ook die funksie van "Leerstellen": "They function as buoys marking the position of a sunken meaning" (ibid. 136). Die opheffing van die berigmodel as "dokumentasie van die nuuswaardige" of as "berig van 'n bekering

of omkering" verwys die leser, soos aangetoon, na die interteks van die aktuele Suid-Afrikaanse maatskappy. Die leser se konsepte omtrent die gangbare houdinge en realiteite van 'n gemeenskap is gesistematiseer; dit is die "already read, seen, done, experienced" (Barthes 1970 20) en as sodanig 'n teks wat ten opsigte van die literêre teks waarmee die leser gekonfronteer is, funksioneer as interteks.

Die konvensionele poëtiese instelling op sinvolheid veroorsaak dat die leser nie die humor as selfgenoegsaam beskou nie: hy soek na 'n doel.⁽¹²⁾ Die humoristiese beskrywing

"Duiwe het soos water van winkeldakke
gerol....."

(reëls 4 tot 5), die paradoksale humor van

"'n Grypdief het 'n beroofde dame getroos,"

(reël 8) en die opstapeling van absurditeite met humoristiese effek in die laaste ses reëls van die gedig rig die leser om 'n model te vind waardeur die onsin sin kan word.⁽¹³⁾ Humor

kan 'n kode, 'n vaste leserinstelling of leeswyse word, soos in Laat Berig die geval is. Dit word 'n reeks tekens wat die verletterliking en spesifiek die verletterlikte geparodiëerde houdinge aandui. Die uitwerking van die instelling blyk byvoorbeeld in die tweede van die dubbele humoristiese teenstrydighede in die volgende reëls (8 tot 10):

"'n Grypdief het 'n beroofde dame getroos,
pleks van haar handsak haar skoothond
gevat....."

Die steel van die skoothond dien nie net om die skyn van die grypdief se "bekering", die skyn van die buitengewone aan te dui nie, maar kan gelees word as parodie van 'n maatskappy waar die diefstal van skoothonde moontlik 'n erger oortreding is as die diefstal van handsakke.

Binne die konteks van hierdie studie kan 'n volledige ondersoek na humor as "Leerstelle", as leserinstelling en leeswyse

nie onderneem word nie. Die "Reiz", die blote aantreklikheid van humor word hier voorlopig aanvaar, en hierdie "Reiz" het 'n belangrike effek op die leser. Dit dien as motivering vir die leser om repertoria af te soek ten einde die tekstuele botsing, in die humor vervat, op te los. Anders gestel: om die humor te lees, lees die leser sy werklikheid anders en ontdiep hy die versteekte daarin. Om die humor van die verbod op bolletjies en wat daarop volg te konstitueer, moet die leser vir die duur van die lees aanvaar dat die Suid-Afrikaanse sensuur (om mee te begin, maar ook verbannings en inperkings) oordrewe is. Sonder dié agtergrond kom die parodie nie tot sy reg nie en is die plesier wat dit die leser kan gee, beperk. Mede danksy die humor dwing die parodie die leser dus tot kritiese stellingname teenoor die bekende werklikheid. Hierdie kritiese perspektief wat vir die leser geopen word, is egter ook weens die humor getemper en die perspektief is eintlik relativerend: "ou grootkop" is 'n ander wyse van kyk na wat normaalweg met die grootste eerbied bejeën word. Dié humoristiese verwysing toon aan die leser nie die verkeerde of laakbare van die konvensionele eerbied nie, maar die oorgewigtige, die oordrewe daarvan.⁽¹⁴⁾

Die "Wirkung" van die gedig kan na aanleiding van sekere newe-aspekte aangevul word. Die gedig is onder meer vir die leser aantreklik as herkenningspel: hy herken 'n bekende monument vir 'n nasionale held in "ou grootkop"; in die Jesus-skreeuer herken hy die leke-evangelis of ook - moontlik - 'n "Jesus freak", 'n professionele beroepsman in die duif-met-aktetas, 'n tipiese Suid-Afrikaanse kortbroekkonstabel-met-kam-in-die-kous, en dies meer. Die herkenning maak die humor ervaarbaar en is daarom 'n selfaangedrewe leesaktiwiteit. Waar die herkenning selfherkenning is (wanneer die leser 'n lid van die hier getipeerde establishment is) verdoesel die humor die selfkritiek waartoe die teks die leser (mis-) lei. Die eerste leesinstruksie wat dwarsdeur die gedig heraktiveer word, was immers: dít is nie ernstig nie. Verstrengeling

("Befangenheit") oorheers, tydelik, die waarneming ("Beobachtung") en in die parodie is dit meermale 'n geval van "Man sieht sich nicht zu, worin man ist" (vgl. Iser 1976 218).

Die herkenningspel is moontlik omdat die seleksie van repertoriumelemente geskied op die basis van tipering en aan die hand van die reduksionistiese aard van tipering kan geïllustreer word hoe die element die geheel van die repertorium waaruit hy gekies is in die leser paraat hou. Om die element te herken, word die hele sisteem waarvan hy deel is, benodig en wanneer die tipiese opval as reduksionisties, is dit omdat die leser die geheel sien. Hy lees dus ook vergelykend. Omdat die seleksie hier as reduksionisties opval, vra dit om korreksie. Die parodie stel hierdie korreksie egter effektief uit deur die leser in die teksaanbod te verstrengel met die volgehoue humor, herkenningspel en parodiërende "Leerstellen". Die leser word op die vlak van die tekshabitus gehou en die korreksie van die tipering bly uit totdat die afrondende perspektief gevorm is. In 'n sekere sin maak die parodie die leser meer "weerbaar" teen inmenging van sy eie habitus, teen die korreksie van sy eie opinies en houdinge. Die afstand tussen tekshabitus en toepaslike werklikheid word ook vergroot deur die feit dat die leser betrek is in 'n absurde gegewe. Een van die funksies van die slotreël is juis om die leser sterker van die werklikheid bewus te maak deur 'n nuwe soort "Leerstelle" (woordspeling) wat die onderliggende werklikheid op 'n nuwe manier ervaarbaar maak.

Daar kan moontlik 'n konvensie onderliggend aan literêre tipering aangetoon word: die leser aanvaar vir die duur van die teks die reduksionistiese perspektief omdat hy aanneem dat dit hom 'n verskerpte insig in sekere reële sake sal gee. Tipering is 'n riglyn aan die leser dat hy die bekende, vertroude werklikheid moet betrek - soms die algemeen-bekende of universele eienskappe van mense of situasies, soms die lokale bekendhede soos in Berig met sy tipering van die Suid-Afrikaanse. Hiervoor word die leser "beloon" deurdat die tipering in hom 'n nuwe

bewuswording teweegbring van wat andersins oorbekend, vanselfsprekend en in dié sin onbewus ervaar word. Tipering is 'n besondere vorm van opheffing van die "alten konteks". (Iser 1976 117) van die bekende: dit werk naamlik met die oorbekende.

- 3 Dit het reeds geblyk dat die parodie as leeswyse die leser op 'n besonder sterk manier tekstueel verstrengel, waarby korreksie van die reduksionistiese perspektief na aanleiding van die werklikheid self uitgestel word terwyl die relativerende, onthullende perspektief op die werklikheid gehandhaaf word. Hierdie verstrengeling kan aan die hand van enkele spesifieke voorbeelde verder toegelig word.

In die volgende reëls moet die leser binne 'n kort leesbestek, relatief verkort deur die sintaksis, 'n hele paar tekstuele diskrepansies oplos:

"Duiwe het soos water van winkeldakke
gerol en teen die verkeerslig oor die straat
gestap, die vlerke vasgeknyp soos aktetasse."

(reëls 4 tot 6). Die leser moet hier 'n vergelyking, 'n metaforiese kodeverdubbeling en 'n parodiërende nuuswaardigheid ("teen die verkeerslig...") saamlees en bykomend van twee alliterasies vasstel dat hulle volgens die gebruikelike literêre konvensies funksieloos is sodat dit lyk asof die gedig homself as gedig parodieer - iets wat hy kan konstitueer as: die parodiëring van 'n vorm. Dis 'n verdere teken dat die gedig soos aangebied nie ernstig opgeneem moet word nie. Eintlik kan die hele stelling as 'n opheffing van homself gelees word: die duiwe kry 'n skynbelang vanweë die beeld "soos water", word onmiddellik daarna van alle sin onthef deur die instap teen die verkeerslig om dan weer as metafoor vir beroepslui in al hul selfbetrokke drukte op straat te dien: die laaste "Leerstelle" wat hierdie drie reëls skep, is die diskrepansie tussen tekstuele verwickeldheid en gekonstitueerde onsin. As die leser sóver kom (die opstapelingsstegniek lei hom daaroorheen), kan hy die werklike teksperspektief of implisiete sprekershouding konstitueer: die gegewe word aangebied as absurd.

In die volgende drie reëls vereis die parodie drie verskillende leeswyses:

"'n Grypdief het 'n beroofde dame getroos,
pleks van haar handsak haar skoothond
gevat. Wol is duur. Vleis is skaars."

(reëls 8 tot 10). Die eerste reëls stem ooreen met die deïktiese model omdat dit 'n omkering van die normale suggereer. Die inhoud van die katastrofe maak dit belaglik en parodieer die berig en die groepshouinge wat hy verteenwoordig. In die volgende reël is die diefstal egter geldig en as sodanig die parodiërende raamwerk: die nuuswaardige lê in die steel van 'n skoothond (wat, soos hierbo aangetoon, op sigself 'n bepaalde groeps waarde onthul). Die volgende twee nuusitems is parodiërend omdat hulle hoegenaamd nie nuus is nie, maar die alledaagse en 'banale feitlikhede. Hulle hef die hele raamwerk op. Hulle maak die raamwerk "katastrofe", "laat berig" belaglik. Telkens word 'n ander houding nageboots: wat as katastrofaal of as 'n omkering beskou word; wat as misdaad of vergryp beskou word en wat as belangwekkend beskou word.

In die laaste ses reëls word die absurditeite wat van die begin af die gedig kenmerk 'n doel op sigself. Aanvanklik verstrengel hulle die leser deurdat die bloot parodiërende bots met die absurde. In die slot word hulle egter 'n leespele-tjie waarby die leser wil vasstel hoe een absurditeit die vorige (of die daaropvolgende) ophef sonder om die basiese kode - 'n besondere, sensasionele gebeurtenis in saaklike styl - op te hef. Die leser is verstrengel in die "Reiz" van "a single verbal sequence simultaneously actualizing two conflicting texts..." (Riffaterre 1978 143): 'n "biegroman/opgedra aan haar bolletjie, (sien) die lig..." (reëls 16 tot 18); "op hoogste vlak (word) besluit om bolletjies, eiers,/kamme, wol, duiwe en adamsappels in die ban te doen..." (reëls 19 tot 20; die kursivering dui die teenstrydige teksdeel aan).

Dit skyn 'n kenmerk van parodie en ander satiries-ingestelde literatuur te wees dat die leser "verlei" word tot intellektuele aktiwiteite soos die bo-aangehaalde wisseling van leeswyses en verrassende spronge en opstapeling van "Leerstellen". Die satire word gekenmerk deur 'n groot verskeidenheid konvensionele tegnieke wat almal daarop afgestem is om die kritiese perspektief by die leser teweeg te bring sonder dat dit uitgespel word.⁽¹⁵⁾ Die teks bou 'n perspektief in die leser op, deur hom "teen wil en dank" in die tekstuele aanbod te verstrengel. Die "law of diminishing returns" waarop Muecke ten opsigte van ironiese effekte wys (op.cit.66) geld klaarblyklik ook vir ander liriese genres: die leser moet geboei bly, die korrektief moet uitgestel word en die effek van parodie sou dalk só gestel kon word: die leser lag eers, en ontdek dan waaroor hy lag.

• 4 Ook in Berig word die volledige prentjie, die eintlike tekshouding, verdoesel tot feitlik teen die slot (hoewel sekere uitsonderlike lesers dit moontlik vroeër kan konstitueer). Die sleutel tot die eintlike teksperspektief is die absurditeite. Soos humor - volgens die ontleding van Riffaterre (vgl. hierbo ¹⁹⁸) - wys die absurde uit na 'n interteks: "It marks where the unidentified intertext should be..."; dit is "the trace left by an intertext" (1978 137). Die absurde verskil van humor dáárin dat dit nie alleen teenstrydige kodes inspan wat die leser slegs met behulp van 'n "interteks" kan oplos nie, maar dat die kodes mekaar op skyn te hef: die absurde is die sinlose. Dit lei tot kompenserende lees: wat in die teks sinloos is, wil die leser sin gee.⁽¹⁶⁾ Hy aanvaar die "absurdity or inappropriateness of humor" as 'n "deferred appropriateness" (ibid. 138). 'n Sterk motivering hiertoe is die konvensie van sinvolheid in poësie: as die teks die sinlose aanbied, dan is dit met 'n doel en die sinlose word ervaar as teken.⁽¹⁷⁾ Die ontdekking van "olie in die Suidpool" (reël 16) is 'n verletterliking van die oordrewe, krampagtige soektog na olie (dit kan die leser ook perspektief gee op

'n angsvallige poging tot selfvoorsiening in die lig van gevare). Hierdie ontdekking word aangebied as nuuswaardig en werklik, met ander woorde ook as geloofwaardig. Dit verletterlik dus ook die oordeelsvermoë van 'n gemeenskap. Die leser konstitueer 'n volkome verlies van perspektief waarby ook die onsinnige en die onmoontlike as moontlik gesien word. Die verbod op bolletjies en dies meer het dieselfde effek : dit open 'n perspektief op 'n blindheid wat lei tot absurde optrede. Die integrerende perspektief wat die leser gerig word om te konstitueer is oordrewe angsvalligheid wat nie net lei tot valse oordeel nie, maar tot dwaasheid en blindheid, nie net tot komieklieke optrede nie, maar tot absurde optrede.

Die absurditeite in die teksaanbod het egter verdere leserafleidings tot gevolg. Die leser word aanvanklik daarop ingestel om belaglikmakende detail in die berigraamwerk te vind. Mettertyd blyk dat die parodie homself parodieer. Die "in die ban doen" van, onder andere, 'n biegtroman word gelees as parodie van Suid-Afrikaanse sensuurmaatreëls. Die parodie as leeswyse of kode - wat dit mettertyd gedurende die lees word, net soos die humor - word egter opgehef met die opheffing van die parodiërende beeld self: die biegtroman wat verban word - model van hipersensitiwiteit - bestaan eintlik nie en word van alle "verisimilitude" binne die teks gestroop vanweë die opdrag "aan haar bolletjie" (reël 18). Die kamerakonfiskasie by "vurige vaderlanders" parodieer oordrewe vrees, maar die parodie hef homself op deur die daaropvolgende "...sy skouerlengte hare gekam en gekam/en gekam..." (reëls 14 tot 15) - die konstabel se optrede was net 'n grap, met ander woorde die parodie was net 'n parodie. Dit skyn asof die parodie homself parodieer, asof dit sy eie oordrywing verletterlik. "Ook gate word verbied" (reël 21) parodieer 'n oordrewe angsvallige owerheid. "Dit kan die regering laat val" (reël 21) kàn verstaan word as 'n blote verdere bevestiging van die parodie. Dit is egter ook 'n blote woordspel na aanleiding van letterlike en figuurlike waardes van "val": teruglesend

onthul dit die verbod op "gate" as blote taalspel en die leser kan die slotreël lees as parodie van 'n aktuele regering of as blote taaltegniek. Die parodie illustreer homself.

Wanneer die parodie homself as parodie aanbied, hef hy homself op en die leser konstitueer nie die belaglike nie, maar erns. Die bewusgemaakte tegniek suggereer 'n ernstige motivering by die implisiete spreker. In terme van die referensiële kode beeld die absurditeite die ernstige blindheid van 'n sosiale groep; in terme van die parodie (as kode) self impliseer dit die erns van die teksperspektief. Die parodie blyk dus 'n masker te wees sodat die leser die teks kan herlees as ironies. Die "letterlike" aanbod, naamlik spot, word verwerp vir erns (vgl. Booth op.cit.10) en die parodie stem ooreen met Muecke se omskrywing van die sogenaamde "impersonal irony": dit word gekenmerk deur 'n "pretence that what he is saying, he is saying purely as a matter of fact or logic" (op. cit. 65); die belaglike van die parodie word as erns aangebied. Die blindheid en skewe oordeel van die getipeerde maatskappy kom voor as "confident unawareness" (vgl. hierbo 147), as mistasting of misgissing. Die verwerping van die letterlike aanbod is gegrond op die verwerping van sy implikasie, naamlik dat hierdie oordrewe houdinge net belaglik is - 'n verwerping waartoe die absurditeite die leser lei soos aangetoon. Die konstituering van die eintlike perspektief behels 'n versteekte premisse wat die leser aanneem omtrent die bedoeling of insig van die spreker en wat hy aanvaar ook deur die spreker by hom veronderstel word (vgl. hierbo 144, 145). As die oordrewe, skewe houding 'n mistasting is, dan impliseer dit 'n reële gevaar. Nie die verbod self getuig van 'n mistasting nie, maar wel dit wat verbied word: "bolletjies, eiers,/kamme, wol, duiwe, en adamsappels" en gate (reël 19 tot 21). Die angsvalligheid geïmpliseer in "Dit kan die regering laat val" (reël 21) word nou die teken van die reële maar miskende moontlikheid dat die regering sal val. Die verswyging van 'n verklaring vir die ironiese bring 'n negatiewe dialoog tot

stand: die leser word teruggewerp op die repertorium en 'n versteekte aspek van die aktuele werklikheid kom aan die lig: die vrees vir bedreiging van die status quo is moontlik gebaseer op werklike bedreigings. Die oordreuenheid is in die lig van hierdie repertoriumaspek nie belaglik nie, maar ernstig, en, aan die hand van die slotreël, gevaarlik. Die parodie met sy kenmerkende oordrywing is 'n masker en die keerkant daarvan, wat nou vir die leser duidelik word, is onderbeklemtoning: "Understatement tends to appear, paradoxically, in situations that call for a strong emotional response; enthusiasm is damped down and disaster made light of" (Muecke op cit 80; my kursivering).

Dit gedig as geheel word nou (her-)leesbaar as "understatement" van 'n valse siening van die werklikheid. Die humoristiese tekens van oordrywing of oorskatting word tekens van valse skatting. Gedurende die retrospektiewe lees van die gedig word die "transmutation" van die tekens (vgl. hierbo 753) duidelik. Die betekenismoontlikhede van die titel word opnuut na vore gebring en die minder gebruikelike letterlike betekenis kan nou gekonstitueer word: dit is 'n berig wat "te laat" is.⁽¹⁸⁾ Die berig verwys na die toestand wat in die fiktiewe "hede" van sy verskyning reeds verander het, 'n tyd wat verby is. Dit perspektiveer die leser opnuut ten opsigte van die slotreël: dit word 'n teken van dit wat die regering laat val het — die verkeerde is verbied, die skadelose is gelaai met gevaar, die normale is abnormaal gemaak en die abnormale of absurde is aangesien vir geldig.⁽¹⁹⁾ Daar is geen olie ontdek nie, net so min as wat pikkewyne puaseiers lê.

In die lig van hierdie perspektief word die funksie van die deïktiese kode nou duidelik: 'n berig verwys na 'n werklike gebeurtenis. Al die gebeure in hierdie "berig" bied die onwerklike aan as werklik en sodoende verletterlik die gedig 'n illusiebevange maatskappy.

'n Belangrike veronderstelling van tipering is dat die leser die tipes moet kan herken. Daarbenewens is die parodie vir

sy volle aktualisering afhanklik van die leser se vertrouwdheid met sekere houdings en sienings in die werklikheid. Ten slotte is die gedig slegs as ironie leesbaar as die leser self bekend is met 'n reële gevaar wat die Suid-Afrikaanse status quo bedreig en wat algemeen bekend genoeg is vir die gedig om dit by hom te veronderstel. Kortom: Berig skyn 'n eietydse Suid-Afrikaanse, redelik konvensionele leser te veronderstel, vertrouwd met die sosiokulturele repertorium van die gedig. Is die werklike leser nie dié soort leser nie, kan hy genoodsaak wees om sy repertorium aan te vul en word die veronderstelde leser 'n aspek van sy voorgeskrewe leserrol. So 'n leser kan die geparodieerde houdinge herken; as die werklike leser ook die veronderstelde leser is, herken hy wesenlik homself. Soos tipies van die parodie, vervreem dit nie die leser deur so 'n identifikasie op te dring nie. Die belaglike en absurde vorm 'n skaars merkbare geleier. Die slotreël bring egter die gedig "tuis" - dit dwing die leser tot versoening tussen teksperspektief en eie habitus. Dat hierdie effek tot aan die slot uitgestel word, dui ook daarop dat die gedig om die bogenoemde veronderstelde leser gekonsipieer is - 'n persoonlik betrokke leser wat by die slotreël moontlik gedronge sal voel tot korreksie uit die aktuele werklikheid. Anders as in die geval van 'n blote referensiële stelling oor die werklikheid is dié korreksie veel moeiliker omdat die leser op hierdie stadium self die oordrewene en mistastende van die aktuele groepshoudinge opgebou het as verklaring vir die teks. Hierdie leeshandeling is dan ook die enigste leserhandeling wat die gedig kan voor-skryf. Laat berig bou dus in die leser 'n relativerende, kritiese en onthullende perspektief - 'n ander manier van waarneming - op ten opsigte van die aktuele werklikheid. Ten slotte bevat die teks 'n implikasie wat tekstueel gefundeer maar nie gefinaliseer is nie (die regering gaan val of het geval) sodat die leser bly huiwer tussen teks en werklikheid. In die lig van die fiktiewe literatuur word die werklikheid onseker.

Voetnote

1. In Spieël van water (Stockenström, 1973, p. 44). In die res van die hoofstuk sal die gedig afgekort word tot Berig.
2. Dit kom neer op die vorming van 'n "hypogram" - die term van Riffaterre - met behulp van die semantiese veld van die titel. Die "nuuswaardige", feitlikheid en ander assosiasies in die repertorium van die titel stem ooreen met Riffaterre se "presuppositions" (vgl. Riffaterre, 1978, p. 25 tot 26).
3. Van Wyk Louw (1962, p. 121 tot 122) se "Hongarye : November 1956" is eksplisiet referensieel (dit is: die titel self). Die leser verwag egter nie 'n beskrywing, 'n historiese ontleding, bykomstige detail of 'n politieke analise nie hoewel die titel op sigself wel sulke verwagting sou kon skep. Die liriese aanbod skep klaarblyklik sy eie horison.
4. Leech (1969) gee 'n uiteensetting van die linguïstiese "register". Vgl. pp. 9 tot 12 asook pp. 41 en 50.
5. Vanuit 'n lees- of leserperspektief word so 'n reeks duidelik as gevolg van die retentiewe aard van die leesproses: die leser "onthou" 'n vorige, soortgelyke geval. Die effek van so 'n reeks is die herhaling van 'n bepaalde perspektief, dikwels saam met nuwe perspektiewe wat die leser opbou: dit bewerkstellig ook 'n leserinstelling - dit word 'n "viewfinder" vir die verdere lees. Vanuit 'n struktuuranalitiese perspektief gesien, is die reeks 'n voorbeeld van "expansion" wat neerkom op "transforming one sign into several" (Riffaterre, op. cit., p. 47) : die kern "nuuswaardig" of "opspraakwekkend" word herhaal met wysiging en verwikkeling. Dit lei daartoe dat die leser

'n gewone perspektief uitbou, eerder as om 'n nuwe een te vorm. Riffaterre se semiologiese ontleding (wat vir die doel van die argument as 'n strukturele ontleding beskou word) ondersteun dus die leesgesentreerde uiteensetting.

6. Kannemeyer (1965) wys wel op die spreker en hoorder wat in "...elke gedig...aanwesig (is)" maar in die voorbeelde word slegs fiktiewe sprekers (en hoorders) behandel. Kannemeyer onderskei nie tussen implisiete en fiktiewe spreker (en hoorder) nie, maar beskou laasgenoemde bloot as 'n "bewustelike na-buite-tree van wat reeds in die struktuur van die vers aanwesig is" (p.15). Ook die belydende ek-spreker in die voorbeelde deur Kannemeyer behandel (ibid, 21 tot 24) is fiktiewe sprekers.

7. Met referensieel word hier bedoel: lokaliseerbare, historiese werklikheid, en dié gebruik wyk in 'n mate af van Barthes (1975) se REF-kode, hoewel sy definisies daarvan (pp. 18 en 20) wel hierdie werklikheid kan insluit: "...in drawing attention to them..." (dit is: na die sogenaamde "cultural codes" wat aspekte is van die REF-kode) "...we merely indicate the type of knowledge (physical, physiological, medical, psychological, literary, historical, etc) referred to..." (ibid, 20; my kursivering).

8. Culler beskryf leserreaksie op parodie soos volg: "'I see how this poem works; look at how easy it is to show up the sententiousness of this poem; its effects are imitable and hence artificial; its achievement is fragile and depends on conventions of reading being taken seriously." (1975, p.153; my kursivering).

9. Bredell (1979) interpreteer die gedig onder andere as 'n satire op 'n sensasiebeluste pers en kies Die Vaderland as dié model van die parodie (pp. 26 en 25 onderskeidelik).

10. Die godsdienstige perspektief maak baie ander teksdata herleesbaar; omgekeerd word die godsdienstige repertorium steeds verder ontsluit. Die konstabel met sy "skouerlengte krulle" kan 'n parodie van profete of self die Christusfiguur wees: die handhawer van wet en orde as verlosser of redder. Die omkering implisiet in "'n Grypdief het 'n beroofde dame getroos" (reël 8) kan gelees word in terme van die paradyslike vredesryk deur Jesaja voorspel: "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja". Vgl. Die Bybel (1958), pp. 755 tot 756, Jesaja, Hoofstuk 11, vers 6; soos Bredell (op. cit., p.25) opmerk, is die gedig leesbaar as verbanalisering van bekering of 'n ommekeer soos die uitstorting van die Heilige Gees.

11. Hierdie effek bevestig Booth (1974) se opmerking insake die verskil tussen ironie en parodie: "the thing referred to, externally, to assist in comprehension, is the same thing referred to, externally, as the object of ridicule" (p.123).

12. Riffaterre se semiologiese ontleding van L'Appareil die téléphone (op. cit., 125 tot 137) demonstreer hoe die leseraktiwiteit nie ophou by die aktualisering van die bloot-humoristiese nie. Uiteindelik vra hy na "The wherewithal of humor, the content of the metaphorical text...". (In hierdie geval is die humoristiese teenstrydigheid gebaseer op 'n metafoor). As daar niks in die teks is wat die gebruik van juis dié metafoor verklaar nie, dan soek die leser elders. In die onderhawige geval vind hy dit in 'n latere gedig van dieselfde digter waar die idee onderliggend aan die metafoor verklaar word. Die interteks is dus - om enigsins van Riffaterre af te wyk - nie 'n ander "teks" nie, maar 'n onderliggende siening, wat uit L'Appareil self nie konstitueerbaar was nie. In Berig lei verskeie tekstuele data die leser na 'n kode waarvan die toepaslikheid deur die teks geverifieer word. So byvoorbeeld is die humoristiese "'n Grypdief het 'n beroofde dame getroos" 'n wegwysers na die Bybels-godsdienstige

kode; die Bybel funksioneer as interteks. Die "kortbroekkonstabel, aan die kameras konfiskeer/by vurige vaderlanders..." (reëls 11 tot 12) kan bloot as satire op 'n oorgretige konstabel/oorversigtige handhawing van die orde beskou word. Omdat hierdie soort mistasting egter 'n reeks vorm, soos die metafoor in Riffaterre se voorbeeld, word die lesers gerig om meer daarin te lees, naamlik 'n hele gemeenskap se valse skatting van die gevaarlike wat op sigself om motivering vra. Hierdeur word die lesers gerig op die "interteks" van die aktuele werklikheid. Dié teks word egter deur die tipering aangedui.

Die wyse waarop onsekerheid oor die selfgenoegsaamheid van humor in die literatuur die lesers "besig hou", kan geïllustreer word in die volgende gedig:

hiiiiieeeeeee

dié patatranke langs die spoorlyn -

hoe séér

moet hulle ore net nie wees nie

(Breytenbach, 1967, p.54). Die humoristiese is duidelik geleë in verskillende botsende kodes: die lesers verwag literatuur, insluitende sinvolheid en belangrikheid, en lees die skynbaar onbelangrike en onmoontlike. Die blote nodeloosheid van die gedig, aangebied as gedig, kan die lesers laat soek na bykomende betekenis. Hy kan dit lees as 'n stelling oor poësie of literatuur; hy kan na aanleiding van bekende repertoria van Breytenbach-poësie Zen-Boeddhisme as interteks inspan; hy kan na 'n biografiese "interteks" gaan soek (verwys die gedig na 'n private grap tussen die digter en iemand anders?). Nie een van die repertoria is in die gedig gegee nie. Die gedig kan selfs gesien word as demonstrasie van blote daarwees, maar ook só gesien is daar 'n - filosofiese - interpreta-siemodel. Veral die geskoolde lesers vind dit moeilik om met die bloot-humoristiese te volstaan. In teenstelling met Berig illustreer hierdie gedig die soort "gratuitousness" wat Riffaterre aandui as die stimulant van verdere lesersaktiwiteit waar daar geen tekstuele leidrade tot 'n interteks is nie. Vgl op.cit., p. 33

13• Vgl. Riffaterre, op. cit.: "...humor is the nonmotivated at text level, and therefore the motivated at the level of the intertext" (p. 137).

14• Humor skyn die status quo te handhaaf hoewel dit op die oog af ondermynend is. Humor relativeer wel die aanvaarde orde, maar kan slegs dit relativeer wat bestaande bly. De Wispelaere (1976) wys dan ook daarop dat humor "...een bepaalde graad van maatschappelijke en culterele vryheid impliceert". Hy sal die orde wat hom die vryheid gee waarin hy kan bestaan, nie sonder meer verwerp nie. In Berig word die status quo onthul, nie aangeval nie. Die aanval word aan die leser oorgelaat: die gedig gee net die nodige "skietgoed"

15• In 'n algemene oorsig van die satire merk Pollard (1977) op: "as with the bullfighter, so with the satirist, his competence lies not in his ability to do his job but rather in the skill he deploys in doing so". Vgl p 66.

16• Hierdie soort effek op die implisiete leser word deur Iser (1972) aangetoon in sy ontleding van die onkonstitueerbare in Imagination Dead Imagine van Beckett. Die interpretasie-modelle wat die teks aandui vir sy oënskynlik chaotiese aanbod, blyk heeltemaal willekeurig te wees. Die teks is dus skynbaar onleesbaar. Dit is 'n radikale voorbeeld van tekstuele sinloosheid, maar "Gleichzeitig...fordert der Text den Leser zu Aktivitäten auf: Go back out, move back,...ascent...descend, go back in und versucht, ihn zu mitmachen zu bewegen..." (p. 408; die kursiefgedrukte deel is aangehaal uit Imagine Dead Imagine, p. 8). Die negasie van betekenis bevry die leser se verbeeldingskrag, wat daarop neerkom dat die leser gedronge voel om self te kompenseer vir wat in die teks skynbaar afwesig is.

17• Riffaterre (op. cit.): "...scrambling and the hypogram it necessarily points to presuppose the presence of an author, an intent on his part to play with another text and stimulate

a comparison...the scrambled text is an icon of intention" (p.150; Riffaterre se kursivering).

Dit is 'n voorbeeld van wat Riffaterre "intertextual scrambling" noem: die teks aktualiseer 'n interteks of hypogram, maar met die orde versteur, omgekeer of verdoesel (Riffaterre 1978 139) en in hierdie geval kan dit die idioom "Vir 'n ander 'n gat grawe en self daarin val" wees.

Die gate wat die regering moet laat val, word verbied sodat die vyand figuurlik gesproke self daarin val. Omdat hierdie verbod absurd is, is dit die parodie van 'n gat wat die regering vir ander grawe en waarin hy dan self gáán val. Die "scrambling" lê in die absurde wat die betekenis van die idioom omkeer asook in die opname in die semantiese reeks "verbied". Die interteks is ook die betekenis wat die leser hier konstitueer: die verbod op gate verwys na die saak waardeur die regering inderdaad gaan val.

18. Die teksdeel "Dit kan die regering laat val" skep 'n "Leer-stelle" wanneer dit met die res van die gedig geïntegreer moet word omdat dit die eerste verwysing na die moontlikheid van 'n gevaar is. Die "Leerstelle", die daaruitvolgende nuwe perspektief wat die leser opbou en die herlees van die teks vanuit die nuwe perspektief reflekteer wat Riffaterre as "conversion" bestempel: 'n tekentransformasieproses wat hy saamvat as "...transforming several signs into one 'collective' sign" (op. cit. 41). Ook hier blyk die parallellie tussen semiologies aantoonbare tekstuele strukture en die leeswyses soos hier beskryf.

Dit skyn of die gedig semiologies gesien die twee betekenis se vervat in die "semes and presuppositions" van die titel verder ontwikkel, sodat hulle die "matrix" van die gedig vorm. Vgl. Riffaterre, op. cit., pp. 25 en 19. Die berig ontwikkel 'n reeks nuusitems soos in 'n berig, spesifiek 'n laat berig, sodat hulle gelees word as besonder nuuswaardig. Terselfdertyd ontwikkel die gedig die betekenis : 'n berig wat te laat is soos 'n waarskuwing of 'n aanduiding van die bedreiging wat

te laat is, Die reeks items dui dan die houding of optrede aan wat die gevaar geskep of aangehelp het. Die "matrix" sou dan kon lui: die belangrike nuus is dat die eintlike "nuus" nie herken word nie, of: die onvermoë om die eie realiteit te deursien. Ook aan die hand van hierdie toepassing van 'n semiologiese ontleding blyk 'n oorsaaklike verband tussen teksstruktuur en betekenisgewende lees. Terselfdertyd blyk dat 'n semiologiese ontleding net 'n "semiologiese lesende leser" in sy benadering insluit, terwyl die implisiete leser meer behels en die skakel met die werklike leser, met al die gevolge wat dit vir die teks het, buite rekening gelaat word.

4. By L'Agulhas 'n wandeling (1)

- | Literêre leesaktiwiteit en leserinstelling word wesenlik bepaal deur die wyse waarop die literêre werk homself van pragmatiese spraakhandelinge afbaken. In By L'Agulhas 'n wandeling word 'n pragmatiese spraakhandeling ooglopend nageboots. Daar is 'n ek-spreker, 'n referensiële lokalisering ("L'Agulhas") en die geheel skyn die beskrywing van "'n wandeling" te wees. Die deïksis word deurentyd gehandhaaf, in so 'n mate dat die gedig voorkom as 'n uitnodiging tot identifikasie gerig aan die leser. Die teksperspektief is 'n persoonlike perspektief van die ek-spreker en die basiese "Leerstelle" van die gedig word gevorm deur die besondere seleksie van repertoriumelemente as aanduiding van dié "persoonlike", andersoortige ervaring van 'n deïkties skerp omlynde repertoriumaspek. 'n Tweede belangrike soort "Leerstelle" ontstaan waar die leser die teks ervaar as verswyging en korrigerend of aanvullend begin lees. In die eerste geval ontstaan die "Leerstelle" weens hindernisse in die identifikasie waartoe die teks die leser instel; in laasgenoemde geval ontstaan dit omdat die implisiete leser 'n ruimer perspektief as die spreker skyn te verkry, sodat hy eintlik die implisiete spreker word.

Terwyl die titel met sy spesifikasies reeds die deïktiese kode aktiveer, maak dit ook duidelik dat dié wandeling "anders" gaan wees, naamlik deur die inversie (in die omgangstaal sou "'n wandeling by L'Agulhas" gebruiklik wees). Taal word (verbale) kode en die skynbaar bekende elemente word ontpragmatiseer. Hoewel die tipografiese aanbod reeds die literêre verwagtingshorison by die leser aktiveer, kan die opmerklike andersheid van die titel ook hierdie funksie beklee. In 'n sekere sin word die literatuur as kode afgespeel teen die geredelik identifiseerbare van aspekte van die deïktiese kode. Daar is 'n wisselwerking tussen die twee perspektiewe wat die titel open - die gegewe as literatuur en die gegewe as mimetiese beskrywing (2) - en 'n "Horizontdialektik" (vgl. Iser

1976 103) ontstaan as gevolg van die leser se aanwesigheid in die teks.

Die leser se perspektief is op hierdie stadium beskryfbaar as die tipiese verwagtings van die geskoolde leser van 'n literêre teks:

Die spreker sal slegs kenbaar wees in sy rol as spreker in die gedig, die lokalisering gaan ontpragmatiseer word en ander betekeniswaardes kry en die wandeling gaan "anders" wees. Die literêre konvensies laai die gedig by voorbaat: die leser verwag 'n besondere, andersoortige "wandeling".

Die teksperspektief in L'Agulhas kom, soos reeds aangedui, wesenlik tot stand weens die seleksie van repertoriumelemente wat slegs duidelik is teen die agtergrond van die "nagebootste" situasie.⁽³⁾ Teen dié agtergrond val "loop ek my vas" en "ruwe/ontmoeting" (reël 1 en 2) op as tematisering van 'n botsing of vervreemding met die natuur.

Op klein skaal is hierdie effek 'n voorbeeld van lesermobilisasie: die leser lees dit by "was die Darstellung der Szene ausspart..." (Iser op. cit. 232). Sy perspektief, bewegend binne die teks, word in 'n bepaalde rigting gestuur. Die detail van reël 3 tot reël 7 word daarom leesbaar as waarnemingswyses van die fiktiewe spreker wat "vervreemding of botsing met die natuur" gaan verklaar. Die fiktiewe spreker, sy probleme en motiewe, is implisiet aan die teks en word, waar hulle verswyg word, deur die implisiete leser bygelees.⁽⁴⁾

Dit verteenwoordig 'n seleksie uit 'n breë repertoriumspektrum deur die titel paraat gemaak en met behulp van die deïktiese kode kan die leser dit integreer as 'n persoonlike ervaring van die ek-spreker. Die metaforiese taal van beide betrokke sinsdele maak die nie-referensiële aard van die "vasloop" duidelik en daarby die persoonlike van dié perspektief. Hierdie verdigting òm die persoonlike perspektief skep die volgende "Leerstelling": die leser vra na die rede vir die

seleksie (vgl, Iser 1976 JJ8) en lees die verdere detail as 'n seleksie uit die repertorium wat die aard van die persoonlike ervaring - "die ruwe ontmoeting" - gaan toelig. Die detail vanaf reël 3 tot 7 is leesbaar as waarnemingswyses wat die eintlike perspektief vir die lesers konstitueerbaar maak.

Hierdie reëls aktiveer uiteenlopende aspekte van die lesersrepertorium. Die beskrywing van die "skulpiesand" kan byvoorbeeld as klanknabootsende taal gelees word.

".....ek hoor dit guds,
sluk en klein borrel"

(reëls 3 tot 4). Die lesers lees sensories; hy lees met behulp van 'n verbale kode. Semanties kan die lesers veral beweeglikheid, lewendigheid en onopmerklike aktiwiteit konnoteer, waarby die sensoriese elemente 'n rol speel. 'n Referensiële kode (plankton en mineraal as biochemiese of wetenskaplike feitlikhede) kan geaktiveer word deur

".....Die glinstervloed
is swaar van plankton, dig van mineraal"

(reëls 4 en 5).

Die parallelle "swaar van" en "dig van..." vereis verdere lesersaktiwiteit. Die lesers kan dit semanties benoem en volheid of oorfloed konstitueer. In die lig van vorige tekstdata kan hy verder veralgemeen: bewustheid van natuurlewe kan 'n integrerende horison wees vir die klankmatige en semi-visuele, semi-feitlike waarnemings. In die lig van hierdie gekonstitueerde perspektief kan verskeidenheid (die "borrel" in die skulpiesand; "plankton", "mineraal") opval. Die omvang van lesersaktiwiteit, onafhanklik van die gegewe deïksis, kan aan die hand van "glinstervloed (reël 4) geïllustreer word. Op grond van die deïksis kan die lesers dit konstitueer as "lig op die water", maar saam met ander verworwe perspektiewe word dit 'n teken van lewe en volheid of rykheid.⁽⁵⁾ Terugskouend vanuit die integrerende perspektief word die gesimuleerde sensoriese waarnemings in reëls 4 en 5 juis omgekeerd aanduidings van wat sensories nie waargeneem kan word nie. Hierdie implikasie van die teksaanbod is van lesersaktiwiteit afhanklik.

Die leser sou hier "onsigbare lewe van die natuur" kon konstitueer. Die detail word nie as waarnemings (dus: mimeties) gelees nie, maar as 'n waarnemingswyse wat die "ruwe ontmoeting" toelig. Die verskillende repertoria hierbo aangedui - sensories, wetenskaplik, deïkties/mimeties - blyk ontoereikend te wees om die "Unvorstellbare," die onbekende self te vorm.⁽⁶⁾

Die gedetailleerdheid van die aanbod rig 'n appèl om identifikasie tot die leser. Dit stel die leser doelbewus in op 'n bepaalde waarnemingswyse. Die funksie van klanknabootsende of visuele beskrywings - sensoriese leseraktiwiteit - is juis om die leser tekstueel te betrek en hom mede-waarnemer te maak.⁽⁷⁾ Die klankheralende "skulpiesand....guds,/sluk..." (reëls 3 en 4; my kursivering) laat die leser nie die geluide van die "skulpiesand" konstitueer nie, hoewel dit wel 'n voorfase kan wees, maar die waarnemingswyses van die ek-spreker (op hierdie basis konnoteer die leser dan soos aangedui, naamlik "lewe", ens).

Die gedetailleerdheid maak die leser egter nogmaals bewus van wat hy nie met die ek-perspektief deel nie, naamlik 'n onderliggende instelling, 'n motief vir die perspektief. Daarom kan reëls 6 tot 7 as gedeeltelike aanduiding gelees word. Die spreker is besig om te speur. Sy perspektief berus op 'n onrus, 'n ervaarde hindernis. Die semantiese gemene deler "geheim" wat ten opsigte van die onderstaande data gekonstitueer word, druk 'n ervaringswyse van die fiktiewe spreker uit:

".....dig van mineraal
 en vertellings en vermoedens van wrakke
 aan rotse onraspeurbaar vasgehaak ."

(reëls 5 tot 7).

'n Mikro-analise van die metaforiese

"...swaar van plankton, dig van mineraal
 en vertellings en vermoedens van wrakke"

(reël 5 en 6) kan aantoon hoe beide aanwesigheid en onsigbaarheid, feitlikheid en geheim (of vermoede) as gevolg van die meta-

foriese oorvleuelings getematiseer word.⁽⁸⁾ Hierdie konstituering van die sprekersperspektief ontsluit die repertorium verder. Dit aktiveer die repertorium "ontdekking" met sy uitgebreide kader van assosiasies, gestimuleer deur die teks: ontdekking van Afrika en van Suid-Afrika, die geskiedenis van seevaart en seevaarders en van nedersetters en nedersettingspogings; ander menslike ontdekkingsaktiwiteite. Die ek-spreker en sy wandeling kan as "dual sign" (vgl. hierbo 143) gelees word: dit gaan om die ontdekking van 'n nuwe vasteland. Hierdie leeswyses is egter 'n moontlikheid wat voorlopig as "Möglichkeitsüberschuss" (vgl. Iser op. cit, 207) op die agtergrond bly. Die see as geheim, as voorwerp vir ontdekking, bly die oorvleuelende perspektief.

Al-lesend is die basis vir die seleksie vasgestel naamlik 'n persoonlike, speurende waarnemingswyse van see en natuur wat moontlik nog verder gemotiveer kan word, en daarmee is die eerste en elementêre "Leerstelle" opgelos. Die teksperspektief blyk (tot dusver) die ek-perspektief te wees sodat die leser, terwyl hy dit konstituteer, mede-waarnemer is. As implisiete leser identifiseer hy hom met die fiktiewe spreker - 'n kunsmatige identifikasie of leserrol aangesien 'n fiktiewe spreker, anders as die implisiete spreker, 'n kode, 'n teksstrategie is wat die "Innenperspektivik" help opbou.

Wanneer die teks aan die leser 'n appèl om identifikasie rig, skyn die werklik dialogiese interaksie potensieel beperk te wees.⁽⁹⁾ Die gedig verstrengel die leser egter met behulp van ander leeseffekte, by name verbaal van aard. Hierdie aspekte van die "verbale kode" word by voorbaat saamgevat ten opsigte van die gedig as geheel.

Teen die agtergrond van die deïktiese spraakhandeling val die sintaksis op as afwykend, verwickeld en persoonlik gekleur, en ontpragmatiseer dit die model om die persoonlike voorop te stoot. Die sinsbou wissel gedurig (vgl. die drie sinne

wat die eerste strofe vorm). Inversie skep telkens nuwe leeswyses soos in

"Teen son en skuim loop ek my vas....."

(reël 1) of in sinne waar die verwagte voorwerp verplaas word soos in reëls 19-21:

".....Ek wou nog hoor en opteken
 'n geskiedenis wat verbyvaar. Wou peuter,
 blootlê, 'n laagwater van monsters."

Die wyse waarop sintaks leserverwagting beïnvloed sodat betekenissonder enige bykomende middele vooropgestoot word, is hier duidelik. Verbindinge word weggelaat en/of skeidings ophef en dwing die leser om te herlees om die verbande te lê, soos in

"Teen son en skuim loop ek my vas, 'n ruwe
 ontmoeting my loop met wind en see...."

(reëls 1 en 2) waar die twee sinsdele parallel gelees word omdat hulle nie deur 'n voegwoord verbind of as afsonderlike sinne aangebied word nie. Pragmatiese, gangbare taalgebruik dien hier as die repertorium waarteen die andersoortigheid van die teksaanbod opval.⁽¹⁰⁾ Herhalings en opstapelings plaas verdere hindernisse in die vloei van die leesaktiwiteit. Die tweede strofe is 'n verwickelde spel van sintaktiese herhalings, eers na aanleiding van die "swartvlerkmeeu":

".....die swartvlerkmeeu, sy drag
 dié van vaarder, visser, kenner, sy oog
 op my....."

(reëls 8 tot 9; my kursivering), en dan na aanleiding van "ek....hy":

".....waar ek gespleettoon, hy geweb
 gaan, en ek strandrosies bestryk, en hy
 hup die moedwil van 'n golf ontwyk..."

(reëls 11 tot 13; my kursivering). Die derde strofe is sintakties soortgelyk opgebou rondom die herhaling van "hy":

"Hy styg op.....Hy laat my agter"

(reël 15) en "ek" en "ek wou":

".....Ek wou nog uitvra,
 net gemeen.....
Ek wou nog hoor en opteken
Wou peuter,

(reëls 17 tot 20; my kursivering).

Op verskillende maniere word sterk sintaktiese spanninge geskep waarvan die slotstrofe die beste voorbeeld is en wat die leser op die vlak van grammatiese lees verstrengel:

".....die lig van die toring
wat lekkende skulpe en die krap wat salueer,
wat in- en uitspoeling en oervereniging,
wat my en die huise en die versamelde waters
 in een kort stelling betrek....."

Die gedig maak homself op grammatiese vlak ondeursigtig, nie-referensieel; hy verhinder 'n geredelike voortlees waar die betekenis moontlik geredelik deursigtig of bekend kan begin voorkom. Die taalgebruik dien eerstens, ooglopend, as bevestiging van die teks as literatuur. 'n Belangriker "Wirkung" is egter geleë in die voorgeskrewe integrasie van die taalgebruik met die opgeboude perspektief. Dit geskied op 'n wyse wat die beginsel van "kohärenten Deformierung", deur Iser toegepas, illustreer (vgl. 1976 136 en 137).⁽¹¹⁾ In die lig van die besondere aard van die wandeling val die taalgebruik op as persoonlik, individueel of partikulier. Wanneer, omgekeerd, die taalgebruik as die vreemdsoortigheid ervaar word, belig dit die bedekte subjektiwiteit van die spreker en sy "wandeling".

Die taalgebruik is integreerbaar met die waarnemingswyse, beklemtoon die persoonlike daarvan en baken dit duidelik af vir geredelike identifikasie.

'n Spontane willekeur is grondliggend aan ander kenmerke van die verbale kodifisering, en maak ook die persoonlike, subjektiewe en emosionele leesbaar. Naas die intellektualiteit van sintaktiese vernuf is daar bewuste nabootsing van die spreektaal in frases soos

".....Stryk
ek aan oor skulpiesand....."

(reël 2 en 3) en die dialekties-gekleurde

"Langes my die swartvlerkmeeu....."

(reël 8).

In reëls soos die volgende word die spontaneïteit en willekeur van pragmatiese spraakhandelinge nageboots:

".....en hy

hup die moedwil van 'n golf ontwyk

(reël 12 en 13) asook

".....ek hoor dit guds,

sluk en klein borrel....."

(reël 3 en 4) net soos die gemeensprakige

".....Ek.....

het gemeen ons was maats darem een

vakansie lank....."

(reëls 17 tot 19; alle voorbeelde my kursivering).

Daar is 'n betekenisdraende willekeur of verskeidenheid van registers wat geïntegreer moet word.⁽¹²⁾ Die register self is agtergrond of repertoriumaspek; dit word ontpragmatiseer, onder andere deur die aanwesigheid van ander registers in dieselfde konteks, en die leser konstitueer nie "nagebootste spraakhandeling" nie, maar 'n onderliggende subjektiwiteit.

Soos by alle ontpragmatiserings, het die afwykings die effek dat die leser van repertoriumsisteme bewus bly, in hierdie geval die gesistematiseerde vorme van persoonlike, direkte spraakhandelinge of taaluitings. Dit word 'n geëvokeerde model wat die betekenisconstituering beïnvloed. Die oorwig van die model blyk in die wyse waarop beeldspraak daardeur opgevang word: dit val op as spraakhandelinge eerder as literatuur soos in die geval van die besonder partikulêre "ek gespleet-toon, by geweb" (reël 11) en die opvallende "'n geskiedenis wat verbyvaar" (reël 20). 'n Opmerklik oorspronklike metafoor soos "die krap wat salueer" (reël 23; ook "lekkende skulpe" in dieselfde reël) word daardeur as "poësie" geneutraliseer en sy oorspronklikheid of opmerklikheid word gekonstitueer as die opmerklike, die besondere van wat waargeneem is, as

tekens van die see eerder as van die taal. Dit is die gevolg van die bindende krag van die hele teks as persoonlike spraak-handeling, en illustreer weer eens die wisselwerking tussen perspektiewe wat gedurende die lees deur die leser geaktualiseer word.

Verstrengeling word voorts in die hand gewerk deur die wisselende ritmes van die gedig. ⁽¹³⁾ Ook hierdie leeseffek kan saamgevat word onder die "verbale kode", maar dit verskil van klankmatige effekte dáárdeur dat die leser hier nie "hoor" wat hy lees nie, maar bewus raak van patroonmatigheide en tempo in die lineêr-temporale leesproses. Benewens die betekenisnuanserings wat ritmiese effekte teweegbring, skep die wisselings "Leer-stelle" op leesvlak - soos die taalhantering dit op grammatiese vlak doen - wat voortdurende leserbetrokkenheid verseker en wat ook 'n teken word van die persoonlike, subjektiewe en emfatiese aard van die fiktiewe spraakuiting. ⁽¹⁴⁾

Wanneer die literêre werk vanuit die oogpunt van die leser en betekenisgewende lees beskou word, is die taal 'n kode, 'n repertoriumelement. Die gedig kan verskillende aspekte van sy taal gebruik as kode, as draad van die bekende waardeur die onbekende betekenisvol gemaak kan word: grammatika, fonetiese struktuur, register, dialek, en dies meer. Dit kan as kode deur ander kodes oorstem word, soos in Inbraak deur die simboliese, betekenisverraaiselende kode en in Berig deur die referensiële kode. Dit kan, soos in L'Agulhas, aan die leser 'n belangrike perspektief bied op die ontwykende betekenis wat die leser moet aktualiseer. ⁽¹⁵⁾

In L'Agulhas "lees" die implisiete leser die fiktiewe spreker en sy besondere waarnemingswyse of ervaring. Hy kan dit meemaak en die vrae wat die spreker ervaar, is dieselfde as dié wat die implisiete leser "tussen die reëls" lees. Ook die slotsom van die "wandeling"

".....: dit hier,
 kaap van naalde, is die aanvang van 'n afrika
 wat nog so vriendelik niks prysgee."

(reël 26 to 28) word deur spreker en leser gedeel. Die leser "dink die gedagtes van die teks", wat - voorlopig, soos sal blyk (vgl. hieronder 220) - die gedagtes van die fiktiewe spreker is. Aan die einde van die gedig word hy egter genoop tot toepassing van die gekonstitueerde "Sinn" en staan hy alleen. Die effek hiervan is dat hy van die gedeelde waarnemings bewus word às waarnemingswyse, as moontlikheid. 'n Appèl tot identifikasie het, paradoksaal, geringe versteuring van die leserhabitus tot gevolg. Die leser verlaat dit skynbaar geredelik vir die aangebode fiktiewe perspektief en keer sonder veel dialogiese spanning daarheen terug. By so 'n deïktiese aanbod word die leser ná die lees gelaat met die keuse "Gaan ek die opgehoude perspektief verder toepas?" eerder as met die probleem "Hoe moet ek die perspektief toepas?" (soos in Inbraak).

2 Die leeswyse van die res van die gedig vind binne die volgende leserhorison plaas: die implisiete leser ervaar 'n appèl tot die konstituering van 'n persoonlike, eiesoortige perspektief wat vir hom blootgelê word sodat hy op dieselfde vlak as die fiktiewe spreker beweeg, dit wil sê hy lees identifiserend. Nogtans is hy bewus van die perspektief as 'n waarnemingswyse, relatief ten opsigte van ander waarnemingswyses. Seleksie en versweë implikasies asook die verbale en prosodiese aanbod skep hierdie bewustheid. Die implisiete leser behou dus 'n sekere afstand teenoor die teks, wat slegs oënskynlik bots met die identifiserende leeswyse: juis dié appèl skep die afstand.

Identifikasie word hier gesien as die geredelike herkenning van repertoriumelemente vervat in die fiktiewe waarneming of ervaring. Hierdie geredelike herkenning word aangemoedig deur die ek-spreker-situasie, die deïktiese aanbod waardeur die gedig mimeties voorkom. Dit is egter 'n skynmimesis

en die doel daarvan blyk duidelik: dit is 'n middel om die leser in te stel of te mobiliseer en wel, in L'Agulhas, op die aanbod as waarnemingswyse. Dit plaas die leser in die posisie dat hy die waarnemingswyse krities of korrigerend kan betrag. Hy kan "agter" die aanbod lees, met ander woorde hy kan lees wat nie daar staan nie.⁽¹⁶⁾ Die leser kan dus die rol van die implisiete spreker oorneem of aktualiseer. Telkens wanneer daar tussen die "bekende" deïktiese gegewe en die teksaanbod 'n "Leerstelle" ontstaan, sodat die gekonstitueerde betekenis genuanseer en hul illusionêre aard duidelik word word die leser bewus van die perspektief as waarnemingswyse.⁽¹⁷⁾

Die tweede strofe kan gelees word as die "ontdekker"-spreker se poging tot opheffing van die vervreemding, as bevestiging van wat eers net "vermoedens" was en as insae in gesuggereerde geheime. Die perspektief verklaar homself verder met behulp van verskeie kodes; die relevante repertorium word uitgebrei en gespesifiseer.

Die swartvlerkmeeu kry, tekstueel, die betekenis van 'n identifikasiefiguur vir die ek-perspektief of ook 'n projeksie van strewe na eenwording. Implisiet agter die "quasi-judgmental" beskrywing van die wandeling met die meeu is die subjektiewe wyse waarop hy gesien word.

Wanneer die leser die mees opmerklike teksdata wil integreer, blyk die bewuste poging tot vereenselwiging: "sy oog/op my" (reël 9 en 10) is konstitueerbaar as 'n subjektiewe waarneming, 'n gevoel, in vergelyking met die deïktiese repertorium wat nog steeds paraat gehou word; "ek gespleetoon, hy geweb" (reël 11) vra weens metaforiese en taalkundige opvallendheid om konstituering en is, met die saamleesaanbod van

".....ek strandrosies bestryk, en hy

hup die moedwil van 'n golf ontwyk,"

(reëls 12 en 13) interpreteerbaar as 'n bewuste poging om

'n ooreenkoms tussen "ek" en "hy" daar te stel. Die tekstuele parallellie is hier implisiete uitdrukking van 'n nagestreefde parallellie. Die belangrike rol van die deïktiese kode, of ook van die spreker as betekenisvormende element, blyk hieruit en ook uit die feit dat tekseienaardighede as onthullings van die spreker gelees word: die opvallende "ek gespleettoon, hy geweb" (reël 11) word 'n teken vir die teenstrydige in hierdie skynbare genootskap; in die lig van so 'n konstituering word "hy/hup die moedswil van 'n golf ontwyk" 'n kontrastering van die "ek strandrosies bestryk" (reëls 12 en 13). Die beweeglikheid en natuurlike vaardigheid van die meeu val op en, in dieselfe perspektief, die gebrek daaraan by die ek-spreker. Vir die implisiete leser is "kameraad" leesbaar in al sy subjektiewe relatiwiteit.

Ingestel op identifikasie met die fiktiewe spreker, word die leser juis gemobiliseer tot afstandname en bou hy 'n relativerende perspektief op ten opsigte van die spreker, sy strewe en sy ervaring van vertrouetheid met die omgewing. Die "Leserblickpunkt" word dualisties. Dit kan aan die hand van verdere teksdata geïllustreer word: die implisiete leser kan die tweede strofe as 'n paradoks lees, weer eens veral aan die hand van "ek gespleettoon, hy geweb" (reël 11). Die gewebtheid van die "swartvlerkmeeu" val op as natuurlik teenoor "gespleettoon". Die paradoks word gevoed deur die tekshorison: dat die spreker self nie 'n "vaarder, visser, kenner" is nie, word by reël 9 bygelees as gevolg van die eerste strofe.

Die paradoks kan beskryf word as 'n "Leerstelling" gevorm deur opvallende, beklemtoonde botsings, só opvallend dat die leser gelei word om hulle as juis of harmoniërend te lees. Hulle impliseer ooreenkoms en die leser konstitueer die onderliggende verband wat die stelling korrek maak. (18)

Die paradoksale data in die tweede strofe sou gekonstitueer kon word as 'n onvermoede maar aktualiseerbare ooreenkoms tussen mens en natuur, wat dier en land en see insluit. Verdere semantiese en referensiële kodes wat so 'n konstituering moontlik maak, word geaktiveer. Die betekenis van

".....hierdie sifsagte grens tussen sand en plant waar ek gespleetoon, hy geweb gaan"

(reëls 10 tot 12) word verryk wanneer oernatuur en ewolusionêre ontwikkeling as interpretasiemodelle ingespan word (die leser sou aanvanklik kon volstaan met 'n deïkties-bepaalde interpretasie: die tekstuur van die sand, die voorkoms of sukkelrige loop van die spreker, ens). Die kode onthul newebetekenisse of assosiasies van "strandrosies". Semanties val kontraste op binne die raamwerk "beweging", "beweeglikheid", "vaardigheid van gang", "vertroudheid met die omgewing": reël 9 aktiveer hierdie kode en reëls 11 tot 13 versterk sy geldigheid. "Vaarder, visser, kenner" (reël 9) heraktiveer 'n ander kode, naamlik die seevaartgeskiedenis.

Die teenstrydige is dan neutraliseerbaar in terme van die oerskakel tussen mens en dier, beide deel van die natuur, of ook in terme van die mens as vaarder op see en die meeu as vaarder oor die see. Die leser word verder gerig om 'n ooreenkoms in die beweging van mens en voël te sien. Die paradoks is 'n leeswyse wat die betekenis van die strofe verryk. Dit is 'n beligtende perspektief.

In die lig van die reeds vasgestelde persoonlike, subjektiewe en relativeerbare houding van die ek-spreker is 'n ander konstituering egter ook moontlik, naamlik van die paradoks as skynparadoks en van die gesuggereerde ooreenkoms as 'n skynooreenkoms en skyneenstemmigheid. Dis deel van 'n bewuste soektog na vereenselwiging. Die paradoks word dan leesbaar as 'n poging tot versoening van botsende elemente wat vir die implisiete leser juis die poging aandui. Die leser lees kompenserend

vir die onthulde subjektiwiteit en verwag 'n bevestiging van die vervreemding, die wesenlike verskil tussen "ek" en "hy".

Terloops kan hier opgemerk word dat die ek-gedig of belydenismatige soort poësie slegs oënskynlik meer direk is: eintlik blyk dit 'n selfgesprek te wees wat die leser juis uitsluit en waarnemer of afluisteraar maak.⁽¹⁹⁾ 'n Negatief-dialogiese verhouding met die teksaanbod word geskep waardeur daar by die leser 'n ruimer perspektief opgebou word.

Wanneer al die kodes saamgelees word en die leser, as deel van sy "Konsistenzbildung" (vgl. Iser 1976 193 tot 204), 'n sintetiserende perspektief van die hele strofe opbou, sou hy dit kon formuleer as 'n poging van die fiktiewe spreker om "vaarder, visser, kenner" (reël 9) te word. Hy is betrokke in 'n poging om deur die grense van die "onnaspeurbare" te breek by wyse van 'n vereenselwiging met die natuur. Die horison word verder genuanseer: "vaarder" word beteken ook om seevaarder te word, sodat die "vertellings en vermoedens van wrakke" (reël 6) van die geskiedenis ge-"ken" word. "Visser" wees beteken visserman en seevoël wees, dit wil sê natuurding. Die ek-spreker probeer om 'n vertrouwdheid en eienheid met die vervreemdende omgewing te beleef. Die wyse waarop tekstuele data in sintetiserende en voorstellende leseraktiwiteit omgesit word, blyk hieruit. Die literêre repertorium kan hierdie horison verder nuanseer deur 'n vergelyking met ander "wandelingspoësie" soos Kannemeyer onderneem tussen L'Agulhas en Een winteravondval van A. Roland Holst (vgl. Kannemeyer 1977 37 tot 38). Die "meeu" word daardeur nog duideliker 'n kontakpunt met die natuur en die geheime van sy wese en verlede.⁽²⁰⁾

Die leser is egter krities-relativerend geperspektiveer ten opsigte van hierdie sprekershouding. Hierdie binneperspektief van die teks word bevestig deur die derde strofe. Die verwagting deur die leserhorison as geheel geskep, die vooruitprojeksie,

word ingevul. Die "afsydigheid" (reël 16) van die meeu rig die leser om die wesenlike gebrek aan eenstemmigheid tussen wandelaar en natuur te konstitueer. Die mislukking van die poging word sterk getematiseer deur die sprong tussen die tweede en die derde strofe en deur die herhaling vervat in "Hy styg op....", "Hy laat my agter...." asook "Ek wou...." (onderskeidelik reëls 15 en 17 tot 21). Tekstedele soos

".....Ek wou nog uitvra,
het gemeen ons was maats darem een
vakansie lank....."

(reëls 17 tot 19) word met behulp van 'n repertorium van gevoelsuitdrukking in die spreektaal gelees as teleurstelling. Ook die inversies in die laaste drie reëls van die derde strofe is emosioneel verklaarbaar. Binne die relativerende horison word die persoonlike van die strewe weer getematiseer, maar nou as teken van mislukking, van 'n beperkte insig of onkunde of ander "fout" implisiet aan die mislukking en teleurstelling. Die leser soek naamlik 'n rede vir die mislukking; hy lees dit kompenserend by of word ingestel om die teks as verklaring te lees.

Dit is duidelik dat die ek-spreker, en meer spesifiek die houding of strewe wat hy be-teken, geïroniseer word. Die leser bevind hom op 'n ander vlak as die fiktiewe sprekersaanbod (vgl. Muecke op. cit. 19) vanwaar hy laasgenoemde in relativerende perspektief beoordeel. Aangesien die ek-spreker self sy mislukte "wandeling" weergee, verwerp hy die implisiete veronderstelling van die deïktiese aanbod, naamlik dat die ek-spreker volkome onkundig of onskuldig is en dat die "afsydigheid" heeltemal onverwags is. Hy lees dit as "pretence" (vgl. hierbo148) van die spreker. Die leser moet dan 'n keuse maak ten opsigte van die eintlike houding van die ek-spreker. (21) Onderneem hy sy ontdekkerswandeling teen sy eie beterwete? Verkeer hy inderdaad in die illusie dat mens en natuur een kan word? Is daar 'n versteekte motivering vir 'n soektog na die onnaspeur-

bare? Is daar 'n gebrek wat die spreker probeer wegsteek, 'n oordreuenheid of opsetlikheid wat hy probeer verdoesel?

Die teks verplaas 'n implisiete kritiese perspektief na die leser wat dit aktualiseer wanneer hy verdere teksdata lees - en voriges herlees - op soek na 'n fout, 'n mistasting, 'n selfbeskuldiging. ⁽²²⁾ In die laaste drie reëls van die derde strofe sou so 'n onderliggende verklaring of motief gelees kan word:

".....Ek wou nog hoor en opteken
'n geskiedenis wat verbyvaar. Wou peuter,
blootlê, 'n laagwater van monsters."

(reëls 19 tot 21). Referensiële kodes word heraktiveer: "n geskiedenis" roep seevaart, ontdekkingstogte en nedersettingspogings -eras uit die verlede - op; "n laagwater van monsters" bring die speur na natuurdinge weer op die voorgrond van die horison, natuurdinge wat vir die nie-seewaardige mens met laagwater sigbaar is. Op soek na 'n verklaring of gebrek word die rantkante van gesistematiseerde kennis afgegaan; die leser word gedwing om die genegeerde, vergete aspekte van die werklikheid af te soek. Is die spreker besig om die natuur en sy verlede en die menslike geskiedenis daarin vervat te romantiseer? Kan "monsters" dan gelees word as sinspeling op sprokiesfigure? Is "wou peuter,/blootlê" (reël 20 en 21) saam met "wou uitvra" sinspelings op 'n wetenskaplik-analitiese instelling wat hiermee in diskrediet gebring word? Indien wel, op grond waarvan word dit in diskrediet gebring? Laasgenoemde vraag kan die leser dwing om te soek na sienings of houdinge uit die werklikheid wat die "Leerstelle" kan opklaar. Is die herhaalde "Ek wou" 'n aanduiding van oorgretigheid en wat verklaar dan die oorgretigheid? Waarom is die spreker bewustelik besig met 'n speurtog na die onnaspeurbare?

Om die ironiese perspektief bevredigend te aktualiseer, word die leser aangewys op die "tekseksterne" werklikheid - die

horison van kennis, beskouings, houdinge wat die teks in die leser open. ⁽²³⁾ As die leser die selfironisering moet deel, dan moet hy 'n onderliggende aanname vind wat die spreker by hom veronderstel, soos Booth aanvoer (vgl. hierbo 144 en 145). Die leser is hier besig om "...die Gedanken eines anderen (zu) denken" (Iser 1976 206), hy is besig om 'n vreemdsoortigheid sy eie te maak. Die teks as "Fremderfahrung" (ibid, 206) ontsluit sy eie ervaringswêreld op grond waarvan hy in die onbekende dit kies waarin hy homself kan vind, met ander woorde die onderdeel wat sy eie wêreld die meeste benader. Die kader van moontlikhede wat hy gesien het, maar wat hy met sy keuse nie aktualiseer nie, bly egter paraat.

Die leser wat vertrou is met die oeuvre van Stockenström mag dit as literêre repertorium (of interteks) inspan en kritiek op die analities-wetenskaplike houding bylees. Met behulp van dié repertorium word dit 'n kritiek op Westerse intellektualiteit, een van die tematiese kenmerke van die oeuvre, soos onder meer blyk in Die ewige Europeër (Stockenström 1973 16) of ook Aan die maan (ibid. 9). Met behulp van die kode kry "n laagwater van monsters" (reël 21) 'n selfironiserende bybetekenis: slegs die oppervlak word ontdiep of deur analise toeganklik gemaak. Die leser kan 'n gebrek aan werklike begrip in die analitiese speurtog konstitueer en die woord "monsters" kan op soortgelyke wyse dui op kortsigtige hantering van dit wat "onnaspeurbaar" en vol tekens van organiese lewe is. As die leser dié keuse maak, dan rig die teks hom krities in op die Westerse of moderne kultuur.

Die leser sou kon volstaan met die konstituering van oorgretigheid, voortvarendheid of gebrek aan respek soos die herhaalde "ek wou" asook "Wou peuter" (reël 20) en "wou...uitvra" (17) skynbaar aandui. So 'n konstituering is net moontlik in die lig van die saak wat te na gekom word, en ook wat dit betref is daar geen uitsluitings voorhande nie - is dit

die natuur met sy organiese lewe en groei en sy verborge geskiedenis?

Die bostaande uiteensetting van leseraktiwiteit demonstreer hoe die literêre teken geabsorbeer word deur die leser en in hom aktiwiteite ontken, nie in ontkenning van die teks se eiesoortigheid of andersoortigheid nie, maar juis as bevestiging of bewys daarvan: die vreemde "teks" verander die leser. Interpreterende leseraktiwiteit word nie "van buite af" op die teks toegepas nie, maar demonstreer die aanwesigheid van die teks in die leser.

Wanneer selfironie as teksstrategie gebruik word, skyn dit of die leser die ironikus is, wat egter nie die geval is nie. Die leser moet die ironiserende beginsel, die versweë aanname vind. Hy is, soos uit bostaande leesprobleme blyk, op soek na die ironikus.

Intussen is die leser se illusie van onaantasbaarheid, wat hy deel met die voorlopig onidentifiseerbare ironikus, in die geval van selfironie groter omdat dit voorkom asof hy alleen - dit wil sê onafhanklik van die spreker - die relativerende platform bestyg. Hoe meer hy die dualisme tussen sy eie perspektief en dié van die ek-spreker ervaar, hoe sterker word hy in hierdie illusie verstrengel en hoe meer word hy van sy eie habitus vervreem. Wanneer hierdie "platform" egter vaag bly, wanneer die korrigerende kode nie uitgespel is nie, dan word die leser juis steeds teruggewerp op sy eie wêreld. Op dié wyse ontstaan daar in L'Agulhas 'n sterk dialogiese spanning. ⁽²⁴⁾ Wanneer die leser hom oorgee aan die implisiete, relativerende teksperspektief, dan ervaar hy juis die andersheid daarvan: "sich-einlassen" lei tot die "Abhebung" van die vreemsoortige objek waarmee die subjek hom inlaat (vgl. hierbo 36).

3 Waar die gedig aanvanklik gelees kon word in terme van 'n "geheim" (wat "ontdek" kan word), word dit nou leesbaar as

"geslotenheid" (waarop inbreuk gemaak word). Dit is die horison waarteen die laaste strofe gelees kan word, en daarby is die ontwykende rede vir die geslotenheid en die kritiek op die "wandelaar" inbegrepe.

Hierdie mobilisering van die leser word versterk deur die deïktiese tekstaanbod wat hom nog steeds identifiserend laat lees. Die vraag implisiet aan die teleurstelling van die spreker en herhaaldelik gestel in die derde strofe, is ook die vraag van die leser, veral wanneer dit deur die selfbeskuldigings duidelik word dat die spreker sy eie gebrekkige insig besef en die relativerende perspektief met die implisiete leser "deel" .

Die ek-perspektief word in die derde strofe afgebaken en ter identifikasie aan die leser gebied deur middel van 'n simbool. Die vuurtoring is leesbaar as projeksie van die spreker wat 'n verklaring soek vir die "afsydigheid/so skielik betoon" (reël 10 tot 11). Die vuurtoring se ligsirkel is 'n "stelling" wat die ek-ervaring interpreteer:

".....dit hier,

kaap van naalde, is die aanvang van 'n afrika

wat nog so vriendelik niks prysgee." (reëls 26-28).

Op dié wyse word die deïktiese kode afgerond. Volgens die bekende patrone van menslike optrede wat hier in die repertorium geaktiveer is, en wat saamgevat kan word as 'n onverklaarde mislukte strewe na kontak, is die "stelling" egter nie 'n verklaring nie, maar 'n bevestiging van die vervreemding wat juis die strewe ontlok het :

"Teen son en skuim loop ek my vas, 'n ruwe ontmoeting my loop met wind en see....."

(reëls 1 en 2). Dit roep daarom by die leser dit op wat dit negeer: die vraag na die verklaring.

Hierdie stimulering van verdere leseraktiwiteit word aangehelp deur die feit dat die slotstrofe homself eksplisiet aanbied

as 'n integrerende teksperspektief. Die enumerasie, die samevatting van alle referensiële en semantiese kodes saam met die fiktiewe spreker as kode, en voorts die betekeniswaardes van die vuurtoringsimbool maak dié leesinstruksie duidelik. Die "lig van die toring" (reël 22) en wat hy aan die lig bring, word ook gelees as interpretasie van die ironiese, relativiserende perspektief wat die leser op hierdie stadium reeds opgebou het, en wat hy met die spreker deel, soos die vierde strofe met sy weergawe van die ek-spreker se insig duidelik maak. Die konvensionele, onpersoonlike, nie-individualistiese aard van bekende simbole ⁽²⁵⁾ word bygelees by hierdie literêre en partikulêre simbool en versterk die indruk van besondere, bo-persoonlike geldigheid, 'n indruk wat bygelees word tot die slot-"stelling":

".....afrika

wat nog so vriendelik niks prysgee."

(reëls 27 en 28).

Die stelling herhaal die reeks-gekonstitueerde "geslotenheid" en stimuleer weer die vraag na sy verklaring. Dit lei tot herlees van die slotstrofe (en ook ander teksdele). Die "veeg van die lig van die toring" (reël 22) trek alle kodes saam: die "lekkende skulpe" (reël 23) en beskrywing van die krap as die geheime lewe, die haas onopmerklike organiese wese wat skuil in klein konkrete see-dinge, 'n semantiese samevatting wat met 'n oorspronklike metaforiese beskrywing versterk word; natuurprosesse wat die hede met die oerverlede verbind, leesbaar met behulp van die referensiële kode "ewolusie"; die spreker self en sy wandeling, maar, 'n uitbreiding van die deïksis, ook sy wêreld ("die huise", reël 25) word betrek. Wanneer die leser die uitbreiding wil konstitueer, kan hy besluit op "my en die huise" as tekens van nedersetting langs die waters, as resultate van ontdekkingsstogte en skeepvaart. 'n Meer eksplisiet historiese kode word geaktiveer naas ander leeswyses van dié teksdeel soos die menslike binne die groter konteks van die natuur of, op 'n elementêre vlak,

die dorpie L'Agulhas. Die see as draer van versteekte lewe (semanties) en van geheime van geskiedenis en organiese materiaal (referensieel) word met "versamelde waters" (reël 25) ook geografies betekenisvol: dit verwys na L'Agulhas as punt van 'n kontinent omring deur water waar oseane bymekaarkom. Dit evokeer egter ook mag en omvang, saam met "kaap van naalde" en "'n afrika" (reël 27) waardeur, aan die hand van 'n geografies-visuele repertorium, 'n visionêre voorstelling van kaap en oseaan, kontinent, aarde en omvattende see konstitueerbaar is. Hierdie herlees van die teks bevestig die relativering van die spreker en sy "wandeling" en dit dui die natuur as relativerende beginsel aan. Waar "kaap van naalde" (reël 27) op 'n eerste leesvlak - wat Riffaterre die "heuristiese" leesfase noem waartydens die taal as referensieel verstaan word (Riffaterre 1978 5) - as geografiese aanduiding opgeneem word, word dit in die lig van die tekshorison - wanneer dit in terme van Riffaterre "hermeneuties" opgeneem word (ibid, 5) - 'n psigiese aanduiding, te wete van die spreker se emosionele reaksie op die ervaarde weerspanning van die omgewing. Die leser gebruik dus ook 'n kode van menslike gedrag: aan die hand daarvan - onder andere - is die verandering van "L'Agulhas" na "kaap van naalde" leesbaar.

Die verbale kode verskaf ook 'n relativerende raamwerk aan die leser deur die opstapeling van "wat"-sinne. Die sintaktiese afwykings wat daarmee gepaard gaan, trek die leser se aandag. Al die "wat"-konstruksies word verbind met "die lig van die toring" (reël 22) terwyl hulle met mekaar verbind word deur "en" en steeds verder uitgebrei word om die raamwerk "relativering deur verbinding" aan die leser duidelik te maak.

Saam met die onverklaarde afsydigheid van "'n afrika/wat nog so vriendelik niks prysgee" (reëls 27 en 28) lees die leser: 'n grootsheid wat menslike en natuurdinge in hom opneem en tot onderdele relativeer. Dit verklaar die geïmpliseerde

voorbarigheid of oorgretigheid van die ek-spreker ten dele. Dié "stelling" of afleiding van die spreker aktiveer ook bykomende kodes; dit bevat nuwe repertoriumelemente. 'n Blote geografiese herkenning "die aanvang van 'n afrika" is net soos "kaap van naalde", in die lig van die konteks onvoldoende. Die leserrepertorium word verder verruim deur die intratekstuele "Leerstelling" wat blyk as "naalde" verstaan word as tekens van afweer, selfverdediging, moontlik selfs van agressie en gevaar.⁽²⁶⁾ Die ontpragmatiserende skryfwyse van "aanvang van 'n afrika" (reël 27) lei tot die konstituering van "afrika" as wese in teenstelling met die vae, oorbekende "Afrika" of geografiese "'n kontinent". Die personifikasie van die slotreël is hier 'n verdere leidraad. Die leser kan konstitueer: die natuur is nie on-menslik nie, maar bo-menslik of groter-as-net-menslik.

Dit kan nou vir die leser duidelik word dat "afrika" die ironikus is, die afwesige stem wat by hom as leser 'n sekere aanname veronderstel op grond waarvan dit duidelik is dat die "wandeling", die speurtog, onmoontlik, voorbarig en kunsmatig is. Die slotreël verteenwoordig wat met Muecke die ironiese "pretence" genoem kan word (vgl. hierboven¹⁴⁸): "afrika" is "nog so vriendelik", maar dit behoort duidelik te wees dat hy "niks (sal) prysgee" nie. In hierdie stadium is die mees dringende "Leerstelling" juis hierdie aanname, hierdie veronderstelde insig by die leser: die geslotenheid van Afrika bly vir hom 'n raaisel. Dit rig hom op sy eie habitus en is wesenlik 'n "Leerstelling" tussen teks en (leser-)werklikheid. Die teks stel die leser krities in op ontdekkers van Afrika, speurende wandelaars en dies meer, maar laat dit aan hom oor om die kode van kritiek te vind. Op dié wyse word die afsydigheid van "'n afrika" veel meer as net 'n interpretasie of konstituering: die leser ervaar dit. Dit is deel van die gebeurtenis wat die teks in die leser bewerkstellig. Hoe meer die leser sy werklikheid van sienings, houdinge en kennis omtrent "Afrika" afsoek, hoe meer word die leeshandeling omgesit in werklike ervaring wat die subjek - die leser - verander.

Die slotreël is 'n tipiese paradoks: "vriendelik" en "niks prysgee" hef mekaar nie op nie, maar wys saam na die onderliggende selfgenoegsame geslotenheid. Op soek na die uitblywende verklaring betrek die leser ander kodes en kan hy aflei: geslotenheid teenoor seevaarders ("wraakke" reël 16), teenoor ander soorte ontdekkers soos wetenskaplikes ("wou peuter,/blootlê 'n laagwater van monsters (in reël 20 en 21), teenoor die mens ("ek gespleettoon", reël 11) en ook teenoor die natuurontvanklike mens.

Sekere konvensioneel simboliese waardes van "die lig van die toring" kan deur die leser betrek word, spesifiek die konvensionele waarde van "lig" as die lig van rede, insig of verheldering asook die bekende vaste simboliese betekenis van die vuurtoring ⁽²⁷⁾ naamlik "gevaar". Dit is eerstens verbindbaar met die historiese repertorium: die geskiedenis van seevaart en ontdekkingsstogte om Afrika. Dit is egter, volgens die teks, net één voorbeeld van geslotenheid. 'n Naam moet gevind word wat al die gevalle veralgemeen. Dit word op hierdie punt duidelik dat die ek-perspektief, sentraal in die teks, beide persoonlik en samevattend is. Dit is 'n model van homself en van 'n algemene waarheid, 'n model waarbinne die leser relativering ervaar, wat hy dan ook as die breë "Sinn" van die gedig konstitueer. Die implisiete maar nie tekstueel gefinaliseerde betekenis dwing die leser egter buite die model en maak van hom 'n soort ekstra-spreker in die gedig. Hy speel die rol wat andersins deur die implisiete spreker gevul kon geword het, met ander woorde: hy aktualiseer die implisiete spreker. ⁽²⁸⁾ As gevolg van hierdie besondere instelling van die leser het hy vry spel ten opsigte van die toepassende aktiwiteit, die toekenning van "Bedeutung". Hy dink die gedagtes van die ek-spreker verder sonder dat dié hom beperkings kan oplê, terwyl die implisiete bylees aangevoer word deur die appèl tot identifikasie. Die gedig word, nie ten spyte van nie maar juis as gevolg van sy persoonlike en direkte aard, 'n vrye toepassingsmodel en die modelraamwerk is "afrika" as geslotenheid wat homself nie verklaar nie.

Hierdie raamwerk verteenwoordig die "Sinn" van die gedig, die intensionele betekenis. Soos aangetoon behels dit 'n "Leerstelle" wat die leser noop tot die toekenning van "Bedeutung". Die teks rig 'n vraag aan die leserwerklikheid en dwing verbinding met 'n realiteit af. Hierdie appèl is deel van die gekonstitueerde "Sinn" en die leser kan dit daarby laat, waarby hy dan homself identifiseer as die soort literêre leser wat verkies dat die literêre werk in 'n outonome vorm of in sy andersheid sigbaar bly. Wanneer die leser egter die potensiële "Anschliessbarkeit" (vgl. Iser op. cit., 285) van die teks aktualiseer, onthul dit ander subjektiwiteite van die leser. (29) Die afsydigheid van Afrika kan geïnterpreteer word in terme van die aktueel-politiese situasie en verstaan word as teken van anti-blankheid of anti-Westersheid. Dit kan verstaan word as bedekte aanklag teen inmengende, voorbarige kolonisasie - polities en kultureel. Dit kan ook verstaan word as omgekeerde bevestiging van blanke vervreemding en onsekerheid in Afrika, of ook as kritiek op romantisering van die kontinent tot misterieuse "donker" Afrika.

Die teks lees die leser oop, die werklike leser met sy besondere subjektiwiteite. Hierdie subjektiwiteite is ook kodes, gesistematiseerde beskouings soos uit die voorbeelde blyk. (30)

Die gekonstitueerde "Sinn" tree steeds as korrektief op ten opsigte van die toepassing sodat die teks nie "oorgelewer" is aan lesersubjektiwiteit nie. Dit struktureer eerder hierdie subjektiwiteit, soos Iser betoog (vgl. op. cit., 251) en maak genegeerde of versteekte aspekte van die werklikheid sigbaar. Die leser kry perspektief op sy eie versteekte houdinge ten opsigte van Afrika, sy eie "Afrika-ervaring". Wanneer hy die gedig lees as anti-kolonialisties, blyk sy eie politieke hipersensitiwiteit, want die ironiserende "afrika" is volgens die teks veel meer as net 'n politieke gegewe; dit is 'n "wese", 'n natuurgegewe wat 'n deel is van die organiese groei van die geskiedenis van aarde en mens. Wanneer die gedig gelees

word as beswaar teen romantiserende speurtogte-in-geheime van natuur of geskiedenis, blyk die romantiese aard van "afrika" in die gedig juis en word die leser bewus van sy eie beperkte ervaring van die kontinent. Op soortgelyke wyse kan die teks 'n onderliggende vrees-vir-Afrika of onsekerheid-in-Afrika in die leser uitdiep.

L'Agulhas illustreer dié "Wirkung" waarin die verhouding tussen teks en leser, en daarmee tussen teks en werklikheid saamgevat word, naamlik dat "...in einer solchen Formulierung des Unformulierten immer zugleich die Möglichkeit liegt, uns selbst zu formulieren und dadurch das zu entdecken, was unserer Bewusstheit bisher entzogen schien" (Iser op. cit., 255).

Voetnote

1. Vgl. Stockenström (1976) p 7.

In die res van die bespreking word die titel afgekort tot L'Agulhas.

2. Die wyse waarop die leser die referensialiteit van die taal oorstyg, word breedvoerig deur Riffaterre (1978) bespreek. Vgl. onder meer p. 6: "To discover the significance at last, the reader must surmount the mimesis hurdle: in fact this hurdle is essential to the reader's change of mind".

3. 'n Literêre teks is opgebou uit "Selektierten Normen aussertextuellen Realitäten", naamlik sosiokulturele en literêre betekenisstelsels, aldus Iser (1976), vgl. p.136. Die geselekteerde elemente word ontpragmatiseer, maar die oorspronklike, "bekende" aard bly op die agtergrond: "Wenn aber der alte Kontext gestrichen und durch einen neuen ersetzt wird, so heisst das nicht, dass er verschwindet; er bleibt gegenwärtig, wenngleich seine Geltung gelöscht ist. Er verwandelt sich dadurch in einen virtuellen Hintergrund...." (ibid.134).

4. In 'n ontleding van 'n Baudelaire-tekst betrek Riffaterre (1978, p. 52 tot 53) die spreker as persoon, as aspek van 'n mimetiese spraakhandeling, eers ná die ontwikkeling van die semiologiese ontleding sodat hy daaraan ondergeskik skyn te wees. Nogtans verander dié kode die struktuur van die gedig ingrypend deurdat dit die gedig leesbaar maak as wensdroom waar dit eers as konflik tussen eenselwige man en verleidelike vrou gelees is. Riffaterre bestee te min aandag aan die rol van die spraakhandelingsmodel in poësie.

5. Ook hier kan die betekeniskonstituering met Riffaterre se "hypograms" en prosesse soos "expansion" en "conversion" beskryf word. Vgl. Riffaterre, op. cit., pp. 23 en 47. Met behulp van woordsemantiek word aspekte soos "volheid" as "hypogram" van die woorde gevorm; die verskillende data vorm 'n reeks, 'n "expansion" van 'n kern, naamlik "verskeidenheid in die natuurlewe" en dit blyk uiteindelik die keerkant te wees van "onsigbare natuurlewe" - deur "conversion" word die tekens teken van hul omgekeerde. Afwesigheid of negasie kan as die eintlike matrix-aspek bestempel word, soos in die slot van die gedig blyk in "n afrika/wat nog so vriendelik niks prysgee". Hierdie leesaktiwiteite kan vergelyk word met wat Iser die "passiven Synthesen" noem. Vgl. op. cit., p. 219.

6. Die leserrol is vergelykbaar met Iser se ontleding van 'n leserreaksie by 'n toneel uit Joseph Andrews waarvan hy onder meer konstateer dat "...die Szene aufhört, Selbstzweck der Handlung zu sein, und sich zum Träger eines Themas wandelt". Vgl. op. cit., pp. 233 en 234.

7. Dit gaan ook hier nie om realisme of letterlike visualiseerbare of "hoorbare" beskrywing nie. Vgl. die bespreking op p. 160 hierbo.

8. Die leser lees hier 'n paradoks: die aanwesige dui eintlik op die afwesige; die aanwesige maak die afwesige "sigbaar". In die terminologie van Barthes sou dit neerkom op die gebruik van die SYM-kode: soos geïllustreer aan die hand van 'n antitese in Sarrasine. Vgl. Barthes (1970), pp. 17 tot 18.

9. In die geval van Mamba is die onderliggende perspektief só versteek dat die leser die gedig as simbool eerder as "perspektief op" of as waarnemingswyse opneem en die leseraktiwiteit skyn meer intens te wees.

10. Die enjamberende oorgang van reël 1 na reël 2 kan demonstreeer hoe bekende verstegniese konsepte nuut geformuleer kan word vanuit 'n leesproses- en lesergesentreerde benadering. Die enjambement plaas 'n hindernis in die leesproses deurdat temporale (lineêre) lees tydelik vervang word met ruimtelike lees. Die leserblikpunt skuif gedurende die lees altyd ook letterlik. In die geval van 'n enjambement ontstaan die spanning deurdat die leser, ingestel deur die sintaksis, gelei word om lineêr, "vooruit" te lees terwyl die tipografie hom dwing om ruimtelik, "terug" te lees. Wat plaasvind is soos in die geval van 'n metafoor soos volg beskryfbaar: wat die teks skei, moet die leser bymekaar hou en die (visuele) probleem dáárvan word oorgedra op die betekenis-konstituering; "ruwe" word getematiseer teen die agtergrond van die sintaktiese en lineêre stroom.

11. Hierdie prinsipe word onder meer soos volg saamgevat:

"In der Regel...sind die verschiedenen Systemen entnommenen Elemente des Repertoires gerade in ihrem Bekanntheitsgrad einander nicht äquivalent. Zugleich aber signalisiert ihre Zusammenstellung, dass sie aufeinander bezogen werden müssen". Vgl. Iser, op. cit., p. 136 asook die verdere uiteensetting op p.137.

12. Vergelyk vir hierdie terminologie onder andere Leech (1969), pp.9 tot 12.

13. Juis die wisseling stoot ritme as faktor voorop. Vgl. die uiteensettings insake "kohärenten Deformierung" op p.81.
14. 'n Uitgebreide ontleding van verstegniek aan die hand van die leesproses sou die ondersoek te ver voer. Vgl. egter die bostaande bespreking van enjambement (voetnoot 10). In die onderhawige geval lees die leser, gelei deur die ritmiese patroonmatighede, heen en weer, dit wil sê ruimtelike en groeperend.
15. Vergelyk hierby Iser, op. cit., p. 195: "Da sich Bedeutung nicht in Worten manifestiert und folglich das Lesen nicht als fortlaufende Identifikation einzelner Sprachzeichen verläuft, bewirken erst die Gestaltgruppierungen eine mögliche Erfassung." Teksbetekenis is nie 'n direkte interpretasie van taaltekens nie en betekenis kom tot stand "weder über die mittelbare noch über die unmittelbare Decodierungen von Buchstaben oder Wörtern" (ibid., p.194).
16. In Breytenbach (1972) se Brief uit die vreemde aan slagter (p. 26 tot 28) is die ek-spreker se fiktiwiteit duidelik vanweë die polisieverslagraamwerk waarin die gedig aangebied word: "die gevangene sê", "die gevangene beweer", ens. (Dié raam is ook fiktief; dis 'n tegniek of middel om 'n bykomende perspektief in die leser op te bou). Ook hier word die leser bewus van die ek-perspektief as besondere, individuele waarnemingswyse, veral weens die botsing tussen die liries-besinnende inhoud van die spreker se woorde en die raamwerk "politieke gevangene" waarin dit verskyn. Die gevolg is dat die leser agter die liriese aanbod die politieke realiteit lees, of bylees. Wat die ek-aanbod verdoesel, word, negatief-dialogies, by die leser op die voorgrond gebring. Hoe verwickeld die betekenisstruktuur van die aanbod ook al is - vergelyk hieroor Brink in Woorde teen die wolke (1980), pp. 1 tot 28 - word die teks in mindere of meerdere mate gelees as verswyging van 'n politieke realiteit. Brink sê: "Natuurlik gaan dit, op

die gedig se mimetiese vlak, om voorstellinge van foltermetodes wat uit die pers maar alre bekend is. Maar vir die gedig se gedig-wees is dit skaars ter sake: wesenlik is dit 'n gebruik-maak van aktuele materiaal as verwysingsveld om 'n oneindig meer verwikkelde proses te voltrek" (ibid, p. 21). Die interpretasieprosesse hang egter van die leser af en in die geval van 'n literêr geskoolde, wyd belese leser soos die leser in hierdie artikel mag die gedig se "gedig-wees"-struktuur op die voorgrond staan. In die geval van 'n polities-bewuste, eietydse en minder ingeligte leser, sal die "aktuele materiaal as verwysingsveld" 'n groter rol speel as kontrasterende perspektief op die filosofiese, literêre, godsdienstige en ander perspektiewe wat die teks bied, sodat laasgenoemde as "verswygings" van eersgenoemde ervaar sou kon word.

17. Vgl hierby Iser (1976), p. 208 oor illusievorming: "...Illusion (meint) unseren Projektionsanteil an die Gestaltbildung, in der wir befangen sind, weil wir sie hervorbringen. Nun aber ist angesichts der Irritation der Gestalten....dieses Befangenseins niemals vollkommen. Im Gegenteil, die latente Störung eines solchen Befangenseins erzeugt eine Spannung, die den Leser zwischen vollkommen Befangensein und latenter Distanzierung oszillieren lasst. Daraus ergibt sich eine vom Leser selbst erweckte Dialektik von Illusionbildung und Illusiondurchbrechung". Hierdie proses word deur L'Agulhas gedemonstreer. Waar die uitblywende betekenis grotendeels verraaisel bly, soos in Mamba, is die proses van illusieopbou en -afbraak gevolg deur nuwe illusieopbou so verstrengelend dat die leser veel minder van die teks as waarnemingswyse bewus is gedurende die lees. Hoe "moeiliker" die teks, hoe groter die verstrengeling in opbou en afbraak van konstituerings en hoe meer het die teks vir die leser die aansyn van 'n gebeurtenis, 'n reële ervaring. Die sintaktiese en ander verstegniese "Leerstellen" in L'Agulhas dien om die ervaringspotensiaal van die teks te verhoog.

18. Vgl die voorbeeld aangehaal deur Von Wilpert (1969), p. 549: "Das Leben ist der Tod, und der Tod das Leben". 'n Moontlike konstituering is: die lewe word oorheers deur die bewussyn van die dood sodat die mens eers werklik "lewe" wanneer hy sterf en van dié bewussyn bevry word. Die teenstrydige word ervaar as lees-teken.

19. "In die suiwer kuns," sê Opperman (1974, p. 40) "is die publiek 'n luisteruink." "Suiwer" kuns is kuns ter wille van homself, in die eerste plek, en dit sluit die liries-belydende gedig in. Opperman erken nogtans die invloed van die bepaalde gemeenskap waarin die kunstenaar staan. Vgl. *ibid.*, p. 41.

20. Afhangend van die mate waarin verskillende lesers van hierdie tradisie of gedig bewus is, kan ander wandelingspoësie of die bepaalde gedig van Holst as interteks optree. Dit kan ook anders in opgeneem word in die leeswyse, naamlik as deel van die titel - "n wandeling" - se "descriptive system".

Wanneer ander literatuur as repertorium van 'n teks optree, dan verleen dit aan die betrokke teks 'n besondere geldigheid of geloofwaardigheid of status: die leser lees 'n vroeëre geslaagde "verbal contract" by, vgl. Riffaterre (1978), pp. 86 en 82.

21. Vergelyk hierby Iser (op. cit.) oor "Selektionsentscheidungen", p. 206.

22. 'n Mikro-analise van die wyse waarop die leser byvoorbeeld vir 'n besondere betekenis van "wou peuter" kies, kan ook met behulp van Leibfried (1970) onderneem word en die noue ooreenstemming tussen Leibfried en Iser blyk. Die woord "peuter" is, teoreties, 'n leë gegewe met 'n verskeidenheid betekenismoontlikhede waaruit die leser moet kies (Leibfried 1970 302). Die leser se keuse is 'n uitdrukking van homself; hy aktualiseer

sy eie "habitus" terwyl hy lees, maar in die proses ervaar die leser "...ich oszilliere zwischen Leermeinung und einer Reihe von sinnlicher Ausfüllungen" (ibid. 303); "...ich werde gezwungen, mir überhaupt alle Möglichkeiten der Bedeutung bewusst zu machen und mich 'irgendwie' zu entscheiden..." (ibid. 306). In die geval van "peuter" word die keuse gerig deur die kritiese perspektief wat die teks aan die leser voorskryf, sodat hy aan "peuter" 'n ander betekenis gee as wanneer hy dit sonder dié perspektief lees, soos by 'n eerste lees die geval kan wees. Ook hieruit blyk dat die woord 'n "Kippfigur" (ibid. 303) is, 'n leë gegewe wat op verskillende maniere "ingevul" kan word. Leibfried beklemtoon die rol van subjektiewe leserkeuse by hierdie "invulling" (ibid. 306 tot 307), maar dit blyk dat die subjektiwiteit hier 'n tekstueel gerigte subjektiwiteit is. Die "Bezugssystem" wat die leser vir die leë gegewe ontwerp (ibid. 290), die "Wenn-so-Zusammenhängen" waarin die woord beleefbare ding of betekenis word (ibid. 287), is 'n aktualisering van die teks deur die leser.

23. Vgl. hierby Culler (1975) wat na aanleiding van die problematiese premisse van ironie in literêre kommunikasie opmerk: "In the case of literature the contributory expectations depend on an even more complex sum of social and cultural experience" (p. 155; my kursivering).

24. Die humor in die satiriese Je suis arrivée van Wilma Stockenström (1973 p. 21) skep 'n soortgelyke illusie van onaantasbaarheid; terwyl die leser vir iets of iemand anders lag, voel hy self gevrywaar van hierdie lagwekkende kenmerke.

25. Vgl. hierby Wheelwright (in Shibbes, 1972), veral p. 98.

26. Die leser sou dit kon verbind met kompasnaalde en die teksdeel lees as 'n gevaarlike kaap wat groot seemansvaardigheid vereis.

27. Vgl ook hier Wheelwright (op. cit., p. 93 tot 94) waar die eksakte konvensionele simbole geklassifiseer word as "stenosymbols".

28. Die "afwesigheid" (dit is: verdoeseling) van die implisiete spreker in L'Agulhas blyk ook in vergelyking met Die stomme aarde (Stockenström, 1976, p. 35). In hierdie gedig maak die implisiete spreker homself tekstueel identifiseerbaar in die slot: hy is een van die "onontvanklikes" (reël 31). 'n Implisiet ironiese en begrypende insig agter die skynverbasing van die ek-spreker blyk.

29. Die lees van L'Agulhas soos hier teoreties uiteengesit, illustreer hoe verskillende soorte leeswyses mekaar oorvleuel, of, soos Link dit stel: die resepsiewyses "zijn gebaseerd op ideaaltypische differentiaties van mogelijk receptiegedrag - bij afzonderlijke receptiehandeling spelen ze - als componenten van een complex gebeuren - mogelijk allemaal een rol." Vgl Link (1978), p. 206. Link verwys hier na veral vier soort betekenisgewende lees of resepsies van 'n teks, te wete die konstituering van die vermeende teksintensie of outeursintensie ("adequate concretisasie in engere zin" p. 194), die resepsie waarby tekstekens op verskillende tye en deur verskillende lesers met steeds wisselende nuanses geïnterpreteer kan word ("adequate concretisasie in ruimere zin" pp. 196 tot 197), asook die "aansluiting", die "opvatting.... waarbij het alleen gaat om de aansluitbaarheid van de tekst bij de ervaringsrasters, waarover die lezer beschikt" (ibid. 197). Hierdie verbindende resepsie of leserreaksie op die teks kom, volgens Link, veral voor waar die teks as geheel "ooggelaat" word, 'n "Leerstelle"-struktuur het (ibid. 197). Uit die leesontleding van L'Agulhas blyk dat die leser gerig word van 'n intensiegebonde leeswyse na 'n verbinding van die teks met sy eie wêreld, tensy hy die teks "in engere zin" wil lees. Verskillende soorte literêre kritiek, verskillende

wyses waarop van literêre tekste gebruik gemaak word om teorieë te demonstreer, verskillende sosiologiese interpretasies gebruik almal verskillende leeswyses, wat nie noodwendig deur die teks gereguleer kan word nie. Daar kan hoogstens - soos in die geval van L'Agulhas- gesê word dat een leeswyse die teks verryk in vergelyking met 'n ander. Die poging om L'Agulhas "anschliessbar" te maak, verryk die teks; dit aktualiseer onvermoede potensiële betekenis.

30. Vgl. hieroor Barthes (1975), p.10: "Subjectivity is a plenary image...whose deceptive plenitude is merely the wake of all the codes which constitute me, so that my subjectivity has ultimately the generality of stereotypes". (Reeds aangehaal hierbo, p.63). Dit skyn of die literatuur die kollektiewe in die leser benut en hom as lid van 'n bepaalde sosiokulturele groep konstitueer. Die lees van literatuur neig om die leser los te maak van sy individualiteit. Hierdie gedagte is die kern van Ellis (1974) se betoog teen die gebruikelike oproep dat lesers hulleself in die posisie van skrywers en lesers moet verplaas om histories verwyderde tekste doeltreffend te aktualiseer. Die begrip vir vreemde gebruik van bekende woorde is deel van enige leser se linguïstiese kompetensie (vgl. ibid 150) en die gebruik van sekere, vir die leser verouderde konvensies "...will always remain a possible convention, irrespective of what society was in fact like...The continuity of a given culture must be the focus of...his" (dit is die literêr-historiese analitikus se) "attention, and his analysis must always be turned toward questions of the shared experience of members of that culture..." (ibid. 151; my kursivering). Ellis se argument moet verstaan binne die betoog vir literatuur as literatuur-vir-'n-gemeenskap: literatuur is wat 'n bepaalde gemeenskap as literatuur beskou (ibid.146). Omgekeerd beteken dit dat literatuur geskep word vir wat die outeur aanvoel as die verwagtings en voorspelbare houdinge en kennis van die gemeenskap.

5. Teoretiese aantekeninge by enkele praktiese leeservarings

'n Kort en informele ekskursie deur die poëtiese oeuvre van Wilma Stockenström word as afsluiting van die eksperimentele demonstrasie onderneem. Hierby maak 'n literêr-teoreties ingestelde leser kort aantekeninge oor sy leeservaring, aantekeninge waaroor op 'n later stadium verder nagedink sou kon word en wat terugreflekteer op die literêr-teoretiese horison van die ondersoek.

Dit skyn of 'n gedig soms 'n heeltemal bekende stellingname of observasiepunt aan die leser bied: al-lesend doen die leser wat hy dikwels in die "werklikheid" doen. Hy kan byvoorbeeld spot of lag, soos in die geval van Politikus (1970 58) en Je suis arrivé (1973 21). Die humor wat hy lees, is sy afleiding van die teksaanbod. Dis egter 'n bedoelde afleiding en hy aanvaar dit as sodanig van die implisiete spreker. Daarmee saam aanvaar hy wat skynbaar 'n konvensie van humor is: die reduksie van die werklikheid tot die lagwekkende. Nie omdat die werklikheid "min" is, lag ons daaroor nie: ons maak hom minder ter wille van 'n sekere houding wat iets onthul of wat die werklikheid op 'n ander manier ervaarbaar maak. Daar is 'n gemoedelikheid wat so 'n perspektief minder krities en nie-agressief maak.

Ek herken die werklikheid deur die gedig. As ek die teks-in-myself isoleer, dan vergelyk ek; as ek deur die teks lees, dan herken ek. Die steriliteit met 'n nuansering van populariteit, massawaardes en die uitskakeling van individualiteit is nogtans nuut. Die gedig as 'n verworwe perspektief op die werklikheid onthul versteekte elemente, maar nie heeltemal onbekende elemente nie. Die teks as meganiese beeld onthul die meganiese agter die bekende politikus.

Die perspektief is insiggewend en "bevrydend" hoewel gebaseer op reduksie en op 'n spel. Deur die humor het die gedig instruktief geword.

Die moontlikheid is egter nou ontsluit dat ek as leser nie van hierdie perspektief op volksleiers hou nie, om my eie redes, en dan die reduksionistiese spel as sodanig verwerp - al het ek dit tydelik geniet. Op dié punt kan ek altyd die saak afmaak deur te sê dat dit tog maar "net" poësie was.

Die gearriveerde mev. Edelvrot is ongetwyfeld "waar", selfs al is sy my bloedfamilie. Soveel meer aanvaarbare dinge in die gedig is immers herkenbaar: die nabootsing van Transvaalse Afrikaans of die Kaaps-Koloniale vergoddelyking van wyn. My eie werklikheid - of liever: die herkenbaarheid daarvan - gee die gedig 'n "verisimilitude" sodat ek dit wel moet oorweeg dat dames soos dié, gerespekteerd soos hulle is - iets wat ek weet al sê die gedig dit nie - wel seksueel aktief mag wees in dié mate dat hulle mans soos kapaters lyk. Die herkennende instelling wat deel was van die proses waardeur ek die gedig geassimileer het, skyn homself te verplaas na die werklikheid om my: is so en so dalk ook 'n kapater? Is mev. X, eggenote van 'n volksraadslid, dalk verslaaf aan "witwyn"? Dié toepassing - half apologeties gedoen, want dit was tog immers "net" 'n gedig - bly tog steek; dis verleidelik. Daar is iets te sien wat nie vantevore goed gesien is nie.

Die implisiete spreker, my anonieme gespreksgenoot wat sy eintlike bedoelings versteek maar met die wete dat ek gaan probeer om hulle te ontdek, is in Die Kaap Die Stad (1973 31) heelwat meer aggressief. Waarom? As ek na "Kaapstad" kyk deur die perspektief van 'n flerrie en selfs 'n hoer, iets wat indruis teen die norm, dan impliseer dit dat die Kaap nie is wat hy probeer voorgee om te wees nie. Ek het my beeld van Kaapstad; ek kyk na hom deur hierdie raam en ek soek na 'n motivering - by die implisiete spreker, die gedig self. Kaapstad beklemtoon die uiterlike; deel van hierdie kosmetiek is sy Kaaps-Hollandse argitektuur en sy rassehouding. My repertorium van kennis kom in die spel: is die Kaapse, die ou "keloniedame", te Europees, te kolonialisties? Maar in die lig waarvan?

Miskien het Riccoeur gelyk: die verstaan van die gedig vind nie "agter" die teks plaas nie, maar daarvoor. Dit voltrek homself as 'n dialoog tussen teks en konvensie of horison, 'n dialoog waarin na betekenis gesoek word (Stuhlmacher op. cit. 208).

Indien ek polities aktivisties was, sou ek dit jammer vind dat die politieke aspek net 'n verklaring vir die Kaapse skynheiligheid is en nie dié verklaring nie, maar om die teks as perspektief te handhaaf, moet dit so aanvaar word. Dit is 'n repertoriumaspek; nie dié repertorium van die gedig nie.

Soms pleeg die teks kontrakbreuk. Ek word gelei om 'n duidelike perspektief op te bou ten opsigte van die Kaaps-Hollandse, Afrikaans-Bolandse kultuur deur die lees van Steendruif (1976 12). Hierdie kritiek vereis 'n basis en die basis word aangedui: as leser volvoer ek die instruksie totdat selfs "Wyn hier is 'n geweldige daad" (reël 6) 'n woordspeling op "geweld" skyn te wees. Die tradisionele wellewendheid bedek geweld, by implikasie ook teenoor die "Hottentothoof". Die hele sosiopolitiese werklikheid word herlees in terme van die spreker se ironie, wat ek as leser van die gedig geldigheid wil gee. Die herkenbare werklikhede, soos die heildronk, blyk in hul selfvoldaanheid:

"Op dit wat bereik is in die rondheid
gesondheid dus"

(reëls 11 en 12). Die hele aura wat hierdie heildronk in die werklikheid het, is vernietig. Ek word genoodsaak om, na aanleiding van "geweld", die geweld in die aktualiteit by die gedig by te lees. Daarom onderskat die spreker my met die laaste twee reëls:

"en as jy dit ophou na die ontsaglike lig
here hoe lag iemand."

Hy neem my rol oor en plaas my buite die gedig en buite die ervaring wat daarmee saamgegaan het.

Die slotreëls van Politikus doen dieselfde. Die spel word versteur; die effek van die gedig, my reële ervaring daarvan, word bedreig. Die implisiete spreker kom nie sy deel van die kontrak na nie; hy vergeet dat hy 'n gesprek aan die gang gesit het; hy verbreek die konvensies van die gesprek, naamlik dat die reëls, eenmaal deur die teksaanbod neergelê, omgesit word in leseraktiwiteit en dat die spel net slaag as daar volgens die gegewe en gewillig aanvaarde reëls gespeel word.

Ook die ironies-kritiese stellingname teenoor die omringende werklikheid is nie bloot poëties nie. Die ironiese gedig is wat dit betref ook mimeties. Selfs bittere satire is 'n herkenbare houding wat ek kan oorneem. Om 'n oomblik af te dwaal: Die lewe in die grond (Breytenbach 1972 22 en 23) is geredelik herkenbaar wat sy instellingspunt betref: 'n bittere ironie wat grens aan sarkasme in sy uitgesprokenheid. Om die instelling te lees beteken om teen die draad van alle menslikheid in te lees:

"welgeluksalig is die kinders van Dimbaza,
van Welcome Valley, Limehill en Stinkwater
vrek
van siektes, ondervoeding, armoede -"

(reëls 1 tot 3). Ek weet, op grond van my menslikheid, dat die spreker ironies is; dis die veronderstelde basis waarop ek medeplichtige aan die ironie kan word. Die aanbod is 'n nabootsing, eintlik 'n soort parodie van 'n onmenslike houding in die sosio-politiese realiteit. Die seleksie van die Bybelse Saligsprekinge as raamwerk dwing ook verdere aanvulling af: die aanbod is 'n parodiëring van 'n bepaalde, valse Christelikheid. Die aanbod móét 'n verletterliking wees; dit is vir my as mens onaanvaarbaar dat enige groep so 'n uitgesproke onmenslike houding sal inneem.

In 'n humoristiese parodie werk die gedig op die basis dat reduksie tydelik aanvaar word ter wille van die humor en die insig. Die

werklikheid het die gedig geregverdig omdat dit in sy gemaskerde vorm herkenbaar was, soos ook in Jonathan Swift se Modest proposal (aangehaal in Booth 1974 106 tot 119). Die ironiese aanbod dwing 'n kritiese, ondersoekende blik op die werklikheid af en dan bevestig dié werklikheid die geldigheid van die teks.

Literatuur en werklikheid bevestig mekaar. Die lewe in die grond verskaf die werklikheid (reëls 10 tot 15), maar dwing my as leser om dit te ondersoek om aan hom as perspektief motivering te verleen. Bevange in die literêre spel, belas met die verantwoordelikheid - so skyn dit - om die gedig as literatuur in stand te hou, moet ek die werklikheid anders sien. Maar as dit 'n aspek van die spel is, dan kan die werklikheid die gedig ook ongeldig maak. Is die "boer" (en "sy God") werklik so wreed? Dit skyn van my persoonlike politieke sienings af te hang.

Dit is egter nie net 'n kwessie van waar of nie waar nie; dis 'n kwessie van tekstaanbod.

In die volgende reëls verander die aanbod en effek:

"... want hulle kom en hul gaan
is diskreet tussen die mond en die lepel
sonder om vlekke voor die son te laat"

(reëls 33 tot 35). Indien ek tydelik vergeet wat die gedig as raamwerk vir beoordeling gegee het, is dié reëls 'n geleentheid vir my as leser om self na die werklikheid te kyk en my ervaring op die weegskaal te plaas.

Die uitgesproke politieke gedig skyn sy taktiek en sy aanval te vermeng: dit verduidelik die vyand en wys sy swakhede aan sodat die leser dit nie meer hoef te doen nie. Die gedig sou verkies dat hy dit nie kan doen nie, maar hy kan en hy doen dit ook, want die gedig speel nou in, nie op dié sosiopolitiese werklikheid as geheel nie, maar op die werklike houdings en sienings van bepaalde

groepe. As leser word ek anders geperspektiveer ten opsigte van die werklikheid. Ek ontdek nie, maar ek vergelyk. As ek dan vind dat die politieke siening van die gedig in my oordeel juis is, dan word dit byna met leedwese vasgestel, want dis by voorbaat deur die gedig gesê. Ek was nie as hele mens betrokke nie.

So wil ek nie betrokke wees nie; soms wil ek die werklikheid soos ek hom ken sien, maar dan in terme van die "liriese" of "literatuur", of ook beweging en ritme, en dus in terme van 'n emosie - dikwels 'n onderdrukte emosie. As ek 'n swart politieke sensitiewe leser was, sou ek Staffrider-poësie oor en oor lees om dié rede.

Soms skyn dit of 'n gedig sy eie spel van perspektiewe tematiseer, soos in Johannesburg, (Stockenström 1973 33). Ek kyk na die bekende werklikheid deur die perspektief van 'n honger verhemelte (die brûe en verkeersweë), dolomietstellasies wat ineerstort, 'n ondergrondse museum of grafkelder vol goue mummies en so meer. Daar is eerder 'n verspringing as 'n verskuiwing van perspektiewe en só word perspektief self getematiseer. Ek kyk na Johannesburg - aspekte daarvan wat herken word en wat ek gelei word om te herken - wetend dat dit 'n spel van moontlikhede is: dit gaan om die manier van kyk na die bekende. Omdat die gedig sy perspektiewe verbind en dit 'n afgeronde geheel vorm, gaan dit uiteindelik om die poësie as perspektief op die werklikheid. In hierdie geval lees ek in die "werklike" Johannesburg die ontmenslikende, steriele materialisme, die aanbidding van die "goudgod", die inherente doodsheid wat werklikheid sou kon word. Terselfdertyd lees ek hiermee myself, my verskuilde verset een tegnokratie of teen kapitalistiese keiserryke. My werklikheid bepaal die seggingskrag van die verkragtingsbeeld in die slot.

Dis duidelik dat my werklikheid as leser nie losgemaak kan word van die hele literêre proses nie. Daardeur word die gedig gradueel meer of minder "werklik". So byvoorbeeld val Gebed

om die Gebeente van Opperman met sy slotgebed om rasse- en volker-harmonie vir my as eietydse leser op as onbetrokke (1973 253-254). In terme van die eietydse horison ontsluit dit 'n idealistiese strewe na harmonie, 'n humanisties geïnspireerde en positiewe houding wat in die eietydse Suid-Afrika - volgens my as leser dan - net nie meer opgaan nie of moontlik nie eers meer bestaan nie. Die gedig is egter onontkenbaar doeltreffend as gedig. Daarom is dit ook wat hy vir my leser toenemend word: 'n gedig, literatuur. Sy werklikheidswaarde neem af, maar dan met dié belangrike kwalifikasie dat werklikheidswaarde hier neerkom op aktualiteitswaarde, op wat vir my nou as dringend problematies voorkom. As ek anders lees, sou die gedig in terme van 'n ander werklikheidskonsep weer werklikheidswaarde kry?

"Literatuur" of "werklikheid" in die poësie skyn 'n relatiewe gegewe te wees, relatief na aanleiding van wat vir die leser "werklikheid" is - aktuele werklikheid, idealisme as werklikheid, ensovoorts.

Die gedig kan op 'n bepaalde aspek van die werklikheid inspeel en dit teen wil en dank in die leser aktiveer. Ook 'n histories verwyderde gedig soos Geuse-Vesper, kan op 'n aktueel geldende emosie inspeel en die leser daardeur mobiliseer. Geuse-Vesper kan op dié wyse werklikheidswaarde kry.

Dat die gedig die leser kan dwing tot politieke en etiese keuses, het ook geblyk. Johannesburg dwing stellingname teen homself as "goudstad" af. Ooskus vra om stellingname teen die vernietiging van die natuur en daarmee ook teen tegnokrasie. Die lewe in die grond mobiliseer die leser se algemeen-menslike en selfs Christelike waardes. Die keuse volg egter op die bewuswording, soos die leser na aanleiding van Steendruif of Gewis Africana (Stockenström 1976 13) teen oormatige volksverbondenheid kan besluit.

Maar kan die gedig die keuse afdwing? As die leser die verworwe insig verwerp en as hy moontlike konsekwensies daarvan nie in homself verder deurtrek en by sy habitus inskakel nie, dan sit hy met die feit dat hy 'n gedig deur sy - moontlik aandagtige -

leeswyse tot stand laat kom het, net om dit as "literatuur"
opsy te skuif. Hy kategoriseer sy literêre ervaring onder die
naam "literatuur".

En dan sit hy met die kategorie, by wyse van spreke. Hy bou iets
op en weet dan nie wat om daarmee te maak nie.

So begin die literatuurteoretiese gesprek opnuut.

SLOTSOM

Wat behels die "werklikheid" in 'n gedig? Wat omtrent 'n gedig is politiek? Waarin lê die "funksie" of uitwerking van 'n gedig indien hy so 'n uitwerking het? Hoe kan die ou diskrepansie van die literatuur verklaar word, naamlik dat hy so oud soos die menslike geskiedenis is terwyl hy skynbaar toenemend enige rol in die pragmatiese werklikheid inboet?

Hierdie ondersoek was 'n poging om die politiek in die poësie te definieer in die lig van hierdie vrae.

Politiek in die poësie is beskryfbaar as bekende aspekte van die werklikheid wat die leser gedurende die lees in die gedig noteer of aktualiseer. Hulle verskyn as herhaling, maar ook in verduisterde, nie-herkenbare vorme. Politiek is die repertorium van die sosiopolitiese werklikheid wat die gedig vooruitprojekteer.

'n Politieke gedig kan dáárdeur gekwalifiseer word dat hy by uitstek op die politieke repertorium of horison van die leser inspeel. Ander repertoria dien om die politieke te ontpragmatiseer en dit 'n eie "literêre", struktureel geslote vorm te gee.

In 'n poging om die literêre gegewe te assimileer - wat daarop neerkom dat die leser hom "afbreek" tot 'n vir hom sinvolle geheel -

word die leser betrek in die gedig en onttrek aan sy eie habitus. Terwyl die leser die politieke implikasies van die gedig konstitueer, word sy eie politieke werklikheid vir hom oorskoubaar. Hy sien die werklikheid in terme van die gedig. Vertrengel in die kommunikasie met die literêre werk, word dit 'n tydelike werklikheid en word die werklikheid sisteem. Hierin lê die wese van die pragmatiese funksie van literatuur: as die literatuur dan onpragmaties is, dan het dit die vermoë om die leser gedurende die lees in dieselfde mate te ontpragmatiseer.

Hierdie uitwerking kan net plaasvind as die gedig as literatuur getrou bly aan homself. Hy moet outonoom bly, 'n geslote en gesaghebbende geheel. Hy moet die reëls van die literêre kommunikasiespel handhaaf soos hy hulle self, binne die literêre konvensies, neergelê het. In die leessituasie is die outonome teks in dié sin outoritêr.

Die gedig kan die leser potensieel besonder sterk verstrengel, en daardeur ten opsigte van die werklikheid perspektiveer en distansieer, deur aan hom keuses op te dring. Dit is die funksie van die sogenaamde "Leerstellen". Die meerduidige gedig bly in sy geheel as "Leerstelle" inspeel op die leserhabitus en handhaaf op daardie vlak die immergroen dialoog tussen literatuur en werklikheid. Dit kan die leser, wat die gedig wil assimileer, nie koud laat nie, want die werk leef in die leser, net soos die leser deur sy sintetiserende, betekenisgewende rol in die werk veranker is.

Die "Leerstelle" blyk die teksmoment te wees waar die tekstruktuur verander in die handelingstruktuur van die leser, waar die leser kies en sintetiseer en die gedig se andersoortigheid ervaarbaar word.

Deur sy keuses onthul die leser sy eie subjektiwiteit. Die poësie vra nie om 'n wetenskaplik-analitiese leeswyse nie; dit vereis

en voorveronderstel 'n horison van relatiewe, beperkte, sosiale en emosionele menslikheid. Die wetenskap is "wertfrei", so lui die tradisie; die poësie is dit egter nie.

Die literatuur is 'n subjektiewe saak. Literatuur en werklikheid kan nie uitgedruk word as objek en subjek, met die leser of leserhorisonne as subjek nie. Wanneer die leesproses begin, word dit subjektief. Dit is aktief in die leser as rigtinggewer, onthuller, perspektiverende raamwerk, kritiese instelling, humoristiese distansiëring of spot. As vreemdsoortigheid dwing hy egter aan die leser 'n rol op en hierdie rolle kan sekere politieke houdinge of insigte wees wat die leser as werklike mens verwerp of van minder belang ag.

Die werk-leser-verhouding vorm 'n dialektiek. Wat die teks skynbaar ignoreer of onderdruk, lees die leser by. In Die inbraak van die mamba lees die blanke Suid-Afrikaner-leser sy eie vrese by. Emosionele effekte bring die waardeselsel van die leser in die gedrang, soos 'n uittreksel uit 'n gedig van Breytenbach kan demonstreer:

"'ons is die volk. ons is swart, maar ons slaap nie.
 ons luister in die donker hoe vreet die diewe in die bome.
 ons luister na ons krag wat hulle nie ken nie. ons luister
 na die hart van ons asem"

(uit Vlerkbrand 1972 30). Die gedig speel in op 'n veronderstelde repertorium van blanke selfverdedigende houdings of vrees. Die blanke Suid-Afrikaanse leser ervaar hierdie houdinge, maar déúr 'n ander ervaring: die meevoerende, inkanterende ritme. Emosie, nie rasionalisasie nie, neem die oorhand. Die vertroude houding word - momenteel - opgeskort.

Sosio-politiese elemente in die poësie is nie net 'n kode van politieke herkenningspunte in 'n gedig nie, maar die basis van 'n

politieke gesprek wat in die lesers plaasvind en waarby die gedig veral die vraagsteller is.

Dat die politieke gedig teenswoordig veral versetspoësie of protesliteratuur is, sou, na aanleiding van Iser, daardeur verklaar kon word dat die literatuur die skadukante van die werklikheid aan die lig bring. Dit is 'n faset van sy verhouding met die werklikheid: wat vir een lesers normaal is en deel is van die onbevraagtekende werklikheid, soos byvoorbeeld tegnologiese ontwikkeling en winsbejag, is vanuit 'n ander perspektief abnormaal of verkeerd. Die gedig stel dit wat deur 'n bepaalde voorstelbare lesers as norm, as deursigtige en vanselfsprekende werklikheid ervaar word, aan die orde as probleem. Die blindheid van die lesers kan die visie van die gedig word, net soos die passiwiteit of onderdrukte toestand van die lesers die vormgewende stukrag en selfbevestiging van die gedig kan word.

Politieke poësie is poësie wat wil ingryp in die werklikheid, maar dit wil funksioneel wees as literatuur. Sy funksionaliteit word egter in die leesproses geaktualiseer, sodat politieke effek van lesersaktiwiteit en -reaksie afgelees behoort te word. Hierdie aktiwiteit is die keerkant van sy eie fiksionaliteit. Dit is 'n geval van "trying to do other people's work" (vgl. hierbo 2), maar Eliot se opmerking is op 'n dubbele manier toepaslik. Die politieke gedig doen die werk van 'n politikus of politieke geskrif, maar op die voorwaarde dat die lesers aanvaar dat dit 'n geval is van "trying to....", dat dit fiksioneel is. Hy verwerklik homself in die lesers op dié basis.

Nie die werklikheid nie, maar die moontlike lesers en veral die moontlike gelees-word bepaal die politieke aard van die gedig.

Daarom werp die afwesigheid van effek deels 'n refleksie op die lesers wat weier om aan fiksionaliteit geldigheid te verleen. Dit werp 'n refleksie op sy en sy maatskaplike groep se houdings en norme. Literatuur wat wel effek het, soos hedendaagse Suid-

Afrikaanse protesliteratuur van swart skrywers, onthul die aangesproke groep se drang na verandering en die sensurende groep se vrees daarvoor. As nabootsing is die politieke gedig inderdaad gebrekkig soos Plato sê; as fiksie, as literatuur egter nie, soos sy lang tradisie getuig.

Nie die opheffing van fiksionaliteit nie, maar die aanvaarding en erkenning daarvan is die sleutel tot effek. Nie die politiek in die gedig bepaal die politieke effek nie, maar die liriese, onpragmatiese aard daarvan. Die aanklag deur Adorno tot die maatskappy gerig, naamlik dat dit nie weet wat om met die literatuur te doen behalwe om dit "kuns" of "politiek" (of godsdiens, ens.) te noem nie, is geldig en was oënskynlik van meet af aan geldig. Die literatuur is sedert Plato nòg hier en stel nog steeds 'n vraag aan die pragmatiese gemeenskap - as individuele werke aan die leser en as liggaam, as institusie aan die literatuurteorie en die publiek. Sy blote aanwesigheid skyn die vraag na sy "waarom" te wek.

Die politieke gedig beoog en bewerkstellig 'n politieke effek, nié literêre waardering nie. "Literatuur", literêre skoonheid is 'n tegniek - moontlik in alle poësie. Die skrywer weet naamlik dat hy 'n besondere gesprek aan die gang kan sit, nie 'n gesprek van standpuntinnames nie, maar van selfverwissing. Die voorwaarde vir geslaagde literêre kommunikasie is dat die werk as literatuur en die leser in sy subjektiwiteit getrou bly aan hulleself.

Hiermee is die effektiwiteit van literatuur as potensie aangetoon. Etiese, ideologiese of morele formulerings van die effek is 'n saak van die verbruikersmarkte. Die ondersoek wou nie aantoon watter rewolusie 'n gedig aan die gang sit nie, maar hoe 'n gedig rewolusie kan wees - of bevryding, bewuswording, onthulling of transendering.

Hierdie gevolgtrekkings is implikasies van die tese, naamlik dat die sosiopolitiese in 'n gedig 'n aspek is van die verhouding tussen werk en leser. Enkele verdere gevolgtrekking kan hier genoem word.

Iser se beskrywing van die leesproses kan die toets van die praktyk deurstaan en is geldig vir die lees van poësie. Dit maak 'n herformulering of verheldering van bekende literêre tegnieke soos ironie, paradoks, metafoor, ouditiewe tegnieke en dies meer moontlik.

Die sosiopolitiese aspek soos in die tese geformuleer en met die implikasies soos hierbo uitgespel, kan metodologies vasgepen en empiries getoets word. Dit kan omgesit word in die taal van die wetenskap.

Die literatuur is deel van die werklikheid en beoog 'n uitwerking daarop. Die werklikheid is deel van die literatuur as materiaal en as seggingskrag. Die werklikheid in die literatuur blyk uit sy geaktualiseerde effek.

Sogenaamd "tekseksterne" of "ekstra-literêre" toepassings van literatuur is - hoe reduksionisties, verdraaiend of tydsgebonde ook al - manifestasies van hierdie werklikheid in die literatuur.

Hierdie gevolgtrekkings lei tot 'n verdere slotsom: die literatuurteorie en die maatskappy moet ruimte maak vir hierdie inherente aspek van literatuur, naamlik sy bedoelde uitwerking. Dit moet strewe na 'n aktualisering van hierdie potensiaal. Die literatuur as institusie voer op hierdie vlak 'n gesprek met die maatskappy en onthul die beperkings van Marxistiese, burgerlik-kapitalistiese Literatuursosiologiese en ander instellings van sy gespreksgenoot.

"Friend Homer, tell us what state was ever better governed by your help?" is die steeds herhaalde vraag.

Die digter weet hoe om hierdie vraag te beantwoord: hy skryf 'n gedig.

ADDENDUM

1*

DIE INBRAAK VAN DIE MAMBA

- 1 Om die huis op die heuwel van die waterskeiding
 2 slaan die mamba sy riemdun jaartse om,
 3 rol sy rubberlyf rats in ringe
 4 om die regop tol van die dubbelverdieping.
 5 Sy tong luister tastend, toetsend, by sleutelgat,
 6 by diefwering. Dan, op die asbesteëldak
 7 druk hy hom snel by die kaggelskoorsteen
 8 in, gly glimswart deur roetswart af.
- 9 Toe loei die alarm oor wonings wat hurk
 10 agter bloeiende heinings waar die paaie vurk.
 11 Die howe se deure slaan toe, en middeldeur
 12 skeur die tempel van geld se voorhang.
 13 In die lesingsale gaan die ligte uit. In die warm
 14 skagte wel die water glinsterend op, stoot
 15 kringend uit en oor die goudegevratte stad.
- 16 Voltooi was die mamba se taak. Hy
 17 rig hom swaaiend op langs die bed, kyk
 18 klippiesoog na die man wat die waters
 19 skei, en lê sy koue ken op die wit strot.

3.

BY L'AGULHAS 'N WANDELING

- 1 Teen son en skuim loop ek my vas, 'n ruwe
 2 ontmoeting my loop met wind en see. Stryk
 3 ek aan oor skulpiesand, ek hoor dit guds
 4 sluk en klein borrel. Die glinstervloed
 5 is swaar van plankton, dig van mineraal
 6 en vertellings en vermoedens van wrakke
 7 aan rotse onnaspeurbaar vasgehaak.
- 8 Langes my die swartvlerkmeeu, sy drag
 9 dié van vaarder, visser, kenner, sy oog
 10 op my op hierdie sifsagte grens tussen
 11 sand en plant waar ek gespleettoon, hy geweb
 12 gaan, en ek strandrosies bestryk, en hy
 13 hup die moedswil van 'n golf ontwyk,
 14 steeds die oog op my, my kameraad.
- 15 Hy styg op aand toe. Hy laat my agter
 16 met geen verweer teen sy afsydigheid
 17 so skielik betoon. Ek wou nog uitvra,
 18 het gemeen ons was maats darem een
 19 vakansie lank. Ek wou nog hoor en opteken
 20 'n geskiedenis wat verbyvaar. Wou peuter,
 21 blootlê, 'n laagwater van monsters.
- 22 Ek voel die veeg van die lig van die toring
 23 wat lekkende skulpe en die krap wat salueer,
 24 wat in- en uitspoeling en oervereniging,
 25 wat my en die huise en die versamelde waters
 26 in een kort stelling betrek: dit hier,
 27 kaap van naalde, is die aanvang van 'n afrika
 28 wat nog so vriendelik niks prysgee.

BRONNELYS

- Adorno, Theodor W.
1970
"Asthetische Theorie.
Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag
- Arnold, Heinz Ludwig en Sinemus, Volker (redakteurs)
1973
Grundzüge der Literatur- und Sprachwissenschaft. Band 1: Literaturwissenschaft.
München: Deutscher Taschenbuch Verlag.
- Barthes, Roland
1972
Critical Essays.
Vertaal deur Richard Howard.
Evanston: Northwestern University Press.
- Barthes, Roland
1973
"Literature as Rhetoric".
Burns, Elizabeth en Tom (red.),
Sociology of Literature and Drama,
Harmondsworth: Penguin Books Ltd.,
pp. 191 tot 197.
- Barthes, Roland
1975
S/Z.
Vertaal deur Richard Miller.
London: Jonathan Cape.
- Blumer, Arnold
1977
Das dokumentarische Theater der sechziger Jahre in der Bundesrepublik Deutschland.
Meisenheim am Glan: Verlag Anton Hain.
- Booth, Wayne
1974
A Rhetoric of Irony.
Chicago and London: The University of Chicago Press.

- Booth, Wayne C.
1961
The Rhetoric of Fiction.
Chicago en London: The University
of Chicago Press.
- Bouckaert-Ghesquière, R.
1978
"Der Akt des Lesens".
In Spiegel der Letteren, 20ste Jg.,
Nr. 2, pp. 145 tot 154.
- Bredell, Marion
1979
Ironie in die poësie van Wilma
Stockenström.
Ongepubliseerde M.A.-skripsie,
Universiteit van Stellenbosch.
- Breytenbach, Breyten
1967
Die ysterkoei moet sweet.
Afrikaanse Pers-Boekhandel, (plek
van publikasie nie vermeld).
- 1972
Skryt.
Amsterdam: Meulenhoff Nederland nv.
- 1969
Kouevuur.
Kaapstad: Buren-Uitgewers (Edms) Bpk.
- Brink, André P.
1980
"Die vreemde bekende".
In Brink, André P. et al:
Woorde teen die wolke,
Emmarentia: Taurus.
- 1980A
Waarom literatuur?
Intreerede, Universiteit Rhodes.

- Bronzwaer, W.J.M.,
1977 Fokkema, D.W. en Kunne-Ibsch, Elrud
Tekstboek algemene literatuurwetenschap.
Baarn: Uitgeverij Ambo b.v.
- Bruyn, dr. P.S. de
1980 "Enkele faktore by betekenis".
Taalfasette, Deel 27 (1),
pp. 30 tot 39.
- 1958 Die Bybel.
Kaapstad: Britse en Buitelandse
Bybelgenootskap.
- Camus, Albert
1966 "Revolte und Kunst".
In Alleman, Beda: Ars Poetica,
Darmstadt: Wissenschaftliche Buchge-
sellschaft, pp. 369 tot 373.
- Cornwell, Gareth
1980 Protest in Fiction: an approach to
Alex la Guma.
Ongepubliseerde M.A.-tesis,
Universiteit Rhodes.
- Culler, Jonathan
1975 Structuralist Poetics.
London and Henley: Routledge & Kegan
Paul.
- Döblin, Alfred
1975 "Kunst ist nicht frei, sondern wirksam:
ars militans."
In Billem, Josef en Kohn, Helmut H.:
Was will Literatur? Band 2: Von 1918-1973
Paderborn: Ferdinand Schöningh,
pp. 48 tot 53.

Eliot, T.S.

1950

The use of poetry and the use of criticism.

London: Faber and Faber Limited.

Ellis, John M.

1974

The Theory of Literary Criticism.

Berkeley/Los Angeles/London:

University of California Press.

Enzensberger, Magnus

1975

"Poesie und Politik".

In Billemeier und Koch, Helmut H.:

Was will Literatur? Band 2: Von 1918-1973.

Paderborn: Ferdinand Schöningh,

pp. 130 tot 149.

Fish, Stanley E.

1973

"What is stylistics and why are they saying such horrible things about it?"

In Chatman, Seymour (red.): Approaches to Poetics, New York and London,

Columbia University Press, pp. 109

tot 152.

Fowler, Roger

1971

The languages of literature.

London: Routledge & Kegan Paul.

Frisch, Max

1975

"Der Autor und das Theater".

In Billemeier, Josef und Koch, Helmut H.:

Was will Literatur? Band 2: Von 1918-1973.

Paderborn: Ferdinand Schöningh,

pp. 160 tot 173.

- Fügen, Hans Norbert
1964
Die Hauptrichtungen der Literatursoziologie und ihre Methoden.
Bonn: Bouvier Verlag Herbert Grundmann.
- Gadamer, Hans Georg
1975
"Wirkungsgeschichte und Applikation".
In Warning, Rainer: Rezeptionsästhetik, Theorie und Praxis, München: Wilhelm Fink Verlag, pp. 113 tot 125.
- Glinz, Hans
1977
Textanalyse und Verstehenstheorie 1.
Wiesbaden: Athenaion.
- Goldmann, Lucien
1975
Towards a sociology of the novel.
London: Tavistock Publications Ltd.
Vertaal deur Alan Sheridan.
- Groeben, Norbert
1972
Literaturpsychologie.
Stuttgart/Berlin/Köln/Mainz:
Verlag W. Kohlhammer.
- Hartman, James E. (red.)
1967
Philosophy of recent times, Vol. 11: Readings in twentieth-century philosophy.
New York/St. Louis/San Francisco/Toronto/
London/ Sydney: McGraw-Hill Book
Company, pp. 128 tot 168.
- Hawkes, Terence
1972
Metaphor.
Reeks: "The Critical Idiom", London:
Methuen & Co. Ltd.

- Ingarden, Roman
1975 "Konkretisation und Rekonstruktion".
In Warning, Rainer: Rezeptionsästhetik. Theorie und Praxis, München: Wilhelm Fink Verlag, pp. 42 tot 70.
- Ingarden, Roman
1973 The literary Work of Art.
Vertaal deur George C. Grabowicz,
Evanston: Northwestern University Press.
- Iser, Wolfgang
1976 Der Akt des Lesens.
München: Wilhelm Fink Verlag.
- 1972 Der implizite Leser.
München: Wilhelm Fink Verlag.
- 1975 "Der Lesevorgang!"
In Warning, Rainer: Rezeptionsästhetik. Theorie und Praxis. München: Wilhelm Fink Verlag, pp. 228 tot 252.
- 1972A "The reading process: a Phenomenological approach".
In New Literary History, Vol 3, Nr. 2,
pp. 279 tot 300.
- Jakobson, Roman
1972 "Linguistics and Poetics".
In De George, Richard T. en Ferrante, M.:
The Structuralists: from Marx to Lévi-Strauss, New York: Doubleday & Company Inc., pp. 85 tot 122.

Jauss, H.R.

1975

"Literaturgeschichte als Provokation der Literaturwissenschaft".

In Warning, Rainer: Rezeptionsästhetik: Theorie und Praxis. München: Wilhelm Fink Verlag, pp. 126 tot 162.

Kannemeyer, J.C.

1977

"Die geskubde taal van Afrika: Wilma Stockenström se Van vergetelheid en van glans."

Standpunte, Jaargang 30, Nr. 6, Desember 1977, pp. 36 tot 42.

1965

Die stem in die literêre kunswerk. Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg: Nasou Beperk.

1975

Nederduitse Digkuns.

Pretoria/Kaapstad: Academica.

Kunert, Günter

1975

"Das Bewusstsein des Gedichts."

In Billem, Josef en Koch, Helmut H.:

Was will Literatur? Band 2: Von 1918-1975.

Paderborn: Ferdinand Schöningh, pp. 252 tot 256.

Kunne-Ibsch, Irud

1978

"Receptie-onderzoek. Constanten en varianten van een literatuurwetenschappelijk concept in theorie en praktijk."

In Buursink, Marijke et al: De

wetenschap van het lezen, Assen/Amsterdam, Van Gorcum, 1978, pp. 113 tot 155.

- Lang, Roland
1976 "Das Geheimnis der zahnlosen Tiger".
In Timm, Uwe en Fuchs, Gerd:
Kontext I, München, Bertelsmann Verlag.
- Laurenson, Diana en Swingewood, Alan
1971 The sociology of literature.
London: Macgibbon & Kee.
- Leech, Geoffrey N.
1969 A Linguistic Guide to English Poetry.
London en Harlow: Longmans, Green and
Co LTD.
- Leinfried, Erwin
1970 Kritische Wissenschaft vom Text.
Stuttgart: J.B. Metzlersche Verlags-
buchhandlung.
- Link, Hannelore
1976 Rezeptionsforschung. Eine Einführung
in Methoden und Probleme.
Stuttgart/Berlin/Köln/Mainz:
W.Kohlhammer Verlag.
- 1978 "Semiotische modellen: de op het subject
gerichte literatuurbeschouwing" en
"Het probleem van de adequate concreti-
satie: Receptietypen."
In Buursink, Marijke et al:
De wetenschap van het lezen,
Assen/Amsterdam, Van Gorcum, 1978,
pp. 190 tot 199.

- Lotman, Jurij M.
1977
"Teksttypologie en de typologie van de teksterne verbanden" In Bronzwaer, W.J.F., Fokkema, D.W. en Kunne-Ibsch, Elrud: Tekstboek algemene literatuurwetenschap, Baarn: Ambo b.v., pp.107 tot 121.
- Louw, N.P. van Wyk
1954
Nuwe Verse
Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.
- 1962
Tristia
Kaapstad, Human & Rousseau.
- Mandelkow, Karl Robert
1978
"Problemen van de werkingsgeschiedenis". In Buursink, Marijke et al: De wetenschap van het lezen, Assen/Amsterdam: Van Gorcum, pp. 34 tot 46.
- Moles, Abraham
1966
Information theory and esthetic perception
Vertaal deur Joel E. Cohen.
Urbana en London: University of Illinois Press.
- Musche, D.C.
1969
The Compass of Irony.
London: Methuen & Co Ltd.
- Mukarovsky, Jan
1967
"Standard language and poetic language". In Chatman, Seymour (red.) en Levin, Samuel R.: Essays on the language of literature, Boston, Houghton Mifflin Company.

Naumann, Manfred et al
1976

Gesellschaft. Literatur. Lesen.
Berlin/Weimar: Aufbau-Verlag.

Note, Joris
1979

"Materialistiese Literatuurteorie:
enkele begrippe, name, opmerkings".
In Spiegel der Letteren, Jaargang 21,
Nommer 1, pp. 38 tot 48.

Ohmann, Richard
1973

"Literature as act".
In Chatman, Seymour (red.) : Approaches
to Poetics, New York & London,
Columbia Press, pp. 81 tot 108.

Opperman, D.J.
1974

"Die invloed van die Afrikaanse publiek
op die Afrikaanse skryfkuns".
Naaldekokker, Kaapstad/Johannesburg
Tafelberg-Uitgewers Beperk, pp. 37 tot 48.

1973

Groot Verseboek.
Kaapstad/Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers

Palmer, Richard E.
1969

Hermeneutics.
Evanston: Northwestern University Press.

Plato

The Republic, Book II.
In Maxwell-Nahon, W.D.:
Critical Texts, Johannesburg,
Perskor Publishers, 1979, pp. 15 tot 28.

- Pollard, Arthur
1970
Satire.
Reeks: "The critical idiom".
London: Methuen & Co LTD.
- Popper, Karl R.
1977
"De logika der sociale wetenschappen".
In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W. en Kunne
Elrud: Tekstboek algemene literatuur-
wetenschap, Baarn, Ambo b.v.,
pp. 14 tot 24.
- Riffaterre, Michael
1975
"Kriterien für die Stilanalyse".
In Warning, Rainer: Rezeptionsästhetik.
Theorie und Praxis, München, Wilhelm
Fink Verlag, pp. 163 tot 189.
- 1978
Semiotics of poetry.
London: Methuen.
- Rusterholz
1973
"Hermeneutik"
In Arnold, Heinz Ludwig en Sinemus,
Volker (Redakteurs);
Grundzüge der Literatur- und
Sprachwissenschaft. Band 1:
Literaturwissenschaft.
München. Deutscher Taschenbuch Verlag,
1973.
- Sartre, Jean-Paul
1966
"Was ist Literatur?"
In Alleman, Beda: Ars Poetica,
Darmstadt Wissenschaftliche
Buchgesellschaft.
pp. 301 tot 314.

- Segers, R.T. (red.)
1978
Receptie-esthetica. Grondslagen,
theorie en toepassing.
Amsterdam: "Huis aan de drie grachten".
- Shibles, Warren
1972
Essays on Metaphor.
Wisconsin: The Language Press.
- Shipley, Joseph T. (red.)
1968
Dictionary of World Literature.
Totowa, New Jersey : Littlefield,
Adams & Co.
- Steinmetz, Horst
1975
"Die Rolle des Lesers in Otto Ludwigs
Konzeption des 'Poetische Realismus'".
In Warning, Rainer: Rezeptionsästhetik.
Theorie und Praxis, München, Wilhelm
Fink Verlag, pp. 225 tot 227.
- Stockenström, Wilma
1973
Spieel van Water.
Kaapstad/Pretoria: Human en Rousseau.
- 1976
Van vergetelheid en van plans.
Kaapstad/Pretoria: Human en Rousseau.
- 1970
Vir die bysiende leser.
Kaapstad: Reijger-uitgewers.
- Stuhlmacher, Peter
1979
Vom Verstehen des Neuen Testaments.
Eine Hermeneutik. (Reeks: Grundrisse
zum Neuen Testament, Deel 6) Göttingen:
Vandenhoeck & Ruprecht.

- Taylor, Charles
1978
"Interpretation and the sciences of man".
In Review of Metaphysics, Januarie 1978, pp. 3 tot 51.
- Todorov, Tzvetan
1977
The Poetics of Prose.
Vertaal deur Richard Howard.
Ithaca, New York: Cornell University Press.
- Viljoen, Hein
1979
"Gespreksvoorwaardes vir die poësie".
In Tydskrif vir Letterkunde, Nuwe Reeks: XVll:1, Februarie 1979, pp. 62 tot 77.
- Walraff, Günter
1975
"Wirkungen in der Praxis".
In Billem, Josef en Koch, Helmut H.:
Was will Literatur? Band 2: Von 1918-1973.
Paderborn Ferdinand Schöningh.
- Wardhaugh, Ronald
1969
Reading: A linguistic perspective.
New York/Chicago/San Francisco/Atlanta:
Harcourt, Brace & World, Inc.
- Warning, Rainer
1975
Rezeptionsästhetik, Theorie und Praxis.
München: Wilhelm Fink Verlag.
- Weinreich, Harald
1976
Sprache in Texten
Stuttgart: Ernst Klett Verlag.

- Weiss, Peter
1975
"10 Arbeitspunkte eines Autors in
der geteilten Welt".
In Billem, Josef en Koch, Helmut H.,
Was will Literatur? Band 2: Von 1918-1973
Paderborn: Ferdinand Schöningh.
- Wheelwright, Philip
1967
Metaphor and reality.
Bloomington en London: Indiana
University Press.
- Widdowson, H.G.
1979
Explorations in applied linguistics.
Oxford: Oxford University Press,
pp.173 tot 181.
- Wilpert, Gero von
1969
Sachwörterbuch der Literatur.
Stuttgart: Alfred Kröner Verlag.
- Wispelaere, Paul de
1976
Louis Paul Boon, tedere anarchist.
Gravenhage/Rotterdam: Nijgh & van Ditmar.
- Wolff, Erwin
1971
"Der intendierte Leser".
In Poetica, nr. 4, 1971, pp. 141 tot 166.